# DIE IDIOOT: SPIEëL EN SKADU

•

# SIRKUS (roman)

**W.P.P. ANKER**

Werkstuk en literêre teks voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad van
Magister in Kreatiewe Afrikaanse skryfkunde
aan die Universiteit van Stellenbosch

**Studieleier: Prof. Marlene van Niekerk**

April 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Ek, die ondertekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk en literêre teks vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.**

**Handtekening:**

**Datum:**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

Ter vervulling van die graad van Magister in Kreatiewe Afrikaanse skryfkunde is ’n roman getiteld *Sirkus* voorgelê waarin die hoofkarakter ’n idiotefiguur is. Dit word vergesel met ’n verbandhoudende beskoulike werkstuk: “Die idioot: spieël en skadu”, wat die vorm aanneem van ’n essay oor die problematiek rondom die representasie van die idioot in literêre tekste.

In die werkstuk word die verskynsel van die idioot in die letterkunde ondersoek aan die hand van bekende literêre tekste waarin idiotefigure gerepresenteer word. Hierdie tekste het dit gemeen dat die verteller optree namens ’n karakter wat nie die vermoë óf die wil het om self te vertel nie. Die problematiek word beskou op tematiese sowel as skryftegniese vlakke aan die hand van insigte uit die letterkunde, filosofie, narratologie en sielkunde. Die argument sluit uiteindelik af met ’n besinning oor die skrywerlike verantwoordelikheid en ’n skrywerlike etiek ten opsigte van die uitbeelding van die idioot.

Die roman *Sirkus* fokus op ‘n idiote-karakter met gewebde hande en voete, Siegfried Landman. Dit is ’n uitbeelding van sy hellevaart wat begin op ’n plaas in die Karoo en hom voer deur ’n groteske stadslandskap voor hy uiteindelik opeindig in ’n sirkus van fratse. Die teks begin met die dood van Siegfried se vader en is in die vorm van ’n soektognarratief, ’n soektog na die vae beeld van sy oom Fischer. Die verhaal word grotendeels vanuit Siegfried se bewussyn vertel. Hy word deur die verloop van die teks vergesel deur verskeie reisgenote wat elk ook ’n eie stem in die teks verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## SYNOPSIS

In fulfilment of the degree of Magister in Creative Writing: Afrikaans, a novel titled *Sirkus* (*Circus*) is presented in which the main character figures as an idiot. It is accompanied by a perspicacious formal essay which maintains the relationship between theory and novel. The essay titled "Die idioot: spieël en skadu" (The idiot: mirror and shadow) reflects on the problematics concerning the representation of the idiot in literary texts.

The essay investigates the phenomenon of the idiot in literature according to well-known literary texts presenting idiots. What these texts have in common is that the narrator acts on behalf of a character who does not have the ability nor the will to narrate himself. The problematics is viewed from a thematic as well as writing technique niveaux, according to insights gleaned from literature, philosophy, narratology and psychology. The argument concludes by reflecting on the responsibility of the author and the ethics of creating an effigy of the idiot.

The novel *Sirkus*, (*Circus*), focuses on an idiot character with webbed hands and feet, Siegfried Landman. It is an exposition of his journey to hell starting on a farm in the Karoo. It takes him through a grotesque urban landscape where he eventually ends up in a circus of freaks. The text starts with the death of Siegfried's father and is in the form of a quest narrative, a quest for the vague image of his uncle Fischer. The tale emanates predominantly from Siegfried's consciousness. During the course of the text he is accompanied by varioius travelling companions who each find a voice in the text.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# Erkennings

**Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Die opinies wat uitgespreek word, sowel as die gevolgtrekkings wat bereik word, is dié van die outeur en kan nie sonder meer aan die Nasionale Navorsingstigting gekoppel word nie.**

**My dank en waardering aan my studieleier prof. Marlene van Niekerk vir die ondersteuning en motivering waarsonder hierdie werk ongedaan sou bly.**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE:

**DIE IDIOOT: SPIEëL EN SKADU (werkstuk)** **1**

**Inleiding** **2**

*Dramatis personæ* *3*

**"The Idiot Boy": 'n sublieme natuurlikheid** **5**

**Gebore uit *angst*: Modernistiese idiote** **11**

**Adam Kadmon: die kind in die donker** **15**

**Hoe die idioot probeer sê** **27**

Benjy Compson: net klank en drif 27

Charlie Gordon: 'n dagboek van taligheid 39

Euchrid Eucrow: 'n verraderlike verteller 43

**J.M. Coetzee en die skryf van stilte** **49**

Die malheid van George Konrád 54

Friday se stilte: op weg na 'n skrywerlike etiek 58

Alfred Adler en die haaslip 67

**'n Donker spieël** **73**

**Bronnelys** **77**

**SIRKUS (roman)** **81**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# DIE IDIOOT: SPIEëL EN SKADU

**W.P.P. ANKER**

Werkstuk voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M.A.
(Kreatiewe Afrikaanse skryfkunde)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Inleiding**

Die figuur van die idioot neem in verskeie van die belangrike moderne letterkundige werke 'n sentrale plek in. Deur verskillende aspekte van die betrokke tekste te ondersoek en ook van die tekste met mekaar te vergelyk, sal daar gepoog word om 'n algemene beeld van die idiootfiguur tot stand te bring. Die tekste waarna hoofsaaklik verwys word deur die verloop van die essay is "The Idiot Boy" (1798) deur William Wordsworth, "The Idiots" (1896) deur Joseph Conrad, *Een vir Azazel* (1964) deur Etienne Leroux, *Flowers for Algernon* (1959) deur Daniel Keyes, *And the Ass Saw the Angel* (1989) deur Nick Cave, *The Sound and the Fury* (1931) deur William Faulkner, *The Loser* (1980) deur George Konrád en *Life & Times of Michael K* (1983) en *Foe* (1986) deur J. M. Coetzee.

Die betrokke tekste is in die eerste plek gekies omdat hulle 'n min of meer historiese beeld van die uitbeelding van die literêre idioot bied. Vanaf die Romantisisme van Wordsworth, na die Modernisme van Conrad tot met die postmoderne tekste van Coetzee. Tweedens is die werkswyses van die outeurs baie verskillend en is hulle almal ook nie bekend in dieselfde kringe nie. Cave en Keyes is byvoorbeeld meer bekend in die populêre kulture van onderskeidelik rockmusiek en wetenskapfiksie. Die skrywers bied dus uiteenlopende perspektiewe op die idiootfiguur wat die bespreking 'n groter reikwydte gee.

Die term 'idioot' word nie as pejoratief gebruik nie maar dui op die besit van 'n vertraagde bewussyn met 'n beperkte taligheid wat gevolglik ook buitestaanderskap inhou. *Brewer's Concise Dictionary of Phrase and Fable* gee die definisie van "idiot" as volg: "A mentally deficient or stupid person, originally (in Greece), *a private person, one not engaged in any public office hence an uneducated, ignorant individual* [my kursivering- WPPA]" (1992:532). Die term 'idioot' word in hierdie essay gebruik om ook veral die tweede gedeelte van die definisie te inkorporeer. Dit sal duidelik word dat in die bogenoemde tekste die karakters van vertraagde persone gebruik word om iets te sê oor die mens as vervreemd, as verstoteling, as "ignorant individual". Die mens in sy aller kwesbaarste gedaante.

Die idioot as literêre skepping kan gelees word as 'n beliggaming van beide die self en die Ander. In die volgende bladsye sal hierdie stelling bewys en verdedig word deur te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kyk na die onderskeie tekste met idiote as sentrale karakters. Die doel van die essay sal wees om te besin oor wat hierdie figure suggereer aangaande die menslike identiteit, die self se omgang met sigself, met die Ander, asook die uitbeelding en kenbaarheid van 'n eie of vreemde bewussyn.

Daar sal verwys word na die idioot se morele en sensuele meerderwaardigheid, die idioot as 'n uitdrukking van die self in sy naakste inkarnasie, en uiteindelik ook die idioot se afwysing van 'n universele essensie van die self.

Die gebruik van idiote as literêre karakters dien dikwels as instrument van die outeur om 'n radikale ander bestaansmodus voor te stel, 'n bestaansmodus wat nie val binne onwrikbare klassifikasiesisteme nie, dus: die idioot as teenstander van die regering. Die term "regering" word hier gedefinieer as alle rasionele programme en strategieë wat beheer oor gedrag uitoefen. Alle tegnieke om met die self om te gaan of om sigself te bestuur, word altyd beoefen onder die verbeelde of werklike outoriteit van die een of ander sisteem van waarheid. Hierdie waarheidsisteme kan teologies, priesterlik, sielkundig terapeuties, dissiplinêr of opvoedkundig van aard wees (Rose 2000: 315). Die betoog sal bevind dat die idiotefiguur weerstand bied teen inperking en klassifikasie binne hierdie sisteme, selfs ook die narratiewe sisteem van bewussynsuitbeelding, meestal op 'n onbewuste vlak. Die idioot is die mens in onmatigheid, in ekses, die self wat nie gekategoriseer of beheer kan word deur die waarheidsisteme nie. Hier vind ons die mens - die self en die Ander - in sy radikale onkenbaarheid.

*Dramatis Personæ*

Die eerste teks bespreek word, is "The Idiot Boy" van Wordsworth. Dit word bespreek as 'n uitbeelding van die Romantiese idioot, die 'innocent', die edele barbaar. Daar sal geargumenteer word dat Wordsworth die beeld van Johnny die idioot verromantiseer om 'n stelling te maak teen sy samelewing. Wordsworth se idioot beskik oor 'n sekere tipe voorkennis, hy vorm 'n prerefleksiewe eenheid met die wêreld, maar veral ook met die natuur. Dit is 'n kenwyse wat volgens Wordsworth verlore gegaan het in die stroewe, rasionele denkwyse van die moderne mens en die gepaardgaande onderdrukkende onderwyssisteme wat die menslike belewing en denke vernou. "The Idiot Boy" word as 'n rewolusionêre gedig gelees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Conrad se kort teks, "The Idiots", kom volgende aan bod. Die teks word kortliks, aan die hand van Erdinast-Vulcan se artikel, bespreek as 'n tipiese voorbeeld van die angs van die Modernisme. Dit sal gelees word as 'n uitbeelding van die mens wat homself met sy verligte filosofie desentraliseer deur afstand te doen van sy begrondingsisteme. Die mens sien homself as idioot binne die onverstaanbare heelal sonder Gode.

Leroux se *Een vir Azazel* dien om die idee van die argetipiese idioot en reus aan te raak. Die verskeie lae waarin Leroux die karakter van die idioot, Adam Kadmon Silberstein, uitbeeld, word ondersoek. Die Jungiaanse argetipe van die kind asook die beelde van die sondebok en primordiale mens sal bespreek word. Uiteindelik sal daar aangedui word dat hierdie eienskappe van die idiootfiguur grotendeels steeds teenwoordig is in die skep van sulke karakters.

Faulkner, Cave en Keyes se tekste word saam bespreek, met die fokus op Faulkner. Die gefabriseerde taal en taligheid van die idioot kom hier aan bod: die skep van 'n geloofwaardige idiote-taal asook die kwessie van narratiewe stemgewing van die stem- of taalloses.

Coetzee en Konrád se tekste sal laaste bespreek word, met die fokus hier op Coetzee. Die skryfhandeling self is hier veral belangrik. Die skrywerlike etiek jeens die uitbeelding van die radikale Ander, die stemlose, sal ondersoek word. Coetzee se soms selfironiserende styl en die feit dat hy nie sy 'idiote', die stemloses, slawe en diere, besit nie maar selfbewus en eties met hierdie personasies omgaan, staan sentraal in hierdie bespreking. Hier sal die skrywer self as idioot opgestel word as etiese alternatief in die konstruksie van die stemme vir die stemloses.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**"The Idiot Boy": 'n sublieme natuurlikheid**

In die eerste teks wat bespreek word, word die bewussyn van 'n idiotekind uitgebeeld op simpatieke wyse. Met "The Idiot Boy" (1798) probeer Wordsworth wegbreek van die algemene, stereotipiese voorstelling van idiote. Duthie (1978: 220) voer aan dat Wordsworth Johnny nie sien as 'n tipe nie, maar as 'n individu. Hy poog om Johnny se unieke bewussyn uit te beeld. Volgens Duthie (1978: 219) is die gedig se trefkrag juis daarin geleë dat Wordsworth oor die vermoë beskik om die intense geluk en pyn van moederliefde binne te dring en so ook Johnny se uitgelate idiotedom. Dit sal duidelik word uit die bespreking van die gedig dat Wordsworth, in aansluiting by die Laat-Romantiese beweging, homself beywer vir 'n natuurlike, verbeeldingsryke lewenswyse, in teenstelling met die onbuigbare, rasionele denksisteme van sy tyd.

In *The Theory of Moral Sentiments* (1759) stel Adam Smith dit dat: "'the loss of reason' is 'by far the most dreadful' of 'calamaties', and viewed 'with deeper commiseration than any other', the lunatic himself 'laughs and sings, perhaps, and is altogether insensible of his own misery.'" Dus: Ons kan nie meegevoel of simpatie hê met idiote as hulle hardop lag en "burr" nie, aangesien die essensie van hierdie emosie wederkerigheid is (Duthie 1978: 219). Enige simpatie is dus in so 'n geval, as gevolg van die idioot se onbewustheid, nie wederkerend is nie.

In dié gedig fokus Wordsworth op die kwessie of die behandeling van idiote beïnvloed word deur hul onsimpatieke voorstelling in die samelewing. Simpatieke representasies van Johnny is dié deur die ma, Betty Foy, die siek Susan Gale en die groot dele van eksterne vertelling. Hierteenoor is daar die ongeaffekteerde, slaperige dokter en die verteller wat die avontuur as 'n sentimentele ballade wil weergee (reël 312 e.v.). Beide hierdie personasies is emblematies van die onsimpatieke, stereotipiese voorstelling van die idioot en verder ook tekenend van die "pre-established interpretive code of the contemporary reader" (Bewell 1983: 324). In die gedeelte waar die vertelling die vorm van 'n bonatuurlike ballade aanneem (vgl. reël 328 waar Johnny as 'n "fierce and dreadful hunter" voorgestel word), ontneem die verteller die leser tot 'n mate van simpatie aangesien hy bygeloof en melodrama gebruik om die leser te vervreem van die idiotebewussyn. Hierdeur beklemtoon hy juis Johnny se andersheid (1983: 325).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wordsworth reageer volgens Bewell (1983: 321) met hierdie gedig teen die onsimpatieke uitbeelding van idiote. Dit is verder ook 'n reaksie op die feit dat in die poësie van sy tydgenote slegs die passie en emosies van die waarnemer weergegee word en dikwels nie die emosie en bewussyn van die idiote self nie. Wordsworth kry dit reg om die kragtelose emosies van walging en aversie teenoor idiote te vervang met die simpatie van die leser. Dit word moontlik gemaak deur die verhaal ook vanuit die idioot se perspektief te vertel. Sodoende verkry die idioot 'n stem van sy eie.

Bewell (1983: 325) beweer verder dat omdat die idioot buite taal staan en boonop net oor 'n geringe mate van geheue beskik, hy op die drumpel staan tussen mens en natuur. Hy is 'n oorgangs- of randfiguur, 'n skakel tussen beide. Verder voer hy aan dat in 'n sekere sin die agtiende-eeuse empirisme die idioot ontdek het (1983: 326,327). Die studie van idiote as afsonderlike tipe word vir die eerste maal ernstig opgeneem na die verskyning van Locke se *Essay Concerning Human Understanding.* Vir die eerste keer word die idioot onderskei van die sielsieke of malman as tipe; as 'n min of meer perfekte voorbeeld van die mens in sy oorsprongsfase, 'n *tabula rasa.* Locke definieer idiotedom as die onvermoë om herinneringe te vorm en te behou. Wordsworth se belangstelling om te skryf oor idiote, kinders, barbare en ongeletterderdes het dus heel moontlik te make met sy vyandigheid jeens die empirisme. Deur oor hierdie mense te skryf, plaas hy klem op een van die paradokse van die empiriste se argument dat geen objek se bestaan aanvaar kan word as dit nie waargeneem of ervaar kan word nie. Die paradoks het te make met die ontstaan van die menslike geheue. Tydens die studie van idiote wat nie oor 'n vaste geheue beskik nie het dit duidelik geword dat êrens in die menslike ontwikkeling die mens sonder geheue of die vermoë van redelike denke was. Die ontwikkeling van geheue en redelike denke kan dus nie waargeneem of onthou word nie al moet dit aanvaar word dat dit bestaan.

Wordsworth wil egter ook belangrike opmerkings oor taal en die talige mens maak in sy werk oor idiote. Bewell (1983: 330-331) haal Daniel Defoe aan oor sy siening van Peter die wilde kind in *Mere Nature Delineated* (1726) as:

> "a being devoid of soul, of intellect, feeling, passions, or desire, because he is devoid of language. 'Words are for us, the Medium of Thought, [...] we cannot conceive of Things, but by their Names, and in the very Use of their Names ... we cannot muse, contrive, imagine, design, resolve,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

or reject; nay we cannot love or hate, but in the acting upon those Passions in the Very Form of Words, and we have no other way for it'".

Die idioot se onvermoë om te voel is dus volgens Defoe nie bloot 'n kwessie van onderrig nie maar ook van taal. As taal 'n nodige medium is vir denke, emosies en persepsies, dan is idiotedom 'n onvermoë om taal aan te leer of 'n verlies van taligheid. In "The Idiot Boy" ondergrawe Wordsworth hierdie stelling. Hy beweeg in Johnny se bewussyn en dui aan, ofskoon in taal, dat Johnny wel oor emosie en persepsie beskik. Hy ontken egter nie dat hierdie emosionele inhoude en persepsies verskil van die normale bewussyn nie. Die buitetalige of voortalige bewussyn van die idioot was vir Wordsworth 'n interessante, bekoorlike bestaanswyse.

"The Idiot Boy" kan volgens Woodman (1991: 72-73) verder gelees word as 'n vergestalting van die *puer aeternus*, die goddelike kind, wat gevoed word aan die bors van die Groot Moeder. Johnny is 'n verheerliking van hierdie argetipe, "the living icon of 'the first/ Poetic spirit of our human life' ([Prelude] 2.260-1), [which] becomes in its bonding with the mother Wordsworth's healing archetype" (Woodman 1991: 73). Sy fisieke en psigiese helende magte word vergestalt in Susan Gale wat opstaan uit die bed om Johnny te gaan soek (1991:73). Dit is 'n algemene motief in kinderletterkunde dat 'n kind verdwaal in die woud, gesoek word deur volwassenes maar deur die woud gevoed word. Die volwassene se soeke na die verlore kind is simbolies van 'n soektog na verlore onskuld (1991: 73-74). Johnny word deur sy idiotedom beskerm teen die gevare in die woud. Hy beweeg, leef en bestaan ten volle in die selfstandige wêreld van sy onskuld: "In 'The Idiot Boy' [Wordsworth] abandons himself totally to that [childhood] world, as if defiantly celebrating in the idiocy of his hero a madness which 'may in these tutored days no more be seen/ With undisordered sight' (*Prelude*, 3.156-57)" (1991: 76,77). Hierdie "malheid" waarna verwys word, is wat Wordsworth in *The Prelude* noem: "that 'perpetual logic' issuing in prophecy, and known by 'poets in old time higher up/ By the first men, earth's first inhabitants' (3.154-55)." Dit is hierdie logika wat Johnny se aksies informeer (1991: 78). Wordsworth skep die illusie dat hy die bewussyn van Johnny en sy ma direk weergee en dit nie eers filter deur die skrywerlike instansie nie. Op hierdie wyse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voel die leser asof hy nadere kontak met die bewussyn en die eiesoortige logika van Johnny bekom.

Die tema van dogmatiek gestel teenoor spiritualiteit word ook in die gedig na vore gebring. Wordsworth wil die geloofstrukture herstel tot poëtiese verhale eerder as 'n sisteem. Dan word die innerlike kind die goddelike skepper van die eie, persoonlike en poëtiese verhale en van die eie, persoonlike werklikheid. Woodman (1991:83-84) stel dit as volg: "Sublimity, in short, resides in superstition rather than spiritual law, spiritual law having far more to do with priesthood than poetry." Betty Foy is meer bygelowig as religieus. As Johnny nie terugkeer nie, bid sy nie, maar wend sy haarself tot haar eie kinderlike verbeelding. Sy verbeel haar dat Johnny verdrink (reël 214-5) of in 'n akkerboom se stam klim (reël 223) of selfs dat die ponie hom in 'n grot ingedra het waar spoke en kabouters bly (reëls 227-230). In hierdie teks word die poësie opgestel as 'n alternatiewe kenwyse waardeur die werklikheid beleef kan word in plaas van die dogmatiek van 'n religieuse sisteem. Susan Gale word gesond as gevolg van towery eerder as 'n wonderwerk en Johnny in die woud herinner effe aan Shakespeare se Puck. Sy uiteindelike antwoord van "The cocks did crow to-whoo, to-whoo,/ And the sun did shine so cold!" (reëls 450-451) is 'n irrasionele uitroep, maar ook 'n uitroep wat getuig daarvan dat die leefwêreld nog nie sy betowering vir hom verloor het nie. Die maan is nie bloot 'n maan nie maar 'n koue son en uile nie alledaagse nagvoëls nie maar hane wat vreemde geluide maak.

"The Idiot Boy" is 'n viering van die tipe onderrig wat nie in die skole en universiteite van Wordsworth se dag aangebied is nie (Woodman 1991: 88). In 'n brief aan John Wilson skryf hy: "[I] hoped to blot out all insitutes 'that legalised exclusion' and, at the same time, abolish 'empty pomp'" (1991:89-90). Dit is 'n rewolusionêre gedig wat enige verlange na wette transendeer deur te fokus op die grootsheid van die liefde, veral moederlike liefde en die triomf van die menslike hart (1991: 90).

Binne die gedig is die natuur 'n grootse krag met vormende magte. Johnny leef slegs in die teenwoordige tyd en onthou nie wat sy ma hom leer nie. Selfs sy ponie met slegs instink as leermeester weet meer as hy. Sodra Johnny op die ponie is, laat val hy sy lat en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vergeet hy wat sy ma hom geleer het van perdry (reël 84-84). Die ponie weet wanneer om te begin loop sonder dat Johnny 'n opdrag gee (reël 99). Johnny se ge-"burr" is ook nie noodwendig taal, "the noise he loves" (reël 100) nie, maar miskien net 'n reaksie op die koue. Johnny is koud maar weet dit nie, of hy sê hy kry koud maar besef dit nie. Daar bestaan dus 'n disjunksie tussen taal en gevoel (Bewell 1983:334). Die eerste en enigste maal waar daar moontlik gepraat kan word van 'n selfbewustheid by Johnny is die woordspeling met die klanknabooting van die uil, wat hy vir hane aansien, "to-whoo, to-whoo" (reël 450). Johnny word onderrig deur die natuur in die natuur en nie deur sy ma nie: "[Nature] opposes Betty's failed pedagogy with its own theory of an education proceeding through nature and isolation (in the woods) and requiring an active imagination (apparent in the highly metaphorical character of Johnny's language)" (1983: 335-6).

Die onderrig van Betty slaag nie. Net na sy hom gewys het hoe, "He quite forgot his holly whip,/ And all his skill in horsemanship" (reël 84-85). Bewell (1983:338) gaan so ver as om te beweer dat Johnny se onderrig in die woud 'n uitbeelding is van die primitiewe mens se ontwikkeling in die natuur:

> "Left alone, free to engage in its self-seeking actions, the brutal conflicts within the primitive mind necessarily drive it beyond idiocy. The process of educating 'unshaped half-human thoughts' requires a rage to punish that is itself inhuman; ignorance and isolation, therefore, are part of the educative process, as they produce individuals who remake their own natures with the same kind of ferocity that they direct againt others."

Wordsworth se respek vir die mens wat volgens natuurwette leef eerder as die wette wat deur die sosiale sisteme op hulle afgeforseer is asook sy respek vir hul eenvoud word baie duidelik in hierdie gedig. Dit wil voorkom of Wordsworth hierdie kenwyse opstel as 'n meer suiwer een as dié van Westerse kultuur. Aan die anderkant ondergrawe Wordsworth ook deur die gebruik van ironie en humor die tekstuele tradisie wat die idioot opbou as 'n eksotiese wese wat in sy stomheid sekere fundamentele waarhede van die menslike natuur verskuil (Bewell 1983: 332). Johnny word meer as 'n eksotiese simbool. Hy word as 'n mens voorgestel, alhoewel tog verromantiseerd. Aan die einde van die teks antwoord Johnny vir Betty met 'n terugblikkende vertelling op die vrae van waar hy was en wat hy gesien het. Hierdie antwoord kan gelees word as Wordsworth se afwysing van die antropologiese projek om die natuurlike, primordiale bestaansmodus te herwin deur


UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die wetenskaplike bestudering van idiote (1983: 326). Met Johnny se onsinnige antwoord reduseer Wordsworth hierdie wetenskapsprojek ook tot onsin. Die idioot bied geen wyshede nie maar slegs sy jubelende, onskuldige idiotedom as antwoord.

In 1798 skryf Wordsworth (1979: 121) in 'n rofwerk vir “The Ruined Cottage”:

> Why is it we feel
> So little for each other but for this
> That we with nature have no sympathy
> Or with such things as have no power to hold
> Articulate language.

Baie temas word aangeraak in “The Idiot Boy” maar wat sentraal staan regdeur die gedig is die wil om menslike simpatie te verbreed, dit meer insluitend te maak en uiteindelik die idioot nie as ‘n bejammeringswaardige wese op te stel nie maar hom sy eie bestaansreg te gee. Wat uiteindelik vir Wordsworth belangrik is, is miskien nie die skep van patos vir die idiote-toestand nie maar die erkenning van die sublimiteit van hierdie toestand.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Gebore uit *angst*: Modernistiese idiote**

In 'n brief aan Marguerite Poradowska op 25 Julie 1894 skryf Joseph Conrad:

> "Man must drag the ball and chain of his individuality to the very end. It is the [price] one pays for the infernal and divine privilege of thought; consequently, it is only the elect who are convicts in this life - the glorious company of those who understand and who lament, but who tread the earth amid a multitude of ghosts with maniacal gestures, with idiotic grimaces. Which do you prefer - idiot or convict?" (Erdinast-Vulcan 1996: 185)

Erdinast-Vulcan beskou in haar artikel "Signifying Nothing: Conrad's Idiots and the Anxiety of Modernism" Conrad se teks "The Idiots" as simptomaties van die eksistensiële angs van die Modernisme. My bespreking van hierdie teks sal grootliks steun op haar artikel. Die teks is geskryf op Conrad se wittebrood en is deur kritici van die dag bestempel as "an embarrassing bit of juvenilia" (1996: 185). Volgens Erdinast-Vulcan is die teks tog van belang vir die hedendaagse leser aangesien "the anxiety it articulates, in the most inarticulate manner, is not merely the private mental torments of a troubled individual trying to adjust to the marital state, but a much wider-reaching cultural malaise" (1996: 186).

Aan die begin van die verhaal waar die verteller die eerste keer kontak maak met die idiotekinders kom die uiterse sinisme van die teks reeds na vore met die uitbeelding van die idiote. Daar word onder meer verwys na die idiote as die dood se "most insignificant [...] children" (10). Daar word gepraat van die "mishapen brain of the creature" (11) en die "imperfect thing that lived within them moved those beings to howl at us" (12). Die idiotekinders word beskryf in terme van "their monstrous darkness"(12): "They were an offence to sunshine, a reproach to empty heaven" (13).

Die teks is oënskynlik een van Conrad se mees sinnelose verhale, volgens Erdinast-Vulcan (1996: 186-187) "a story of remorseless, fortuitous disintegration... [the] end does not yield the 'sense of an ending' that would endow the plot with significance." Geen sluiting of "closure" word die leser gebied aan die einde van die verhaal nie. Die verhaal loop op niks uit nie, sonder enige singewende einde: "Stripped of all narrative scaffolding that would turn it into a neatly packaged unit of meaning, the story collapses into a meaningless tale of woe. It is a narrative without a proper ending, without a moral" (1996: 187).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan die einde van die treurmare erken Susan dat sy haar man vermoor het (40) en vervloek sy die hemele ("There's no mercy in heaven – no justice" 41). Haar eie moeder verwens haar deur te sê dat daar erger kinders as idiote is. Sy wens Susan is eerder gebore as 'n idioot as moordenares van haar eie eggenoot (44). Dan pleeg Susan selfmoord sonder enige verdere konfrontasie of Oordenking. Haar laaste woorde op die rotse is: "There was nothing there; nothing near her, either living or dead" (50).

Die verhaal staan egter binne 'n spesifieke filosofiese denkwyse wat hoogty gevier het met die wending van die vorige eeu. Erdinast-Vulcan (1996: 188) voer aan dat dit geen toevalligheid is dat die alwetende derdepersoonsverteller van die agtiende en negentiende eeue as uitgedien gesien is min of meer in dieselfde tyd dat Nietzsche die dood van God openbaar gemaak het nie. Die wysheid van die verteller, sy outoriteit wat spruit uit sy voorkennis van die einde sowel as die retrospektiewe verheldering meegebring deur die sluiting van die narratiewe raam, is alles slegs moontlik binne 'n metafisiese begronding: "The desire for the end is not only the motor of narration. It is the incurable need for a final significance" (1996: 188).

Verder hou die hele idee van 'n self, 'n ekheid, van 'n koherente ervaring van identiteit, verband met die moontlikheid van vertelling. Erdinast-Vulcan (1996:188) haal Roy Shafer aan: "We are forever telling stories about ourselves [...] the self is a telling." Die hooffiguur van "The Idiots" is soos die outeur ook 'n burger van 'n wêreld wat ontneem is van sy narratiewe raamwerk (1996: 189). Juis sy soeke na narratiewe orde dryf Jean-Pierre tot die punt om homself religieus te bekeer al was hy altyd 'n ferm ongelowige en heeltemal gekant teen die institusie van die kerk (1996:189). Wanneer sy vierde kind ook as idioot gebore word, voel Bacadou ontneem van alle narratiewe orde in sy bestaan en gaan ruk hy aan die kerkhek en roep om God. "He, too, is a convict, realizing that the transcendental Being that is supposed to 'be there' is, like himself, a nobodaddy" (1996: 190). Jean-Pierre keur die godsdiens reeds vanaf die begin van die verhaal af. Hy verwys na priesters as "die kraaie" (19). Tog wend hy homself tot die godsdiens as laaste uitweg. Hy vra sy vrou om geld te skenk aan die kerk om te sien of haar God iets vir hulle sal doen: "He would sacrifice his convictions [...] That morning he felt like a man who had

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sold his soul" (27). As hy dan daar aan die kerkhek hang en roep om hulp, ontdek hy dat daar geen antwoord kom nie: "'Hey! Come out!' shouted Jean-Pierre loudly. The nightingales ceased to sing. 'Nobody?' went on Jean-Pierre. 'Nobody there. A swindle of crows. That's what this is. Nobody anywhere. I despise it. Allez! Houp!'" (30)

Die alternatief vir religieuse geloof is die meesternarratiewe wat 'n gemeenskap of familie bied maar ook hierdie narratiewe word Bacadou ontneem. Alles wat deur die burgerlike leefwyse verheerlik word - die natuur, gemeenskaplikheid en tradisie - word vernietig deur die verloop van die vertelling. Niks in die kaal landskap is betekenisvol nie. Al wat te vinde is, is die sinisme, die gierigheid en die gevoellose wreedheid van die karakters (1996: 191). Soos die verhaal verloop, word die landskap al meer vyandig uitgebeeld. Om 'n sprekende voorbeeld te gee: "And from the morning till night one could see all over the land black denuded boughs, the boughs gnarled and twisted, as if contorted in pain, swaying sadly between the wet clouds and the soaked earth" (32). Die landskap se vyandigheid jeens die landbouer met geen nageslag wat die grond na hom sal bewerk nie, word ook eksplisiet gestel: "Having to face alone his own fields, he felt the inferiority of man who passes away before the clod that remains" (33). In een van die laaste beskrywings van die ruimte is die landskap heeltemal boos en bedreigend: "The wind dropped with the sun, leaving a maddened sea and a devastated sky. The heavens above the house seemed to be draped in black rags, held up here and there by pins of fire" (36). Erdinast-Vulcan (1996:192) som die situasie goed op as sy sê: "There is no master-plot that can subsume and justify this pointless tale of sorrows. It is, one might say, an 'idiot reality,' a reality that resists narrativization with the indifferent force of brute matter." Die persoonlike verteller verdwyn vinnig en die derdepersoonsverteller bied geen insigte, wysheid of vertroosting nie. "The failure of the narrative is echoed by the failure of narration. The failure of paternity is ultimately the failure of authorship" (1996: 192). Wanneer die metafisiese sienswyse nie meer geldig is nie word die moontlikheid van narratiewe raming net 'n estetiese fiksie. Die konsep van paterniteit (in die sin van vaderskap sowel as outeurskap) word heeltemal verpletter (1996: 193).
Erdinast-Vulcan (1996:193) verwys dan na die woorde van Telemachus aan Athena dat dit 'n wyse kind is wat sy eie vader ken. Parallel hieraan kan gestel word: dit is 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

idiotekind, hy ken nie sy vader nie. Die modernistiese narratief word belas met die agterdog dat ons almal idiote is in hierdie sin. Wanneer narratief nie meer kan be-teken ('signify') en terselfdertyd waar kan wees nie het die outeur slegs die keuse om óf te kies vir die stilte van die idioot óf vir die geforseerde oortuiging van die gevangene, "the forced conviction of the convict", die gewilde, geforseerde en wanhopige konstruksie van betekenis. Volgens Erdinast-Vulcan se bespreking van die teks is dit duidelik dat Conrad die tweede moontlikheid kies as selfopgelegde gevangene. Hierdie skrywerlike keuse is in laaste instansie die moeilikste keuse maar ook 'n keuse wat sommige nie kan verhelp nie: "The author who cannot will himself into idiocy is willy-nilly a convict, imprisoned within his own skepticism, sentenced to a lifetime of hard labour, anxiously trying to quarry meaning out of the brute matter of existence" (1996: 185).

Soos in van die groot werke van Dostojefski, is hierdie verhaal 'n uitbeelding van die angs oor die sogenaamde dood van God binne die filosofie van veral figure soos Nietzsche en Schopenhauer. Dit is die angs vir die verval van alle gronde van sekerheid, die verlies van God en die alwetende outeur. Met die dood van God word die idioot gebore.

Waar Wordsworth 'n afwysing van die rasionele meesternarratiewe en dogmatiek bepleit vir 'n meer natuurlike, verbeeldingryke en poëtiese bestaansmodus, word die meesternarratiewe in hierdie teks as onbegrondbaar uitgewys en so ook afgewys. Dit is egter nie so 'n bevestigende keuse soos in die geval van Wordsworth en die Romantiek nie maar eerder 'n tragiese oorgawe aan die sinneloosheid van die menslike bestaan. Waar Wordsworth die innerlike, naïewe, prerefleksiewe en kinderlike inhoude van die self vier, word die mens, die self, in Conrad se verhaal afgemaak as idioot. Die idiootfiguur word hier gesien as die beeld van die mens as 'n vertraagde, dwalende wese wat nie meer die sentrum van die heelal is nie en nie meer die kroon van die skepping nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Adam Kadmon: die kind in die donker**

*Een vir Azazel* deur Etienne Leroux is 'n uiters komplekse teks en kan op verskeie wyses gelees word, onder andere as parodie op die speurverhaalgenre en die Griekse tragedies. Die fokus in hierdie bespreking is slegs die figuur van Adam Kadmon Silberstein as idioot en verpersoonliking van die kind-argetipe.

Die teorieë van Carl Gustav Jung sal gebruik word by die ontsluiting van die teks. Leroux lê self klem op die werk van Jung in sy bespreking van die doel van die skrywer in sy bekende essay: "Die mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite". Hy (Leroux 1980:12) stel dit dat die mite 'n besondere krag vir die mens en die mensdom in sy geheel bevat. Volgens hom het die mite, soos in die geval van die Duitse Derde Ryk, die krag om die verloop van die geskiedenis te verander. As die mite ten gronde gaan veroorsaak dit 'n kollektiewe psigose. Dit is juis wat volgens hom aan die gebeur is. Daar word dus gevra na 'n denkwyse wat ook die onbewuste magte sal inkorporeer. Hier vind die leser 'n uitbreiding van die Modernistiese vrees vir 'n wêreld sonder begrondingsisteme of mites. Die Jungiaanse teorie erken ook die vernietiging van die rasionele begrondingsisteme van byvoorbeeld die staat en kerk en soek 'n alternatiewe begrondingsisteem vir die self in die onbewuste.

Die onbewuste bestaan uit 'n persoonlike en kollektiewe onbewuste. Mites is die direkte uitdrukking van die kollektiewe onbewuste wat redelik onveranderd deur die menslike geskiedenis bly. Mites bevat dus groot ooreenkomste oor tyd en die wêreld (Fordham 1953:27). Die motiewe kom meer gereeld voor by "primitiewe kulture" aangesien hul bewussyn, volgens Jung (1959: 153), minder ontwikkel is in bestek en intensiteit. Binne die mites, sprokies en drome figureer sekere wederkerende figure. Jung noem hierdie personasies of beelde argetipes. As gevolg van die beperkte omvang van hierdie bespreking kan daar nie in detail aandag gegee word aan die presiese aard van die argetipe nie behalwe om die konkreetste definisie daarvan, gevind in "The Psychology of the Child Archetype" (Jung 1959: 152-153), te gee nie:

> "[T]ypical mythologems were observed among individiduals to whom all knowledge of this kind was absolutely out of the question, and where indirect derivation from religious ideas that might have been known to them, or from popular figures of speech, was impossible. Such conclusions forced us to assume that we must be dealing with 'autochthonous' revivals independent of all

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> tradition, and, consequently, that 'myth-forming' structural elements must be present in the unconscious psyche. These products are never (or at least very seldom) myths with a definite form, but rather mythological components which, because of their typical nature, we call 'motifs'[...] or [...] archetypes."

Deur die mite (soos in die droom) kom die mens direk in kontak met beelde uit die kollektiewe onbewuste. Die mens het hierdie kontak met die argetipes nodig sodat hy tot 'n grotere mate blootgestel kan word aan die inhoude van die persoonlike sowel as die kollektiewe onbewuste. Die mens moet in harmonie met hierdie inhoude leef en so sy psige tot 'n geïntegreerde geheel bring. Wat reeds in verband met die mites gesê is, geld ook hier: sonder 'n psigiese geheel verval die mens in psigose. Die besit van die mite is hier 'n sentrale aspek. Die leef in en met die mite bring deur middel van sy simbole en rituele die mens (op 'n psigies veilige wyse) in aanraking met die onbewuste aspekte van homself. Hierdie proses van 'n harmonieuse psigiese integrasie word deur Jung die individuasieproses genoem. Die uiteinde van die individuasieproses, die versoening van die bewussyn met die onbewuste en al sy elemente, lei tot die totstandkoming van die nuwe Self: "[I]t is the function which unites all the opposing elements in man and woman, consciousness and unconsciousness, good and bad, male and female [...] and in doing so transmutes them" (Fordham 1953:62).

Volgens Leroux is dit die taak van die skrywer om die mite weer te laat herleef, sodat die mens in aanraking met sy onbewuste kom en 'n meer volkome mens of volk word. Om hierdie rede kan Leroux se werk, en veral die negedelige siklus, as die poging tot die herskep van die kollektiewe mite gelees word. Sy karakters is ook nie persone in al hul fasette nie "maar eerder 'n gebruikmaking van die karakters om 'n agterliggende tema te illustreer" (Leroux 1980:21). Hulle is dus eerder personas as persone. Hy skep sy karakters "teen die agtergrond van 'n argetipiese skadubeeld" (Malan 1978:163) en daarom is hulle dadelik as simbole of tipes herkenbaar.

Daar is al veel bespiegel oor Leroux se houding en bedoeling met die term die "nuwe mite" en wat uiteindelik die boodskap in baie van sy werke. (Sien in hierdie verband o.a. Basson (1995) se artikel: "Etienne Leroux se 'nuwe mite': 'n speurtog deur die werk van drie kritici na die ontwykende 'boodskap'" in *Stilet* 7(1) Maart: 35-49.) Die vraag ontstaan ook in hoe verre sy ironiseringstegnieke die ewigheidswaarde van mites

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondermyn. Daar is egter nie plek om uit te wei oor hierdie vraag nie, aangesien die fokus slegs op die uitbeelding van die idioot Adam Kadmon as sondebok en voorbeeld van die kind-argetipe is.

Voor die argetipiese karakter van Adam Kadmon aan bod kom, sal dit verhelderend wees om na die breë tema van die roman te kyk. Die figuur van Azazel is hier 'n sentrale element.

Die roman speel weer, soos in sy voorloper *Sewe dae by die Silbersteins*, af op die landgoed Welgevonden. Dit is egter nie meer die florerende plaas van vroeër nie maar is nou die eiendom van die misterieuse "Stigting". Jock Silberstein se utopiese orde begin sy krake wys. Die dood van Salome kan direk hiermee gekoppel word. Sy was immers die filosowesteen waarna Henry gesoek het regdeur sy inisiasie binne die orde. Soos in die vorige roman bly haar figuur steeds ontwykend. Sy figureer nooit in die roman nie maar het, soos in die vorige, weer 'n sterk afwesige aanwesigheid. Sy skenk geboorte aan die reus Adam Kadmon maar oorleef nie self die geboorte nie. As simbool van die perfekte orde waarna Welgevonden streef, bly sy dus altyd ontwykend en uit haar liggaam kom die monsteragtige antitese van die orde: die reus. Dit word reeds vroeg in die verhaal duidelik dat die orde verval het en alles bestaan in 'n stadium van aftakeling, alles is slegs 'n "blote banaliteit" (11). "Die ontbinding is toegepoleer, die verkrummeling tot stilstand gebring met vernis en lak" (46), sê die verteller. Die onbewuste inhoude word dus hier in 'n laaste desperate poging onderdruk. As die onderdrukte libido uit die onbewuste breek en die orde verwoes, soek die mens wraak en die maklikste manier van wraak is om 'n sondebok vir die verwoesting van hul kosbare orde te soek (Van Rensburg 1982:154).

Botha (1982: 96) beweer dat die mens nie kan verduur om die skuld vir die ontwrigting van die paradys, waarvan dr. Johns praat (74), te soek in die orde wat hy self probeer skep het nie. Jung stel dat die mens 'n drang het om totaal onskuldig te voel. Deur die figuur van die sondebok word dit moontlik. Die mens kan 'n vinger wys en sê hy is bly hy is nie so sleg soos die ander persoon nie: "You feel satisfaction because the evil people have done it for you" (Jung 1950: 97).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die argetipe van die sondebok, in die persoon van die reus Adam Kadmon, is die sentrale tema van die roman. Met die gebruik van die sondebokmotief wou Leroux miskien die geldigheid van dié ritueel vir die moderne tyd ondersoek. Die ritueel verwys ineens na die "oorwinning oor die Bose deur die vernietiging van die monster, die sanerende dood van die sondebok en veral ook die latere versoeningsdood van Christus" (Malan 1978:87). Die sondebokmotief word reeds aangespreek in die titel met die verwysing na die figuur van Azazel. Mrs. Silberstein se uitspraak: "Die arme sondebokke. Een vir God en een vir Azazel" (52), verskaf die konteks vir die titel.

Die eerste kennismaking met Azazel (of Azael) is in die apokriewe boek van Henog. Hier word vertel van Azazel en Shemhazi (of Shemyaza of Shemiazaz), die twee leiers van die engele wat na die aarde toe gekom het en tussen die mense kom bly het om met die vrouens te trou (Jung 1953:441). In Genesis 6 word daar vlugtig hierna verwys in die volgende woorde: "In dié dae was die reuse op aarde, en ook daarna, as die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan, en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die helde uit die ou tyd, die manne van naam" (Gen.6:4, p.16). Shemyaza is gevang en deur God gestraf deur hom onderstebo tussen hemel en aarde te hang binne die konstellasie van Orion. Azazel het egter ontsnap en teister steeds die mensdom met sy kwaad. Daarom word daar tydens die sondebokritueel een bok by 'n afgrond afgegooi en een die woestyn ingestuur (Malan 1978:88). Die engele is daarvan beskuldig dat hulle die wetenskap en die toorkuns aan die mens geleer het in ruil vir seksuele gunste. Daar is 'n spesifieke verwysing na Azazel in Henog 9 as die engel "who taught all unrighteousness on earth and revealed the eternal secrets which are preserved in heaven" (Jung 1958:422). Die onderdrukte dele van die persoonklikheid word deur die argetipe van die skadu verpersoonlik. Dit is die inhoude wat nie sosiaal aanvaarbaar is nie en dus onbewustelik of soms bewustelik deur die psige onderdruk word as 'n ontkenning van hulle bestaan. Die mens skram weg van hierdie inhoude en daarom word die skadu dikwels as monsters of demone uitgebeeld (Jung 1978:83). Om hierdie rede het die persona van die engel Azazel later uiting gekry in die Christelike geloof as die demoon en monster Satan. Alhoewel Satan ook aanvanklik 'n engel was, word hy min as een uitgebeeld maar eerder as 'n monster met horings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die engele kan ook as simbool van die vinnige progressie van rasionele kennis gesien word aangesien engele die mens aan die wetenskap bekendgestel het. Volgens Jung kan die verwysing na die seuns van die engele as reuse dui op die "inflation of the cultural consciousness at that time". Hierdie inflasie van die rede is teengewerk deur die onbewuste in die vorm van die Vloed (Jung 1958:421-422). Ek wil egter aanvoer dat Leroux nie hierdie rasionele eienskappe by die personas van Adam Kadmon of Azazel betrek het nie. Albei is juis in die roman simbole van die onbewuste.

Reg aan die einde van die roman (168) word dit gestel dat Adam Kadmon sowel bok van God as bok van die woestyn, d.w.s. bok van Azazel, is. Dit blyk 'n onversoenbare teenstelling. Deur die naam "Azazel" te spel en nie "Asasel" soos in die Afrikaanse Bybel (Levitikus 16) nie, verbind Leroux ook die benaming met die Kabbalah en die werk wat Jung daaroor gedoen het waar dit wel so gespel word (Van Rensburg 1982:149). Die implikasies van hierdie stelling dat Kadmon sowel bok van God as die woestyn is, beteken dat God en Azazel, of Satan, nie so onversoenbaar is as wat hulle normaalweg voorgestel word nie. Daar is dus iets goddeliks sowel as demonies in Kadmon teenwoordig (1982:150).

Verder moet daar gelet word op die simboliese betekenis van die woestyn. Cirlot (1978:79) gee die volgende definisie: "The desert is the domain of the sun, not as the creator of energy upon earth but as pure, celestial radiance, blinding in its manifestation [...]. [B]urning drought is the climate par excellence of pure, ascetic spirituality." Woorde soos "sun" en "radiance" roep ook die redelik onbekende en positiewe beeld van Lucifer as die engel van die môrester Sirius op. Van Rensburg (1982:162) merk ook op dat in Leroux se oeuvre die woestyn nooit 'n uitsluitlik slegte beeld is nie maar soos alle argetipes tweekantig is. Jock Silberstein praat verder in *Sewe dae by die Silbersteins* van God as "die Groot Onbewuste... die eenheid van hemel en hel." Volgens Van Rensburg (1982: 166) is dit "vanuit hierdie perspektief dat die begrippe 'God' en 'Azazel' hul eenheid in 'die ewige Heerser van die onverstaanbare Heelal' kan hê". Laastens merk Jung op dat God, in die persoon van die Christus, homself stuur om die wêreld te red van Homself. Binne God bestaan opposisies tesame, hy is die *coincidentia oppositorum*: "Both are justified, the fear of God as well as the love of God" (Jung 1958:419). Die figuur van die sondebok en meer spesifiek Azazel is dus 'n dubbelsinnige en tweekantige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

figuur. Die Azazel-figuur kan nie as bloot sleg of goed gesien word nie maar eerder as iets wat beide begrippe in sigself dra. Dit kan as 'n simbool van en instrument tot totaliteit gelees word.

Dit word duidelik dat die karakter Adam Kadmon sterk in verband gebring word met die figuur van Azazel as sondebok. Letterlik beteken die naam Adam Kadmon "tweevoudige mens" (Malan 1978:90). Die Zohar van die Kabbalisme beskryf Adam Kadmon as twee wesens:

> "'n goddelike wat uit die oorspronklike duisternis uittree, en 'n aardse, wat deur die goddelike Adam na sy eie beeld geskep word, maar sonder verstand is. [...] Adam Kadmon [is] die prototipe van Christus en [daarom] val sy liggaam ook saam met die Boom van die Lewe, die Sephiroth. [...] In die vorm van die Primordiale Mens is die God wat deur die mens waargeneem kan word, sélf die Eerste Mens. Adam Kadmon is ook die beliggaming van die goddelike lig wat die oerruimte bestraal het. Dit is duidelik dat die Kabbaliste met hierdie reeks pregnant-misterieuse korrelate die dualistiese skeiding tussen God en mens, tydelike en ewige, mikro- en makrokosmos wou elimineer" (1978: 90).

Adam Kadmon vervul verder die alchemistiese funksie van die "capital stone, from which all the upper and lower hosts in the work of creations are brought into being" (Jung 1963:446). Adam Kadmon is tegelykertyd die beeld van die eerste Adam voor die Sondeval asook die tweede Adam, die Christus. Hy is die argetipe van die totale Self, die goddelike mens wat selfs seksualiteit transendeer. Adam Kadmon is dus totaal androgeen en sluit ook Eva, as die vroulike element of anima, in. Binne die Kabbalah word ook gesê dat deur hom alle lewe tot stand gekom het en sonder hom kon niks geskep word nie (Jung 1963:453-456).

Adam Kadmon word reg van die begin af as 'n kind voorgestel, "'n seun van agtien jaar" (37). Die simbool van die kind is baie belangrik in die Jungiaanse dieptesielkunde: "The child motif represents the preconscious, childhood aspect of the collective psyche" (Jung 1959,161). Die mees opvallende manifestasie van die motief is in die individuasieproses: "[I]t repesents the strongest, the most ineluctable urge in every being, namely the urge to realize itself" (1959:170). Hierdie motief is 'n tekening van sekere vergete inhoude van ons jeug; dit is die voorbewustelike, kinderlike aspek van die kollektiewe psige. Die kindmotief het baie manifestasies en nie altyd dié van 'n letterlike kind nie. Alhoewel die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inhoud dieselfde bly, manifesteer die motief sigself soms as Kleinduimpie, 'n god, 'n reus of 'n dier (1959: 161). Die hermafroditiese aard van die argetipe impliseer die vereniging van die sterkste opposisies (1959: 173).

Die kind-argetipe is 'n inisiële én terminale wese: "[The] child symbolizes the pre-conscious and the post-conscious essence of man" (1959: 178). Dit is 'n simbool van die eenheid van die psige:

> "The 'child' is all that is abandoned and exposed and at the same time divinely powerful; the insignificant, dubious beginning, and the triumphal end. The 'eternal child' in man is an indescribable experience, an incongruity, a handicap, and a divine prerogative; an imponderable that determines the ultimate worth or worthlessness of a personality" (1959:179).

Die doel van die beeld van die kind wat uit die onbewuste weer in die bewuste opduik in die argetipe van die wonderkind of reus het ten doel om die mens altyd in aanraking met sy kindertyd te hou. Sodoende word die verbintenis met die kindertyd nie verbreek nie en vergeet hy nie psigies daarvan nie (Jung 1959:162). Die kind is nader aan die wêreld van die intuïsie en die onbewuste as die volwassene omdat sy psige nog nie deur die vaste denkraamwerke van die rede vasgevang is nie: "Omdat hy idioties en kinderlik is, ervaar hy ironies genoeg die argaïese utopie waarna dr. Johns strewe" (Malan 1978:85).

Adam Kadmon is altyd getrou aan die kollektiewe onbewuste en dus 'n onskuldige sondebok (Van Rensburg 1982:154). Hy is kultuurloos en sonder sonde omdat hy bestaan voor die sondeval (volgens die Kabbalistiese simboliek). Vir sy rol as sondebok moet hy sondeloos en onskuldig wees (Malan 1978:90). As simbool van die onbewuste magte word Kadmon deur die samelewing wat deur die bewussyn, kultuur en orde regeer word as sondig gesien, bloot omdat sy synswyse van hulle s'n verskil. Dit word duidelik hoekom genoem is dat Kadmon as simbool van die onbewuste eerder as 'n tipe Prometheus of kultuurheld gelees moet word.

In die hoofstuk "Deur die oog van luiperd" (33) word sy onskuld bewys en sy uitsonderlikheid uitgebeeld. Hy is "skuldeloos, omdat hy bestaan binne 'n ewigverseëlde paradys (bl.34); uitsonderlik, omdat hy, die swaksinnige idioot, in die grond van sy bestaan die geestelike ervaring deel met die 'heiliges en digters en skrywers', en dus die primordiale en die ewige in oomblikke kan ervaar, net soos hulle" (Botha 1982: 97). Die verhaal wys dus nie die skuldige uit nie maar slegs die enigste personasie sonder skuld. Die duidelikste instansie waar mens dit in die teks self aantref, is reg aan die einde van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die roman. Die reus se lyk lê op die tafel "met sy hande gevou om die onnoembare Naam van God te vorm. Die rooi lint om sy nek is deur die waters spierwit gewas" (168). Ironies genoeg is dit die reus wat nou weer skuldeloos en "spierwit" is en nie die mense wat hom "geoffer" het en wie se "sondes" vergeef is nie. Sy individuasieproses is voltooi. Hy het die onnnoembare naam van God, of die nuwe Self, ontdek. Die reus word hier 'n tragiese figuur volgens die definisie van dr. Johns: "die een wat die skuld op hom trek om ons haat en verdriet (oor die verval van die kunsmatige orde) vir onsself geldig te maak" (91). Jock Silberstein pleit vir sy kleinseun: "As hulle hom maar net as kind sal sien, hulpeloos en magteloos in hulle wêreld, maar vervul met al die oerkrag van die instink en die ontembaarheid van die natuur" (109). Juis hierdie oerkrag is wat die mense se haat op die reus vestig en sy tragiese dood beteken.

Verder word Adam Kadmon as 'n reus voorgestel. Die reuse het onstaan uit die gemeenskap van die titane Aarde en Chaos. Christus word ook dikwels voorgestel as 'n reus in talle kerklike geskrifte en selfs die Bybel (vgl. Psalm 18 en Jung 1967: 292). Cirlot (1978: 117-118) beskryf die reus as simbool van die "immense, primordial being, by whose sacrifice creation was brought forth." Die reus is verder die personifikasie van die kollektiewe mens en soms word Satan (of dan Azazel) as 'n reus voorgestel. Dit is van belang om op te let dat die reus geoffer moes word sodat die skepping kon plaasvind. In die Jungiaanse sin kan dit beteken dat die reus sigself offer vir die skep van die nuwe kollektiewe Self. Die Self word dikwels as 'n jong man uitgebeeld. Dit dui ook op 'n hergeboorte van die Self. Daarteenoor word die Self ook as 'n reus voorgestel wat die hele kosmos omarm (Jung 1978:209,211). Die rede hoekom Jung ook verklaar dat Christus 'n beeld van die geïntegreerde self is, is omdat hy "die teenstrydighede van die bewuste (die mens) en die onbewuste (God) versoen" (Malan 1978:171). Die liefdevolle gedrag wat Kadmon teenoor sy vader toon en sy noue band met die onbewuste (of dan God) asook die verwysing na Jesus se kruisdood met die woorde: "Die taak is volbring" (164), dui daarop dat Adam Kadmon ook 'n Christusfiguur is. Sy doel is om die mens te verlos van sy gevangeneskap aan die rede en te versoen met die Goddelike of die onbewuste. Slegs hierdeur kan die mens 'n meer geïntegreerde Self besit. Dit is egter ironies dat die mens deur sy dood slegs die monsteragtige orde van Welgevonden, wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

self as vampier voorgestel word (168) en dus die eintlike skuldige is, heringestel het deur die aksies van die held van die orde, Demosthenos H. De Goede.

Teenoor die sondebok vind die leser die heldefiguur. Interessant genoeg is nie die held of die sondebokidioot in staat tot geslaagde kommunikasie nie. Speurdersersant Demosthenos H. De Goede kom as 'n uiters negatiewe, geparodieerde anti-held na vore met die doel om Adam Kadmon se onskuld nog duideliker te maak. As verteenwoordiger van die orde en die bewuste, wys De Goede die psigiese bankrotskap van die ongeïndividueerde Self uit.

Dit is slegs die reus wat die individuasieproses voltooi en by die filosowesteen of die naam van God uitkom. Waar De Goede as 'n anti-held voorgehou word, word Adam Kadmon 'n tipe mislukte Messias omdat hy nie die mens lei na sy nuwe koninkryk van die nuwe Self nie. Dit is om hierdie rede insiggewend dat hy gestenig word, die Bybelse ritueel wat sterk in teenstelling is met beide die offer- en sondebokrituele. Daar is geen mate van 'n naderkeer tot God deur die uitvoerders van die steniging (soos in die geval van die uitvoerders van die sondebokritueel) nie maar slegs die uitwissing van 'n veroordeelde. Soms is dit juis die gestenigde wat nader aan God beweeg soos in die geval van die Heilige Stefanus wat God gesien het terwyl hy gestenig is.

Leroux het dus in die karakter van Adam Kadmon Silberstein 'n byna perfekte beeld van die hergebore Self gevind wat talle verwysings uit verskillende en selfs teenstrydige bronne (byvoorbeeld die Christendom en die Kabbalah) versoen tot 'n baie sterk en welsprekende simbool van die kollektiewe mens in sy geïndividueerde stadium. Hierdie geïndividueerde persoon word deurentyd in kontras gestel met die ongeïndividueerde massa.

Miskien die enigste ander figuur wat volkome die positiewe sowel as die negatiewe argetipiese kenmerke vertoon, is die karakter van Lila as die animafiguur van Adam Kadmon. Dit is hier waar Adam Kadmon se hermafroditeit na vore kom as daar soms nie onderskei kan word tussen hom en Lila nie en as Lila as deel van hom uitgebeeld word. Fordham (1953: 54) beskryf die anima as volg: "She is also two-sided or has two aspects, a light and a dark, corresponding to the different qualities and types of women; on the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

one hand the pure, the good, the noble goddess-like figure, on the other the prostitute, the fatal seductress, or the witch." Sy is Eva en Lillith, onskuld en demoon. Aan die einde van die verhaal word die reus en Lila verenig in die sin dat albei sterf in die fontein. As gevolg van die manipulasie van die lineêre volgorde van die verhaal, is dit onseker wie van die twee se lyk aan die begin van die verhaal in die fontein gevind word (17,18). Heel moontlik is beide liggame op verskillende tye daar gevind. Hierdie gegewens dui daarop dat die reus en Lila verenig is in die dood en die onbewuste. Water is 'n bekende simbool van die onbewuste (Cirlot 1978:364) en albei sterf in water. Hulle word dus een met mekaar in die onbewuste. Die reus het sy anima geïntegreer by sy Self en daarom kan hy sy individuasieproses finaal voltooi.

Adam Kadmon as idiootfiguur word in kontras gebring met die institusionele aard van kultuur en veral die dogmatiese godsdiens. Soos in die besprekings van die vorige twee werke vind die leser hier ook die tema van die verplettering van begrondingstrukture en die self se soeke na 'n essensiële betekenis.

Die pastoor se aftakeling in die roman kan as simbolies gelees word van die stelselmatige afbreking van die religieuse simbole as gevolg van die toenemende rasionele synswyse van die moderne mens. Die mens word deel van die groot sisteme van regerings en ekonomieë ten koste van sy individualiteit en simbole:

> "Our admirations of our great organizations would soon dwindle were we to become aware of the other side of the wonder, namely, the tremendous heaping up and accentuation of all that is primitive in man, and the unavoidable disintegration of his individuality in favour of that monstrosity that every great organization is on its nether side" (Fordham,1953:119).

Binne die orde is daar nie antwoorde te vinde nie, maar slegs 'n "rumoerige stilte"(22).

Senekal wys (1989: 68) op die feit dat die Westerse denkwyse geen buite-tekstuele, finale of metafisiese basis het om die binêre begrippe waarop dit gegrond is te veranker nie. Hy beweer dat Leroux in sy werk voorkeur gee aan die ondergeskikte term in die binêre oppposisie en so die hiërargie omdraai. Hier word Leroux se werk dus gehaal uit die sfeer van die Modernisme en die opregte soeke na 'n nuwe mite en geplaas in die ironiserende sfeer van die dekonstruksie. Senekal (1989: 69) wys verder ook op Jonathan Culler se siening dat dekonstruksie berus op die proses van nabootsing, aanhaling, distorsie en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

parodie. Van hierdie elemente is 'n oovloed in *Een vir Azazel* te vinde. In die Welgevonden trilogie:

> "het 'n mens te make met die bevraagtekening van metafisiese konsepte van 'Syn', Waarheid, Self, Identiteit, Verlossing, Sonde - alles soos opgeroep deur die kritiek van Nietzsche, Freud, Heidegger. Dit is amper die hele tradisie van Westerse metafisika wat hier ter sprake is, en wat hier vernietig word" (1989:74).

Senekaal haal dan ook Derrida in sy werk "Structure, sign and play in the discourse of the human sciences" (1970) aan, waar Derrida praat van die "brave new world":

> "[People] turn their eyes away in the face of the yet unnameable which is proclaiming itself and which can do so, as is necessary whenever a birth is in offing, only under the species of the non-species, in the formless, mute, infant, and terrifying form of monstrosity" (Senekal 1989:74).

Adam Kadmon word herken as hierdie "monstrosity", stom en infantiel, wat optree as voorloper van die die nuwe vorm van mens (ook gelees as die nuwe self). Kadmon word dus 'n verpersoonliking van die dekonstruksieproses, in die sin dat hy al die negatiewe pole van die binêre opposisies in sy wese opneem en hulle dan tot niet maak deurdat hy uiteindelik tog seëvier, maar dan seëvier deur sy eie vernietiging.

Die roman ondersoek die noodsaak van die moderne mens om deur middel van argetipiese simbole en rituele weer in kontak met sy totale psige te kom. Dit sluit ook die inhoude van die onbewuste in wat hy as gevolg van die norme van sy samelewing probeer onderdruk. Die mensdom is "[b]omskokslagoffers van die ontploffings in hulself"(127). Die onbewuste inhoude ontplof in die bewuste as dit te lank onderdruk word. In die roman vind dit plaas in die vorm van die steniging van die reus en die vampier se aanvalle op die inwoners van die Stigting. Die mens word hierdeur geforseer om aandag aan sy onbewuste te gee en die tekortkominge van die suiwer rasionele denksisteme te erken. Die klein patetiese en belaglike bulletjie en die verval van Welgevonden is simbolies van die mislukking van hierdie orde. Die idiotiese, kinderlike reus is die simbool van die nuwe Self. Hy is die sondebok wat hulle skuld moet dra en onskuldig in sy vertraagdheid en kinderlikheid moet sterf. Azazel, die figuur van die duiwel, is die oorspronklike sondebok. Hy verteenwoordig 'n deel van die menslike psige wat hulle nie wil ken nie maar wat onbetwisbaar deel van hul wese is. Fordham (1953:74) som die situasie goed op:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "It is this attitude which, in projecting everything good on to a remote figure of God, and everything bad on to an even more remote figure of the Devil, robs the psyche of its value and meaning and leads on the one hand to and over-valuation of consciousness and on the other to the deification of abstractions like the State. In addition, creed and ritual have become so elaborated and refined that they no longer express the psychic state of the ordinary man, and religion has congealed into externals and formalities."

Dit is eers as die mens alle aspekte van sy psige aanvaar en hulle versoen dat hy psigies geheel sal wees. Die roman wil te kenne te gee dat die mens ook die aspekte van Azazel, van die onbewuste, moet aanvaar saam met die goddelike en aanvaarde aspekte van sy Self en dit nie vrees of as "duiwels" bestempel nie. Adam Kadmon het die onnoembare naam van God, die nuwe Self, ontdek deur sy bestaansmodus as idioot buite taal en kultuur. Hiervoor is hy gestenig. Die mens het as gevolg van sy rasionele sisteme nog geen simpatie vir Azazel, die bok van die woestyn, die donker onbewuste nie.

In *Een vir Azazel* het Etienne Leroux, gelees binne 'n Jungiaanse raamwerk, dus nie net 'n uiters komplekse roman en parodie geskep nie maar meer belangrik 'n dokument oor die spirituele bankrotskap van die moderne mens.

Dit is 'n visioen van die verval van die rasionele deksisteme en 'n bevestiging van die onbewuste. Adam Kadmon is die Ewige Kind, soos Wordsworth se Johnny die *puer aeternus*, broos en gestremd maar in kontak met sy intuïsie, die onbewuste, die verbeelding en uiteindelik soos Jock hom beskryf: "ontembaar". Hier vind die leser 'n uitbeelding van die self as idioot; die idioot as simbool van die psigiesgeheelde wese, uiteindelik onkenbaar vir 'n valse orde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Hoe die idioot probeer sê**

Shlomith Rimmon-Kenan (1983: 100) se definisie van 'n betroubare verteller is dat so 'n verteller 'n gesaghebbende weergawe van die fiksionele waarheid aan die leser bied. Wanneer die teenoorgestelde egter waar is, is daar natuurlik sprake van 'n onbetroubare verteller. Die eienskappe van onbetroubare vertellers is hulle beperkte kennis, 'n te persoonlike betrokkenheid by die gebeure en 'n verdagte waardesisteem (1983:100). 'n Idiootverteller is dus 'n perfekte voorbeeld van 'n onbetroubare verteller, as gevolg van sy uiters beperkte kennis, sy gewoonlik onstabiele emosionaliteit en ook gewoonlik 'n totale onbewustheid van enige vorm van waardesisteem.

In die volgende gedeelte sal daar gekyk word na drie tekste met 'n idoot as eerstepersoonsverteller. Die maniere waarop die skrywers vir hulle vertellers 'n eie taal skep en die problematiek rondom die uitbeeld van 'n idiotebewussyn sal hier bespreek word. Daar sal aangedui word hoe die verskillende skrywers omgaan met die problematiek van die idiotebewussyn wat, soos reeds begin duidelik word het, nie kenbaar en verstaanbaar is in die rasionele, talige orde nie, en nou as eerstepersoonsvertellers moet optree. Soos te verwagte wyk hierdie vertellings heelwat af van wat normaalweg in eerstepersoonsvertellings opgemerk word.

Benjy Compson: net klank en drif

Alhoewel *The Sound and the Fury* bestaan uit vier afdelings met vier vertellings en baie gesê kan word oor elke vertellende stem, sal hierdie bespreking slegs fokus op die eerste verteller. Dit is die karakter Benjy Compson, die drie en dertigjarige idioot.

In haar bespreking van die narratiewe uitbeeld van bewussyn sê Dorrit Cohn (1978:5,6) dat die geslaagdheid van 'n bepaalde fiksionele teks afhang van dit waarvan lesers en skrywers die minste weet, naamlik hoe 'n ander bewussyn dink en hoe 'n ander liggaam voel. "In depicting the inner life, the novelist is truly fabricator" (1978:6). Die uitbeelding van bewussyn word verder gekompliseer deur die teoretiese modelle aangaande die bestaansmodus van karakters. Sedert die Modernisme het verskeie skrywers en denkers, onder andere Virginia Woolf, karakters (en die lewe in die algemeen) gesien as in voortdurende vervloeiing sonder 'n stabiele kern (Rimmon-Kenan 1983: 30). Teoretici soos Hélène Cixous bevraagteken ook die stabiliteit en die eenheid van die self. Binne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie moderne teorieë verval die ou idee van karakter aangesien die idee van 'n stabiele ego verdwyn (1983:30). (Meer oor hierdie kwessies van subjektiwiteit in die volgende afdeling.) Die bewussynstroomtegniek word dikwels gebruik om die verwikkeldheid en vervloeiende aard van die ego uit te beeld. Faulkner se uitbeelding van die karakter Benjy Compson dien as voorbeeld van 'n gefabriseerde eenvoudige bewussyn, 'n bewussyn met min of geen sprake van 'n tasbare, stabiele self.

Sarah McLaughlin (1987: 34-40) stel 'n goeie saak in haar artikel, "Faulkner's Faux pas: Referring to Benjamin Compson as an Idiot", dat Benjy inderdaad nie 'n idioot volgens die aanvaarde mediese en sielkundige definisie is nie maar eerder 'n lyer aan outisme. Al wat egter hier van belang is, is die feit dat Benjy 'n uiters vertraagde man is wie se bewussyn deur die outeur uitgebeeld word. Verder voel ek dat Benjy nie tot *so 'n mate*, soos in die McLaughlin-lesing, as 'n werklike persoon gelees behoort te word en vergelyk moet word met werklike mense wat lei aan outisme nie, maar dat hy eerder gelees moet word as 'n skrywerlike uitvindsel binne 'n skrywerlike werklikheid waarbinne hy bestaansreg en geloofwaardigheid verkry. Ek stem saam met Howe (1968: 35): "Faulkner is concerned not with the mental life of an actual idiot, but with rendering a plausible effect: a flow of disturbed memory." Dit sal egter duidelik word dat die uitbeelding van Benjy nie opsetlik obskuur is nie, maar eerder die kompleksiteit van die mens aandui.

Die teks is 'n beliggaming van die idee dat die identiteit van 'n personasie nie maklik ontsyfer kan word nie maar geleidelik na vore kom en dat daar nie altyd 'n stabiele ego is met 'n spesifieke sentrum nie. Dit is 'n tekening van die vloeibaarheid van persoonlikheid.

Howe (1968: 35) prys Faulkner vir die geslaagdheid van die uitbeelding van Benjy se bewussyn: "His section could easily become sentimental or incoherent or a pointless flaunting of ingenuity; it is saved from such failings by the fact that he never ceases to be an idiot, never becomes aware of his enormous pathos, never falls into mere shrewdness or saintliness." Dit is Benjy se totale onbewustheid van sy emosionele pyn en die ware aard van die verskriklike werklikheid waarbinne hy homself bevind, wat die karakter red van sentimentaliteit. Benjy is nie bewus van sy tragiese onskuld nie. Dit is juis die idee

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 'n totaal onskuldige verteller waaruit die karakter van Benjy gegroei het. Faulkner (1968:14) vertel dat die evolusieproses begin het met die keuse vir 'n kinderverteller:

> "then the idea struck me to see how much more I could get out of the idea of the blind self-centeredness of innocence, typified by children, if one of those children had been truly innocent, that is, an idiot. So the idiot was born and then I became interested in the relationship of the idiot to the world that he was in but would never be able to cope with and just where could he get tenderness, the help, to shield him in his innocence."

Benjy se onskuld is nie net heilig nie, maar ook verskriklik en pateties. Sy eenvoud is amper dierlik (Scott 1968: 26). Benjy se onbegrip van die oorsaak van sy kastrasie – wat hy gedoen het om dit te verdien - en sy onderwerping deur geweld aan die algemene seksuele norme dui op 'n algemene noodlot: Jou liggaam is nie jou eie nie, dit leef binne 'n raamwerk van kulturele ooreenkomste. Die individu is magteloos om weerstand hierteen te bied (Weinstein 1992:115). Benjy huil voor die spieël as hy sien hy is nie 'n volkome mens nie. Waar Adam Kadmon se hermafroditeit, soos later aangedui sal word in verband met J.M. Coetzee se Michael K en Friday, iets positief is, is Benjy se kastrasie bloot negatief, 'n ontmanning, 'n simbool van sy ontmensliking.

'n Probleem wat dadelik na vore kom, is dat die groot verskil tussen die bewussyn van die implisiete leser en dié van Benjy moontlike empatie van die leser bemoeilik of vertraag. Reed (1973:76) stel dit goed: "Benjy's mind is not our mind and we cannot shift quickly enough or simply enough from perception to memory to pain." Die volgende aanhaling dien as voorbeeld van hierdie opeenvolgings en verskuiwings van sy bewussynsinhoude: "I could hear Queenie's feet and the bright shapes went smooth and steady on both sides, the shadows of them following across Queenie's back. They went on like the bright tops of wheels" (18). Die leser is met die eerste lees van hierdie beskrywing nie net onseker waarna verwys word nie, maar is ook onseker watter emosie gepas sou wees. Faulkner (1968:17) was al te bewus van hierdie probleem met die uitbeeld van die idiotebewussyn: "The only emotion I can have for Benjy is grief and pity for all of mankind. You can't feel anything for Benjy because he doesn't feel anything. The only thing I can feel about him personally is to whether he is believable."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Weinstein (1992:119) gaan verder deur aan te voer dat die leser nie net vervreem word deur Benjy se eie vervreemding van sy ligaam en ego nie maar ook as gevolg van Benjy se radikale kultuur- en ideologieloosheid:

> By beginning with Benjy's narrative voice, Faulkner seems to be seeking a Barthesian *écriture degré zéro*: writing without *parti pris*, free of social orientation. Benjy's voice fails to understand, and through him we (especially as first readers) arduously suspend the grids of our own conditioned understanding. We teeter on the verge of what feels like a noncultural space. It is as though (in an essential Modernist paradigm) we were being de-ideologized, stripped of our habitual sense-making tropes though beyond the inflections of class, race, and gender, Benjy's unmapped voice, without the hint of a project, seems to register within the reader with a kind of pre-Oedipal immediacy, as the voice of the infant prior to entry into the Symbolic order.

Benjy se kultuurloosheid word verder duidelik as mens oplet na die voorstelling van die dialek van die negers in die roman. In die gedeelte waar Benjy fokaliseer is daar die minste voorstelling van dialek. Volgens Polk (1993:169) wys dit op Benjy se ervaring van hulle as deel van sy wêreld. Hy let nie op hul andersheid nie omdat hulle sy versorgers is en dus eerder ‘n simbool van normaliteit en stabiliteit vir hom is. Quentin en Jason is natuurlik meer bewus van die kulturele realiteit en dui die andersheid van die negers se dialek aan in die dele waar hulle aan die woord is. In Quentin se gedeelte word die stem van ‘n swartman so voorgestel: “Sho comin boss. You done caught me, ain’t you? […] Thanky, young marster. Thanky” (82). In die laaste gedeelte waar die eksterne verteller aan die woord is, en daar die meeste selfbewustheid is aangaande narratiwiteit en ideologie word die dialoog feitlik heeltemal foneties voorgestel: “Put hit down dar en g’awn back to bed” (238). Benjy, kultuurloos en taalloos, kan nie onderskei tussen verskillende dialekte nie. Hierdie eienskap van Benjy is ’n uitbreiding van wat reeds oor die literêre idioot begin duidelik word het: die idioot het nie deel aan die onbuigbare kategoriese en binêre denkwyse nie. Rassisme en klassisme is onbekend vir die idioot.

Sy ouer suster Caddy is seker die belangrikste bron van identiteit vir Benjy en daarom ook sentraal tot hierdie bespreking. Caddy is tot ‘n groot mate die spil waarom die hele verhaal draai. Sy is die oorsaak van veral Benjy, Quentin en haar vader se geluk en verdriet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Faulkner (1968:18) het gevoel dat hy die persoon van Caddy sou reduseer deur haar ook ‘n stem van haar eie te gee. Hy wou haar misterie behou en sy het daarom ’n onvolkome beeld in die ander vertellers se verhale gebly. Die verskillende verhale bied verskillende en selfs teenstrydige beelde van wie Caddy was: “Existing in fluid subversion, flowing between and around and even against the accounts of her that attempt to contain and unify her, the contradictory Caddys resist finality, closure and coherence” (Trouard 1993: 27). Uiteindelik is Caddy, in die woorde van Kartiganer (1993: 82), die suster wat niemand gehad het nie, ‘n figuur wat uit realiteit ontsnap deur net ‘n beeld te word.

Caddy is volgens Weinstein (1992:114) ook die enigste rede hoekom Benjy nog die bietjie identiteit wat hy besit hoegenaamd oorhou. Sy selfbegrip word gevorm deur die spieël van haar aandag en haar stem wat in sy bewussyn verewig is. Caddy het Benjy rondgedra tot hy vyf was (62) en toe sy besef dat Benjy nie daarvan hou dat sy parfuum dra nie het sy dit dadelik afgewas en weggegee (44-45). Benjy kon nie verdra dat Caddy vreemd ruik nie omdat sy assosiasie met haar altyd was dat sy soos blare of bome ruik (vgl. o.a. 13,16,25,70).

Caddy is tot ‘n mate bewus van die groot rol wat sy in Benjy se lewe speel en, omdat sy hom moet verlaat, laat sy hom met sekere plaasvervangers soos die kussing wat sy hom gee. Sy gee nie persoonlik vir hom haar pantoffel nie maar hy weet dit is iets van haar en dit word ‘n verlengstuk van haar teenwoordigheid. Volgens Feldstein (1986:17) het hierdie plaasvervangers dieselfde uitwerking op Benjy as ‘n versorger, deurdat albei hom in ‘n trans of gelukkige droomtoestand plaas, waarbinne hy leef in die verlede, ’n verlede saam met Caddy. Benjy was nie eens bewus dat Caddy weg was nie, hy het net geweet iets is verkeerd. Die pantoffel het hom vertroos al het hy lankal nie meer onthou aan wie dit behoort het nie, net soos hy ook nie meer geweet het hoekom hy rou nie (Faulkner 1968:17).

Caddy is vir Benjy die beeld van standvastigheid, ‘n versorgende moederfiguur wat altyd by hom is en die orde bewaar. Benjy is volgens Kartiganer (1993:81) bang vir enige vorm van verandering aangesien sy hele bestaan gegrond is op die beginsel van presiese herhaling. Enige verandering of transformering sien hy as onnatuurlik en ‘n breuk met realiteit. Sy wens dat Caddy weer ’n ongetroude maagd is het niks met moraliteit te make nie maar eerder met sy wens om alles in hul oorspronklike toestand te behou. Benjy is, in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die woorde van Faulkner (1968:17), nie in staat tot enige goed of kwaad nie, omdat hy oor geen kennis daarvan beskik nie. Caddy moes trou omdat sy verwagtend was (105,107) en die troue het Benjy baie ontstel: "*I saw them. Then I saw Caddy, with flowers in her hair, and a long veil like shining wind. Caddy. Caddy*" (42).

Reg aan die einde van die roman ry Benjy tot op die grens van sy bekende wêreld. Hy kan hierdie grens nie oorsteek nie en begin skree: "There was more than astonishment in it, it was horror; shock; agony eyeless, tongueless; just sound..."(283) Dan, sodra hulle terugdraai na sy bekende en ewige leefwêreld, bly hy stil en raak hy rustig: "The broken flower drooped over Ben's fist and his eyes were empty and blue and serene again as cornice and facade flowed smoothly once more from left to right; post and tree, window and doorway, and signboard, each in its ordered place" (284).

Benjy bestaan buite tyd en ruimte, hy besit geen taal nie aangesien taal slegs sinvol is binne tyd en ruimte. Benjy sal altyd drie jaar oud bly en die wêreld waarin hy bestaan sal nooit verander nie. Rimmon-Kenan (1983:44) beweer dat die intersubjektiewe idee van tyd een van die mees basiese sosiale konvensies is wat die mens met andere kan laat saamleef. In Benjy se bewussyn bestaan die idee van tyd as 'n eenrigting, onomkeerbare verloop glad nie. Hier is dus sprake van 'n taallose wese wat bestaan buite enige normale vorm van tydsbelewing.

By hierdie aspek van Benjy se bewussyn kan van Maurice Merleau-Ponty se opmerkings in sy *Phenomenology of Perception* (1962) betrek word. Volgens die eksistensiële fenomenologie is die mens aanvanklik, via sy liggaam, in 'n prerefleksiewe en onmiddellike vertroulikheidsverhouding met die werklikheid verbind:

> "As has often been said, for the child the thing is not known until it is named, the name is the essence of the thing and resides in it on the same footing as its colour and its form. For pre-scientific thinking, naming an object is causing it to exist or changing it: God creates beings by naming them and magic operates upon them by speaking of them" (Merleau-Ponty 1962: 177-178).

Benjy vertoon egter 'n taktiele persepsie, daar is geen denker agter die hand as die hand aan gras vat nie. Daar is geen denkende instansie wat die gras as "gras" benoem en klassifiseer onder die klas "plant", ensovoorts, nie. Sy bewussyn word, soos Langer (1989: 74) dit beskryf, eerder letterlik een met die gras. Hierdie tipe persepsie is volgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Merleau-Ponty die reël eerder as die uitsondering (1989: 78). Benjy kan in hierdie konteks dus gelees word as verteenwoordigend van die mens, die self, in sy voorteoretiese bewussynstoestand.

Benjy se belewing van tyd, as 'n ewige teenwoordige oomblik waar die verlede en die hede heeltemal vervloei word ook goed beskryf in Langer (1989: 128) se beskrywing van wat Mereau-Ponty onder tydsbelewing verstaan:

> "Time synthesizes itself in that ceaseless sliding of the future into the present and on into the past, thereby giving us the illusion of eternity. Yet a timeless time is a contradiction in terms; and the unity of time is not something which comes about in spite of the temporal dimensions. Past, present and future compose an indivisible project; and to eliminate the distinctiveness of those dimensions would be to destroy the project- in short, to abolish time altogether."

Op die een of ander wyse moet die outeur hierdie wese se bewussyn egter op 'n verstaanbare en leesbare wyse uitbeeld. Die outeur se posisie is dus uiters kompleks: "not to narrate but to represent, to re-present the world in ways that bypass the filters of language that modify our relationship with language" (Polk 1993: 142). Dit is daarom nodig om noukeurige aandag te gee aan die fokaliseringstegniek in hierdie teks.

Soos reeds duidelik is, word die verhaal aangebied deur die bemiddeling van verskillende prismas, fokaliseerders en personasies wat sien. Die vier afdelings van die roman bied elk 'n eie perspektief en het elkeen sy eie verteller. Rimmon-Kenan (1983: 71-73) lê klem daarop dat die verteller nie noodwendig altyd die fokaliseerder is nie. Hy neem die voorbeeld van die eerste toneel van *A Portrait of the Artist as a Young Man* deur James Joyce. Stephen Dedalus, die baba, fokaliseer maar Stephen, die volwassene, vertel. Dit word duidelik as opgelet word dat 'n baba nie volsinne kan konstrueer nie en dat die gedeelte in die derde persoon vertel word. Dit lyk of dieselfde teenstrydigheid geld by die fokalisering van Benjy. Wat die leser sien op die bladsy is slegs 'n voorstelling van sy voortalige bewussyn deur 'n vreemde hand. Noel Polk (1993: 140) som hierdie vreemde vertelsituasie goed op:

> "The narrator's vocal 'response', then, which we later learn can range from simple whimperings and slobberings to horrific bellowing, is at very least an unsettling narrative non sequitur. At most it is a monstrous violation of the fictional tradition that identifies a 'narrator', especially a first person narrator, with a point of view and demands that narrators be self-conscious enough [...] to give us reason to believe that they have some communicable sense of the possible relationships

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> among events and of the events' significance [...]. The tradition assumes a direct, complex, relationship between the language narrators use and the events they narrate or objects they describe; it has thus allowed us to assume that narrators *have* a point of view and a reason for narrating, and that they are necessarily engaged in some conscious control of the materials they narrate."

In die eerste deel van *The Sound and the Fury* is daar oënskynlik geen narratiewe beheer nie. Die verteller registreer nie eens sy eie reaksie jeens die gebeure ás reaksie nie. Daar is verder geen logiese verband tussen objekte, mense of ervarings nie. Benjy is volgens Polk (1993:144) 'n negering van die normale opvatting van vertelling. Die eerste sin van die roman dien as voorbeeld: "Through the fence, between the curling flower spaces, I could see them hitting" (11).

Benjy se monoloog is 'n blote voorstelling van hoe sy bewussyn sou lyk indien hy deur taal die wêreld beleef het en nie bloot deur die vae sensoriese beelde wat ongedifferensieerd deur sy bewussyn beweeg nie. Hy gee net direk weer wat hy beleef sonder enige interpretasie: "The trees were buzzing, and the grass" (41). Vickery (1968:45) beweer dat die enigste ordeningstrukture in Benjy se leefwêreld, en so ook in die monoloog, die herhalings en sintuiglike waarnemings is. Benjy verstaan bykans niks van die dialoog wat hy hoor nie. Baie maal word verskriklike dinge oor hom voor hom gesê. Hy registreer die woorde maar het geen reaksie daarop nie, soos byvoorbeeld waar sy ma meermale oor hom sê: "It's a judgement on me" (13,18).

In 'n sekere sin is Benjy miskien die mees objektiewe verteller in die roman. Faulkner gebruik geen uitvoerige vergelykings of metafore nie, geen oordrywings of eufemismes nie. Die simboliek wat wel voorkom, is goed versteek en die verteller is totaal onbewus daarvan. Die taalgebruik is konkreet en yl in die sin dat daar min beskrywings en voornaamwoorde gebruik word. Voorwerpe, mense en gebeure word nie soseer beskryf as net benoem nie. Volgens Polk (1993: 146) word Benjy se sinne nie afgesluit aan die einde van 'n sekere semantiese eenheid nie maar bloot arbitrêr na die verloop van 'n sekere tydsperiode. Polk (1993:146) beweer ook dat die feitlike afwesigheid van enige leestekens behalwe punte die emosie in die teks vervlak en sodoende ook Benjy se vervreemding van sy eie emosies aandui. Die aanhalings van ander karakters se woorde het ook nie leestekens nie en vervreem die woorde dus van hul bronne. Omdat Benjy nie binne enige lineêre verstaan van tyd leef nie en aangesien hy nie emosionele waarde heg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan enige van sy waarnemings nie, omdat hy nie eens weet wat hom hartseer of gelukkig maak nie, is dit noodsaaklik dat Faulkner Benjy se gewaarwordinge presies weergee in taal soos hy dit ervaar en op die oomblik dat hy dit ervaar. Benjy sê nie dat hy begin huil of skree nie maar slegs: "my throat made a sound" (42). Hy sien homself soms as die onbeweeglike sentrum van belewing: hy gaan nie nader aan die kamer nie, maar die kamer kom na hom toe: "Then the room came, but my eyes went shut" (37).

Die gewaarwordinge is meestal van so 'n vlietende aard dat dit net 'n vlugtige, taallose flikkering in Benjy se bewussyn is voor dit verdwyn. Benjy dink nie lank genoeg aan wat hy sien om te besef dat die vuur weerkaats in Caddy se ringe nie maar is net bewus daarvan dat "her rings were jumping" (61). Polk (1993: 145) maak 'n interessante opmerking as hy sê: "[Benjy, in the first scene of the novel] does not actually verbalize that the golfers are 'going away', he just registers visually that they are doing so." Benjy is wel die verteller sowel as die fokaliseerder, maar sy vertelling geskied 'buite taal', in die sin dat hy nie sy gedagtegang kan verbaliseer nie. Ek wil aanvoer dat Faulkner, deur die bogenoemde skrywerlike truuks, Benjy se ervaring van sy bewussyn vir die leser in Engels "vertaal" op 'n manier wat hierdie bewussyn se eenvoudige werking voorstel.

Rimmon-Kenan (1983: 108) beweer: "Language can only imitate language, which is why the representation of speech [of interne monoloog-WPPA] comes the closest to pure mimesis, but even here [...] there is a narrator who 'quotes' the characters' speech, thus reducing the directness of 'showing'." Dit is duidelik dat in alle gevalle van vertelling daar 'n mate van ver-taling, van gekunsteldheid, teenwoordig is en dat Faulkner hierdie idee juis uitlig as hy 'n bewussyn met uiters rudimentêre taligheid ver-taal tot monoloog. Dit wil lyk of hierdie teks wil sê dat 'n voorstelling van bewussyn altyd 'n vertaling is, en dat daar geen direkte kontak met 'n ander bewussyn moontlik is nie. Die essensie bly ontbreek. Faulkner kry dit egter tot 'n groot mate reg om iets soos 'n voortalige toestand juis binne taal uit te beeld en geloofwaardig voor te stel binne die logika van sy teks.

Baie kritici het al opmerkings gemaak oor die poëtiese aard van die taalgebruik in Benjy se monoloog, o.a.: "The section is less a realistic rendering of the author's adoption of Benjy's consciousness than it is an exercise in the control of limited language to a poetic end" (Reed 1973:79). Kartiganer (1993:80) gaan so ver om hierdie monoloog te vergelyk met die poësie van die Imagiste soos Ezra Pound en Hilda Doolittle. Hy stel dit dat Benjy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se oog met soveel akuraatheid sien en met 'n volslae onafhanklikheid van enige vooropgestelde aannames of clichématige beskrywings dat die taal letterlik lees soos metaforiek. 'n Goeie voorbeeld is die frase: "my shadow walked on the grass" (48). Kartiganer (1993:80) sê verder: "The aims of the Imagists, to achieve a condition of language in which 'words so raised by prosody to attention assert themselves *as words*, and make a numinous claim on our attention,' were not supposed to be met by the mind of an idiot."

Die tegniek wat Faulkner gebruik om die drie monoloë in die roman uit te beeld, noem Dorrit Cohn (1978:184) 'n "memory monologue" of geheue-monoloog. Sy haal Claude Simon se definisie van hierdie skrywerlike tegniek aan: "[With this technique the] author undertakes less to tell a story than to describe the imprint left by it in memory and a sensibility." Hier is dus sprake van die mimetiese doel om 'n bewussyn te beskryf, nie in die sin van 'n outobiografiese onderneming nie, maar eerder deur die uitbeelding van die selfverwikkeldheid van 'n geheue.

Hierdie nabootsing van 'n solopsistiese proses behels nie slegs 'n splyting van chronologie nie, maar ook 'n gefragmenteerde beskrywing. Die bewussyn is volslae gefokus op die verlede en die gebeure is slegs aan mekaar geskakel eerder as aan enige vorm van chronologie. Soos Cohn (1978:185) dit self stel:

> "[T]he memory monologue is the variant of the autonomous monologue that comes the closest to autobiography, while at the same time creating the illusion of the 'uninterrupted unrolling' of a thought process."

Die innerlike monoloog is per definisie 'n diskoers gerig tot niemand, "a gratuitous verbal agitation without communicative aim" (1978: 225). Die doel is om die innerlike werking van die bewussyn weer te gee op die mees natuurlike manier. Dit is dus logies dat die openingsoomblik en die slot van die innerlike of selfstandige monoloog die natuurlikste is as dit die minste inleidend of afsluitend is. Dit skep die suggestie dat die bewussyn voortduur voor en na die gedrukte woorde (1978:243).

'n Belangrike eienskap van die interne en veral geheue-monoloog is dat die voerder van hierdie monoloog bestaan as 'n onliggaamlike medium, 'n suiwer geheue sonder enige spesifieke stand in tyd of ruimte (1978: 247). Die monoloog vind plaas as gevolg van die mees onlangse gebeure of herinneringe wat 'n soort snellerreaksie tot gevolg het wat al

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die ander herinneringe van ander plekke en tye tot bewussyn bring. Die gebeure wat onthou word kom gewoonlik, en soos in die geval van Benjy, deur middel van assosiasies voor eerder as in enige chronologiese volgorde. Die gebeure wat die herinneringe ontsluit, die episode wat die herinneringe voortbring, word egter chronologies ontvou as 'n tipe raamwerk waaraan die ander episodes gehang word (1978:248-249). In die geval van Benjy is hierdie raamwerkgebeure wat chronologies aangebied word die dag van sy drie en dertigste verjaarsdag. Hierdie dag begin waar hy die golfspelers sien en eindig waar Luster hom uittrek om te gaan slaap.

Cohn (1978: 250) verklaar ook hoekom *The Sound and the Fury* as sulke moeilike leestof ervaar word:

> "Since memory-monologues also adhere to all the other features of language-for-oneself – the absence of explicit exposition, the beginning *in medias res*, non-referential language, abbreviated syntax, idiosyncratic vocabulary – it is small wonder that the texts of this type are notoriously 'unreadable'."

Benjy is 'n perfekte personasie om 'n geheue-monoloog te voer, aangesien net 'n karakter wat so swaar dra aan sy verlede daardie verlede so kan dechronologiseer (1978:255). Alleen 'n bewussyn vol chaotiese herinneringe kan so 'n monoloog voortbring.

'n Probleem wat opduik in die analise van geheue-monoloë is volgens Cohn (1987:250) dat dit nie altyd seker is of die stroom van herinneringe ontspring tydens die gebeure wat die herinneringe veroorsaak, of tydens die latere vertelling daarvan nie. Sy voer aan dat Faulkner se sprekers nooit verklaar waar en wanneer hulle die monoloog afstuur nie. Dit kan net afgelei word uit omstandigheidsgetuienis. Benjy se monoloog vind volgens haar plaas net voor hy gaan slaap op die dag van sy verjaarsdag (1978:247-8). Cohn (1978:250-1) beweer dat Benjy die herinneringe, al die terugflitse in die narratief, onthou as hy terugdink aan die dag wat verby is net voor hy gaan slaap. As bewys haal sy Faulkner aan wat sê die toneelskuiwe by Benjy is as gevolg van "thought-transferences." Ek verskil egter op hierdie punt sterk met Cohn. Ek wil eerder aanvoer dat Benjy die herinneringe beleef soos die dag verloop, dat sodra iets by hom 'n assosiasie ontlok, hy dadelik in hierdie ander tyd bestaan. Hy leef, soos Kartiganer (1993: 79) beweer, ín die herinnering: "He relives each moment rather than remembering it and so percieves it not as the repetition it actually is but, Adamically, as the first and the only moment of all." Dit verklaar ook hoekom Luster hom die heeltyd moet onderbreek en vra hoekom hy huil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of kerm. Op bladsy 14, na 'n bladsy en 'n half se belewing van die verlede saam met Caddy, dring Luster in die teenwoordige tyd deur tot sy bewussyn: "*What are you moaning about, Luster said. You can watch them again when we get to the branch.*" Dit is duidelik dat Luster dink dat Benjy vir 'n tyd lank na die golfspelers gesit en staar het en begin kerm het. Die leser, wat Benjy se bewussyn kan waarneem, besef dat Benjy nie teenwoordig was in die teenwoordige tyd nie, maar dat hy eerder die verlede herbeleef het, en dat dít hom laat kerm het.

Die teks in sy geheel handel oor die uiteindelike onvermoë van kommunikasie. Faulkner (1968:15) het self ook gesê dat die boek vier keer misluk het. Nie een van die vertellings het volgens hom by die essensie uitgekom nie. Benjy se belewing van die episode waar hy die meisies by die draad bestorm, som hierdie kommunikatiewe tekort perfek op: "I was trying to say, and I caught her, trying to say, and she screamed and I was trying to say and trying and the bright shapes began to stop and I tried to get out" (53-4). Benjy probeer sê en kan nie, sy broers probeer nie sê nie en kan nie help om dit tog te doen nie (Polk 1993: 149).

Benjy se taal bly deurentyd dieselfde onemosionele, chaotiese gedreun. Quentin se taal is uiters gesofistikeerd sodra hy in beheer van sy bewussyn is maar hy verval ook dikwels in 'n maniese gebrabbel. Hierdie gebrabbel bereik 'n hoogtepunt in die gesprek met sy vader, waaroor kritici dit nie eens is of dit fantasie of werklikheid is nie: "if i could tell you we did it would have been so and then the others wouldn't be so and then the world would roar away and he and now this other..." (160). Sy psigiese disintegrasie word duidelik voorgestel in die "I" wat oorgaan in die "i"(160), die vernietigde self, net voor sy fisiese selfmoord. Polk (1993:155) sien Jason as Benjy se antitese: "His monologue is a long loud agonizing cry - Benjy's howling rage made verbal." Jason se stem is so oordonderend om die ander stemme wat hom bedreig stil te maak. Die woorde hoef nie sin te maak nie, solank hulle net geraas maak. Al drie broers soek in hul monoloë, alhoewel nie altyd bewustelik nie, na die essensie van hulself en ook dié van Caddy: "They seek [...] unity and identity mainly through speech, and indeed *The Sound and the Fury* is full of sound, of puny humans contradictorily asserting their own authority" (Weinstein 1992:85).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Faulkner (1968:18) was die bedoelde essensie van die roman die figuur van Caddy. Vier maal wou hy die verhaal vertel van die familie se agteruitgang en die rol wat Caddy in elkeen se lewe gespeel het, maar volgens hom kon nie een van die vertellings die verhaal of Caddy se essensie aanraak nie.

Benjy se onvermoë om talig te vertel presies wat gebeur en hoe dit hom laat voel, kan dus gelees word as 'n uitbeelding van Faulkner se skrywerlike filosofie dat daar nooit by die essensie van die verhaal of die persoonlike bewussyn uitgekom kan word nie. Ironies genoeg moet dit ook genoem word dat Faulkner se uitbeelding van Benjy se nie-talige idiotebewussyn wel uiters geslaagd was; dat hy dus geslaag het om die onvermoë tot kommunikasie te kommunikeer deur die oë van 'n nie-talige idioot.

Magteloosheid is iets wat al die Compsons gemeen het. Dit is een van die sentrale karaktereienskappe van die gekastreerde idioot, die selfmoordenaar, die beroofde en, volgens homself, verontregte Jason, die pa wat homself stelselmatig dooddrink, die hipokondriese ma sowel as die verheiligde suster en haar dogter wat ontvlugting en selfhandhawing in promiskuïteit soek. Maar uiteindelik lê die ware magteloosheid in hul onvermoë om hulle verhaal vir hulself sinvol te maak. Die vertellings is vol "sound and fury", maar die sin, die essensie, ontbreek uiteindelik. Inderdaad "a tale told by an idiot, signifying nothing". Waar die karakters sonder sin gelaat word, bied die roman as totaliteit tog wel 'n uiteindelike betekenis, veel meer as die som van sy dele.

<u>Charlie Gordon: 'n dagboek van taligheid</u>

Daniel Keyes se roman *Flowers for Algernon* (1959), 'n klassieke werk in die genre van wetenskapsfiksie, het ook 'n idioot as eerstepersoonsverteller. Charlie Gordon is 'n vertraagde man wat in 'n bakkery werk. Hy word genader deur 'n dokter wat met 'n rewolusionêre operasie sy IK kan verdriedubbel van 68 tot 'n uiteindelike 185. Charlie stem in en word stadig deur die loop van die vertelling al meer intelligent. Sy grootste motivering is "[to] be like other pepul" (14). "If your smart you can have lots of frends to talk to and you never get lonley by yourself all the time" (16). Hy is die eerste mens wie se intelligensie deur 'n operasie verhoog word. Aan die einde van die roman begin die newe-effekte intree en verloor hy weer, teen 'n vinniger tempo, alle intelligensie en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuutgevonde kennis. Die roman is in die vorm van 'n dagboek geskryf. Die eerste inskrywing, "progris riport 1 martch 3" (3), vertel hoe Charlie vir die eerste toetse gaan om te kwalifiseer vir die operasie en gevolglike navorsing. Dorrit Cohn (1978: 208,209) wys hoekom hierdie styl so gepas is vir wat Keyes wil uitbeeld in die roman: Dagboeke is in wese die fiksie van privaatheid, die skrywer skryf slegs vir homself. Dus word die allerpersoonlikste informasie aan die leser gebied. Verder vorder 'n dagboekskrywer se narratief in tyd. Hy vertel nie die verhaal in een sitting nie en dus moet hy sy uiterlike en innerlike toestand weergee elke maal as hy die pen opneem. Op hierdie wyse word die leser hiperbewus van die stelselmatige leerproses waarmee Charlie besig is.

Omdat die prosesse van stelselmatige progressie en die latere totale verval van Charlie se taligheid juis die rede is hoekom die teks van belang is by die bespreking, sal hierdie proses duidelikheidsonthalwe kortliks beskryf word.

Aan die begin van die teks is Charlie se narratief dié van vertraagde, ongeletterde: "I don't think I passd the *raw shok test*" (5). Die Algernon van die titel is 'n wit muis waarop die operasie reeds uitgevoer is en wat aan die begin van die verhaal meer intelligent as Charlie is. Charlie is aanvanklik jaloers op Algernon, maar hy begin hou van die muis namate sy intelligensie verhoog en hy Algernon uiteindelik begin wen in toetse.

In sy toestand as vertraagde onthou Charlie bitter min van sy verlede, hy leef bykans net in die hede. Hy kan skaars onthou waar sy familie is en is selfs nie seker of hulle nog leef nie (6). Hy voel op hierdie stadium ook dat verbeelding 'n vorm van leuen is en dus verkeerd: "I said how can I tell storys about pepul I don't know. She said make beleeve but I tolld her that's lies" (7).

Die operasie vind plaas op 11 Maart (14) en reeds teen die een en twintigste is sy verslae baie langer. Hy maak nog spelfoute maar hy is meer beskrywend en verduidelikend. Op 24 Maart bevraagteken hy vir die eerste keer gesag, in die persoon van dokter Nemur. Teen 29 Maart wen hy vir Algernon in 'n doolhoftoets (30). Hy ontwikkel ook 'n empatie met die muis: "I don't think its right to make you pass a test to eat. Hou woud Burt like to have to pass a test every time he wants toe eat. I think Ill be frends with Algernon" (31). In April word hy bevorder by die bakkery (33), en begin hy op 'n elementêre vlak krities

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omgaan met letterkunde (35). Hy begin sy kindertyd, 'n baie traumatiese tyd wat hy sover moontlik onderdruk het, onthou (36) en leer ook punktuasie: "Punctuation, is? Fun!" (38). Teen die veertiende verstaan hy al terme soos "psychiatrist" en "neurosurgeon" (44).

Hy begin stadig agterkom dat mense hom misbruik en vir hom lag (39-41). Sy privaatheid begin ook vir hom vir die eerste maal belangrik word (55). Sy drang na kennis bly groei en hy lees alles wat hy in die hande kry. Alice Kinnian, sy onderwyser by die kollege, besef: "You're beginnig to see what's behind the surface of things" (71)

Een van die grootste veranderings wat in Charlie plaasvind, is dat hy Alice as seksueel aantreklik begin ervaar (70). Hy begin ook 'n moraliteit ontwikkel, hy wonder byvoorbeeld of hy sy baas moet vertel dat een van sy vriende geld van die bakkery steel (80-81).

Teen die vyftiende Mei voel hy weer alleen omdat hy nou as gevolg van sy gevorderde kennis mense afskrik (89). Hy begin ook verwaand word. Uiteindelik word hy afgedank by die bakkery omdat hy die ander werkers ongemaklik maak: "I began to see that by my astonishing growth I had made them shrink and emphasized their inadequacies. I had betrayed them, and they hated me for it"(96). Dokter Strauss vra hom om meer eenvoudig in sy verslae te skryf sodat dit verstaanbaar bly: "He reminds me that language is sometimes a barrier instead of a pathway. Ironic to find myself on the other side of the intellectual fence" (103). Alice merk ook op dat hy sy warmte jeens mense verloor het (110). Later stel Nemur dit baie direk: "'We had no control over what happened to your personality, and you've developed from a likeable, retarded young man into an arrogant, self-centered, antisocial bastard'"(219). Regdeur die roman let die leser 'n sterk verband tussen 'n hoë intellek en emosionele koudheid op.

Charlie voel egter gegrief deur die insinuasies van dokter Nemur dat hy nie 'n volwaardige persoon was voor die operasie nie en dat Nemur hom in werklikheid geskep het (102). By die seminaar oor die projek stel Nemur dit as volg:

> "We who have worked on this project at Beekman University have the satisfaction of knowing we have taken one of nature's mistakes and by our new techniques created a superior human being. [...] No past, no contact with the present, no hope for the future. It might be said that Charlie Gordon did not really exist before this experiment..."(143,144)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Charlie ontsnap uit die hospitaal saam met Algernon. Die newe-effekte neem toe. Hy begin ondervind dat sodra hy dronk word die vertraagde self na vore tree. Algernon begin ook vreemde en aggressiewe gedrag vertoon. Die muis begin agteruitgaan en vergeet baie van sy aangeleerde truuks. Charlie besef dat die operasie se effek nie permanent was nie en dat hy en Algernon besig is om hul intelligensie en leervermoë te verloor. Hy begin navorsing doen en vind uiteindelik die fout in die hipotese: "Artificially-induced intelligence deteriorates at a rate of time directly proportional to the quantity of the increase" (226). Hy besef hy gaan weer verval in 'n toestand van verstandelike gestremdheid, maar neem voor om aan te hou met die skryf van die verslae terwyl hy nog weet hoe. Charlie se agteruitgang is vinnig en dramaties. Dit word veral weerspieël in sy kwynende taalvermoë.

Charlie besef uiteindelik: "intelligence and education that hasn't been tempered by human affection isn't worth a damn" (221). Hy besef ook hy is heeltemal alleen. Toe Algernon sterf, word dit duidelik dat sy tyd ook naby is. Voor sy agteruitgang te ver vorder, gaan maak hy vrede met sy gesin wat hom verwerp het.

Hy begin sy motoriese vermoëns verloor, hy vergeet alles wat hy geleer het, onder andere al die tale behalwe die gebroke Engels wat hy voor die operasie geken het. Hy kan teen die vyftiende November selfs nie meer sy ou verslae lees nie (270). Hy word ook weer bygelowig soos wat hy was voor die operasie. Hier vind die leser die bekende eienskap van die literêre idioot wat, soos Wordsworth se Johnny, bygeloof en poësis bo dogmatiese godsdiens verkies. Charlie gaan terug na die bakkery en kry sy werk terug. "I got a second chanse in life" (273), sê Charlie uiteindelik; "I did something but I dont remembir what" (274).

Charlie Gordon se verslae beeld die versnelde, onnatuurlike groei in intelligensie uit. Van meer belang is egter dat die verslae 'n illustrasie is van 'n idiotebewussyn en hoe dit kontrasteer met dié van 'n intelligente bewussyn. Wat hier interessant is, en wat uiteindelik die waarde van die roman is, is dat hierdie kontras in dieselfde, veranderende bewussyn uitgebeeld word.

Alhoewel die roman baie sentimenteel is, kom sekere van die klassieke eienskappe van die literêre idioot na vore. Die opvallendste hiervan is die onvermoë om sigself in taal uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te druk, maar dan daarteenoor ook die opregtheid en eenvoud van gevoelens. Die idiotebewussyn word ook in hierdie teks aangedui as 'n moreel verhewe bewussyn weens sy opregtheid en sy onvermoë tot retoriek. Die intelligente Charlie is 'n minder morele persoon juis omdat hy deur 'n superieure kennis, argumentatiewe truuks en retoriek homself kan verdedig en andere aanval.

Die roman is 'n moraliserende verhaal, maar ek dink dit is tog die aandag werd as gevolg van wat Keyes met die taalgebruik vermag: die stadige, amper onopmerkbare groei in intelligensie en taalvermoë deur die verloop van die teks. Dit wys ook op die fundamentele verband tussen intelligensie, rasionele denke en die vermoë om met taal om te gaan. Deur sy vermoë om beter met taal om te gaan, om beter binne taal te leef, word Charlie ingewy in 'n wêreld wat hy nooit geweet het bestaan nie.

Merleau-Ponty (1962: 177-8) se opmerking dat 'n objek nie werklik geken word voor dit benoem word nie, is nie net, soos reeds aangedui, van toepassing op die bewussyn van Benjy Compson nie, maar ook op dié van Charlie Gordon. Keyes se roman kan tot 'n groot mate gelees word as 'n uitbeelding van hierdie stelling dat benoeming in wese skepping is. Dit is hierdie proses van die talige ontdekking van die wêreld, die groei van die grense van die werklikheid deur die groei van taalvermoë en die omgekeerde kwyning van die leefwêreld soos die taligheid verdwyn, wat hierdie roman belangrik maak in die bestudering van die figuur van die geskryfde idioot.

<u>Euchrid Eucrow: 'n verraderlike verteller</u>

Nick Cave se roman *And the Ass Saw the Angel* (1989) is die derde roman waar die fokus val op die idioot as eerstepersoonsverteller.

*And the Ass Saw the Angel* is 'n surrealistiese en epiese roman wat strek oor meer as honderd jaar en die verhaal vertel van 'n idioot binne 'n sektariese gemeenskap in 'n fiksionele Amerikaanse Suide in die begin van die twintigste eeu. Dit is 'n magies-realistiese roman gevul met religieuse waansin, geweld en bloedskande.

Die vertellende instansie in die roman is die vertraagde hoofkarakter Euchrid Eucrow. Sy vertelling neem die vorm aan van 'n innerlike monoloog. Eucrid is nie slegs vertraag nie maar ook stom en 'n verworpeling uit die klein, geslote samelewing:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "He is the descendant of a clan marked by generations of inbreeding and mindless drinking. He is born mute, and is regularly haunted by epileptic fits. He camouflages his sensitivity in order to survive in a world of brutality, ignorance and evil. Euchrid is gradually transformed from his passive and dreamlike voyeuristic state, in which he can hear animals and nature talking to him, to become an avenger with delusions of grandeur and fantasies of being God's tool on Earth" (Hognestad 2002: webteks).

Uiteindelik veroorsaak Eucrid die idioot die ineenstorting van die religieuse gemeenskap waarvan hy lewenslank slagoffer was.

Volgens Cave is Eucrid se grootste probleem dat hy, net soos die meeste karakters in die roman, nie oor die vermoë beskik om te kommunikeer nie. Die karakters ly omdat hulle kommunikasie gefrustreerd is.

Hognestad se M.A.-tesis fokus op die frustrasie van kommunikasie, hoe hierdie onvermoë tot kommunikasie lei tot gewelddadige uitbarstings en die verwoesting van die onderskeie karakters se lewens. Aan die hand van Foucault, wy Hognestad ook baie aandag aan die verhouding tussen taal en mag. Dié wat die hardste en die meeste praat is dié met mag. Daar is geen sprake van gelyke kommunikasie nie, maar eerder die oorheersing van een stem en die snoer van 'n ander. Hy dui uiteindelik aan dat een van die sentrale temas in die roman die verlange na geslaagde kommunikasie is (Hognestad 2002).

Eucrid, as totale magtelose, vind dat die enigste vorm van magsuitoefening en selfhandhawing aan hom beskikbaar die vertel van sy eie verhaal is. Hy doen dit ook op 'n slinkse wyse om aan sy narratief 'n valse geloofwaardigheid te gee.

Die roman bied 'n ryk veld van gesprekspunte, onder andere die magsrelasies binne die teks, die kwessie van hoe die Ander behandel word in hierdie geslote gemeenskap, die ooreenkomste met die werk van Faulkner asook die interessante elemente van magiese realisme. Ek sal egter slegs fokus op die verteltegnieke van die idioot, voorwaar 'n onbetroubare verteller.

Wat hierdie roman relevant maak vir die bespreking is juis die kwessie van kommunikasie, en in besonder die wyse waarop die idiotiese verteller die norme van fokalisering deurbreek en sodoende die leser, om bepaalde redes, opsetlik mislei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit wil met die eerste lees van die teks lyk asof die vertelling afgewissel word tussen 'n eerstepersoonsvertelling van Eucrid en 'n eksterne derdepersoonsvertelling. Dit word egter aan die einde van die roman duidelik dat dit slegs 'n truuk van die verteller was. In werklikheid is die hele teks deur Eucrid vertel. Hy wou die leser kul deur soms die storie soos vanuit 'n eksterne verteller se oogpunt te vertel.

Volgens Hognestad (2002: webteks) veg Euchrid lewenslank om in beheer van sy eie diskoers te wees, maar word hy nooit die kans gegun om 'n eie stem te kry nie. Hierdie stryd kan volgens hom ook in die gemoed van die vertelling opgelet word. Die proloog, Boek 1, Boek 2 en die epiloog word verdeel tussen die interne- en eksterne vertellers. In Boek 3 is daar egter geen sprake van die eksterne verteller nie. Wat volgens Hognestad in Boek 3 slegs voorkom asof dit 'n eksterne verteller is, word in kursief gedruk. Dit impliseer dat dit egter nie die woorde van eksterne verteller is nie. Nog iets wat hierop wys, is die woorde op p.308: "*for* ah *brought the rain,* ah *brought the rain – for it was, after all, HE who brought the rain.*" Waar die kursief tot nou gereserveer is vir die eksterne verteller, word dit nou duidelik dat die 'ah' en die 'HE' deurentyd dieselfde personasie was.

Die derde element wat volgens Hognestad (2002: webteks) hierdie truuk van Eucrid weggee, is dat tot en met Boek 3 die eksterne verteller ook gemoeid was met die handelinge van ander karakters behalwe Eucrid. In Boek 3 is hierdie eksterne verteller heeltemal verbind aan Eucrid:

> "It seems that Euchrid has, throughout Book Three, presented us with a narrative that was an illusion of mimesis. He pretends that someone is objectively showing us the events that take place, when it really is his very subjective view of reality that is presented."

Eucrid probeer beheer oorneem oor die narratief van sy lewe. Hy probeer beheer uitoefen oor watter informasie die leser ontvang, maar in 'n ekstatiese oomblik verloor hy beheer oor sy vertelling en ontbloot hy homself. Hiermee faal sy poging om sy onbestrede wêreldbeeld te kommunikeer.

Die enigste geslaagde kommunikasie wat Eucrid ooit beleef, is in die baarmoeder met sy tweelingbroer deur middel van "a system of coded raps, taps and gaps" (9). Na 'n verskriklike lewe van frustrasie sonder om ooit gehoor te word, breek iets in Eucrid. Cave sê in 'n onderhoud: "[W]ith no one to talk to and no way to talk, Euchrid, like a blocked

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pipe, bursts. For me, Euchrid is Jesus struck dumb, he is the blocked artist, he is internalised imagination become madness" (Hognestad 2002).

Waar Hognestad aanvoer dat Eucrid eers met Boek 3 begin om die eksterne verteller na te boots, wil ek egter aanvoer dat Eucrid reeds van die begin af, reeds vanaf die proloog, besig is om die leser te kul. Die rede hiervoor is die liriese, melodramatiese taalgebruik wat deurentyd onveranderd bly. Frases soos die volgende is algemeen: "Two shattered knees of land rise and open to make a crease between. Down the bitten inner flank we go… " (4). 'n Motor se bakwerk: "like a great shell shed in disgust by some outsized crawler" (7). Die aanbreek van 'n nuwe jaar: "When the malignant year of 1941 finally abdicated, it left as its successor a black and monstrous spawn" (59). Bogenoemde is voorbeelde van die eksterne verteller se taalgebruik, 'n uiters unieke vorm van taalgebruik wat heeltemal ooreenstem met dié van Eucrid se persoonlike taalgebruik. As voorbeeld: "Full of God, ah stepped bravely out and gently lay mahself down in the very centre of the circle, in the mire's eye. Upon mah side, knees pulled up to mah chest, head tucked in, ah was secure, sainted, unborn"(306).

Die totale vertelling, dié van eksterne en interne vertellers, in die teks herinner aan wat Cohn (1978: 145) noem 'n dissonante selfvertelling: "A lucid narrator turning back on a past self steeped in ignorance, confusion, and delusion." Eucrid sou egter nooit as heeltemal "lucid" beskryf kon word nie, maar in sy oomblik van vertelling beskik hy tog oor 'n mate van helder denke. Alhoewel hy homself uiteindelik weggee, is hy immers bewustelik besig om die leser te kul, 'n onderneming wat 'n redelike mate van helderheid verg. Die leser moet deurentyd onthou dat die vertelling geskied in Eucrid se sterwensoomblik. Hy is stom gebore maar gee vir homself 'n stem in die vorm van 'n liriese innerlike monoloog. Daar vanuit die dryfsand kyk hy terug op sy hele lewe. Dit word dan ook belangrik om daarop te let dat (volgens Cohn (1978: 160)) die verteller se sielkundige toestand die vorm van die vertelling beïnvloed en iets bydra tot die vertelling wat nie moontlik sou kon wees in derdepersoonsvertelling nie. Eucrid is in 'n histeriese emosionele toestand tydens die vertelling van sy verhaal en kan nie in sy derdepersoonsvertelling sy histerie en desperate melodrama wegsteek nie. In sy desperate poging om sin en geloofwaardigheid te gee aan sy lewe van miskenning en stilte, maak haal Eucrid homself aan, iets wat Cohn (1978:161-162) sê net moontlik is by die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

simulasie van 'n fotografiese geheue. Die versteurde chronologie is vir Cohn (1978:255) tekenend van 'n verlede waaraan die verteller swaar dra.

Die eksterne verteller beskik oor 'n groter geloofwaardigheid, aangesien hy oor onbegrensde kennis beskik en dus (gewoonlik) 'n uiters betroubare verteller is (Rimmon-Kenan 1983: 79). Eucrid gebruik hierdie aanname deur sy subjektiewe stem te verbloem as 'n eksterne verteller. Hy probeer 'n geloofbare wêreldbeeld skep wat aan sy lewe 'n sekere sin gee onder hierdie voorwendsel van eksterne verteller. Wat hom egter verraai is dat die eksterne fokalisasie steeds die oormatige emosionele waarde van die interne fokalisasie behou.

Wat betref die kursiewe druk van die eksterne fokalisasie in Boek 3, wil ek aanvoer dat die doel hier was om juis sy oomblik van inkongruensie, die 'ah' wat uiteindelik die 'he' vervang, meer opvallend te maak.

Dorrit Cohn (1978:144) stel dit verder ook dat die geboorte en die dood van die verteller die twee beperkinge van 'n eerstepersoonsverteller is, dit wil sê die twee momente wat hy nie kan vertel nie. Euchrid omseil hierdie beperking deur sy geboorte in die derdepersoon te beskryf (8). Hy beskryf ook selfs die gebeure na sy dood. Wanneer die leser bewus word dat die totale vertelling in die stem van Eucrid geskied, word die epiloog gelees as 'n laaste sterwensdroom van Eucrid; die enigste manier waarop hy sy verhaal 'n sinvolle slot kan gee is in 'n fantasie. Dit word duidelik dat hy al te bewus is van die narratiwiteit van sy verhaal en dit wat hy nie self kon beleef het nie steeds vertel, maar van agter die masker van 'n eksterne verteller.

Eucrid Eucrow is 'n idioot wat soos Benjy tot stilte gedoem is. Hy is nie so vertraag soos Benjy dat hy net kan kerm en huil nie, maar hy is ook sonder stem gebore. Waar Benjy begenadig word deur 'n outeur wat namens hom vir hom 'n stem bedink, moet Eucrid ten laaste sy eie verhaal vertel vir homself. Dit vind plaas in die vorm van 'n interne monoloog wat geskied terwyl hy in die modder wegsak. 'n Idioot wat sy lewe lank deel van die chaos was, wat in die toornige reën skuiling gesoek het teen sy medemens se aanvalle (97), wat gewonder het of 'n soen voel soos die slak wat hy van sy vel aftrek (280) omdat hy in totale liefdeloosheid moes leef, vind vir die eerste maal dat hy oor 'n minimale vorm van mag beskik, die mag om sy eie verhaal te vertel, volgens sy eie reëls.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

So vind hy vir homself ten einde laaste 'n eie, alhoewel verwronge en histeriese, stem; maar tog steeds 'n stem wat deur niemand gehoor word nie.

In hierdie drie tekste met idiote as eerstepersoonsvertellers het dit meer as duidelik geword dat die uitbeeld van 'n vreemde bewussyn, 'n bewussyn wat in wese onkenbaar en onverstaanbaar is, baie problematies is. Veral twee gevolgtrekkings kan gemaak word. Die eerste gevolgtrekking is dat, in die uitbeeld van 'n idiotebewussyn, die skrywer as't ware gedwing word om die norme van vertelling te ondermyn. Cave se teks, waar die verteller (nie die outeur nie) speel met hierdie norme dien as goeie voorbeeld. Faulkner se voorstelling van Benjy bly egter een van die hoogtepunte in die spel met narrativisering. Die tweede gevolgtrekking is dat elke uitbeeld van 'n bewussyn die skrywer herbewys as 'n ware fabriseerder; dat 'n ander bewussyn nooit werklik binnegedring kan word nie maar altyd ver-taal moet word. Juis die kreatiewe en soms vreemde vertelstrategieë in al drie besproke tekste wys uiteindelik op die ontoereikendheid van taal om deur te dring tot die essensie van bewussyn. Deur gebruik te maak van idiote, karakters sonder taal, beklemtoon die betrokke skrywers hierdie idee.
Daar sal nou aandag gegee word aan die skrywerlike opsie om nie die idioot, die Ander, 'n eie stem te gee nie maar hom in sy onkenbaarheid te behou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## J.M. Coetzee en die skryf van stilte

> "With Michaels it always seemed to me that someone had scuffled together a handful of dust, spat on it, and patted it into the shape of a rudimentary man, making one or two mistakes (the mouth, and without doubt the contents of the head), omitting one or two details (the sex), but coming up nevertheless in the end with a genuine little man of the earth, the kind of little man one sees in peasant art emerging into the world from between the squat thighs of its motherhost with fingers ready hooked and back and ready bent for a life burrowing, a creature that spends its waking life stooped over the soil, that when at last its time comes digs its own grave and slips quietly in and draws the heavy earth over its head like a blanket and cracks a last smile and turns over and descends into sleep, home at last, while unnoticed as ever somewhere far away the grinding of the wheels of history continues"(220).

Bogenoemde aanhaling uit *Life & Times of Michael K* (1983) deur J.M. Coetzee is 'n beskrywing van die hoofkarakter Michael K deur 'n mediese offisier wat in die tweede gedeelte van die roman die verteller is. K is die ontwykende hoofkarakter wat deur 'n moontlike toekomstige Suid-Afrikaanse landskap swerf en deur die inrigtings en burgeroorlog rondgeslinger word. K is 'n tipiese idiote-figuur, 'n vertraagde randfiguur. Met hierdie karakter sê Coetzee baie oor die aard en voorwaardes van vryheid in 'n vervreemdende, vyandige sosiale en politieke bestel en bied hy uiteindelik ook, soos in sy ander werk, 'n skrywerlike etiek vir die omgang met die figuur van die radikale Ander, in hierdie geval die idioot.

Eerstens sal daar gekyk word na K se omgang met die sosiale en politieke strukture en hoe hy uiteindelik vir homself 'n bestaansmodus van vryheid bewerkstellig. Volgens Gallagher (1991:148) kan die roman onder andere gelees word as 'n uitbeelding van strukturele ongeregtigheid, die sielsdodende uitwerking van 'n sosiale en ekonomiese sisteem wat elke vorm van menslike waardigheid vernietig. Reeds aan die begin van die roman word K slagoffer van institusionalisering: Hy word in sy werksomgewing geklassifiseer as Tuinier graad 3(b) in die "Parks and Gardens division of the municipal services of the City of Cape Town" (4). Verder is K ook 'n vreemdeling binne die omvattende burokrasie van die Apartheidstaat. Hy word verwar deur die stadige en lomp werking van amptenare tydens die aansoek om toestemming om die landdrosdistrik te verlaat (12). Een van die amptenare spreek hom aan: "'Don't you understand? Are you an idiot?'" (26). Sy status as idioot binne die vyandige sisteem word reeds hier duidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Later beskryf die mediese offisier hom ook as "a person of feeble mind" (179) en as 'n idioot (180). Die verteller in deel 1 vergelyk K met 'n "dumb dog" (37) as hy 'n amptenaar van die hospitaal aankyk terwyl sy vorms invul. Telkemale word gepoog om hom te kategoriseer binne 'n sisteem waar geen kategorie vir hom bestaan nie. Die volgende aanhaling is een van baie voorbeelde: "'Michael Visagie – CM – 40 – NFA – Unemployed', and charged with leaving his magisterial district without authorization, not being in possession of an identification document, infringing the curfew, and being drunk and disorderly"(96-97). Selfs sy naam word nie deur die sisteem erken nie. Hy verdwaal in die hospitaal (40), 'n duidelike simbool van die ontmensliking en vervreemding binne die staatstrukture. Sy totale vervreemding binne hierdie strukture word uiteindelik vergestalt in die volgende passasie: "'Do you want to make a phone call?' said the doctor. This was evidently a code for something, he did not know what" (41). Dit is dus nie vreemd dat baie kritici 'n verband trek tussen Michael K en Kafka se Joseph K in *The Trial* nie.

Gallagher (1991:163) voer tereg aan dat Michael K die toonbeeld is van dié op die periferie van mag en outoriteit wat herhaaldelik in Suid-Afrika tot stilswye gedwing is. Coetzee self stel dit elders (1986: 361): "The response of South Africa's legislators to what disturbs their white electorate is usually to order it out of sight. […] [P]risons are used as dumping-places for people who smell wrong and look unsightly and do not have the decency to hide themselves away."

In die tyd waarin K leef, is die individuele identiteit veel minder belangrik as die individu se sosiale rol en plek binne die magstrukture:

> "Ironically, the various institutions in which Michael is incarcerated are all identified by proper names, as if they were human beings: Huis Norenius, Jakkalsdrif, Kenilworth. The protagonist's own name suggests the way he straddles the worlds of individual identity – Michael – and the faceless functionary – K. The system's inability to recognize the individual is revealed by the way Michael is inscribed as 'Michaels' in official documents and in the medical officer's memoirs" (Gallagher 1991:147).

Nooit word daar in die derdepersoonsvertelling wat in K se bewussyn gesentreerd is na sy ras verwys nie behalwe waar hy op amptelike vorms as Kleurling of 'Coloured' beskryf word. Michael sien homself as persoon en nie as politieke kategorie nie. In 'n bespreking van Breyten Breytenbach se *Dog heart,* beskryf Coetzee (2001: 308-309) die absurditeit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die benaming Kleurling (Coloured): Dit is volgens hom 'n konstruksie van die apartheidsregering om die kinders uit huwelike tussen Europeërs en inheemse Afrikavolke of Asiërs te klassifiseer as 'n aparte ras. Soms is ook inheemse Afrikane as "Kleurling" geklassifiseer as hulle Europese name of vanne gehad het of slegs die Europese leefstyl aangeneem het. Soms is die benaming van toepasssing gemaak selfs op mense wat nie as wit geklasifiseer kon word as gevolg van 'n effense blasheid of op blankes wat saam met anderskleuriges geleef het. Michael K, as Kleurling opgeskryf, word duidelik geteken as 'n persoon wat nie kategoriseerbaar is binne die sosiale strukture nie. Selfs sy ras bly 'n twyfelagtige polemiese kwessie.

Die titel van die roman, *Life & Times of Michael K*, verwys na die tradisie om aan individuele identiteit in verhouding met die geskiedenis, asook die politieke en sosiale realiteite, te dink (Head 1997: 93). Dit is ironies dat K sover moontlik sosiale kontak en klassifikasie vermy binne die sosiale en politieke milieu. Op 'n stadium identifiseer K homself met die duisende mense regoor die land "creeping away in corners *to escape the times*, too canny to put up flags and draw attention to themselves and be counted" (159) [my kursivering- WPPA].

K ontsnap aan die nette van interpretasie wat hom wil vang en sodoende ook die bestaande magstrukture. Soos Attwell (1993: 92) aanvoer stel die roman self die proses van interpretasie op as 'n mededingende beoefening van mag. K is egter 'n beliggaming van die voortalige lewenswyse in die sin dat hy nie benoem en interpreteer nie. Hy ken die werklikheid sonder om dit noodwendig in sy mag te bring deur talige benoeming: "Though he knew no names he could tell one bush from another by the smell of their leaves" (158).

Head (1997:97) sien verder 'n verband tussen K se ontsnapping aan enige klassifikasie of finale betekenis as metafoor van Derrida se nosie van *différance*: Selfs "his [K's] language acquisition is expressed in the negative, the cultivation of silence in the face of oppression (1997: 98). Teenoor die dissipline van die kampe waaruit K ontsnap, is daar sy rol as tuinier. Die plant van saad, seker die grondbeginsel van tuinmaak, bring Head (1997: 107) ook in verband met Derrideaanse dekonstruksie in die begrip van disseminasie: die verspilling van saad sonder enige opbrengs, saad wat onbevrug bly en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie kan terugkeer na die vader nie. Die pampoene word ryp maar K eet feitlik niks daarvan nie en hulle word uiteindelik deur soldate vernietig. K noem sy pampoene sy kinders maar later ook sy broers, en ondermyn sodoende sy eie rol as patriarg. K stel dit uitdruklik: "I would be the worst of fathers. [...] I am one of the fortunate ones who escape being called" (143). Hy voel sy vader was Huis Norenius en meer spesifiek die lys van reëls teen die deur gespyker (143). Verder voel hy ook dat met 'n lys betekenislose reëls as vader en 'n moeder van as, hy niks het om aan sy kinders oor te gee nie: "That is why it is a good thing that I, who have nothing to pass on, should be spending my time here where I am out of the way" (144). K se pampoene en spanspekke word sy familie, sy broers en susters. Attwell (1993:97) beweer dat die hierdie 'familie' 'n uiters verskraalde vorm van gemeenskap suggereer, die enigste vorm wat K verkies, die enigste waartoe K in staat is.

K se verhouding met die aarde is persoonlik en instinktief en nie deel van 'n groter sosiale struktuur nie (Gallagher 1991: 158). K is nie met sy pampoenplantery besig met 'n kommersiële boerdery nie, hy plant slegs om aan die lewe te bly. Hier voer hy 'n bestaan in volkome harmonie met die aarde, 'n perfekte simbiose afgesluit van enige geskiedenis, ekonomies, polities of sosiaal. Eers met die aankoms van die boer Visagie se kleinseun, word hierdie stilte verbreek en word K (onwillig) weer vir 'n tyd by die historiese of temporele wêreld betrek. Voortdurend glip K deur die nette of drade wat die sosiale strukture stel en vlug hy weg voor die pogings van benoeming en klassifikasie. Dit wil dikwels voorkom asof K se doel is om heeltemal te verdwyn, dat sy vryheid net in 'n ontkenning van sy ego bereik sal kan word: "It is no longer the green and the brown that I want but the yellow and the red; not the wet but the dry; not the dark but the light; not the soft but the hard" (92-3), sê K. Hy wil 'n klip word: "I am becoming smaller and harder and drier every day"(93). Sy ideaal is om te leef sonder om enige merk van sy bestaan te los.

Attwell (1993: 99) stem dan verder saam met Head se sieninge oor die verband tussen die figuur van K en *différance*: "K is left uncontained at the point of closure. This is how one might speak of K as the narratological figure of the Derridean trace." 'n Man by die Jakkalsdrifkamp vra K hoekom hy wil wegvlug van 'n plek waar hy 'n sagte bed, gratis hout en 'n wag by die hek het, waar hy andersins niks van hierdie luukses sal hê nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(107). Later in die teks sê K aan die sekuriteitswag, asof in antwoord hierop: "'I don't want to be in a camp, that's all'" (117).

Hierdie weerstand van K en sy radikale vorm van vryheid, 'n vryheid wat hy slegs verkry deur homself totaal te onttrek en buite die grense van klassifikasie te bestaan, vind die leser ook tot 'n sekere mate in die figuur van Friday, Cruso se slaaf in Coetzee se roman *Foe* (1986). Die verhouding tussen taal en mag kom in hierdie roman ook sterk aan bod; Susan Barton erken eksplisiet aan haarself dat sy nie altyd taal gebruik om Friday op te voed en sy stilte te breek nie maar soms "'as the shortest way to subject him to my will'" (Coetzee 1987: 60). Friday se stilte kan gelees word as Coetzee se verset om Friday se storie te vertel. Hierdie verset het volgens Head (197: 121) 'n dubbele betekenis. Eerstens is dit 'n verset teen die kolonialistiese tendens om die gekoloniseerdes se stories namens hulle te vertel, en tweedens is die letterlike uitsny van die tong 'n fisieke manifestasie van die mag van die dominante diskoers om die onderdrukte se mond te snoer. Friday oorleef uiteindelik sy koloniseerders binne die teks en ook selfs die eksterne verteller. Hierdie punt sal later verder uitgewerk word wanneer die etiek van skrywerlike uitbeelding van die Ander aan bod kom. Wat uiteindelik hier moet duidelik word, is dat tesame met albei se 'stilte', hul weiering om hul eie storie te vertel, om in kampe van klassifikasie geplaas te word, asook hulle aseksualiteit (Friday se kastrasie en K se afwesigheid van seksuele drange) hulle op die periferie plaas van die fallosentriese orde. Die kastrasie van Benjy Compson en sy geween voor die spieël oor die onbekende maar vermoede tekort moet ook hier bygehaal word. Deur hierdie keuse vir onbetrokkenheid vermy hierdie karakters die oorheersing van die magtiges en verkry hulle 'n eiesoortige vorm van vryheid. Dit is 'n vryheid om radikaal hulleself te wees sonder enige vorm van inperking deur die afdwing van sosiale rolle en klassifikasies. Deur te leef in hierdie radikale vryheid word hulle uiteindelik onkenbaar vir die gevestigde sosiale en politieke strukture.
Vir K is vryheid 'n fundamentele aspek van sy bestaan, hy sal nie daarsonder kan leef nie. As hy sien dat hy nie meer alleen op die plaas is nie, wonder hy: "would it not be better to bury myself in the bowels of the earth than become a creature of theirs?" (146) Die mediese offisier herken ook die vryheidsdrang in K: "The garden for which you are presently heading is nowhere and everywhere except in the camps" (228). K se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vryheidsdrang is so sterk dat hy nie net die kampe nie maar selfs die aalmoese van ander wil ontsnap, miskien omdat hy glo dat dit hom dan tot ‘n mate aan hulle laat behoort: “I have escaped the camps; perhaps, if I lie low, I will escape the charity too”(249).

‘n Verdere illustrasie van die wegvlug voor die klassifiserings soos afgedwing deur onbuigsame sosiale strukture vind ’n mens in die werk van György (George) Konrád. In sy roman *The Loser* (1980) word dit duidelik hoedat vervreemding van die individu eerder as sy harmonieuse invoeging in die stelsel die resultaat is van sodanige strukture.

Die malheid van George Konrád

George Konrád is ‘n Hongaarse skrywer bekend vir sy politieke betrokkenheid. Vir sy omstrede politieke sieninge is hy selfs gearresteer in 1973 (Heron 1985: 15). Konrád is van die skool van skrywers wat alle letterkunde as polities van aard sien (Sanders 1983: 210). *The Loser* is in New York klaargeskryf en dit sou moeilik of onmoontlik wees om dit in sy vaderland te voltooi. Die roman is in Hongarye in beslag geneem in vier vorme: eers as manuskrip, toe as drukproewe en drukplate en uiteindelik ook in boekvorm (Heron 1985: 16). Soos sy ander werke het die teks ‘n universele reikwydte al handel dit oor spesifieke historiese gebeure (Sander 1983: 210).

Die roman se pseudo-realisme word duidelik as die leser besef dat alles van politieke belang in die afgelope sewentig jaar letterlik gebeur met die enkele hoofkarakter in die roman. Hy is agtereenvolgens ‘n vertroetelde kind, ‘n ondergrondse kommunis, ‘n gevangene, ‘n martelaar, ‘n kabinetsminister, ‘n akademikus en ‘n pasiënt in ‘n psigiatriese inrigting. Die karakter met slegs die anonieme letter T as naam is volgens Sanders (1983: 212) “a composite figure and unreal in that too many things happen to him.” Die verhaal is volgens Konrád ‘n samevoeging van fiksie en die opgetekende verhale van veterane uit die tydperk waarin die roman afspeel. Die meeste van die storielyne is volgens hom gebaseer op die waarheid alhoewel dit nooit met een persoon kon gebeur nie (1983: 212).

Sanders (1983: 212) beweer Konrád se karakters het almal ‘n intense verlange na vryheid gemeen. Omdat T vry wil wees ontketen hy die toorn van die sekuriteitsmagte. Die karakters wil met die Saak identifiseer maar wil ook hul persoonlike vryheid en privaatheid behou. Hierin lê hul mislukking en die tragiek van die werk. T besef dat as hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

homself vir enige Saak, enige vorm van retoriek, wil opgee, hy sy onafhanklikheid en uiteindelik sy hele persoonllikheid en individualiteit moet opgee. Hy gaan uiteindelik na die psigiatriese hospitaal om ontslae raak van sy Self, om nader te kom aan die Verlosser - die dood, maar weier selfmoord in die laaste paragrawe van die teks.

*The Loser* vertel die verhaal van hierdie veelkantige karakter T wat vanuit die psigiatriese hospitaal terugkyk na sy lewe. Dit is 'n verhaal van 'n soeke na vryheid. T sê aan die direkteur van die hospitaal: "'I can't get used to being locked up,' I tell him. He puts his hand on my shoulder. 'You are a foolish young man,' he says. 'try to think of this place as a temple of the mind'" (3). Hy gebruik sy tyd in hierdie 'temple of the mind' om terug te dink oor sy lewe, maar die tema van gevangenskap keer herhaaldelik terug met die gestig as die sentrale simbool van opsluiting. T veg egter voortdurend teen die institusies wat hom wil inhok, byvoorbeeld deur te ontsnap in sy innerlike ruimte, sy bewussyn, waar hy steeds vry is: "you curl up like a fetus and leave your keepers the illusion of spaces still under their control" (6). Dit word ook vroeg in die roman duidelik dat T baie skepties is oor die klassifikasies en diagnosering van institusies wat individue nie as persone sien nie, maar slegs as deel van 'n groep of klas – in die hospitaal, lyers aan dieselfde siekte:

> "Our present state is worse than we ourselves are. We are insane because we are considered insane, and our loved ones need us less than we need them. When examined closely, each case history is unique, no patient matches his disease. Diagnoses reveal more about the commonplaces of medicine than about us; I am buoyed by the realization that nothing can be clearly defined" (8).

Hoewel T se verset baie meer selfbewus, deurdink en bewoord is, herinner bogenoemde aanhalings sterk aan die verset van Michael K.

Konrád is verder 'n groot teenstander van sensuur: "Censorship is the most obsolute institution in the world," sê hy in 'n essay "A modest request for reforms" (1986: 39) in *Index on Censorship*. Gesentraliseerde sensuur behoort volgens hom tot eenparty regimes wat aandring op die reg van kontrole oor kultuur in sy geheel: "In Budapest there is no law to prevent armed men from entering my room and reading my diary" (1986: 38). Verder verklaar hy dat die verbranding van boeke uiteindelik die verbranding van mense tot gevolg gehad het (1986: 39). Sensuur is vir hom die vrees vir die Ander, dus is sensuur deel van die mens self en moet dit beveg word. Dit is juis die skrywer se drang

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na vryheid van uitdrukking wat maak dat hy so 'n belangrike rol het om te vervul (1986: 38-39). Die skrywer is die agent wat die leser bekendstel aan die Ander of aan ander bestaanswyses. Dit is hierdie alternatiewe wat maklik onderdruk of doodgeswyg word deur institusionele of innerlike sensuur. Waaroor Konrád se weersin teen sensuur uiteindelik gaan, is die reg van die individu om op sy eie voorwaardes sy individualiteit uit te leef: "Europe is made up of individuals, not goverments" (1986: 38).

In *The Loser* merk T op dat om weg te vlug vir die staatskultuur ook die wegvlug vir 'n sekere gewaarborgde veiligheid en sekuriteit is:

> "Whoever chooses the hospital releases himself from a state culture that not only restricts but also protects. I sought shelter among those who cannot be expected to protect me. They fight with no one, and no one is envious of them - lower than this I cannot sink" (9).

Dit is 'n algemene kenmerk van die literêre idioot dat hy deur sy ontvlugting uit die beskermende en inperkende sosiale strukture ook weerloos is en baie maal ten gronde gaan omdat niks en niemand hom kan of wil beskerm nie. Eucrid Eucrow word vermoor deur sy mede-dorpsinwoners. Benjy Compson bly leef in sy private wêreld van chroniese verdriet. Wordsworth se Johnny verkeer in groot gevaar alleen in die woud. In Conrad se verhaal ontkom niemand aan die noodlot nie. Wanneer hierdie sosiale strukture ontken of afgesweer word, bestaan daar geen vangnet vir die verdoolde nie.

Een van die belangrikste temas in die *The Loser* is die teenpole van die kranksinnige en die idioot:

> "It is us madmen against you idiots. [...] Your psyciatric know-how is but a symptom of your idiocy. Go ahead and be scared of us; defend your disgusting, tidy little commonplaces. There can be no peace between us; it's not only you who pick our brains, we pick yours, too - we reform you, we corrupt you" (12).

Die term idioot word hier die teenoorgestelde waarde gegee as in die res van die tekste wat bespreek word. Kranksinnige word hier die bevoordeelde term wat die radikale nuwe bestaansmodus aandui. "Idioot" word deur Konrád gebruik in die sin van 'n totale willoosheid en afgestompdheid binne die staatsstrukture. Soos T dit stel: "The conventional idiot is always serious; he is forever distinguishing between right and wrong" (13). Die kranksinnige, daarteenoor is die ondermyner van die orde. Anders as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die idote in die vorige tekste is die kranksinnige op 'n uiters selfbewuste wyse besig: "Maybe it wasn't even you who locked us in here; perhaps we imprisoned ourselves through you. [...] Our language has not been decoded by any of your textbooks" (13). T sê op die volgende bladsy dat deel van die verset van die kranksinnige in die gestig is om die absurditeit van die idiote se oorheersing bloot te lê deur hulle sinnelose werk vir hulle te doen (14).

Soos te verwagte word die kwessie van taal ook belangrik by die onderskeiding tussen hierdie pole. "Words usually hold truth captive" (14) sê T, "Words are dark; I try to avoid them as I would a corroding fence - enlightenment lies behind them" (15). Taligheid en mag en so ook magteloosheid word op Foucaultiaanse wyse in die roman uitgebeeld. Die karakter Tibola sê onder andere: "Nobody knows what truth is, so it's always the stronger who is in possession of it" (19). Later merk T op: "We were better than our hangmen, but we had no memorable last words" (17). Die ironie lê daarin dat die enigste plek waar die mens heeltemal vry is om te sê wat hy wil in die gestig is. Alles wat hier geuiter word, is sonder enige begronding, outoriteit of mag. Die vorige hoofredakteur verwys sarkasties na "the freedom of thought granted to mental patients"(24).

Soos Coetzee se K, kies T vir 'n afsien van die magspel van geykte taal en die aandring op die eie mag en ego deur middel van 'n eie soort taalgebruik en selfhandhawing. Reeds aan die begin van roman waar T skaars begin het met die relaas oor sy lewe voel hy reeds besig om met sy ego weg te doen: "I sit on the bench, waiting for the king of fools. What I call "I" has dried up, like water from a can. I and the world are two names for the same thing. I am not afraid of God, I've joined forces with him" (14). Wanneer hy later vervolg word vir sy politieke betrokkendheid ervaar hy die vryheid van leegheid: "I was happy. With no shirt, no pants, my body was hardly mine; it would have taken a very clever man to take something else away from me" (137). Soos in die geval van Friday en Benjy, en op 'n meer metaforiese vlak K, word T ook gekastreer (197) en beweeg hy ook in hierdie sin buite die fallosentriese orde van magsuitoefening en egosentrisme. Daar is selfs later in die teks sprake van 'n verlange na die baarmoeder (272), 'n bekende simbool van die aflegging van die ego. T verklaar:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "I was going to be neither Communist nor bourgeois, but someone who is beaten for not joining forces with those who keep flogging people throughout the world, under motley emblems and banners [...] I was quietly horrified by all of us phrasemongers" (193).

Met hierdie radikale afwysing van die staatskultuur, staan T nou voor 'n probleem, die probleem dat hy nou nêrens behoort nie: "If you leave the culture in which you are immersed up to your ears, where the hell do you go? The insane asylum" (236).

Vir T is die aflegging van mag ook 'n beweging na 'n groter menslikheid. Hy sê op 'n stadium dat die luitenant van die veiligheidspolisie meer menslik voorkom wanneer hy oor minder mag beskik (251). Sy uiteindelike besluit, soos dié van K, is 'n praktiese, eenvoudige keuse vir 'n meer direkte omgang met die werklikheid, weg uit vae diskoerse van mag en retoriek:

> "I will return to the asylum. I'd rather be an inmate there than a scholar outside. It feels good to work in a garden or to put up a wall; I can earn my keep and even share my earnings with others. I don't know what the word 'creation' means. Working is good; it's neither honorable nor shameful – it's natural, like walking" (290).

Alhoewel hy nie sy broer Dani stop om selfmoord te pleeg nie en hom selfs help in die handeling van selfuitwissing kies T om voort te gaan. Hy gaan egter voort op sy eie voorwaardes, sy keuse om te lewe is 'n voorlopige een en sy lewensdoel, soos in die geval van die ander letternamige, K, nie veel meer as tuinmaak nie.

Friday se stilte: Op weg na 'n skrywerlike etiek

Die aard en status van etiek in 'n postmoderne leefwêreld waar die begrondingsisteme reeds verval het, is die kwessie waarna hierdie bespreking reeds van die begin af heenwys. Wat hier ter sprake is, is veral die skrywerlike etiek, die etiese wyses waarop die skrywer die idioot, die onverstaanbare Ander, mag uitbeeld. Dit het hopelik duidelik geword dat veral skrywers soos Wordsworth en Faulkner besin het oor die idioot as die Ander en oor die probleme wat opduik as die skrywer hierdie tipe figuur wil uitbeeld sonder om hom te stereotipeer of te infantiliseer. Hierdie kwessie is een van die sentrale temas feitlik regdeur die oeuvre van J.M. Coetzee.

Daar sal eers vlugtig gekyk word na 'n paar opinies oor die probleme en uitdagings binne 'n postmoderne etiek; hierna volg 'n meer bespreking van Coetzee se worsteling met hierdie idees. Die uiteindelike argument sal lui dat die skrywer die andersheid van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ander nie behoort weg te skryf nie, maar dat die Ander juis in sy radikale onkenbaarheid uitgebeeld behoort te word.

Michel Foucault (1987: 362) wys daarop dat diskoers die werklikheid vorm en vervorm. Vrae wat ontstaan is byvoorbeeld: Wat is die waarheidspel waardeur die mens homself as mal, siek, lewend of pratend sien? Hier handel dit uiteindelik oor magspele, oor die magsverhoudinge in die sosiale leefwêreld waar die maghebbers besluit binne watter kategorie die individu geplaas word. Die postmoderne denke plaas hierdie magsverhoudinge egter op die voorgrond en maak enige aanspraak op universele waarhede af as net nog 'n magspel. Die mens is vry om homself te herdefinieer sodra dit duidelik word dat die kategorisering binne bepaalde strukture nie geskied as gevolg van die een of ander begrondbare waarheid nie, maar deur maghebbers wat hulself die "Waarheid" toe-eien. Saam met die waarheidsisteme verdwyn ook die sekerheid dat jy, om 'n Christelike cliché te verdraai, binne die Waarheid leef. Die mens is op homself aangewese om verantwoordelikheid vir sy handelinge te neem. Zygmunt Bauman (1995:6) sê in sy boek oor die postmoderne moraliteit: "[T]he demise of the power-assisted universals and absolutes has made the responsibilities of the actor more profound, and, indeed, more consequential, than ever before."
Hierdie situasie bewys dat 'n postmoderne etiek 'n uiters problematiese kwessie is. Die mens bestaan volgens Bauman (1995:1) in wese steeds in 'n situasie van morele keuse. Die mens is na sy wese 'n morele wese. Daar is vir Bauman (19965:18) geen rede of oorsaak vir moraliteit nie. Die noodsaak en betekenis van moraliteit kan nie logies bewys of gedemonstreer word nie. Moraliteit is net so kontingent as die res van die menslike syn. Moraliteit het geen etiese begronding nie.
Die mens wat sigself as morele wese wil sien het volgens Foucault (1987: 367-368) te make met selfondersoek, selfrefleksie, selfkennis en die ontsyfering van die self deur die self. Dit is volgens hierdie siening binne die self se omgang met die self dat die begeerte na regverdige omgang met die Ander uitkristalliseer.

Die skrywer se poging om eties om te gaan met sy materiaal, met sy uitbeelding van karakters en gebeure, word direk geraak deur hierdie opvattings oor die etiek. Ek wil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanvoer dat met die skryf van ’n teks die skrywer tot ’n mate gelykgestel kan word met die Self, en die karakter met die Ander: Die (skynbaar) bekende bewussyn moet die onbekende vreemde bewussyn uitbeeld. Hierdie vergelyking word veral duidelik in die tekste waar skrywers idiote of diere uitbeeld, d.w.s. karakters met ’n radikale ander bestaansmodus. Bauman (1995: 123) noem die Ander die “seat of perpetual uncertainty-and, as such, a focus of attraction and fear.” Wat is karakters soos Benjy Compson en Michael K anders as “seats of perpetual uncertainty”?

Bauman (1995: 64) wys op twee vereistes van etiese omgang met die Ander. Die eerste vereiste is ’n emosionele betrokkenheid by die Ander. Emosie haal die Ander uit die sfeer van eindigheid en stereotipiese sekerheid en plaas hom in die sfeer van onsekerheid, bevraagtekening en oopheid. Die tweede vereiste is ’n verantwoodelikheid vir die Ander: “One is responsible to someone stronger than oneself; one is responsible for someone weaker than oneself. Being-for, being responsible-for, is therefore at bottom a power relationship.”

Dit sal in die volgende deel van die bespreking betoog word dat daar wel hierdie magsrelasie bestaan tussen die self en die Ander, die skrywer en die karakter. Die agent met die mag in sy pen moet in die skryfakte verantwoordelik optree *vir* en teenoor die karakter, veral as hierdie karakter ’n uitbeelding van die Ander buite die wêreld van die teks is.

Volgens Arnon Grunberg (2002:19) in ‘n essay oor J.M. Coetzee hang die sukses van die skrywer af van sy vermoë om die leser die lewens van die karakters te laat beleef. Hy verwys na wat die fiktiewe Dostojefski in *The Master of Petersburg* aan die polisieman Maximov te sê het: “‘Let me tell you then: reading is being the arm and being the axe *and* being the skull; reading is giving yourself up, not holding yourself at a distance and jeering’” (Coetzee 1995: 47).

Dit is ook een van die sentrale temas in Coetzee se werk *The Lives of Animals* (1999). In haar argument teen die grootskaalse doodmaak en eet van diere, wys Elizabeth Costello, die romansier aan die woord in hierdie metafiksionele werk, op die toegang wat die mens deur sy verbeelding het tot die dierlike wese. Sy noem plase “production facilities” (19) en sien die grootskaalse, geoutomatiseerde doodmaak van diere in abattoirs as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vergelykbaar met die doodskampe van die Nazi's (21). Uiteindelik handel die werk oor hoe moeilik dit is om die Ander se perspektief te verstaan, maar dat dit tog moontlik is deur die invoelende verbeelding. Een van Costello se kernargumente is haar argument teen die arrogante selfhandhawing van rasionaliteit wat veroorsaak dat daar op enige ander kenwyse neergesien word. Sy sien menslike rasionaliteit as 'n bepaalde plek in 'n spektrum van bewussynsoorte, (23) as een van meerdere kenwyses. Sy wys ook op die toutologiese begronding van rasionaliteit as die grondbeginsel van die heelal: "For seen from the outside, from a being who is alien to it, reason is simply a vast toutology. Of course reason will validate reason as the first principle of the universe - what else should it do?" (25)

Paul Davies (2001:71), in sy boek *The Mind of God*, wys daarop dat vir onder andere Descartes en Leibniz, God die verpersoonliking van die rasionaliteit was waarvan die kosmos deurtrek was. Menslike rasionaliteit was volgens hierdie argument 'n gawe van God om die geheime van die heelal te ontsluit. Davies (213, 259-260) stem nie saam met Steven Weinberg se argument dat die wetenskap die heelal van sy misterie ontneem nie. Davies stel dit dat die wetenskap juis kan uitwys hoe kompleks die heelal geskep is. Die wetenskap, d.w.s. rasionaliteit, dra dus by tot die wonderbaarlikheid van die kosmos deur in detail te wys hoe alles inmekaarsteek. Hy ontken egter dat rasionaliteit en die wetenskap die uiteindelike wesenlike betekenis van die heelal kan weergee. Hy spekuleer oor die moontlikheid van die mistiek as kenwyse om onmiddellike toegang tot hierdie insig te bied:

> "But in the end a rational explanation for the world in the sense of a closed and complete system of logical truths is almost certainly impossible. We are barred from ultimate knowledge, from ultimate explanation, by the very rules of reasoning that prompt us to seek such an explanation in the first place. If we wish to progress beyond, we have to embrace a different concept of 'understanding' from that of rational explanation" (2001:259).

Dit blyk dus dat selfs mense soos Davies, voorstanders vir 'n algemene rasionele kenwyse, ook moet erken dat ander kenwyses ander en soms dieper insigte kan bied.

Costello bied ook die argument dat elke lewende organisme vol is van sy eie wese (being):

> "To be a living bat is to be full of being; being fully bat is like being fully human, which is also to be full of being. [...] To thinking, cogitation, I oppose fullness, embodiedness, the sensation of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> being - not a consciousness of yourself as a kind of ghostly reasoning machine thinking thoughts, but on the contrary the sensation - a heavily affective sensation - of being a body with limbs that have extension in space, of being alive to the world" (33).

Costello voer aan dat daar wel, deur middel van die verbeelding, toegang verkry kan word tot die geworpenheid van 'n ander spesie. Sy dui aan hoe die leser van Ted Hughes se gedig "The Jaguar" vir 'n tyd self die jaguar word. Die skrywer, beweer sy, (ver)lei die leser om deel te neem aan die geworpenheid van die jaguar. Die proses skyn ooreenkomste te vertoon met sjamanistiese tegnieke en tegnieke van "active imagining" in die Jungiaanse dieptepsigologie. Hierdie tegnieke sou ook toegang tot die gans Andere bewerkstellig.

"There are no bounds to the sympathetic imagination" (35), sê Costello (let wel nie noodwendig Coetzee nie) en die mens kan en moet simpatie hê met ander wesens en hulle nie op grootskaalse wyse vermoor nie. Alhoewel die dier nie 'n sogenaamde intellektuele vrees vir die dood het nie, sê Costello, het elke wese 'n sterk lewensdrang en veg elke wese teen die dood (65). Vir haar is die moord van 'n dier glad nie ondergeskik aan die moord van 'n mens nie.

Peter Singer bied 'n argument oor die waarde van 'n lewe: "The value that is lost when something is emptied depends on what was there when it was full, and there is more to human existence than there is to bat existence" (90). Hierdie argument kan gekritiseer word op dieselfde wyse as wat die begronding van rasionaliteit as 'n toutologie uitgewys is. Die argument is gebaseer op blote antroposentrisme. Dit is die mens wat homself, sonder enige eksterne begronding, as van meer waarde as ander wesens opstel.

'n Kritiek op Costello wat wel hier van belang is, is dié van Wendy Doniger. Costello voer aan dat die mens uit 'n simpatieke verbeelding genadig moet wees teenoor diere, aangesien hulle nie self met die mens kan kommunikeer nie. Waar die stem van die leeu en ander roofdiere eens die mens gekonfronteer het, het die mens uiteindelik die geveg gewen: "Animals have only their silence with which to confront us" (25). Doniger voer aan dat, alhoewel dit uiteindelik taal is wat die mens van die dier skei, kommunikasie tog moontlik is op 'n baie elementêre vlak. Sy wys daarop dat alhoewel die kommunikasiemetodes van sjimpansees en dolfyne nie as tale erken word nie, die mens tog tot 'n redelike mate met hulle kan kommunikeer. Sy verwys ook na Levinas se etiese grondtese, nl. dat die gelaat van die Ander 'n appèl bevat: "Moet my nie doodmaak nie"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(104-105). As die mens oop is om te "luister" na ander spesies kan kommunikasie wel op 'n beperkte vlak plaasvind. Die simpatieke verbeelding waarvan Costello praat, sal dan nog verder verbreed.

Costello se sieninge mag nie gelykgestel word aan die van die outeur Coetzee nie. Dit sal egter deur die loop van die bespreking aangevoer word dat Coetzee wel vra na 'n simpatieke verbeelding, in die sin van 'n verantwoordelike verbeelding. Alhoewel hy moontlik nie soos Costello glo dat die simpatieke verbeelding volledige, direkte toegang tot die vreemde bewussyn kan gee nie, pleit hy wel vir 'n onbegrensde etiese verantwoordelikheid in die omgang met hierdie vreemde bewussyn.

Grunberg (2002:19) verbreed hierdie argumente van Costello om dit van toepassing te maak op die empatie wat mens kan hê met werklike mense en met fiktiewe personasies. Die egte mens beskik nie oor die vermoë om soveel empatie by sy medemens te ontlok as die fiktiewe personasie nie. As dít die bedoeling van die skepper van die egte mens was, het hy gefaal. Hierteenoor is die enigste rede hoekom die fiktiewe personasie geskep word, juis om tot só 'n mate empatie by die leser te ontlok dat hy homself tydelik heeltemal in die personasie kan inleef. Werklike babas, klein kinders en diere soos katte en honde deel met die fiktiewe personasies die eienskap dat 'n mens baie empatie met hulle het: "Zou het kunnen dat wij in ons onderbewustzijn een beeld van onszelf hebben ontwikkeld als baby, kind of jong katje, een beeld dat wij niet meer kunnen loslaten?" Hier verwys Grunberg moontlik na die onderdrukte deel van die self as kind wat in Adam Kadmon en die kind-argetipe vergestalt is. Mens het soveel empatie met klein kinders en babas, juis omdat 'n (soms onbewuste) deel van homself herkenbaar is in hierdie personasies.

Die vraag kom nou na vore hoe die skrywer die totale Ander kan uitbeeld sodat die leser steeds empatie met hom ervaar. Die rede hoekom werklike mense minder empatie uitlok as karakters is juis die afwesigheid van 'n skrywerlike hand wat hierdie personasies kenbaar maak aan die "leser." Daar bestaan geen skrywerlike instansie wat die werklike mens se gevoelens, motiverings en innerlike bewegings kan uitlig en dramatiseer nie. Die vraag onstaan nou hoe die skrywer die Ander kan uitbeeld op 'n etiese wyse, wanneer 'n etiese uitbeelding 'n uitbeelding is wat die Ander steeds *as* Ander behou. 'n Etiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitbeelding van ’n onkenbare karakter behou die karakter as onkenbaar. Die probleem is dat hierdie tipe karakters, soos in die geval van werklike mense, nie soveel empatie by die leser ontlok as normale karakters nie. Die kwessie wat nou aan bod sal kom is hoe ’n skrywer te werk kan gaan om die leser meegevoel met die karakter van die Ander te gee, sonder om ‘n sentimentele of oorvereenvoudigde uitbeelding te gee wat die karakter van sy radikale andersheid sal beroof.

Dit is reeds genoem dat die leser empatie het met karakters waarin hy ‘n deel van homself kan erken. Die Ander is egter per definisie *anders* as die self, dit is die tipe karakters waarin die leser, indien enigsins, die minste van homself kan erken. In essensie gaan dit daaroor dat die skrywer die Ander moet kan uitbeeld *as* die Ander, dat hy die Ander as karakter steeds as onkenbaar moet kan uitbeeld. Die Ander moet weergegee word in al sy kompleksiteit maar die leser moet tog ‘n gevoel van empatie met die karakter kan hê om te verhoed dat die teks onverstaanbaar word of die leser slegs koud laat, sonder enige emosionele betrokkendheid.

In *Waiting for the Barbarians* (1980) swoeg Coetzee reeds met hierdie kwessie. Die magistraat sien die inboorlinggevangenes as “strange animals” (18). Die self se blik op die Ander is hier die fokus. Die magistraat kan nie seker wees of hy werklik die groep gevangenes gesien het nie: “I saw them five days ago (if I can claim ever to have seen them, if I ever did more than pass my gaze over their surface absently, with reluctance)” (24). Die inboorlingmeisie waarmee hy ‘n verhouding aanknoop se gesig bly vir hom ook eienskaploos (47). Die Ander bly onkenbaar, hy kan nooit tot die essensie van wie die meisie is deurdring nie: “So I continue to swoop and circle around the irreducible figure of the girl, casting one net of meaning after another over her ( 81).

Coetzee problematiseer die uitbeelding van die Ander egter veel meer in *Life & Times of Michael K* waar die hoofkarakter en fokaliseerder self die Ander is. Gallagher (1991: 161) beskryf hoe Coetzee te werk gaan: “In using a third-person limited point of view, Coetzee gives us access to Michael’s mind but preserves Michael’s silence. Even Michael’s thoughts are strangely muted by Coetzee’s grammar.” Die taal van die verteller, die manier waarop hy die karakter se bewussyn beskryf, bly op ‘n afstand van K

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se bewussyn. In 'n opsommende droë styl word K se gedagtes beskryf. Die volgende paragraaf dien as voorbeeld: "It apeared that he had to stay in Stellenbosch for a certain length of time. There was no way of shortening the time. He stumbled through the days, losing his way often" (47).

K se verbale lompheid en swygsaamheid laat dié rondom hom sowel as die leser dink hy is vertraag, al vertoon hy 'n sekere mate van vernuf en volharding. K is egter slegs werklik stil wanneer hy gekonfronteer word met 'n persoon wat gesag oor hom het. 'n Vertoon van mag ontlok in hom 'n gevoel van domheid (Gallagher 1991: 162). Dit is glad nie te sê dat K nie vertraag is nie, dit word eksplisiet reeds aan die begin van die roman gestel: "his mind was not quick" (4). Tog vertoon hy vernuf en bedink hy planne soos om die stootkarretjie vir sy ma te bou (21) en bokke te jag met sy knipmes (72). Sy beraming en beplanning bly egter op 'n uiters konkrete vlak.

Alhoewel K homself onbevoeg sien as storieverteller, huiwer ander nie om sy storie namens hom te vertel nie. K weier om sy storie te vertel. Hy swyg na hulle hom vra: "'Give yourself some substance, man'" (192). Die mediese offisier is die beliggaming van die idee dat K se verhaal gedurig namens hom geskryf word. In sy soeke na die ware identiteit van K, versin die offisier stories namens hom. Gallagher (1991: 164-165) sien die middelste gedeelte van die roman, waar die mediese offisier die verteller is, as 'n slim truuk van Coetzee:

> "[T]he interpolation of the medical officer's narrative, with its pat formulae and insistent message, warns us of the dangers of assigning meaning to and of composing stories for the Other. Thinking that we can provide salvation through our eloquence, we often are patronizing and simplistic. [...] The medical officer's philosophizing overinscribes Michael and robs him of his human mystery."

Ook in *Foe* (1986) word die stemgewing van die stemlose Ander aangespreek. Friday se tong is uitgesny (23) en die verteller Susan Barton poog om hom 'n stem te gee. Sy bedink sy storie deur van die karige bewyse te versamel. Dit is nie Friday se verhaal nie maar haar versinde verhaal oor hom, names hom: "'*So I concluded* he has been making an offering...'"[my kursivering – WPPA] (31). Sy dink Friday sal bly wees hy word onsterflik deur haar be-skrywing van hom (58) maar hierdie idee word, soos duidelik sal word, ondermyn deur die roman se einde. Die enigste tong wat Friday se verhaal kan vertel, sê Foe, is die een wat hy nie meer het nie (67). Foe sê ook elders: "'Till we have

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spoken the unspoken we have not come to the heart of the story'" (141). Dit voel vir Barton of Friday se stilte nie net 'n fisiese onvermoë is om te praat nie, maar ook 'n stille verset om sy verhaal aan haar oor te gee: "Could it be that somewhere within him he was laughing at my efforts to bring him nearer to a state of speech?" (146)

Friday 'praat' of kommunikeer vir die eerste maal aan die einde van die roman, aan die einde van die eerste gedeelte van deel IV: "From his mouth, without a breath, issue the sounds of the island" (154). Deel IV begin waar 'n eksterne verteller, miskien Coetzee self, Susan Barton en Foe dood aantref met Friday as die enigste oorlewende. Hy 'praat' dan vir die eerste keer deurdat die geluide van die eiland deur sy mond gehoor word. Head (1997:124) beweer egter dat hierdie slot van die teks nie voldoende is nie. Die assosiasie van die inboorling met die klanke van die eiland kan as verdere marginalisering en stereotipering gesien word, in die sin dat die inboorling as deel van die land gesien word. Verder wil ek byvoeg dat Friday as 'n Neger beskryf word (5) en dus glad nie as 'n inboorling van die subtropiese eiland naby Suid-Amerika nie. Dit is dus 'n verdere veralgemening om alle swartmense as inboorlinge van 'n ongerepte, vreemde wêreld te sien. Coetzee is egter hiperbewus van hierdie probleme met die uitbeelding van die Ander, daarom bied hy ook 'n tweede slot vir die teks waar Friday op sy eie gronde oorwin.

In die tweede afdeling van deel IV sien die verteller vir die eerste maal die merk om Friday se nek, die merk van slawerny. Die verteller lees Barton se teks en val oorboord in die teks in en in die water bo die wrak. Dit is egter nie seker watter een van die skepe wat in die roman genoem is hierdie wrak is nie (Head 1997: 125). Die verteller sê: "This is not a place for words. [...] This is a place where bodies are their own signs. It is the home of Friday." (157). Die roman eindig met die volgende woorde:

> "His mouth opens. From inside him comes a slow stream, withouth breath, without interruption. It flows up through his body and out upon me; it passes through the cabin, through the wreck; washing the cliffs and shores of the island, it runs northward and southward to the ends of the earth. Soft and cold, dark and unending, it beats against my eyelids, against the skin of my face" (157).

Die 'stem' van Friday konfronteer die verteller letterlik deur teen sy ooglede, die organe van beskouing, te bots. Hierdie konfrontasie laat die verteller swyg; dit is die einde van die teks. Head (1997: 128) vind 'n soortgelyke boodskap in die laaste paragraaf: "It is an

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

unvoiced history which is acknowledged, a silence with a moral compulsion that, itself, silences the authorial figure who is obliged to cease his narrative in its presence, [...] the complicitous author willingly chooses silence." Vir Head (1997: 128) suggereer dit Coetzee se weiering om die Ander, Friday, te skryf.

Binne 'n dekonstruktiewe lees van hierdie passasie val terme soos "soft", "cold", "dark" en "unending" op. Hierdie terme is almal negatiewe pole in die dualismes van die Westerse denkstrukture wat die dekonstruksie wil ophef. Friday is die negatiewe pool, die Ander, maar hier ook die oorwinnaar in die stryd tussen skrywer en geskryfde. Coetzee slaag daarin om die Ander uit te beeld op 'n etiese wyse deurdat hy nooit sy mag as outeur afdwing op die onskryfbare nie. Hy kies eerder op 'n kunstige, skrywerlike en uiteindelik talige wyse die stilte. Die teks eindig met die geruislose stem van die tonglose, penlose Friday. Hier word die outeur, en nie die Ander nie, die idioot.

## Alfred Adler en die haaslip

Daar is in die vorige gedeelte aandag gegee aan die etiese uitbeelding van die Ander, die skrywerlike verantwoordelikheid teenoor die Ander as karakter. Dit het duidelik geword dat daar sprake is van 'n magsrelasie en dat juis hierdie ongelyke magsbesit die gevolg is van etiek. Die sterke moet altyd omsien na die swakke, dié wat beskik oor 'n pen of stem moet verantwoordelik omgaan met dié sonder mag of tong.

Die magteloosheid en stemloosheid van 'n vreemde karakter word versinnebeeld in die figuur van die idioot, die radikale Ander. Deur die loop van die bespreking is dit telkemale gestel dat die magtelose idioot in 'n sin beskik oor 'n superieure bestaansmodus. Figure soos veral Benjy en Johnny is totaal magteloos, maar hulle gebrek aan selfhandhawing bied 'n sekere vryheid van inperkende sosiale strukture. Hulle beskik ook oor 'n radikale prerefleksiewe, sensuele belewing van die leefwêreld. Aan die hand van die figuur van Michael K en die psigologie van Alfred Adler sal daar nou aangetoon word dat die mens se onvolmaaktheid en gebrekkigheid juis die essensie, die wese van die syn is. Uiteindelik sal dit duidelik word dat die idioot nie slegs die Ander is waarteenoor die self verantwoordelik en eties moet optree nie, maar dat die idioot, die radikaal onvolmaakte wese, uiteindelik ook die kern van die self is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Life & Times of Michael K* begin met die woorde: "The first thing the midwife noticed about Michael K [...] was that he had a hare lip" (3). Die eerste sin in die roman wys op K se fisiese afwyking, die minderwaardigheid van sy liggaam. Sy fisiese afwyking word verder beklemtoon deur die vroedvrou wat sê dat haaslippe gelukbringers is (3). Sy haaslip is die teken van sy afwyking van die normale mens. Hy het nie die status van persoon nie maar slegs van gelukbringer. K se moeder is selfs gewalg deur die liggaam van haar eie kind en kan nie glo dat haar liggaam so iets voortgebring het nie: "She shivered to think of what had been growing in her all these months" (3). As gevolg van die minagtende kyke van ander kinders hou sy hom weg uit die samelewing: "Year after year Michael K sat on a blanket watching his mother polish other people's floors, learning to be quiet" (4).

Dit is by hierdie tema van fisiese afwyking en ondergeskiktheid, wat regdeur die roman 'n substraat vorm, dat ek die denke van die psigoloog Alfred Adler wil betrek via die post-Jungiaanse werk van James Hillman, *Healing Fiction* (1983).

Die sentrale tema in Adler se sielkunde is die menslike gevoel van minderwaardigheid. Hierdie algemene gevoel, eerder 'n algemene psigiese toestand van die moderne mens, spruit uit die mens se besef dat hy in 'n onverstaanbare werklikheid moet leef:

> "We feel inferior because [...] we know so little, we rely so much on positivisms, the positive sciences, the positivities of spiritual teachings, the moral positions of ideologies. We clutch at these bright and rigid straws because the base on which we stand, the soul, is endless and unfathomable" (Hillman 1983: 86).

Hierdie psigose is die gevolg van wat Hillman (1983: 97) noem die dubbele vloek van die Westerse mite (d.i. metafisika): die gees se strewe na volmaaktheid en die vlees se fundamentele tekort, "two archetypal fictions that have determined even the two senses of a 'want', as driving need and as empty lack."

Adler maak gebruik van die idee van "organiese minderwaardigheid' om sy filosofie te verduidelik. Volgens hom word die mens se totale psigologiese lewe oorheers deur 'n gevoel van organiese swakheid. Hier verwys hy nie na 'n minderwaardige of swak orgaan *per se* nie maar eerder die ervaring dat die mens 'n lyflike wese is en dat die liggaam van nature swak is. Dit is volgens hom juis hierdie gevoel van minderwaardigheid wat die psigiese lewe tot aksie roep (1983: 98). Gewoonlik word een van die organiese sisteme in die liggaam die kompleks of beeld waarop ons psigiese aandag gefokus word. As gevolg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die aandag en introspeksie wat aan hulle gewy word, is dit hierdie minderwaardige dele wat die plekke van meeste potensialiteit word (1983: 98,99). In Coetzee se roman is K se haaslip duidelik hierdie 'orgaan'. Hy kies die ligging van die mond omdat die kwessie van kommunikasie en taal, en K se minderwaardigheid op hierdie gebied, een van die sentrale temas van die roman is.

Adler se nosie van die siel is dan ook gesetel in hierdie plek van broosheid: "Where we are most sensitive, we are most stubborn; where we are most exposed, we expend most efforts to conceal" (1983: 99).

As gevolg van sy gevoel van minderwaardigheid bedink die mens volgens Adler sekere denkstrukture en konstruksies om die gevoel te beheer. Die brein vorm dan teenoorgestelde pole in hierdie strukture waar die een pool altyd die sterk en bevoordeelde een is. Adler noem hierdie strukture leidende fiksies ("guiding fictions") en hierdie fiksies bepaal hoe die mens die werklikeid ervaar en beleef (1983: 100).

Volgens Adler is die opposisie manlik/vroulik die grondslag vir die vorming van hierdie denkwyse wat die totale menslike ervaring deurdrenk:

> "The ultimate ground of thinking in opposites is the male/female pair, 'the only real antithesis', which in turn can be pushed back to its early childhood experience in 'psychic hermaphroditism'. [...] The psyche partakes of both feminine and masculine traits and from childhood on we identify not only weakness and inferiority with female, but *also the ambivalence caused by the weakness*. Moreover, hermaphroditic ambivalence itself indicates inferiority and is apperceived in a strongly antithetical manner, which saveguards us from it" (1983: 101).

Hillman (1983: 101-102) verwys na die mitiese figuur van Hermaphroditus, die kind van Hermes en Aphrodite: skandelik, libinaal en onnatuurlik maar ook aantreklik soos sy moeder. Hy is die argetipiese figuur van genesing. Hierdie toestand van hermafroditisme is die oorspronklike aard van die siel. Die belangrikste en skadelikste beweging weg van die siel se dubbele natuur noem Adler die "manlike protes", die wil om altyd te wen of die beste te wees (1983: 103).

Adler (Hillman 1983: 105) lê klem daarop dat hierdie denkstrukture slegs fiksies is en so beleef behoort te word. In so verre 'n doel 'n leidende riglyn is en ons die weg wys, is dit 'n genesende fiksie: "This suggests that the only possible perfection that the soul can want is perfection of its fictional understanding, the realization of itself in its images, itself a fiction among fictions" (1983: 106).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Behalwe die feit dat die mens sy denkstrukture en konstruksies as fiksies behoort te sien, behoort die mens sy gedrag en doelwitte te laat bepaal deur 'n sosiale belangstelling (1983: 107). 'n Genie is vir Adler "primarily a man of supreme usefulness" (1983: 107). Sosiale isolasie lei tot neurose omdat die mens sy eie doel as die finale een sien. As ons met ander omgaan is dit in empatie met ons foute en humoristiese en self-ironiserende verdraagsaamheid wat die gemeensame gevoel van fiksionaliteit bied: "We are human less by virtue of our ideal goals than by the vice of our inferiority (1983: 108).

Bogenoemde ideale vir psigiese welstand vorm in 'n sekere opsig 'n teenstelling met Michael K as idiote-figuur. K kan nie kommunikeer met sy medemens nie omdat minderwaardigheid nie aanvaar word binne sy leefruimte nie. Enige vorm van afwyking en minderwaardigheid word eerder gestraf as met meegevoel en simpatie aanvaar. K is egter tog 'n sosiale wese in die sin dat hy as versorger vir sy moeder optree. Aan die einde van die roman, waar hy dink aan sy ideaal om weer terug te keer na die plaas, sien hy homself weer in die rol van versorger. Hierdie keer is hy die versorger van 'n verbeelde ou man wat hy sal saamneem na die plaas (Coetzee 1983: 250).

Waar Freud en Jung ons betekenisse gee, forseer Adler ons om deur ons betekenisse te sien. In hierdie wyse is hy volgens Hillman (1983:110) 'n voorloper van wat vandag 'n postmodernistiese bewussyn genoem word.

Die normale persoon, die psigies gesonde persoon, neem die leidende beginsels, denkstrukture en die gepaardgaande ideale as metafore op, as blote pragmatiese konstruksies: "The neurotic, however, catches at the straw of fiction, hypostasizes it, ascribes it a real value" (1983: 111). Volgens hierdie siening leef Michael K in 'n neurotiese staat aangesien die staat sy simbole, ideale en denkstrukture (onder andere die opposisie tusssen wit en swart) letterlik opneem. Die Apartheidstaat sien sy mites en denkraamwerke as 'n uitbeelding van die werklikheid en nie as bloot 'n mensgeskape fiksie nie. Die staatstrukture leef dus in 'n fiksionele werklikheid waarvan dit nie die fiksionaliteit wil of kan erken nie: "For the difference between madness and sanity depends not on society or politics, upbringing or chemistry, but wholly upon our sense of fiction" (1983: 111). Dit is daarom dat K verdwaal voel in 'n ruimte wat nie sy unieke bestaansmodus wil erken as 'n alternatiewe, maar ewe (en selfs superieure) leefwyse nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kommunikasie is dus nie moontlik vir K nie en dit bied dus ook 'n ander rede vir sy "stilte".

K se bestaansmodus is een van voorlopigheid, 'n lewenswyse wat sy "ideale" en denkwyse glad nie wil afdwing op ander nie, maar slegs die vryheid verlang om op sy eie sy "ideale" uit te leef. Juis as gevolg van K se gevoel van minderwaardigheid sien hy sy hipoteses as onseker en kwesbaar. K se oorweldigende gevoel van minderwaardigheid maak dit vir hom moontlik om volgens Adler se denke 'n gesonder sielslewe te hê as die staat waarin hy hom bevind:

> "This is the condition of tentativeness, where our hypotheses feel less certain and positive and our beliefs are vulnerable. If we can stay with this condition of ambiguity we are less able to be literal about anything, and so less likely to move into the delusions of neurosis and insanity" (1983: 112).

Volgens Adler se psigologie is K tekenend van die ideale bestaanswyse aangesien onvolmaaktheid en gebrekkigheid die essensie van die siel is: "we are complete only by being in want" (1983: 128). Dit moet egter bygesê word dat K nie 'n bewuste keuse maak vir hierdie lewenswyse nie. As geskryfde idioot *is* dit bloot sy synswyse en ken hy geen ander nie. Ook dit dra by tot sy gevoel van verwarring en minderwaardigheid. Hierdie uitbeelding van K as unieke, amper voorwêreldse wese, word egter uiters geloofwaardig deur Coetzee aangebied.

Die mens se siel is volgens Adler gesond as hy hierdie fundamentele gebrek, 'n fisiese gebrek asook 'n gebrek aan essensie, erken en daarmee saamleef in 'n selfbewuste, rigtingewende fiksie binne 'n vorm van sosiale bestaan. Die mens moet soos K kan verklaar dat dit moontlik is om met slegs 'n teelepel te leef, in gebrek, maar met die ideaal van 'n groentetuin.

Hierdie oorsigtelike bespreking van Adler se psigologie wys daarop dat die literêre idioot nie net as simbolies van die Ander of die kinderlike aspekte van die psige gelees kan word nie, maar ook as die essensie van gebrekkige menslike syn.

Wanneer die self eties verantwoordelik moet omgaan met die Ander as idioot en die essensie van die gebrekkige self ook as idioot blootgestel word, verdwyn die opgestelde magskonstruksies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sonder sy magstrukture kan die neurotiese staat nie bestaan nie. Miskien juis hierom word die Ander as bedreiging voorgehou en idiote weggesluit. Miskien hierom word selfhandhawing, selfbehoud en selfbemarking aangemoedig. In 'n wêreld van idiote bestaan geen staat nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**'n Donker spieël**

Die doel met hierdie bespreking was om die leser, aan die hand van die onderskeie tekste, te wys op 'n algemene mensbeeld wat die literêre idioot voorstel.

Verskeie insigte het na vore gekom en daar kon uit die nege tekste onder bespreking 'n redelike algemene beeld van die idioot as skrywerlike skepping en instrument gevorm word. Eerstens het die ongekorrigeerde korrektiewe idioot van Wordsworth, 'n verskynsel van die Laat-Romantiese denke, gewys op 'n prerefleksiewe eenwording met die leefwêreld as alternatiewe bestaansmodus teenoor die empirisme. Conrad se teks het weer as voorbeeld gedien van die *angst* van die Modernisme, die desentralisasie van die mens uit sy rol as sentrum van die heelal.

Leroux se Adam Kadmon herinner die mens, via die psigologie van Jung, aan die waarde van die kinderlike aspekte van die psige wat onderdruk word om by die heersende rasionele sosiale strukture in te pas. Die kinderlike aspek van die menslike psige bied toegang tot die onbewuste, intuïsie en die verbeelding.

Faulkner se teks, in sy ver-taling van Benjy, het die moontlikhede van liriese taalgebruik tot sy uiterste gevoer. Hierby het Cave en Keyes se spel met fokalisering en taal ook aangesluit. Faulkner bepleit, deur die direkte uitbeelding van die bewussyn van Benjy, 'n respek vir en aanvaarding van die breek en diskontinuïteit van die menslike identiteit.

Konrád dekonstrueer opposisies soos normaal teenoor kranksinnig of siek. Hierdie dekonstruksies van aanvaarde opposisies is ook opgemerk in die werk van Coetzee.

In die tekste van Coetzee is 'n algemene appèl om verantwoordelik om te gaan met die radikale Ander van die moderne mensbeeld, die idioot, die slaaf, die stemlose. Coetzee wys ook op die rol van die gebroke mens, die idioot, as versorger. Uiteindelik word daar in veral die karakter van Michael K 'n alternatiewe bestaanswyse voorgestel, 'n voorlopige, onvolmaakte bestaanswyse met 'n etiese en sensuele meerwaardigheid.

Wat al die bogenoemde tekste gemeen het, is 'n afwysing van 'n vaste, begrondbare en universele identiteit of essensie. In een van Marcel Mauss se artikels (1938) dui hy aan hoe onlangs die klem op die self, die respek vir die self en selfs die filosofiese konsep van die self is (2000:326). Hy wys op "primitiewe" stamme waar die enigste onderskeid tussen verskillende personasies in die stam die onderskeie rolle is wat hulle vertolk in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eenheid van stamlewe (2000: 327-329). Ander stamme verander die name van die stamlede met die seisoene (2000: 330) en by sommige ander, byvoorbeeld die Kwakiutl in Noordwes-Amerika, word die persoon herdoop met elke nuwe fase in sy of haar lewe. In hierdie stam het selfs die lewelose werks- en gebruiksobjekte eiename.

Eers met die aanbreek van die Romeinse samelewing, begin die self as 'n permanente essensie na vore tree. Die senaat is verkies as verteenwoordigers van die *personae*, die beelde van hul voorvaders. Die *persona*, die masker en rol in die teater, het met die ontstaan van die Romeinse regstelsel sinoniem met die ware aard van die regtelike individu geword (2000: 338). Die Christelike denkers, op soek na 'n konsep vir die eenheid van 'n persona wat onder andere kwessies soos die drie-enigheid van God sou oplos, was egter eerste om die term "persoon" as die eenheid van die self te begin gebruik. Dit het gewys op 'n verbinding van liggaam en siel (1938: 340). Met Descartes se *cogito ergo sum* en Fichte se idee dat elke akte van bewussyn 'n akte van die self is, word die self uiteindelik die setel van bewussyn en Rede (2000: 341-342).

Mauss (2000: 342) eindig sy artikel met die (nou ironiese) vraag: "Who knows even whether this 'category', which all of us here believe to be well founded, will always be recognised as such?"

In die bespreking is dit herhaaldelik genoem dat die idee van 'n universele, permanente en essensiële self reeds uitgedien is en as onbegrondbaar bewys is. Nikolas Rose (2000: 319) som die situasie goed op:

> "Human beings are not unified subjects of some coherent regime of domination that produces persons in the form in which it dreams. [...] Techniques of relating to oneself as a subject of unique capacities worthy of respect run up against practices of relating to oneself as the target of discipline, duty and docility."

Volgens hom bied die mens gewoonlik weerstand teen enige vorm van identiteit wat aan hom voorgeskryf word. Zygmunt Bauman (1995: 89) voer ook aan dat die postmoderne lewenstrategie juis 'n weerstand teen enige permanente, essensiële self is.

Weinstein (1992:86) se waarskuwing teen 'n aandrang op 'n vaste identiteit som hierdie egosentriese denkwyse pittig op:

> "Identity is a privileged term within a Western vocabulary of individualism. In its primary meaning, that something is always itself, and its secondary implication, that that selfhood is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> different from all others, the concept of identity makes some large promises. It promises sameness over time, an unchanging essence at our core. Our self-sameness is intrinsic [...] rather than relational [...]. The term suggests, further, that we are unique creatures, essentially different from each other. To privilege individual identity in this way is to fantasize a protected sacred place, the place of ourselves, which would be immune to the vicissitudes of time, space, and culture. It is to allay our anxiety that we may not have an unchanging core and therefore may take on our meanings from our affiliations and conditions. It is to fix, enclose, and affirm our unique difference from others, to say: 'That's who I am.' By thus reifying our sense of ourselves, by charting it as a separable essence and putting boundries around it, we repress that intolerable sense of *being-helplessly-caught-up-in-the-Other."*

Binne die besproke tekste word die idioot se synswyse as superieur opgestel: 'n bestaan binne 'n selfbewustelik fiksionele, voorlopige, gebrekkige en inklusiewe wêreldbeeld, sonder die aandrang op ego en begronding.

Die idioot is 'n uitbeelding van die wonderlike en aaklige naaktheid van die mens, soos hy nooit aan homself dink nie, in al sy broosheid, angs en kinderlikheid wat hy probeer wegsteek. Die idiotefiguur is 'n voorstelling van sowel die essensiële gebrekkigheid van die mens as sy magtelose Ander.

Die idioot is eerstens 'n simbool van die self, die self as kind, die ewige kind in iedereen van ons. Hierdie aspek word dikwels onderdruk sodat daar voldoen kan word aan die gevraagde lewenswyse binne die moderne sosiale strukture waar die inhoude van kinderlikheid nie geduld word nie. Die inhoude waarvan hier gepraat word, is onder andere speelsheid, irrasionaliteit, naïwiteit en die gelykstelling van fantasie en werklikheid. Dit is 'n deel van die self wat in die skadu skuil, die aspek wat deur Adam Kadmon, die kind en primordiale reus, vergestalt word.

Verder word die gebrekkigheid sowel as die gebrokenheid van die self deur die idioot verpersoonlik. Dit is 'n beeld van die self as wesenlik minderwaardig sowel as gefragmenteerd en sonder universele essensie. Hierdie beeld van die self word sover moontlik ontken, die idioot in die self word weggesluit.

Tweedens is die idioot 'n simbool van die radikale Ander, 'n wese buite taal, sonder rasionaliteit en gewoonlik verstandelik of fisies gestremd. Die Ander is 'n spieël vir die self. Die self sien sigself in die figuur van die Ander as sy teenoorgestelde. Alles wat die Ander is, is die self nie, of wil die self nie erken teenoor sigself nie. Die self is dus talig,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rasioneel, ensovoorts. Die Ander is 'n spieël wat die self laat afvra hoekom hierdie elemente deel uitmaak van Andersheid; hoekom hierdie aspekte van menslikheid nie toelaatbaar is nie. Die idioot is 'n spieël vir die self omdat hy 'n radikale ander bestaanswyse voorhou en die self dwing om te kyk na sy eie wyse van bestaan. Deur 'n alternatief voor te hou, dwing die figuur van die idioot die self tot selfondersoek.

Dit word duidelik hoekom die bestudering van die idiote binne die wêreldletterkunde van soveel belang is. Die idioot bied 'n unieke en radikale mensbeeld wat dikwels verswyg word. Die idiootfiguur is die spieël en die skadu van die self.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Bronnelys:**


Attwell, D. 1993. *J.M. Coetzee. South Africa and the Politics of Writing*. Cape Town: David Philip.

Bauman, Z. 1995. *Life in Fragments. Essays in Postmodern Morality*. Oxford: Blackwell.

Basson, A. 1995. Etienne Leroux se 'nuwe mite': 'n speurtog deur die werk van drie kritici na die ontwykende 'boodskap'. *Stilet* 7(1), Maart: 35-49.

Bewell, A.J. 1983. Wordsworth's Primal Scene: Retrospective tales of Idiots, Wild Children, and Savages. *ELH* 50(2), Somer: 321-346.

Botha, E. 1982. Verwysing en Vertolking. 'n Studie na aanleiding van Etienne Leroux: Een vir Azazel. in: Malan, C. (red.). *Die Oog van die Son. Beskouininge oor die Boeke en Werk van Etienne Leroux*. Kaapstad: Academica.

*Die Bybel. Nuwe Vertaling*. 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Cave, N. 1990 (1989). *And the Ass saw the Angel*. London: Penguin Books.

Cirlot, J.E. 1978. *A Dictionary of Symbols*. London: Routledge & Kegan Paul.

Coetzee, J.M. 1980. *Waiting for the Barbarians*. New York: Penguin Books.

Coetzee, J.M. 1986. Into the Dark Chamber: The Writer and the South African State. In:

Attwell, D. (ed.) 1992. *Doubling the Point. Essays and Interviews*. London: Harvard University press.

Coetzee, J.M. 1987 (1983). *Life & Times of Michael K*. New York: Penguin Books.

Coetzee, J.M. 1987 (1986). *Foe*. New York: Penguin Books.

Coetzee, J.M. 1995 (1994). *The Master of Petersburg*. London: Minerva.

Coetzee, J.M. 1999. *The Lives of Animals*. Princeton: Princeton University Press.

Coetzee, J.M. 2001. The Memoirs of Breyten Breytenbach. In: *Stranger Shores. Essays 1986-1999*. London: Secker & Warburg.

Cohn, D. 1978. *Transparent Minds. Narrative Modes for Presenting Conciousness in Fiction*. New Jersey: Princeton University Press.

Conrad, J. (1896). "The Idiots". New York: Brentano's.

Davies, Paul. (1993) 2001. *The Mind of God. Science and the search for ultimate meaning*. London: Penguin Books.

Duthie, E. 1978. A Fresh Comparison of 'The Idiot Boy' and 'The Idiot'. *Notes and Queries* 25, Junie: 219-220.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Erdinast-Vulcan, D. 1996. 'Signifying Nothing': Conrad's Idiots and the Anxiety of Modernism. *Studies in Short Fiction* 33: 185-198.

Faulkner, W. 1968. "Faulkner discusses The Sound and the Fury". In: Cowan, M.H. (ed.). 1968. *Twentieth Century interpretations of* The Sound and the Fury. *A Collection of Critical essays*. New Jersey: Prentice-Hall. 14-25.

Faulkner, W. 1974 (1931). *The Sound and the Fury*. London: Penguin Books.

Feldstein, R. 1986. Patterns of Idiot Consciousness. *Literature and Pscychology* 32(2): 10-18.

Fordham, F. 1953. *An Introduction to Jung's Psychology*. London: Penguin.

Foucault, M. 1987. Introduction to *The Use of Pleasure*. In De Gay, P. (e.a.) (reds.). 2000. *Identity: a reader*. London: SAGE Publications. 360-369.

Gallagher, S. 1991. *A Story of South Africa. J.M. Coetzee's Fiction in Context*. London: Harvard University Press.

Grunberg, A. 2002. Niemand verdien het om te sterven. *NRC Handelsblad*. Vrydag 3 Mei.

Head, D. 1997. *J.M. Coetzee*. New York: Cambridge University Press.

Heron, E. 1985. György Konrád: On the front line. *Index on Censorship* 14(2), April. 15-16,33.

Hillman, J. 1983. *Healing Fiction*. New York: Station Hill.

Hognestad, K. 2002. *Express Thyself! Say something loudly: An examination of the frustration of communication in Nick Cave's* And the Ass saw the Angel. MA-Tesis. Webteks: www.geocities.com/kenhogne/thesis.html. (afgelaai 25 Junie 2002).

Howe, I. 1968 (1962). The passing of a world. In: Cowan, M.H. (red.). *Twentieth Century interpretations of* The Sound and the Fury. *A Collection of Critical essays*. New Jersey: Prentice-Hall. 33-39

Jung, C.G. 1950. *The Symbolic Life*. Collected Works Vol.18. Princetown: Princetown University Press.

Jung, C.G. 1953. *Psychology and Alchemy*. Collected Works Vol. 12. New York: Pantheon Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jung, C.G. 1958. *Psychology and Religion: West and East*. Collected Works Vol. 11. London: Routledge.

Jung, C.G. 1959. *The Archetypes and the Collective Unconscious*. Collected Works Vol. 9i. New York: Pantheon Books.

Jung, C.G. 1963. *Mysterium Coniunctions*. Collected Works Vol. 14. New York: Pantheon Books.

Jung, C.G. 1967. *Alchemical Studies*. Collected Works Vol. 13. Princetown: Princetown University Press.

Jung, C.G.(red.). 1978. *Man and his Symbols*. London: Picador.

Kartiganer, D.M. 1993. "'Now I can Write': Faulkner's Novel of Invention." In: Polk, N (red.). *New Essays on* The Sound and the Fury. Cambrdidge: Cambridge University Press. 71-97.

Keyes, D. 1966 (1959). *Flowers for Algernon*. New York: Harcourt, Brace & World.

Kirkpatrick, B. (red.). 1992. *Brewer's Concise dictionary of Phrase & Fable*. Oxford: Helicon.

Konrád, G. 1984. *The Loser*. New York: Penguin Books.

Konrád, G. 1986. A modest request for reforms. *Index on Censorship*. 15(1) Januarie. 38-41.

Langer, M.M. 1989. *Merleau-Ponty's* Phenomenology of Perception. *A Guide and Commentary*. London: Macmillan Press.

Leroux, E. 1964. *Een vir Azazel*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Leroux, E. 1980. *Tussengebied*. Kaapstad: Perskor.

Malan, C. 1978. *Misterie van die Alchemis. 'n Inleiding tot Etienne Leroux se negedelige romansiklus*. Kaapstad: Academica.

Mauss, M. 2000 (1938). A category of the human mind: The notion of person, the notion of self. In: De Gay, P. (e.a.) (reds.). *Identity: a reader*. London: SAGE Publications. 325-345.

McLaughlin, S. 1987. Faulkner's faux pas: Refering to Benjamin Compson as an Idiot. *Literature and Psychology* 33(2), 34-40.

Merleau-Ponty, M. 1962. *Phenomenology of Perception*. London: Routledge & Kegan Paul.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Polk, N. 1993. Trying not to say: A primer on the language of *The Sound and the Fury*. In: Polk, N (red.). *New Essays on* The Sound and the Fury. Cambrdidge: Cambridge University Press. 99-136.

Reed, Joseph W. 1973. *Faulkner's Narrative*. London: Yale University Press

Rimmon-Kenan, S. 1983. *Narrative Fiction. Contemporary Poetics*. London: Methuen.

Rose, N. 2000 (1996). Identity, Genealogy, History. In: De Gay, P. (e.a.) (reds.). *Identity: a reader*. London: SAGE Publications. 311-324.

Sanders, I. 1983. Freedom's Captives: Notes on George Konrád's Novels. *World Literature Today* 57(2) Lente. 210-214.

Scott, E. 1968 (1929). On William Faulkner's *The Sound and the Fury*. In: Cowan, M.H. (red.). *Twentieth Century interpretations of* The Sound and the Fury. *A Collection of Critical essays*. New Jersey: Prentice-Hall. 25-29

Senekal, J. 1989. Etienne Leroux se werk as een groot dekonstruksie. *Acta Academica* 21(1) Maart: 65-89.

Trouard, D. 1993. "Faulkner's Text which is not one." In: Polk, N (red.). *New Essays on* The Sound and the Fury. Cambrdidge: Cambridge University Press. 23-69.

Van Rensburg, F.I.J. 1982. 'n Tergende Slotparagraaf. In: A.P. Grové (red.). *Beeld van Waarheid*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Vickery, O.W. 1968. Worlds in Counterpoint. In: Cowan, M.H. (red.). *Twentieth Century interpretations of* The Sound and the Fury. *A Collection of Critical essays*. New Jersey: Prentice-Hall. 40-52.

Weinstein, P.M. 1992. *Faulkner's subject. A Cosmos No One Owns*. Cambridge: Cambridge University Press.

Woodman, R. 1991. The Idiot Boy as Healer. In James Holt McGavran (red.). *Romanticism and Children's Literature in Nineteenth-Century England*. Georgia: University of Georgia Press. 72-95.

Wordsworth, W. 1979. The Ruined Cottage *and* The Peddlar. Butler, J. (red.). New York: Cornell University Press.

Wordsworth, W. 1994. *Selected Poems*. London: Penguin Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# SIRKUS

**(roman)**

**W.P.P. ANKER**

Literêre teks voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad van Magister in Kreatiewe Afrikaanse skryfkunde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*"All sensation is related to action. If an organism is not to act, it cannot feel, and the intensity of its feeling is related to its power to act."*

- *Fundamentals of Insect Life*. Metcalf, C.L. en Flint, W.P. 1932. p.501

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# 1

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# I

Sy pa loop uit en val om. Hy storm by die huis uit. Die lyf lê in die stof. Wind waai teen sy hande twee seile wat hom wegvat van sy pa se lyf af. Hy wil nie na die lyf kyk nie. Hy weet dit lê net daar so daar reg voor hom. Hy kyk weg. Hy staan stil hy kyk die kant hy kyk daaikant sy oë gaan vinnig. Hy voel hulle. Alles is strepe lig en donker. Hy wil nie na die lyf kyk nie. Hy wil nie. Hy kyk daar na oom Smet se huis toe. Hy kyk na hulle huis agter hom. Daar anderkant is die bome dis wilgerbome. Daaikant toe is niks nie net grond tot dit aan die lug vat. Anderkant toe is die klipheuwel sy pa sê dis sy Altaar. Bo is die lug daar is niks wolke in nie. Dis nie blou nie die son is te skerp al. Dis wit. Hier onder hom is die rooi grond. En daar lê sy pa sy pa roer glad niks nie. Hy gaan sit by die lyf. Die honde is nêrens nie. Hy roep hulle hy roep. Sy stem kan nie uit nie. Die groot lyf het op sy gesig geval. Die oë kyk na die sand net 'n entjie weg die neus is in die grond in. Hy vat sy pa aan albei skouers. Hy skud hulle hard. Dit help niks hy maak net stof. Hy sit al sy vingers bymekaar hy tik met sy vuis teen die kop Komaan Pa wat nou. Pa sê niks. Hy maak sy hande oop sy hande is spane hy vee oor sy pa se kop. Hy roei met sy hande oor sy pa se kop. Sy pa lê net in die sand. Hy is nog klein hy en sy pa sit op die stoep. Dis aand sy pa is moeg die stoep ruik na sweet. Sy pa sit met sy bier sy pyp is in sy mond hy tel hom op sy skoot. Hoor hoe klop die hart Bulletjie dis hoe 'n man se hart moet klop na 'n goeie harde dag se werk. Sy pa druk sy kop teen sy bors dis nat met hare op. Dit maak soos perde wat ver hardloop daarbinne. Hy draai die lyf om hy knoop die hemp oop hy gaan sit op die lyf. Hy druk sy oor op die bors. Die perde het weggehardloop. Hy klim af hy gaan sit 'n ent weg hy bekyk die lyf. Die lyf maak niks. Die sonbesies skree dis 'n niksgeluid. Die lyf bly net so lê hy bly net so sit. 'n Hen kom skrop by die lyf rond. Sy pa kan nie so tussen die hoenders lê nie hy gaan bedonnerd wees as hy uitvind hy lê daar en sy seunskind doen niks daaraan nie. Hy tel moeilik die lyf op. Dit val dit maak 'n wolk vol stof sy arms is te swak. Hy kyk rond die kant en daaikant. Pa moet huis toe. Hy trek die lyf aan die voete op met die stoeptrappe op. Die kop knik oor die trappe sy pa sê vir hom Reg so maak nou net so. Hulle is binne dis skielik donker. Hy trek sy pa tot in sy kamer. Hy gaan haal 'n stuk plank op die werf. Hy jack die lyf op die enkelbed met sy arms en sy plank. Die kop val kant toe dis swaar hy stoot 'n kussing onder die kop in. Nou lê die kop reg. Hy dink. Hy vat versigtig die hande in sy hande. Dis harde hande dis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

net so groot soos syne. Sy hande is pienk en sag teen sy pa s'n. Hy maak soos aan die einde van flieks hy sit die een hand op die ander hand op die bors van sy pa se lyf. Die oë lyk soos die oë lyk as sy pa op die stoep sit en doer kyk in die verte in hy vra Wat kyk Pa sy pa sê Niks. Hulle kyk net hulle knip nie. Hulle kyk by die deur uit in die gang af. Sy pa se gesig lyk altyd soos iemand se gesig wat iets kort. Maar nou lyk sy gesig net niks. Niks kort nie. Hy wil nie die oë toemaak nie. Hy wil uitloop toe onthou hy toe kniel hy by die bed hy vou sy hande in 'n waaier. Hy maak die waaier toe. Hy bid. Seën Here wat ons eet. Laat ons nimmer U vergeet. Amen. Hy gaan sit op die werf op die plat rooi grond. Hy beweeg glad nie hy maak net af en toe sy hande vol grond. Soos water laat hy dit van een hand na die ander een toe loop. Watervalle grondvalle omvalle. Hy wil aan niks anders dink as die grond wat soos water is nie. Dit help nie. Hy weet hy moet na die kissie toe gaan. Die skaduwees het al gekom hy moet nou gaan. Hy sit al te lank hy staan op. Hy gaan trek sy groot stewels aan spesiaal vir hom gebou dat sy enkels kan reguit bly sy voete is groot en swaar. Massief is sy voete. Massief beteken donnersgroot sê sy pa. Daar is net een ding om te doen. Sy pa het hom al mos mooi vertel wat om te doen. Nou moet hy dit alles onthou en dit doen. Op sy eie soos sy pa gesê het dit sal wees. Hy moet na die kissie toe gaan in die studeerkamer in die linkerkantse boonste laai mos. Maar hy gaan nie nou al dit doen nie hy gaan eers alles anders inpak in sy groen rugsakkie en oom Smet gaan haal hy gaan vir hom sê Iets Het Gebeur. Sy pa sê altyd As Iets Gebeur.

*

Raait Bulletjie wat doen ons As Iets Gebeur vra sy pa sommer net na ete. Nie nou nie Pa. Kom Bulletjie wat doen ons. Komaan Pa. Sy pa sê niks hy kyk net. Pa moet eers omval. Net so donners dramatic soos jou ma sê sy pa en val van sy stoel af. Wat maak ons fluister hy. Hy spring op Ek gaan haal oom Smet. Goed ja maar moenie nou regtig nie. Wat volgende. Weet nie Pa. Wat dan Bulletjie. Gaan kry die klere en skoene en goeters. Reg. Mooi. En dan. Hy gaan sit op sy pa se maag hy sê Ek wil nie nou dit speel nie Pa. Wat volgende ou grote. Sy pa slaan hom kamma teen sy skouer. Die kissie sê sy pa. Hy sê Die kissie maar hy staan nie op nie. Gaan haal die kissie. Ja Pa. Hy bring die kissie kombuis toe. Pak uit Bulletjie. Sy pa lê nog al die tyd net so. Hy maak die kissie oop. Hy haal al die goeters uit dan moet hy sê waarvoor elke ding is. Tou. Vir as iets breek. Mes. Om goeters af te skil of reg te maak. Boek. Vir belangrike goeters wat hy moet onthou en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weet. Geld om goed mee te koop wat nodig is maar net goed wat nodig is. As hulle so speel is daar altyd 'n Bar-One ook in die kissie. Sy pa dink Bar-One is sy favourite tjoklit. Hy maak die papier oop met die mes. Die papiertjie is moeilik om te skeur met sy hande. Hy begin eet op sy pa se maag. Sy pa lag. Hy begin huil. Pappa moenie weggaan nie.

*

Hy gaan haal 'n trui hy sit dit in sy rugsak wat in sy kas is daarbo by sy pa se tasse. Sy pa sê altyd die Stad is donners koud en nat. Hy vat sy nuwe hemp ook saam. Net voor die voordeur is die voorportaal daar staan die klein boompie. Dit is een van die klein palmboompies wat mense in Shoprite koop vir presente vir tannies in die hospitaal of tannies wat meer hou van plantjies as tjoklits. Dit is die boompie wat sy pa in die bedding voor die stoep wil plant vir Bietjie Donnerse Groenigheid. Die boompie se blaartjies is soos gaar spinasie dit hang af teen die stammetjie af. Hy en sy pa eet nooit Saartjie se spinasie nie. Sy pa sê frikkadelle is sy favourite groente. Die plantjie is die groenste ding in kilometers behalwe die John Deere trekker sê sy pa want die skape eet mos alles en die Here vat die res. Al ander groenigheid wat die Here nie gemaak het nie is die Pierneefprent in die sitkamer. Sy pa hou van Pierneef want hy ken mos die land sê hy. Hy sit die boompie in sy rugsak dit wil nie in nie. Dit bly aanhou uitsteek by die ritssluiter. Nou lyk dit of sy rugsak blare het. Hy stap uit in die son in. Hy knyp sy oë toe. Die son maak hom te dom om te sien wat aangaan. Hy staan in die son hy is alleen. Hy begin stap oor die plat aarde.

*

Willem Smit, Wilhelm P. Smit soos hy homself as skrywer noem, voel moeg toe hy sy deur oopstoot en na buite gaan. Ennui. Die lug is wit, 'n leë bladsy. Die dooie wilger wag hom in. Sy terg die versugtendes met haar dun lyntjies skaduwee. Die grond is dodelik onder sy kaal voete. Rooi grond. Hy kyk oor die werf, die twee Alsatians wat op en af stap, die opstal met die breë stoep. O Boereplaas, geliefde sand. Die erwe van ons vadere. Tot in ewigheid Amen. Die plaat rooi klip honderd meter na die weste. Die skerp klippe wat nooit vergeef nie, wat nie mens duld nie. Waarteen jy jouself maar kan loop stukkend stamp sonder enige antwoord. Die bloed in daardie klippe is lankal drooggetap. Hy haal 'n pakkie Camels uit. Hy dink daaraan dat hy deesdae seker baie lyk soos daardie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

William Burroughs. 'n Leerderige vel oor bene, wit hare in sy nek, blou are oor die voorarms.

'n Valk kom sit op die telefoonpaal. Die sonbesies hou 'n oomblik op met hulle histeriese gesanik.

Sonbesies.

"Orde: Hemiptera. Onderorde: Homoptera. Familie: Cicadidae." Sy stem klink skor, gaar. Asof in antwoord op sy inkantasie begin die gesanik weer. Hy vloek en draai die rug op hulle. Verloor amper sy balans.

Hy kyk weer na die opstal ver aan sy regterkant. Dit is die enigste verwysingspunt op die oop horison, behalwe die windpomp ver na links en die klippe. Hy gaan sy klein huisie binne. Sy bywonershuisie. Hy kry die deur beet en slaan dit te hard toe. 'n Oomblik se duiseligheid. Hy haal die halwe bottel whisky uit. Hy gaan sit en wag vir woorde.

Sy tikmasjien onder die venster vang hierdie tyd van die dag die meeste son. Die gebleikte lint. Op die vensterbank staan 'n ry sonbesiedoppe. Twee lyk gekou. Langs die tikmasjien lê 'n koperraampie met 'n foto van Karel en die kleinkinders voor 'n vreemde huis. Die rooiwynvlek laat die gesigte vertrek. Die sleutels van die tikmasjien brand sy vingers. Hy skrik vir die pyn onder sy wysvingerpunte, sit terug in die stoel en wag. Daar is 'n dooie kriek voor hom op die grond. Orthoptera Gryllidae. Hy tel dit op en hou dit teen die son. Striduleerder! 'n Diep teug uit die bottel. Hy sit en skeur die bene een vir een af. Dan begin hy met die vlerke.

*

Iemand klop aan die deur. Hy skrik, stamp die leë whiskybottel van die lessenaar af. Daar is iets in sy mond. Hy spoeg 'n halfgekoude kriektorso uit, staan vinnig op met 'n boek in sy hand. Dit is die boer se seun. Die hand op die deurhandvatsel trek, soos altyd, sy oog. Hy kon nog nooit werklik gewoond raak daaraan nie. Die hande van Siegfried. Die voete en die hande, selfs die gedeelte tussen duim en wysvinger, is heeltemal geweb. 'n Padda op droë grond. Visman. Frats.

Hy maak die boek êrens oop. *Ons eie insekte*, deur Holm en De Villiers, 1983, Tafelberg. "Ja nee. Hier staan dit. Tipies van hierdie breë en droewige land, huisves ons 500 van die moontlik 6000 soorte dopluise."

Die vertraagde man lyk nie ingenome met die nuwe feit nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ek's nie honger nie," sê hy kortaf, te sat vir paddasang. Gesanik. Die sonbesies is weg. Dit is die seun wat hom altyd kom roep vir aandete. Hoe laat is dit?

"Oom Smet. My pa is dood Oom." Siegfried stap verby hom, die kriekproewende skrywer, die kamertjie binne en gaan lê, met sy gesig na die muur, op die staalbed. 'n Groteske fetus, knieë opgetrek, met 'n duim in sy mond en massiewe voete wat by die bed afhang. Die man is soos 'n platipus, gemaak van die dele van verskillende dinge, onmoontlik om te klassifiseer. Linnaeus sien sy gat. Of iets dergeliks. Of iets drekliks. Fokken Smet. Die vraag na benoeming. What's in a name anyway? Hy word al jare aangespreek as Smet deur die idioot. Landman sou darem seker sy seun verbied het om sy innoverende, onterende bynaam voor die slagoffer self te noem. Die kind is seker nie te blameer nie. Hy het elk geval nie nou krag om enigiets slim terug te sê nie. My pa is dood Oom. Wilhelm P. Smit gaan op Wilhelm P. Smit se onseker whiskyvoete uit, slaan die deur met 'n oorkompensasie van momentum te hard toe en steek weer 'n sigaret op. Die drommel moet maar slaap, dan kan hy later besluit wat om te doen, sodra hy 'n bietjie meer sober is.

*

Hy is op 'n bed. Watse bed dis nie sy bed nie. Sy bene is seer sy een hand slaap. Hy skud dit wakker. Komaan hand. Dis oom Smet se huis. Hy roep oom Smet. Die oom is nie daar nie. Hy moet huis toe. Hy moet nou studeerkamer toe. Die werf voel te veel tree. Hy is alleen. Hy sien die swart skip wat hom jaag sy bene stap swaar hy kan nie vinniger nie hy is amper daar die skip kom. Sy voet haak aan die trap. Nou is die huis nog donkerder. Die gang is lank en ver. Hy stap stadig na die studeerkamer daar om die draai. Die deur is toe hy sukkel met die handvatsel dis rond en glad Saartjie het dit te veel gebrasou. Hy sit die ganglig aan nou sien hy die handvatsel reg. Sy hand gly paar keer. Hy maak al sy vingers oop. Dan het hy dit vas. Sy webbe is half pienk om die handvatsel. Die deur maak stadig oop dit skree. Sy pa het vergeet om olie te gee. Daar is die lessenaar daar is die linkerkantste boonste laai dis toe die lessenaar staan ver daar anderkant. Hy stap op sy heel stadigste hy val amper om hy stap nie regtig nie hy loop nie eintlik nie hy wieg so vorentoe. Die mat is dik onder sy stewels sy voete voel dood. Die kamer ruik na stof. Hy gaan sit in die groot stoel voor die lessenaar. Hy ruik leer en olie. Hy maak die hortjies oop. Die lig kom in. Hy kyk na die Pierneef-prent teen die muur. Dis nie 'n regte ene nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar dis die mooiste een sê sy pa. Hy kyk na die groot boekrak al die stories al die boeke. Hy kyk rond in die kamer hy kyk na die dak en die lig wat daar hang dan moet hy kyk na die laai. Hy vat aan die laai se handvatsel. Dis oop. Hy kan dit maklik oopmaak. As hy wil. Sommer nou as hy wil. Sy pa sê As Iets Gebeur dan kyk jy in die laai in my lessenaar die boonste een aan die linkerkant. Sy pa sê hy moet dan alles vat daarin hy moet dan dadelik na sy oom toe gaan. Reguit na jou oom Bert toe hoor jy my. Hy sit sy hande op sy gesig hy vee op en af sy gesig al die sweet weg en die trane hy vee deur sy hare hy hou sy hande so saam vas hy druk hulle teen mekaar hulle word blou hy wil nie sy hand gebruik vir daardie laai nie. Hy sit. Hy wag. Hy sien die oom aangestap kom oor die werf hy gaan by die kombuis in. Die oom is in sy pa se kamer hy wil kyk na die kop vir die lyf sy pa kyk in die gang af weg. Hy knyp sy oë toe hy trek al sy lug in hy trek die laai oop. Dit val op die vloer. Daar is die kissie grys staal met 'n slot die slot is nie gesluit nie. Hy sit die kissie op sy skoot. Hy maak oop. Daar is geld in hy tel drie blou buffelnote. Daar is 'n knipmes. Daardie rooie van sy pa wat soos MacGyver s'n lyk. Daar is 'n rol dun tou. Genoeg tou kan alles regmaak sê sy pa. Daar is die boekie. Hy maak dit oop. Daar staan klomp goed in so los geskryf dat hy dit ook kan lees. Daar is te veel goed in die hele ding is vol geskryf met klein lettertjies. Hy gaan dit nie nou al lees nie. Hy gaan nog wag. Sy pa het dan nou-nou nog regtig gepraat. Sy pa het gesê Hierdie donnerse mooiweer. Hierdie keer is daar nie 'n Bar-One in nie. Sy pa het nie geweet hy gaan omval nie. Al die goeters in die kissie sit hy in die sak by die plant in hy maak die sak reg toe. Hy sit die sak op sy rug sy hande is deurmekaar met die bande. Sy arms is vas agter sy rug die bande van die sak hou hulle vas. Hy wikkel hy skud die sak reg. Hy ken die gespe hy druk dit in nou sit dit reg op sy rug. Ready steady go sê sy pa. Volgende is die badkamer sy pa sê Mens loop eers jou draaie voor jy weggaan. Die plant kry ook water dis ver Stad toe waar oom Bert is. Hy haal die sak weer af hy gooi die plant se bakkie vol water en sit hom weer in die sak terug by die ander goeters sy rug raak nat die sak is nat. Hy haal die rugsak af hy pak al die goeters weer uit alles is reg net die boek is nat die bladsye is vas aanmekaar. Hy sit alles weer in dit sal weer droog word. Mens kan altyd wed op droogte sê sy pa. Hy dink aan die Stad. Hy het nog nie eens prente gesien nie hy het al baie prente gesien van haaie en drake en dolfyne en kastele maar niks van die Stad nie. Hy het al paar keer die Stad gesien op televisie die klomp liggies sy pa sê Dis die stad in die nag maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit lyk nie regtig so as jy daarin is nie. Sy pa sê Liggies is net mooi van ver af. Sy pa sê Dis ‘n gemors en daar’s te veel mense en dis te alleen. Dis te groot en dis te klein.

*

Hy staan dronk oor die boer se lyk. Hy voel naar. Die paddafiguur se voetstappe stop agter hom. Die boer se oë is sonder opdrag.

“Ek moet nou gaan Oom.” ‘n Gewebte hand klou aan sy hemp. Dit trek meer as sy aandag. Dit trek hom in iets in. En hy is te dronk om te weet in wat in.

Wilhelm Smit kyk op. “Waarheen?” vra hy. Hy voel hoe sy stem ver agter sy gedagtes aantrek.

“My oom. Hy’s familie. Hy’s die enigste. My pa sê hy’s die enigste een van die familie wat nog leef.” Die manskind kyk grond toe. “Wat maar na my sal moet kyk. Hy sê altyd as. Iets. Met. Hom. Gebeur. Moet ek net my oom kry en hy sal help.”

“Kom. Hier moet jy uit.” Hy werk die kêrel by die deur uit, val amper self, en kyk weer terug in die boer se dor oë. Hy gaan maak die oë toe en trek die deur agter hulle toe. Dit is besig om skemer te raak. “Waar bly hierdie oom van jou?”

“In die Seestad. Sy naam is oom Bert. Oom Bert Fischer. Dis my ma se van voor sy my pa se van moes vat.”

“Reg.” Hy sien blare by die sak uit, oor die skouer, peul. “En die plant?”

“Ek wil nie hê hy moet ook dood nie Oom. Ek sal sorg.”

“Wie gaan saam met jou? Jy kan seker nie alleen nie.” Die gebeure is stadig besig om tot hom deur te dring. Hy hou klaar nie veel van wat hy sien nie. Of die groot kind ‘n week sonder sy pa op hierdie oorbekende plaas sal oorleef, is maar te betwyfel. En buite die plaasgrense staan hy geen kans nie. ‘n Unieke spesie. En ooglopend afhanklik van die een of ander vorm van simbiose. Parasitisme. Alleen sal hy nie kan bestaan nie.

“Ek moet na oom Bert toe.”

“Is jy seker van die naam?” ‘n Steek in sy kop elke keer as hy probeer fokus en dan nog die son reg in sy oë. Sy lyf ruk. Hy gooi op, ‘n plas deurskynende gal wat in die sand verdwyn.

Siegfried kyk ‘n oomblik heen en weer tussen hom en sy geaborteerde drank.: “Jig.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terwyl hy baie geïnteresseerd staar na die braaksel, gaan hy voort op sy dreunende, nasale toon: "My pa het my van hom al vertel in stories van waar hulle almal is in Atlantis."

Die ou skrywer kyk hom stip aan. Die ander paar oë kyk net so ernstig terug. Hy is nie so seker of die uiters wit Engelse skoonfamilie in Atlantis bly nie, seker dan maar êrens in Kaapstad.

"Nou kom. Ek gaan saam." Die mense sien daar niks nie van en fokweet wat ek ly, dink hy. Hy skud sy kop weg van 'n lastige laatmiddag vlieg, orde wat ookal. Sy hart klop in sy voorkop. "Het jy sy adres, sy foonnommer?"

"Pa sê dis in die boekie." Siegfried krap in sy rugsak en kom met 'n klein swart Croxley boekie, met die gewone rooi rugkant, te voorskyn. Hy oorhandig dit. Wilhelm Smit neem die pappery in sy hande. Dis 'n verdomde gemors. Die bladsye is aanmekaar vas, amper 'n pulp. Hy probeer die fyn letters ontsyfer op 'n bladsy wat lyk of dit nommers bevat. Hy is te dronk vir lees. Sy oë swem. Die bliksemse boek swem.

"Ons sal iets uitwerk." Hy gee die boekie terug. Die kind klap hom deur die gesig.

"Nou wat de donner…"

"Die vlieg het so by Oom se neus ingeloop."

"Reg. Maar ek sal myself klap in die vervolg." Hy skud weer sy kop. Nou effens meer sober. Hy klap homself. Hierdie keer is dit seer. Siegfried lag. Here tog.

Hy gaan terug na sy huis van die afgelope nege jaar. Pak 'n sak met twee stelle ekstra klere, 'n leë dagboek en skryfgoed, vier pakkies sigarette en 'n vol bottel whisky. Hy kyk na die vier boeke op die lessenaar. *Ons eie insekte*, Holm en De Villiers. *Gewone insekname*, saamgestel deur die Navorsingsinstituut vir plantbeskerming, Departement van Landbou-tegniese Dienste met die medewerking van die Landboutaalkomitee van die Taaldiensburo, 1963. *Insects and their World*, Oldroyd, 1960. *Fundamentals of Insect Life*, Metcalf en Flint, 1932. Hulle sal moet saam. Hy pak die boeke versigtig rondom die whisky om as buffers te dien. Buffers teen die grondpad, die reis.

'n Uur later staan hulle op die afdraaipad na die plaas en duimgooi. Hoe lank dan nou al op die plaas? Banneling, verraaier, droster. Hy let op dat die verbypad intussen geteer is. Jare se propuittrek op Hartebeesfontein. Die bordjie waarop die plaas se naam staan, swaai met 'n skreegeluid heen en weer aan die paal in die ligte windjie. Hier in die groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oopte voel hy soveel kleiner. Twee miere, orde Hymenoptera, familie Formicidae, op reis oor ‘n … ‘n groot plat ding, of iets. Daar is nie ‘n wolk in sig nie. Net die rooi son wat stadig deel word van die rooi grond.

*

Hy, smetsmit, het net meer as nege jaar van te vore op die plaas aangekom. Hy het ’n plek gesoek wat stil was. Sonder enige invloed van buite. Om soos die ander grotes nagte te wag en waak op magiese deursuiwering. Hy was sat van mense rondom hom. Tussen mense was hy altyd onder druk om iets te produseer. ’n Verhouding, standvastigheid, ’n vrou. ’n Boek. Met net die klein toelagie wat hy elke maand van sy seun Karel kry en die werkloosheidversekering, kon hy nie ’n gastehuis bekostig nie. Toe hy verby die plaas ’n paar kilometer buite ‘n klein karoodorpie ry en die naam “Doerkyk” sien, het hy dadelik ingedraai. Hier kon jy tot in môre sien. Geen verrassings sou hierdie mense onkant betrap nie.

Die boer, wat homself voorgestel het as Jan Landman, was vriendelik, het hom die voorman se huisie aangebied om te huur. Hy moes die voorman laat gaan toe hy nie meer die salaris kon bekostig nie. Die huisie het bestaan uit ’n sinkdak, slaapkamer, klein sitkamer en toilet. Hy sou drie etes ’n dag by die opstal kry, ’n aanbod waarvan hy selde gebruik gemaak het. Die bediende Saartjie maak lekker kos, maar hy was nooit wakker vir ontbyt nie. Teen aandete se kant het die whisky hom nie toegelaat om die kamertjie te verlaat nie. Dan het hy die bord koue middagkos wat voor sy deur op die trappie gestaan het, toegemaak met ’n ander bord, binnegehaal en gepik aan wat die miere oorgelos het.

Hier sou hy sy boek uiteindelik kon skryf, hier in die kaal oopte. Hier waar alles duidelik was en die oog se keuse beperk was tot blou en rooibruin. Dit was nege jaar gelede. Die lug en die grond se kleure was nog dieselfde. Sy boek het ’n siklus gevolg deur verskeie metamorfoses van plot en karakter, tot maar net weer terug waar dit begin het, met net ‘n vae gedagte wat elke paar dae verander en waarvan niks ooit neergeskryf is nie. ’n Klomp aaneengerygde sinnelose toneeltjies wat later so bekend was, dat hulle net woorde op papier was in ’n vreemde taal; net vae vorms teen ’n wit agtergrond. Hy het agtergekom dat as jy lank genoeg na ’n sin staar dit alle betekenis verloor.

Hy onthou die dag voor die tikmasjien, jare gelede, die Februarieson besig om hom biltong te maak. Hy onthou hoe hy sit en wag het, sit en staar het na die kaal papier in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tikmasjien ingerol. Papier gereed vir besmetting. Dit was daardie middag wat hy die boeke onder die bed loop uithaal het, die vier insekboeke van die vorige inwoner, waarskynlik 'n amateur entomoloog in sy vrye tyd. Hy het die name van die insekte oor sy tong gerol. 'n Nuwe inkantasie wat hom beter laat fokus het. Die eerste lys wat hy kon opsê, was die B-insekte: Balblommaaier, Balbyters, Bamboesboorder, Bamboesdopluis, Barbertonmadeliefievlieg, Baskewer, Beesbrommer, Beesluisvlieg. Altyd een of twee oorgeslaan, maar dit was van geen belang. ‘n Paar maande later kon hy gedeeltes uit die boeke aanhaal, steeds sonder enige storie. Hy het 'n paar idees gekry, maar die karakters was ontbrekend. Die insekboeke was gerusstellend. Die lyste name mantras teen paniek. Alles klaar gelys en met 'n naam. Hy was verlief daarop dat alle lede van 'n insekspesie dieselfde optree, lyk, eet en beheer word. Dit maak dit maklik en veilig om hulle te bestudeer.

*

Daar was geen verkeer nie. Hy het aanhoudend op en af in die verlate pad gekyk. Siegfried het reg in die son gestaar. Atlantis. ‘n Stad onder die see. Die boer het ‘n punt daarvan gemaak om die kind soveel stories in te prop dat die ding seker al daarvan oortuig was dat daar 'n paar drake of reuse net anderkant die plaasgrense bly. As die mannetjie, met al die stories in daardie kop, eers êrens gehoor het dat daar ‘n plek met die naam Atlantis naby Kaapstad is, sou dit nie lank wees voor Kaapstad onder die water verdwyn nie.

Bert Fischer se naam was nie in die telefoonboek van ses jaar gelede wat in die gang op die embojastoel gelê het nie. Die informasiesentrale was van nog minder hulp. Die vrou wat geantwoord het se derde taal was miskien Engels, maar sy was ongelukkig nie tweetalig nie.

Hy sou een laaste keer probeer. Daar was ‘n jong man se stem aan die anderkant van die lyn.

“Ja. Ek’s opsoek na Bert Fischer. Kaapstad… Ja. Bert. B E R T. … Wat? … Nee, net Bert. Ek sal mos weet as dit Robert is.” Hy het ‘n oomblik twyfelend gekyk in Siegfried se rigting, wat net sy kop staan en skud en met een voet na ‘n kluit geskop het.

Net Bert dan. Hy moes self sy kop ‘n paar keer skud dat die oë beter kon fokus. Sy tande was nog wollerig van die opgooi. Daar was ‘n hoofpyn wat nie saam wou werk met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

son nie. Hy was naar. Daar was iets aangrensend aan spyt oor die liter whisky van die vorige sestien uur. Dit sou help as een van hulle kon reguit dink

"Wat?... Nee nie RJ nie. ... Luister jou klein kaasmaaier ... klein kak: Bert Fischer. Hy moet daar êrens wees. Wat? ... Die bliksemse man kan mos nie net verdwyn nie."

Die lyn was dood. Hy het hom verbeel hoe die moffie huil op die Afrikaansgestremde vrou se massale skouer terwyl sy hom troos in vreemde tale. Die lyn was dood. Die pad is gebore.

"Ons moet nou maar maak soos beesmis en in die pad val." Siegfried het effens gelag vir sy grappie. Toe skop hy maar weer kluite.

*

Hy lag nie lank vir die oom se grap nie dis nie snaaks nie. Hy skop nie hard genoeg nie. Die kluit breek nie. Sy hart voel leeg sy perde is weg.

*

En nou staan hulle twee hier langs die stowwerige pad met die plaas se naambordjie wat soos 'n ou vrou skree aan die ketting. Op pad. Godweet waarnatoe.

*

Na omtrent 'n halfuur stop 'n bakkie. Die man agter die snor agter die stuur draai die venster af. "Waarnatoe Manne?"

"Stad toe Oom," sê Siegfried. Dit is sy eerste woorde sedert hulle hier begin wag het. Sy stem klink dieper.

"Meneer, eintlik net na die naaste dorp as dit moontlik is. Om 'n bus te haal of 'n trein of iets." Smit probeer normaal praat, maar die whisky is nog te dik in sy bloed en sy stem. Hy voel effens duiselig. Die man in die bakkie kyk na Siegfried se hande toe hy die sak van sy rug afhaal.

"Jy's mos Landman se seun." Dan effens bekommerd: "Waar's jou pa?"

"Dood Oom. Vanoggend." Die seun se kalmte is verontrustend, 'Die windpomp is stukkend', 'My pa is dood'. Daar steek meer in die mannetjie as wat dit lyk.

"O Here." Die man trek sy snor, sy hele gesig verfrommel soos hy konsentreer. "Kyk, ek ry plaas toe. Ry saam. Julle eet daar dan praat ons verder." Hierdie man maak net belangrike besluite op 'n vol maag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy stel homself voor: "Wilhelm P. Smit. Skrywer en insekkenner. Aangenaam." Die man se hand is staal.

"Hannes Bloch. Skaapboer." Hy merk 'n geamuseerdheid by die man.

Die res van die rit sit al drie voor in die bakkie. Behalwe vir 'n af en toe se "O Here" en 'n gepaardgaande skud van die skaapboer se kop, sê nie een 'n woord nie. Hy kyk uit die hoek van sy oog na Siegfried. Die idioot kyk voor hom. Dis iets om na te kyk. Die pad. Die laaste bietjie son.

As hy kyk sien hy nie die pad nie. Hy sien die voorruit. Termiete, muggies en sonbesies vernietig hulleself teen die voorruit van die Hilux. 'n Edele maar futiele verset.

*

Hy ken nie die oom wat hulle oplaai nie. Daar kom min mense by sy pa kuier sy pa gaan min kere uit. Net as hy dorp toe gaan. Hy gaan nie saam nie. Die dorp is te deurmekaar. Die snoroom is vriendelik en groot. Hy hou van teen die venster sit nou kan hy die pad sien en die grond en die skape en die bosse langs die pad. Hy hou daarvan om by vinnige ryende ruite uit te kyk na al die dinge. Alles gaan vinnig verby hulle is nie eens meer regtig goeters nie net strepe bruin en rooi en vaal. Hy wil slaap tussen die strepe hulle draai by 'n hek in. Die snoroom sê hy moet die hek oopmaak. Die deur kan nie reg oop nie. Die handvatsel is dun hy kan nie sy vinger om die stuk plastiek wat die handvatsel is kry nie. Oom Smet wat saam met hom na oom Bert toe gaan maak die deur oop. Nou kan hy uit. Sy pa se bakkie se handvatsel is so snaaks gesoldeer dat hy dit kan oopmaak as hy wil. Hy is uit nou sukkel die hek ook. Hy sukkel om die kringdraadjie van die hakdraadjie af te lig om die hek oop te maak. Sy hande is dom met hekke. Die oom raas nie. Die oom sê net Ag Here tog. Sy pa laat altyd vir OuBen of Alfie hekke oopmaak. Die huis van die oom is lelik. Die huis is vaal en groen met ronde venters die huis het 'n plat dak. Daar kan nie eens 'n solder wees waar al die ou goeters kan staan onder lakens en komberse nie. Sy pa sit al die goeters wat hulle nie nodig het nie op die solder. Mens wil nie hele donnerse tyd oor alles val nie sê hy. Hy speel partykeer met die fietse en panne en messegoed en goed. Al die nodelose stront sê sy pa. Die huis is baie groot maar daar is nie 'n stoep waar sy pa in die aand kan sit nie. Hulle stoep se sement is baie koud al is dit warm. Baie middae slaap hy op die stoep dan sê sy pa hy is nie 'n werker nie. Sy pa sê 'n boer moet 'n stoep hê sodat hy sy grond kan sit en bekyk. Sy pa sê as mens na al die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fokkol kyk dink mens aan nuwe stories. Daar is 'n vuur wat brand dit ruik na braai. Daar is 'n jong oom wat met die rooster werk. Siegfried mag nooit die rooster werk nie. Hy is bang vir vreemde mense hulle lag. Oom Smet sê hy moet uitklim. Sy pa sê Oom Smet maak stories vir 'n werk en bad nie baie nie. Sy pa sê dis nie 'n regtige werk nie. Sy pa ken baie stories maar hy sê dis nie hy wat hulle uitgedink het nie hulle is al baie oud.

*

By die plaas aangekom is 'n vuur aangesteek, 'n jong man is besig met 'n rooster. Die geforseerde rituele van groet en bladskud kom onder weg:

"Naand Pa." Die kind se gesig is 'n vulkaniese berglandskap met etterkeële. Een van die korste is aan die oopbreek op sy linkerwang. 'n Dun straaltjie bloed. Hy kom agter Siegfried is ook aan die staar. Die paddaman krap aan sy eie wang, maar knip nie 'n oog nie.

"Naand, ja. Dis my seun. Hans, groet die mense."

"Ja Pa. Naand Oom. Naand Siegmund."

Hy mompel: "Naand naand maaiernaaiers." Hulle hoor wat hulle wil.

"Siegfried," sê Siegfried. Almal lag. Hy wonder hoe die jong Bloch sy bek so ver kan ooprek sonder dat hy een van die korste breek.

Siegfried word deur die ettergesig weggesluit in die TV-kamer, die idioot so gou moontlik verwyder. Die boer neem hom eenkant en vra of hy oraait is, "ou Maat." Ek is nie julle blêrrie maatjie nie, sê hy amper. Weer 'n cliché-matige ondervraging na sy algemene fisiese en psigiese welstand. Hy sê hy voel soos 'n mier op 'n skoon bord. Die boer grinnik en stop 'n bier in sy hand. "Wat gaan jy doen met daardie skepsel? Hy kan mos nie na homself kyk nie." Die goedhartige afkraak begin: Die arme dom patetiese donner.

Hy wonder of hy sy stem nou al heeltemal sal kan hanteer, maar stilbly sal minder oortuigend wees. Hy verduidelik kortweg, kortaf. Die boer steek 'n Chesterfield aan en gebied hulle om oor te slaap. Hy hou die pakkie uit na Smit. Hy bedank; hy's te naar vir rook. Die rook van die boer se sigaret werk op sy kiewe. Hy sluk gal weg. Meer bier mors teen sy keel en in sy hemp af as wat in sy droë mond beland. Die boer bekyk hom met een oog toe. Hy voel geweeg, hy voel geoordeel.

"Hoe goed ken jy hierdie mense, die Landman en sy kind?"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Bly maar daar. Op die werf. In die huisie." Hy besluit om die sinne kort te hou. Vermy komplikasies en die struikel oor uitdrukkings, die verdwaal in metafoor.

"En die ma van die kind? Weet jy iets van daardie storie af?"

"Niks." Nog 'n sluk bier val op sy bors. Hy sit die blikkie op 'n kabinet wat gerieflik byderhand is. Bloch kyk na die blikkie, 'n diep frons vorm.

"Ja nee." Bloch sê iets oor die aard van plaaslewe, van stories wat loop. Hy kyk na Smit vir ondersteuning.

"Ja. Nee. Het jy dalk 'n glas?"

"En die mannetjie se naam darem ook. Siegfried. Eienaardig vir hierdie deel van die wêreld." Die boer lag uitbundig, tel die blikkie van die kabinet af op en vee met sy mou oor die nat kring. Hy gee die blik terug in sy hand.

"Voor die vrou weer kla," maak hy verskoning.

Bloch wys hom 'n stoel om in te sit.

En jou kind se gesig darem. Eienaardig dat sy hele donnerse kop nie oopbars van al die Calvinistiese etter wat julle daar inprop nie. Die krake begin klaar wys, dreig Smit om te sê terwyl hy bier van sy ken probeer oplek.

"Dit het darem gelyk of die twee heel goed oor die weg gekom het, so sonder vrou, jy weet." Die boer lag senuweeagtig. "Siestog."

"Hmm," voel Smit homself sê.

"Die mannetjie was seker ook nooit van veel nut op die plaas nie." Bloch kyk deur die venster na waar sy seun staan en braai. "Ten minste seker 'n verskoning gehad. Daardie een wil mos niks weet van die plaas nie. En die vrou is afgebind."

"Ek het nooit die vrou geken nie. 'n Nes sonder 'n koningin verval gewoonlik in chaos." Hy verander die onderwerp vinnig, voor hy nog moet hoor oor die vrou se opgeneukte voorplantingsisteem.

Die boer lyk ingedagte. "Ek moes meer as een maal dele van sy grond koop. As hy dan later weer die kapitaal gehad het, het hy hier en daar 'n stukkie teruggekoop. Maar dit was maar 'n agteruitboerdery daardie. Hulle sal nie veel vir die plaas kry nie. Met die wolpryse wat dit is." Hy sug diep en neem 'n sluk brandewyn.

"Dit is tragies dat die mens nie soos die Britse Embioptera spesie onder klippe kan bly nie … my Maat."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ja nee."

Hy kyk uit na die werf. Dit voel of hy staan op 'n landskap van aknee.

"Ek hoop jy sorg goed vir die mannetjie. Ek voel half verantwoordelik. Ons mense staan saam." Bloch dink 'n tydjie na. Dan lyk dit of hy iets onthou: "Laasjaar by die vendusie was Landman effens gesuip daar in die biertent die middag. Kallie en van die ander Malherbes het gesit en strontpraat oor die plaaslike moroon toe hy opspring. 'Dis donnerswil my seun en julle los hom donnerswil uit!' in daardie hees stem van hom. Die gespuis was gou stil." Bloch glimlag effens. "Later kom sit hy daar by my en Visagie. 'Verstaan die bulletjie nie aldag nie. Hy lewe maar soos die winde waai en die bossies staan. Maar dis donnerswil my seun,' sê hy toe. Groot woorde daardie." Die boer sug weer. Hierdie keer met nadruk. "Ons praat weer Vriend. Ek gaan kyk net gou dat daardie mannetjie nie die vleis verkool nie." Hy klop Smit op die skouer en verlaat die vertrek.

Hy sien 'n duisendpoot teen die muur opgekrul lê. Hy skraap die spiraal van die muur af en sluk dit weg met die laaste bier.

*

Hy is nog klein hy speel met sy pa. Hy sit by die televisie in die lelike huis opgekrul dis koud al die vensters is oop. Hy is klein hy is op sy pa se skoot. Hy hoor die perde hardloop daarbinne in sy borskas. Hy ruik die sweet en die tabak. Sy pa sê perde galop. Hy ken sy pa se gesig dis bruin dit het klomp swart hare bo op wat baie krul en groot ore en dun oë sy pa sê hulle kruip weg vir die son. Sy pa se arms is groot en bruin onder die hemp is hy wit dit lyk of hy 'n wit hemp dra as hy nie 'n hemp aan het nie. Boereten sê sy pa. Sy kop is teen die bors hy hoor die perde galop al hoe harder en vinniger iets gryp sy skouer dis die jong oom met die afdopgesig Wat maak jy. Mind jy as ek sit. Hy kyk nie televisie nie hy probeer net nie dink aan die lyf wat daar op die werf lê nie hy tel hy sê die alfabet op hy noem name van die mense in sy pa stories hy luister vir die perde die televisie raas. Die perde is nie meer daar nie hulle galop nie meer nie hy hoor net die televisie hy sien die lyf lê op die werf. Dan lê dit in die kamer. Die oë knip die kop kom regop die oë is oop hy skrik hy is wakker. Hy sien die groot swart skip wat hy sien as hy droom dit maak hom koud voel sy lyf is pap hy kan niks maak nie niks skree nie dis net die groot skip by hom.

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As hy tydens sy lang dae van woordsoekery oor die plaas gestap het, het Smit baie maal vir Siegfried raakgeloop by die dam. Hy was gewoonlik besig om selfgemaakte bootjies op die bruin water te laat vaar. Blare, stokkies, bas. Hy wou altyd uitvind presies hoe hy met daardie hande, wat skaars vuiste kon maak, dit kon regkry om die fyn bootjies te maak. As die wind waai het hy hulle almal in die water gesit en gekyk hoe hulle vaar. Hy sou nie opstaan voor die laaste een gesink het nie. Ander kere het hy met sy knieë onder sy ken opgetrek gesit en staar hoe die modderwater klein brandertjies maak as die wind waai. Nooit het hy hom sien swem nie. Dit was asof hy 'n soort respek vir soveel water gehad het, te veel om homself daarin te begeef. Omring deur hierdie halfwoestyn, was dit seker die laaste water waarvan hy geweet het wat nog nie deur die sand opgevreet is nie.
Hy het eendag teen die waldam gelê en die idioot dopgehou. Die lang maer vingers. Die absurde geduld. Die webbe. Tyd het stilgestaan by die dam daardie dag. Net die son het bolangs beweeg.
Die bootjie breek middeldeur as die hoofmasstokkie in die bas gedruk word. Hy staan op, gaan haal nog bas, begin weer die skuurproses teen die klip, sodat die bas soos 'n boot begin lyk. Dan is dit die skerpgemaakte stok se beurt om die boot uit te hol. Daar breek 'n sy van die boot waar hy te veel uitgehol het. Hy begin oor. Met dieselfde hipnotiese ritme. Hy sit sy skepping in die water en stap terug, versigtig, om nie die water, selfs op 'n afstand, te versteur nie. Met ingetrekte asem gaan sit hy op sy hurke en hou die vaart dop, hoe dit dobber, hoe dit die deinings vang, en dan meer as 'n halfuur later, hoe dit sink. Siegfried het opgestaan en nog 'n stuk bas van die boom langs die dam gaan aftrek. Altyd tyd vir nog een. Altyd tyd om van voor af te begin. Om iets te maak en dit te laat sink. Hy het die stuk bas teen die klip begin skuur. Hy het opgestaan en weggestap met nat oë. Hy het alles in sy pad geskop en gevloek. Met sy hande in vuiste het hy sy tikmasjien gedonder. Hy het aan die drink gegaan. 'Die vertraagde moroniese idioot met sy paddahande kan net fokken bootjies maak wat sink', het hy getik. 'Maar ek kan', het hy ook getik. Hy het nie die sin klaar gemaak nie. Hy kon nie. Hy het die bottel gegryp en op sy bed gaan lê.

*

Hy en EtterHans staan buite by die vuur met glase whisky. Die vent krap aan sy ken, waar 'n paar verlore baardhaartjies deur die vulkane beur. "Oom lyk bietjie gekuier," sê

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy smalend, asof dronkenskap enige grense van ouderdom en die gepaardgaande respek afbreek.

"Ek sukkel om te slaap." Hy onthou hoe hy in sy dronkenskap die H, E en M van sy Hermes-tikmasjien se naamplaatjie afgekrap het. RES het oorgebly. In medias res. In medias grond. In medias bugs. In medias stront.

Die arrogante bliksem kom agter hy staar na die rotstuin op sy wange. "Het Oom nie 'n kar of iets nie?"

"Verkoop." Die mannetjie lyk verward.

"Het dit nodig nie. Ek wou nêrens heen rondfoeter nie."

Die twintigjarige puber krap voort in stilte.

"Wat's Oom se regte naam? Pa sê almal noem Oom Willie Smet."

"Wilhelm P. Smit."

"Waarvoor staan die P.?"

"Niks nie. Dis net 'n letter."

Nog 'n stilte. Hierdie een langer.

"Rook Oom dagga?"

"Dit sal gaaf wees."

*

Die bank is diep hy sak weg. Hy wil in sy eie bed slaap met al sy kussings sy pa sê hy gaan sy nek nog aflê op al die kussings dis lekker om die kussings so reg rondom hom te pak dan kruip hy tussen hulle in. Sy bed is baie groter as sy pa se bed. Sy pa sê dit was eers sy en Ma se bed maar Siegfried moet liewer daarop slaap. Dis 'n dubbelbed. Sy pa se bed is smal en hard. Die matras het so duik in die middel. As hy daarop sit dan voel hy die planke van die bed. Sy pa sê dis beter vir sy rug. Sy pa sê as 'n man se rug eers gebreek is dan is hy in sy moer in.

*

Die boer se seun stap na die skuur, hy, die kenner van insekte en sporadiese woorde, agterna. Hans steek 'n daggasigaret aan. Hy sê hy het dit van die universiteit af gebring. Die dwelm laat hom ontspan. Hy onthou 'n storie wat hy eens op 'n tyd wou skryf. Na die 'joint', soos die Oil of Olay velletjie die gerolde sigaret noem, klaar was, het Velletjie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besluit om in te gaan, want dis "cool om stoned TV te kyk". Hy soek 'n gehoor en drentel agterna.

Toe hulle saam met Siegfried in die TV-kamer met 'n bottel wyn opeindig, vra hy vir Velletjie wat hy nou eintlik doen.

"Studeer tale by UCT." Die mannetjie is skielik nie meer so spraaksaam nie. Die boer en sy vrou is besig by die vuur en in die kombuis. Hy sal homself maar moet vermaak vanaand. Na nog twee biere en 'n groot sluk uit 'n glas witwyn, het hy moed om sy storie te vertel. 'n Student sal waardeer waarmee hy besig is, selfs miskien hierdie vent. Dit verg 'n sekere agtergrond om hierdie verhaal te begryp op meer as een vlak.

"Ek's besig met 'n storie," sê hy, hy noem nie die feit dat hy reeds op skool die idee gekry het nie. Hy swaai sy glas in die lug, wyn val op die dik mat. Dis tog die idee wat tel. Solank hulle idees bly en niks meer nie, pla hulle niemand nie. Hoef hulle niks te bewys nie. Hy sluk die glas leeg en gooi 'n nuwe.

"Jis?" Velletjie is betrokke by die TV. Smit gee nie om nie. Dis nou of nooit.

"Daar's hierdie jong man, omtrent jou ouderdom. Ouer miskien. O ja wag, die hele ding begin uiteraard met 'n aanhaling. Ek dink dit het gekom uit 'n middeleeuse teks oor die alchemie. Ek is nie meer seker nie." Hy neem 'n sluk wyn. Stort daarvan op sy broek. "Ek was nog altyd mal oor aanhalings." Hy giggel. Hy het laaie vol aanhalings uit boeke gehad. As hy kon, sou hy elke paragraaf, elke sin met 'n aanhaling begin. Net om sy woorde bietjie gewig te gee. Hy het nooit 'n storie begin skryf voor hy nie 'n gepaste aanhaling gehad het wat hy onder die titel in skuinsdruk kon sit nie.

"Alchemie is mos daai bullshit van die philosopher's stone. My prof sê dis 'n versteende drol."

"Sê jy."

Hy onthou hoe moeilik dit was om al die mitologiese verwysings wat hy wou gebruik, op te spoor. Hy wou nie bekende name gebruik nie, anders sou die simboliek te geforseerd wees. Hy wou dit 'n grootse werk maak met 'n ingewikkelde netwerk van verwysings en legendes. "Uiteraard ken jy *The Waste Land* van Eliot," sê-vra hy die student en maak reg om te verduidelik.

"Classics I. Nee, ook Engels scheme ek," sê EtterHans met die een oog op die skerm. Daar is 'n kaal, effens pienk vrou. Hans por Siegfried in die sy. "Hoes daai Friedrich?"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Siegfried," sê Siegfried.

Hy sluk aan sy wyn en sit weer terug in die groot leerstoel. Die vrou op TV is besig om nog klere te laat waai. "Ek wou uiteraard met die verhaal onder andere iets sê oor die moderne mens se mislukte soeke na 'n graal. Dit sal gestruktureer wees in die vorm van 'n sogenaamde soektognarratief. Die graalridder gaan egter ten gronde."

"Deep man." Hy besef te laat die snotkop praat nie met hom nie. Die aanmerking was in reaksie op die woorde van die kaal wyf op TV: "Why do you want to make love to me now, after all this time," vra die kaal man.

"Because you want to save the world," kom die antwoord.

Julle almal se moere. Hy haal een van sy insekboeke uit sy rugsak. Hy lees daaruit voor. "Het julle geweet dat mierkewers 'n stof afskei in miemeste wat dieselfde uitwerking op miere het as heroïne op die mens? Die miere offer selfs hul kleintjies op, sodat die kewer langer in die nes bly en sodat die miere nog van die sogenaamde mier-heroïne in die hande kan kry." Niemand is beïndruk deur die feit nie.

Hy voel dat die student vir hom lag. Nie eens aanhalings uit Mallory sal hom nou red nie.

"My hoofkarakter, steeds naamloos, gaan op die een of ander reis deur metafore. Tot 'n draak hom opneuk. Miskien moet dit in die genre van wetenskapfiksie geskied. Of 'n apokalips. Of 'n totale fokkop."

Die student trek vreemde gesigte terwyl hy na die sekstoneel staar. Die televisie-akteurs se handelinge herinner aan miskruiers se paringsgedrag. Miskruiers is in Egipte as heilige diere gesien. Volgens hom jaag hulle net kak aan. Hy wonder hoe lank dit gaan vat voor die studentikose ettergesig hier by hulle sy broek gaan losmaak en begin draadtrek. Hy het die idee, dink hy, maar kort nog die storie, die karakters is net name, partykeer seker net slegversteekte mites. Maar hoekom aandag gee aan karakters wat jy in elk geval net gaan vernietig?

*

Aan tafel, die boer aan die kop met sy familie aan die regterkant en die gaste aan die linkerkant, word nie veel gesê nie. 'n Familie wat nie voor gaste baklei nie en dus niks vir mekaar te sê het nie. Die vrou kyk aanhoudend na Siegfried. Sy het duidelik haar beste eetgerei uitgehaal vir die gaste. Lepels, vurke en messe, almal met die bekende apostel-motief gegraveer op die stele. Afrikaner kitsch uit die boonste rakke. Hy is bekend met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie optrede van huisvrouens: Toe haar man haar vertel van die tragedie, het sy besluit dat die agtergeblewene vanaand net die beste sal kry. Dus: braaivleis en aartappels met witsous en wortels in daardie sieksoet sous. Op een of ander manier glo sy, en miljoene soos sy, dat dit sal help om die pyn en wanhoop te verlig. Sy kan dit egter nie wegsteek dat sy ongemaklik voel in Siegfried se teenwoordigheid nie. Om sake te vererger eet hy met sy hande. 'Met daardie vreeslike hande, die arme bloedjie,' lees hy die vrou, vir hom niks meer as 'n karikatuur nie, se gedagtes.

Vir die eerste maal let hy ook op hoe die paddaman eet. Hy lyk soos 'n groot dier wat met fyn bewegings van sy hande die kos by sy mond bring. Hy maak sagte steungeluidjies terwyl hy eet.

Dit is 'n ondenkbare, ondraaglike situasie. 'n Gewebte man wat insekagtig met sy hande eet, die boer en sy vrou wat hulle vurke laai met dooie skape en knolle en wortels en dit alles saam in die mondgate indruk. Met groot wit lapservette die kos wat effens by hulle monde uitpeul, afvee. Die spoeg wat spat as hulle praat. Die fyn stukkies kos wat saam met die kos op die tafeldoek beland na die een of ander sinnelose stelling van meegevoel. Smit kan hoor hoe die boer se maag protesteer teen alles wat daar ingeprop word saam met die Castle in sy regterhand. Die skubgesigkind sit en speel tromme met die vurk- en mes-apostels. "Lekker," laat die boer van hom hoor. Hy sien hoe 'n aartappel amper sy ontsnapping maak as die mond oopgaan. Die vrou begin met alle mag te suig aan 'n murgbeentjie. Die slurpgeluid laat hom ril. Hy voel naar, maar dwing homself om te eet. Hy gaan dit nodig kry. Die vrou suig asof sy 'n punt wil maak. Dan gee die murg op en skiet haar mond in. Sy begin verstik.

Hy sluk sy wyn weg. Gooi nog. "Kry vir jou," mompel die boer en hierdie keer glip 'n pappery wortel uit en beland op sy hemp. Hy vee met 'n dik vinger die oranjerooi sous op en druk dit terug in sy mond. Die vrou oorwin finaal die murg en spoeg dit op haar kleinbordjie. Sy begin dadelik suig aan die volgende tjop terwyl sy blosend verskoninkies mompel.

Smit weet hoekom hy hou van insekte. Hy weet hoekom hy nie by mense wil bly nie, en nog minder saam met hulle wil eet. Hy dink aan hoe fyn insekte vreet, hulle gestileerde suiers en mandibels. Hoe sag hulle suig en tas en skeur.

Die vrou breek skielik die ondraaglike stilte: "My kind, wát het met jou hande gebeur?"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Siegfried antwoord onmiddellik: “My ma was ‘n meermin Tannie.” Bloch verstik aan ‘n stuk skaap en moet kombuis toe gaan vir water. EtterHans laat val sy apostels.

“O,” sê die vrou. Haar gesig en nek word rooi. Dit lyk of sy ekseem het om haar keel. Sy herinner aan die een of ander komododraak of reptiel met die kleurvolle velle onder die ken om aanvallers af te skrik. Die natuur en sy pragtige verdedigingsmeganismes. Selfs by die vroue van grondeienaars.

“Ek het die hande van haar geërf. Sy het nie sulke hande gehad nie net ‘n visstert as sy nat word. Nou het ek ook amper vinne. Sy kon nie lank op die droë grond bly nie. Ek kan want ek’s half pa en half ma. Maar ek hou van water. Sy kon nie lank op die plaas bly nie. Dis baie droog.”

“Shit. You said it man!” Hans Puis Junior gooi sy wynglas vol bier en drink dit leeg in een sluk. “My buddies sal jou dig. Go Gysbrecht Go.”

“Hans. Mens praat nie so nie. Die man is in skok. Los hom donnerswil uit.” Die baas van die plaas is terug met hernude gesag om die situasie te hanteer.

“Waar het die kind so leer praat aan tafel? Ons moes hom nooit stad toe gestuur het nie. En nog minder na daardie Engelse universiteit. Daardie mense is mos maar ‘n ander spesie.” Die vrou is nou ook op haar perdjie. Daardie paragrafie wou sy seker al lankal uiter en het dit gehou vir die regte geleentheid. Die velle word weer wit.

“Nie Gysbrecht nie. Siegfried,” sê Siegfried.

Die vrou vergeet van die gebruiklike warm poeding wat sekerlik in die kombuis staan en knip die ete kort. Sy neem die halfgeëte borde kombuis toe en mompel ‘n “ag shame”. Die servette vol diereresteste sal seker wasgoed toe moet gaan. Hottentotsgotte los geen oorblyfsels nie. Hulle eet tot die vlerke.

*

Hy is wakker sy bed is nat iets proe in sy mond dis miskien mossels. Hy weet nie hoe mossels proe nie maar hy het nie ander goeters onder die water geëet nie. Hy het gedroom van sy ma. Sy was soos Venus. Sy kom uit die see uit met ‘n vis-onderkant wat bene word sy hardloop na sy pa toe. Sy pa het haar by Hartenbos ontmoet toe hy jonk was sê hy. Sy pa het hom vertel van Venus hy sê sy ma was soos sy. Hy droom van haar onderwaterkasteel daar’s die seewier in die potte alles is stadig alles vloei alles gebeur sonder geluide. Die kasteel is ‘n huis onder die water dit het nie ‘n dak nie daar’s net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

orals water. Die onderwaterhuis is soos sy pa se huis net sonder die dak. Daar's nie meubels in die seehuis nie. Sy pa sê die mense daar onder eet net mossels en die kinders ry op seeperde. In sy droom sit sy ma met 'n visstert langs oom Bert sy speel op 'n kitaar. Hy droom oom Bert is koning onder die see. Oom Bert het 'n lang wit baard. Sy ma gee hom mossels in 'n bakkie sy vat aan sy arm sy sê Hierso Paddatjie. Alles raak nat en warm.

*

Bloch laai hulle af op die dorp. Net toe die bakkie uit sig verdwyn, stap hy oor die straat na die drankwinkel. Siegfried begin rondkyk vir 'n winkel. "Ek soek mossels. Ek's lus vir mossels." Hulle vind 'n kafee en Siegfried hardloop soos 'n besetene op en af tussen die rye. Smit sien die eienaar tel die foon op en gaan verduidelik. Die eienaar, 'n ou man met 'n hoepelbeen, glimlag en roep vir Siegfried. "Kan ons help meneer?" Siegfried vra hom hoe mossels "nou eintlik rêrig lyk". Die ou man beduie na die verste rak en Siegfried skaf sy eerste blikkie ingelegde mossels aan. Hy vra vir Smit om dit oop te maak met sy pa se knipmes, gaan sit op die sypaadjie buite die kafee en eet die ingemaakte diertjies een vir een op.

"Dis die eerste keer dat ek mossels eet en ek hou baie daarvan." Siegfried staan op en sit die blikkie in sy rugsak.

"Nee bliksem, jy kan dit nie hou nie. Dit gaan vrot," probeer hy keer.

"Ek hou dit want ek wil die ruik weer ruik dis myne," kom die antwoord voor die blikkie in die rugsak verdwyn. Hy loop woordeloos tevrede agter Smit aan. Hiervandaan moet hy as leier, of ten minste begeleier, optree. Daar is 'n land so ver en woes geleë, of so iets. Hy neem 'n sluk uit die bruin papiersak Hy het geen idee wat om volgende te doen nie.

*

Die boervrou het die oggend haar hande vol gehad. Vol padkos en bepisde lakens. Bloch het in die huis rondgestap en gemor oor die kind wat so laat slaap en so dronk was. As hy so wil aangaan kan hy dit by sy pêlle loop doen. "Hier handhaaf ons tog 'n sekere lewenstandaard, 'n gevestigde lewenswyse, nie waar nie."

Hy het 'n brekfisbier gevra en na Siegfried gaan soek. Die mannetjie was besig om vir die plantjie, wat hy nou orals saamfoeter, water te gee onder die verwarde kyke van die vrou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar was nie veel oor om vir mekaar te sê nie. Hy het 'n formele ontbyt geweier en net na die bier gewys. Die vrou het die pakkie padkos vir Siegfried gegee.

"Ons moet ry. Drink op vriend." Onder die drie paar oë het hy die bier weggesluk.

"Dankie. Dit was baie gaaf. Baie gaaf. Mevrou, uiteraard dankie."

"Ons moet ry," het Bloch gebrom.

Die boer het hulle op die dorp gaan aflaai. Die rit was weereens in stilte. Bloch het hom met die hand gegroet en aarselend sy hand na die jong Landman uitgesteek. Siegfried het net geglimlag en totsiens gewaai. Hy het die boer dopgehou deur die agterruit van die Hilux soos hy weggery het. Die groot kop het geskud met nadruk; die mond sonder twyfel prewelend besig met die mantra "O Here".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## II

Dit is 'n pragtige dorpie omring deur niks. 'n Matriks van 'n paar strate, 'n kerktoring. Die platgeskraapte grondpaaie loop bykans almal dood in die omliggende woestyn. Die middedorp is kleurvol onder die lae stof, met hier en daar 'n paar nuutgeverfde winkels of huise. Die mense stap almal stadig, versigtig om nie die stof te versteur nie. Dit is helwarm.

Hy en Siegfried sit in iets tussen 'n kroeg, restaurant en hoerhuis. Dit is 'n platdak gehuggie met 'n stuk hardgeryde grond voor die deur, waarop twee bakkies met lang skaduwees staan. Smit sit en speel met 'n dooie kewer wat hy in die parkeerarea opgetel het en nie dadelik kon eien nie. Dit proe effe na kaneel. My nooi is in 'n nartjie, my ouma was 'n kewer. As mens oor die drumpel trap is daar 'n klein kafeetjie wat die kroeg en restaurant skei. Die vrou agter die kasregister laat hom dink aan 'n dowwedopluis. 'n Groot wese met oë weerskante van die te klein kop.

Die restaurant bestaan uit 'n paar plastiektafels met tuinstoele. 'n Familie sit in die een hoek en verorber hulle maandelikse minute steaks en bier met burgers en milkshakes vir die kinders.

"Los jou suster. Wat maak jy? Wil jy in die kar gaan sit?"

Die seuntjie, 'n klein mannetjie met 'n te groot hoed op wat duidelik aan sy pa behoort, kyk af en stoot sy lip uit. In die agtergrond kwetter een of ander Afrikaanse duifie oor 'n gebreekte hart op die Vaaldam, op maat van 'n disco-beat.

"Eet jou kos. Ek en jou ma wil net in rus en vrede eet." Die leuse van die middelklasgesin: Ons het hiernatoe gekom om lekker te eet vir een keer hierdie maand, en God hoor ons, ons sal dit geniet maak nie saak wat nie.

"Eet jou blêrrie kos! Ek het betaal daarvoor en jy sal dit eet. Nou eet."

"Dawie, asseblief. Kom ons geniet net die dag."

"Jou kinders kan hulle nie gedra nie. As hulle... Los die donnerse soutpot Jan-Pieter!"

"Jou kinders? Wat bedoel jy, jou kinders?" 'n Dramatiese stilte. "Vat my huis toe. Ek skaam my dood." Die vrou is in trane.

Hy beduie vir Siegfried hy moet by die kroegdeur links ingaan. Die storie in die restaurant kan lelik raak. Die kroeg is leeg, behalwe vir die kroegman en twee dronk snorre met oliekuiwe wat pool speel. Toe hulle die vertrek betree, word die gesprek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderbreek. In stilte gaan sit hulle teen die muur in een van die afskortings wat aan treinkompartemente herinner. Die kroeg is uitgelê met riete wat seker bedoel was om 'n absurde soort eksotiese ambience aan die plek te gee. Teen die mure is verskeie bokkoppe wat met glasoë waak oor die poolspel. Die papiersakkie met die whisky is in sy baadjiesak, hy bestel 'n bier vir die sitplek. Hy voel verbasend sober so laat in die dag. Hy sal 'n plan moet maak. Siegfried sit sy sak met die plantjie in op die tafel. Hy is slim genoeg om sy hande onder die tafel te hou. Goed geleer.

Die kroegman sit 'n Leon Schuster cd op en die gesprek word weer hervat oor 'n man in die omtrek wat bankrot verklaar is, en nou by sy bediende en haar familie moes intrek, aangesien niemand anders met hom opgeskeep wou sit nie.

'n Massiewe vrou met 'n pers serp en slegte vel betree die, nou te klein, ruimte. Sy het duidelik te veel gedrink. Die koei stel haarself voor as Liezel van Franschhoek en koop vir die hele kroeg 'n rondte Springbokkies. Liezel kom sit styf teen hom en begin uitvra. Hy antwoord so vaag moontlik, terwyl die drankasem uit die te rooi mondjie in sy gesig blaas. Sy was hier vir 'n troue sê sy. En nou wil sy nog dans. Sy sê troues maak haar wild. Sy gryp hom om die lyf en trek hom met een arm op.

"Sit 'n lekker ene op," sê sy vir die kroegman en begin hom rondstuur om die pooltafel. Hy voel duiselig van al die beweging. Sy druk al die wind uit hom uit. 'n Vent met 'n rooi gevreet, wat ook die kroeg binneval, maak 'n einde aan die verleentheid.

"Liezeltjie loop jy al weer rond? Kom hier jou lekker ding, ek dog jy is op 'n ander man se backseat."

"Hoe ken jy my, Boetie," lag sy. Sy soen Smit op die mond. Boetie gryp haar van agter om haar ekwator en maak haar los uit die doodsgreep wat sy op hom uitoefen. "Sorrie Oom, maar sy's nou myne. Kom gee bietjie tong." Die klein mondjie bly uitgesteek vir nog 'n soentjie met die swart haartjies op die bolip bewend. Boetie het haar nou onder beheer.

"Ek en jy gaan vanaand hierdie plek rooi verf, Sexy." Hulle dans om die pooltafel tot by die kroeg waar nog Springbokkies gekoop word. Smit kry twee. Hy het dit nou nodig. Siegfried lyk nie of hy enige iets ongewoon opmerk nie. Die twee verliefde gedrogte verruil die kroeg vir 'n Ford backseat.

"Blêrrie uitlanders," laat die kroegman hoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy voel nou weer meer in beheer. Hulle moet planne maak. "Reg. Wat wil jy doen? Ek's bly ons is weg van die plaas af, maar ons moet nou besluit wat ons met jou gaan maak."
"My oom sal help Oom." Die paddakind lyk sekerder as ooit te vore. Miskien moes hy nie die vorige dag dronk gebly het nie. Dan sal hy nie nou in hierdie plek gesit het met geen geld, geen plan en 'n dooie blêrrie insek in sy mond nie. Miskien is hy nie die een wat hierdie verdwaalde siel moet help nie. The blind leading the blind het nog altyd gesorg vir snaakse stories en grappe, maar dit was nog nooit 'n wenplan nie. Siegfried sien die twyfel in sy oë:
"Hy sal help. Oom Bert is my familie." Hy haal sy paddahande onder die tafel uit en sit hulle oopgesprei op die tafel neer. "Hy is Ma se broer."
"Reg. En jy weet waar hy bly?"
"In die stad mos Oom." Seker Kaapstad. Moet wees. Maar sal hulle hom kry? Die stad is 'n groot plek. Die vent se nommer is nie eens in die boek nie.
"Dan moet ons seker daar uitkom. Ek sal uitvind."
Siegfried staar by die venster uit na dinge wat net hy sien. Daar is 'n glimlag op sy gesig. Hy kan die kind nie so los nie. Hy is nou eenmaal in hierdie ding en sal dit net moet deursien tot die einde. Maar hy het 'n gevoel dat hierdie storie sleg kan uitdraai. Hy staan op en stap na die kroegman toe.
"Ek en my jong vriend is oppad Kaapstad toe. Weet u dalk van 'n geleentheid?"
"Jong vriend, sê jy." Die kroegman is lus vir grappies maak. "Geleentheid waarvoor nogal?"
"Meneer, uiteraard..." Die kroegman draai net sy rug en giggel oor 'n glas wat hy besig is om skoon te vee met 'n vuil vadoek.
"Luister Vriend," 'n poolspeler verskyn skielik langs hom. "'n Neef van my vat môre 'n lorrie Stellenbosch toe na 'n man daar wat die ding gekoop het. Julle is welkom om saam te ry. Ek's seker hy sal nie omgee nie." 'n Groot snor, lang sideburns, bruin kouse, bruin kortbroek, kleinerige hempie en Trial Busters. Volmaak. Plato se idee van die Boer.
"Dit sal gaaf wees. Ons is uiteraard bereid om u te vergoed." Dit voel of hy met 'n cliché praat.
"Hoe's jou hart, Neef? Kyk, ek sien mos die man is in die kak saam met daardie moroon daar annerkant."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Sy pa is dood en ek vat hom na sy oom toe wat na hom sal kyk." Hy kyk om te sien of Siegfried buite hoorafstand is.
"Reg, reg. Ek vra nie uit nie, ek help maar net. En wat's daai wat by jou mond uitsteek? 'n Poot of iets?"
"Dankie meneer. Uiteraard Meneer. Poot?"
"In jou mond, Swaer." Hy haal die stekelrige voorwerp uit. Die poot van die onbekende kewer. Hy moet ophou om die goed heeltyd in sy bek te druk soos 'n peuter. Ses maande terug was hy dae lank in die bed na hy, ingedagte, 'n giftige tor se dop, na streng ontleding en bestudering, in sy kies gestop het.
"Dankie." Hy steek die poot in sy sak. Die samaritaan kyk hom skeef aan.
"Die naam is Dawie. Dawie Lambrechts."
"W.P. Smit. Die man in die restaurant, ek kon nie help om te hoor nie, maar sy naam is ook Dawie, en hy lyk nogal baie..."
"Hoeka Swaer, dis hy daai, my neef, Lammie. Net sy vrou noem hom Dawie. Sy laaik dit om my naam te sê." Hy lag dat een van sy knope losskiet en sy naeltjie die lig sien. "Was jou ma ook 'n Province fan of was jou pa een van die manne?" Die man bars weer uit van die lag. Die orige knope hou hierdie keer.
"Meneer, ek begryp nie nou nie."
"W.P. man. Province?"
"O. Ja. Ek sien. Rugby. Humoristies." Hy probeer lag, maar die geluid wat sy mond verlaat is 'n verwyfde giggel. Hy skrik vir sy eie stem, wat hom soms, as die senuwees erg pla, in die steek laat. Hy hou eerder net sy bek en mompel, skor: "Dankie Swaer."

*

Hy kyk by die venster uit. Die teerpad is vol grond gewaai. Die bome voor die kroeg lyk of die grond dit uitgestoot het nes die oom van die plaas se puisies daar's orals barste in die grond. Die sand is opgewaai teen die stam van die bome. Siegfried wonder of die bome eers onder was toe wil die grond dit nie meer hê nie toe druk die grond die bome uit dan gaan hulle dood. Dit is orals soos op die plaas. Die grond hier is net meer bruin en meer soos sand. Sy pa sê die hele Karoo was lank gelede 'n meer. 'n Meer is 'n groot dam wat die Here maak en nie walle het nie. 'n Meer is 'n meer want dis meer water. Die meer is nie meer hier nie. As die meer nog hier was kon hulle op 'n koppie bly. Sy ma

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan in die water swem sy kan vir hulle visse en mossels vang. Sy pa sê daar is nie mossels in 'n meer nie net in die see. In die dam en die meer is net donnerse krappe en babers. Hy wonder of die meer nie weer sal terugkom nie. Eendag. Hy sal moet leer swem. Oom Bert sal hom leer swem. As die meer terugkom sal almal moet vinne kry anders gaan hulle versuip soos die skaap wat daardie keer versuip het. Maar hy sal reg wees. Oom Smet lyk nie reg nie of hy nie weet waar hy is nie. Oom Smet vra hom heeltyd vrae. Hy lyk bang. Hy weet nie die antwoorde nie.

*

Die neef Lammie is gelukkig nog in die restaurant. Die familie het intussen stil geword, dit lyk of die geveg ontlont is. Die vrou lyk nog meer as net effens bitter en sit met 'n pruilmondjie haar man en aanstaar. Lammie blyk egter totaal onbewus te wees van die tweestryd waarin hy betrokke is. Die stukkie sening en laaste stuk harde wit aartappel op die bord verg al sy konsentrasie.

"Nee reg, reg, alles reg." Hy lyk eerder ywerig om die twee vreemdelinge, die een duidelik meer vreemd as die ander, weg te kry van die tafel, as wat hy bly is om hulle saam te karwei Stellenbosch toe. Die reëlings word getref vir tienuur die volgende oggend. Hy sou graag vroeër wou ry, maar vanaand is die Wildfees en hy dink nie hy gaan vroeg slaap nie. Daar is 'n dans, sy vrou wil gaan langarm. Hy, wat homself nou as Wilhelm voorgestel het, word genooi na die fees, glo by die skougronde, en 'n paar skuins kyke word rojaal aan Siegfried uitgedeel.

"Daai oom se hande is soos Donald Duck, Pa."

"Eet jou blêrrie kos."

*

Hy staan in die hotdog-ry en steek die laaste Camel in die pakkie op. Hy kyk na die chaos rondom hom. Die Wildfees is 'n groot affêre. Die skougronde, 'n stuk sandgrond met 'n paar karavane, twee sale en 'n skoubaan aan die een kant met 'n ry stalle, is gepak met al die inwoners van die omgewing. In die een saal word drank verkoop deur die skoolkomitee en 'n sokkie word in die aangrensende saal gehou. Die mans kuier saam met halfdronk skoolseuns; albei groeperings bekyk die meisies waaronder hulle ma's, susters en dogters ressorteer. Hou die volk suiwer, sê hulle, dink Smit. By die sokkie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word daar gelangarm, die ouer mans sit op die stoele langs die mure en rook en fluit en drink. Die plek ruik na sweet.

Hy wag in die ry waar twee studente die jonggetroude laerskooljuffrouens wat hotdogs verkoop, probeer oorreed om hulle foonnommers weg te gee. Hy veronderstel hulle leuse is ''n Ring maak nie 'n gat toe nie'. Hy merk bo die juffrouens 'n pienk plakkaat met baie belofte: KOM HIER VIR TONNELWORSIES. Party goed moet maar liewer onvertaald bly, dink hy. Toe hy sien dat hy nie hier vinnig gehelp gaan word nie, gaan koop hy maar calamari. Hoe die goed in die Karoo uitgekom het en wanneer laas dit see geruik het, wil hy nie weet nie. Maar die laerskooljuffrouens besef dat die studente nie sal ophou hotdogs koop voor die nommers nie gewissel word of voor hulle eggenote opdaag nie. Hulle het 'n akute sin vir besigheid en wys nie klandisie weg nie.

Hy gaan sit buite saam met Siegfried. Die kind lyk beangs en opgewonde, hy kyk met daardie vinnige rukbewegings van sy kop heen en weer. Soos 'n seuntjie by sy eerste sirkus. Hulle deel die calamari. Siegfried is mal daaroor. Hy vra twee keer vir nog, maar die tweede keer sê hy, wat vanaand baie oud voel, hy moet maar self nog gaan koop. Siegfried druk die plant in sy hande. Hy sit dit langs hom neer op die trappie. Hy vat 'n paar slukkies whisky. Sy gewebte vriend het deur die middag vir hom gesê dat hy nie so baie moet drink nie, "anders gaan Oom omval en verdrink."

Hy kan nie glo Siegfried hanteer sy pa se emmerskop so goed nie. Die twee siele het 'n vreemde verhouding gehad. Landman het hom laat begaan in sy wêreldjie van bote en paddas en selfs saamgespeel deur saans, as hy nie te moeg en bedonnerd was nie, vir Siegfried stories te vertel. Hy was toevallig een aand in die huis tydens die storievertellery. Siegfried was toe seker so sewe of ag en twintig en het in sy blou pajamas soos 'n kleuter geluister na sy pa se storie, een oor die ou Grieke. Jan Landman het 'n verrassende kennis van sprokies en mites gehad wat hy met sy seun gedeel het. As hy geselskap gesoek het, het hy baie maal saans saam met Landman op die stoep sit en praat oor mitologie en letterkunde. Daar op die stoep het dit nie, soos gewoonlik, na 'n klomp esoteriese stront of ontoereikende wêrelde geklink nie. Landman kon ook interessante byvoegings maak aangaande sy kennis van die sespotiges. Hy was nooit op universiteit nie, maar het, soos sy seun, alleen op daardie plaas grootgeword en het maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vriende met boeke gemaak. O om 'n boer te wees wat werk, met sy hande in die son, die hele liewe dag, sê 'n ouderwetse vers. Dink hy.

Net 'n belese boer sou 'n naam soos Siegfried aan sy vertraagde nasaat toevertrou. Die paddaman moes seker vroeg in sy lewe reeds besef het dat sy naam nie 'n gewone naam was nie. Dat die naam baie vreemd by hom gepas het. Maar hy was trots daarop. Toe hy eenkeer by hom wou hoor of hy weet waar sy naam vandaan kom, het hy sy bors soos 'n haantjie uitgestoot en gesê sy ma-hulle het die naam van oorsee vir hom gebring.

Landman het eendag, op die groot koue stoep, skielik stil geraak en vir 'n minuut of so net voor hom sit en uitstaar. Hy het na hom gedraai met 'n vreemde glimlag op sy gesig: "Siegfried het gelag met sy geboorte, weet jy? Hy het nie gehuil soos ander babas nie. Hy's gebore sonder 'n doodsbesef."

Wat sê mens dan ook daarop? Die imperator van die plaas het opgestaan en hom daar gelos met idees van reine ontvangs en laggende geboorte.

*

Siegfried kom terug met die antieke calamari en sê: "Daai tannie het gesê sy weet hoekom ek van calamari hou. Sy sê ek kom ook uit die see uit." Hy lyk baie in sy skik. Die Here help die kind.

Siegfried loop om hom in kringe wat al hoe wyer word. Hy verkies om 'n statiese punt in die chaos te handhaaf en met die plant tussen sy bene op die trappie sit. Dit is net te veel wat hier om hom aangaan. Sy oë kan nie meer lekker fokus nie, hy is naar en begin duiselig voel, selfs daar waar hy sit. Hy begin 'n fragment prewel. Hy voel geïnspireer hier op die trap: "Ek sal opstaan en na my bed toe gaan; opstaan uit my vodde en my vuil; opstaan en onder die volle maan wat geel streep oor die land, gaan en huil." Hy wil nie meer opkyk na die mense wat om en oor hom val nie. Hy hou maar die kuite dop wat verby hom beweeg. Vet wittes, dunnes in swart fishnets. 'n Hele paar hariges van verskillende geslagte, verskillende bokkuite. Die bekende effek van whisky: Alle konteks verdwyn; hy begin die wêreld as helder, as totaal sinloos, ervaar.

Siegfried kom aangehardloop met die lang arms en waaierhande al flappende. Hy neuk 'n vullisdrom om en slaan 'n sigaret uit 'n vrou se hand. Hy stop al hygende: "Oom! Oom, hier is 'n heks."

"Wat?" Het hy al so baie whisky gedrink? Kan nie wees nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"'n Heks Oom. Sy vertel van môre en wat alles later gaan gebeur. Sy weet alles."
Hy kyk rond. Waar's die bokkuite, waar's die heks. "Hê? Watse bok?"
"Kom, Oom. Ons moet gaan. Sy't 'n karavaan nes daai heks in die boek."
"Raait, maar dan koop ek bier." Hy begin dink dat hierdie fees kan ontaard in iets wat gesensor moet word. Hy wonder wat word van al die verbande boeke. Miskien is hulle almal in tronkbiblioteke.

*

Die karavaan van die heks is geverf met patrone en krulle dis rooi en geel daar is liggies wat rondom skyn. Daar is 'n klein houttrappie waarmee hy opklim in die karavaan in. Sy voete is te groot vir die trappie. Hy klim op met sy tone. Die heks is al oud sy is lelik. Sy is nes die heks wat sy pa van vertel wat in die karavaan met die hoenderpote bly. Sy lyk soos die tannie wat partykeer by sy pa kom kuier hierdie hekstannie se hare is net wit. Die twee tannies het dieselfde rok. Dit is rooi en lank en te styf oor hulle mage. Sy pa sê die tannie se rok wys haar spaarwiel. Sy het kort beentjies en kort armpies. Sy is lelik. Haar naam is Madam Sosostris sê oom Smet die heks sê sy't net verkoue haar naam is Cathy. Sy het sulke kaarte waarmee sy speel daar is nie dieselfde nommers en Kings en Queens soos wat sy pa se kaarte lyk nie. Daar is darem 'n Joker. Dit lyk of die Joker van die afgrond wil afstap. Die oom sê hy is ingedagte. Die tannie heks sê die Joker ook. Die oom is eerste hy sê dis eintlik ta-rou nie tar-rôt soos die tannie sê nie. Die tannie sê net Tien rand tien rand. Sy lees maar die oom se hand want hy weet nie die kaarte se naam nie. Sy sê sy lyntjie is kort. Die oom sê saggies Fok hy moet buite gaan wag. Hy drink drank uit die sakkie in sy baadjie nog voor hy by die deur is. Die tannie heks sê Sit. Sy kan nie sy hande lees nie sy kan nie die lyne van die webbe verstaan nie. Dit maak draaie wat sy nie van weet nie. Sy lees maar sy kaarte. Hy moet die kaarte snaaks pak in patrone op die tafel dan kan sy begin heks. Sy sê hy is soos die Joker hy gaan êrens afdonner. Die tannie sê die Karoo is nie so plat dat mens nie êrens kan afdonner nie.

*

Hy drink meer as een bier. Toe die kroeg toemaak, kry hy darem 'n halwe bottel sherry by een van die studente wat saam met die laerskooljuffrouens begin dans het. Een van die juffrouens wen die gesogte kroon van mejuffrou Vleis. Smit probeer die student bedank met 'n kort vers van Totius maar vergeet die eerste reël.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy gaan sit saam met Siegfried langs 'n ry bome aan die rand van die parkeerarea. Daar staan 'n paar jongmense rond wat 'n vuur tussen die motors gemaak het en nou begin wonder waar hulle volgende gaan drink. Een van die meisies staan teen die motor, en weier om te sit op die grond.

"Die plek is vol oorkruipers."

Hy neem sy kans: "Die oorkruiper, 'n benaming vir die bekende insek van die orde Dermaptera, spruit uit 'n bygeloof. Die insekte is in der waarheid egter uiteraard heeltemal onskadelik."

"Kak," voer die meisie se kêrel aan.

Die een meisie se selfoon lui, sy hoor dat die rugbyklubeienaar geld gesien het en die klubhuis oopgemaak het in die vroeë ure van die Sabbat. Hy en Siegfried word nie saamgenooi nie. Die jonges gooi net die vuur dood en jaag weg. Agter die ry dennebome is die ronde skoubaan wat reg in die middel pronk met die grootste stuk groen gras in die dorp. Hulle besluit om daar te gaan sit.

Die gras is nat, die skielike koudheid onder sy gat laat hom ril. Sy kop draai. Hy sien twee Siegfrieds. Die gras begin wieg. Hy voel dat hy beheer verloor. Maar hy voel ook dat hy iets wys moet sê op hierdie stadium, om die gebeure in konteks te plaas. As leier van die ekspedisie is hy verantwoordelik daarvoor om alle simboliek uit te wys, om die jong man te wys op die grootsheid van sy missie.

"Siegfried." Hy moet nou mooi sy woorde kies. Elke sin word 'n avontuur.

"Siegfried."

"Oom?"

"Ons is die kinders van God se trane."

"Reg Oom."

"Siegfried."

"Oom?"

"Jy... jou naam ... jy's die held."

"Oom?"

"Beker. Blink ... beker. Fok."

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dis Siegfried. Die son brand in sy oë. “Oom ons moet saam met daai Dawie Lammie oom ry vandag na oom Bert toe Oom.”

“Hoe laat is dit?”

“Weet nie Oom. Maar daardie boer met die perde sê ons moet waai.”

Die son is skaars bo die randjies. Hulle is in die graskringetjie in die middel van die skoubaan. En hulle is nie alleen nie. Behalwe vir die termietnes waarop hy blykbaar geslaap het en die klein rooi inwoners wat nou in sy hemp verken, staan daar ‘n paar bakkies en ‘n hele paar mans met honde en perde. Die een ponie het losgekom en hulle is besig om die dier vas te keer teen die verste heining. Een van die mans is duidelik ontstoke en gil aanhoudend op ‘n swart werker wie se werk dit is om agter die ponie aan te hardloop en klapgeluide met sy lippe te maak.

“Het die donners jou kom wakker maak?”

“Ek het maar wakker gebly want Oom wou slaap dit was bang hier.”

“Die hele nag?”

“Ek het half gedink as daar goed hier is soos jakkalse dan sal Oom nie kan opstaan nie.”

*

Hulle kry die Dawie Lammie oom by die plek waar die bokkoppe is. Oom Dawie Lammie sit in die lorrie die enjin brom. Die oom is kwaad hy vloek heeltyd vir iets in die lorrie hy sê Gee julle boys om om agterop te sit. Die vrou het nou besluit om saam te kom. Sy’s mal oor Stellenbosch se coffeeshops en wil seker gaan antieks koop ook. Oom Smet sê Dis uiteraard nie ‘n probleem nie Meneer en nogmaals dankie. Die Dawie Lammie oom maak ‘n snork soos ‘n vark. Hulle klim agterop die oop lorrie. Die son is warm die vloer brand. Oom Smet vra vir ‘n paar bokse om op te sit. Hulle vou die bokse plat hulle sit daarop nes mens op kussings sit. Die Dawie Lammie tannie gee ‘n bottel water aan van vooraf. Die oom sê dit help boggerol dit gaan warm word. Oom Smet klap op die dak. Die Dawie Lammie oom steek sy kop by die ruit uit hy vra of die oom se maatjie oraait is daar agterop. Hy sê Siegfried. Die lorrie trek weg hy gly. Nou kan hy weer kyk na al die dinge wat vinnig verbygaan die vaal strepe. Hy was nog nooit verder as die dorp nie hy is bang dis weer die swart skip by hom hy is koud en pap.

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Partykeer net voor hy aan die slaap raak net voor hy begin met die drome onthou hy. Hy onthou hoe hy in die bad sit. Die warm water is om hom. Sy ma sit by die bad op haar knieë. Sy was hom. Sy laat hom speel met sy eende en bote. Hy kyk vir sy ma sy lyk bly. Sy sit en kyk hoe hy met sy webbe deur die water vee dat dit strome maak. Hierdie water is veilig. Hy is nooit bang in die bad as sy ma daar is nie. Sy ma kan goed swem selfs vir 'n meermin. Die groot swart skip is ver weg. Hy kyk hoe lank hy sy asem kan ophou hy luister na die snaakse onderwater se geluide. Hy hoor sy eie perde. So onder die water is alles ver weg. As hy met sy waaiervingers deur die water speel noem sy hom My Vissie partykeer My Paddatjie. Sy pa vertel hom eenkeer van paddas wat in die woestyn woon. Hulle ken nie water nie hulle het nie webbe nie. Hulle het seker in die Karoo begin lewe soos Adam en Eva mos in Engeland begin het. Sy pa sê Stront Adam en Eva kom uit die Karoo uit. Hy wonder of sy pa hulle ken. Miskien boer hulle nog altyd op oom Gawie se plaas. En sy pa sê Nee daai Adam en Eva was net werkers in die sweet van hulle aanskyn hulle is ook al dood.

*

Die kind lê en slaap, uitgestrek op die kartonne in die son. Die kop skud liggies rond soos die vragmotor die slegte pad verder deurtrap. Hy sit sy een voet teen die kop om dit effens te stut. Hy hou sy oë op skrefies, hierdie son brand nog vandag jou siel droog. Hy vat 'n sluk water uit die bottel. Spoeg dit dadelik uit. Sy kop klop. Hy wonder vir die eerste keer oor die boer se lyk. Wat sou gebeur as die lyk ontdek word en daar is niemand op die plaas nie? Moes hulle nie miskien 'n boodskap gelos het nie? Saartjie sou deur die loop van die volgende dag kosmaak en later die twee vol borde weggooi. Sy sal die huis skoonmaak, behalwe die baas se kamer wat toe is. Sy klop nie. Die deur is toe. Sy maak haar werk in stilte klaar en neem die oorskietkos na haar man en kinders. As Bloch nie sy buurmanlike plig pleeg deur self die polisie te bel nie, sal die lyf begin ruik voor Saartjie kans sien om liggies aan die deur te klop. 'n Week daarna sal sy haar man roep om die deur oop te maak. As hy onthou sal hy 'n oproep maak na die polisiestasie op die dorp voor hulle ook verkas. Siegfried kwyl oor sy skoen, 'n donker streep op die stowwerige leer. Die oë beweeg onder die toe lede. Hy droom.

*

Siegfried eet mossels in die huis onder die see.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*

Elke nou en dan ruk sy hele lyf in die dromery. Daar is geen baard op sy wange nie. Hy het ook nie veel hare op sy arms nie. Selfs die vaalblonde hare op sy kop is dun en ylerig. Hy sal kort voor lank bles begin word. Dit is onmoontlik om te bepaal presies hoe oud Siegfried is, sy plooilose en haarlose vel maak hom enigiets tussen twintig en veertig. Hy is seker bewus daarvan dat iemand hom dophou en begin stadig wakker word.

Laingsburg se padbord flits verby. Lammie kyk om en beduie hulle gaan stop. Siegfried sit regop en strek homself uit met sy hande bo sy kop. Die son skyn deur die webbe tussen die vingers en laat hulle pienkerig gloei. Mens kan die aartjies binne in die vel sien. Twee eksotiese skulpe soos die Shell-teken. Dit sal verkeerd wees om die webbe te verwyder. Dit is so deel van hom dat hy 'n groot deel van homself sou verloor saam met die webbe. Mens ken jouself, dink hy, soos ander jou ook ken, deur bemiddeling van jou gebreke. Soos sy insekte, word almal geklassifiseer volgens die aanpassings wat hulle moet maak om te oorleef. Is die menslike siel dan net die som van sy afwykings van volmaaktheid? Hy vat 'n sluk van die bottel warm water, spoeg dit weer uit. Hy brand vir 'n koue bier of whisky met baie ys. Hy verbeel homself hoe die druppeltjies teen die buitekant van die glas vorm en stadig teen die glas afloop, soos op 'n Black Label-advertensie. Miskien is dit juis hierdie minderwaardigheid wat die paddaman so dryf na sy doel. Miskien is dit sý minderwaardigheid wat hom dryf om saam met Siegfried te gaan soek, al is dit net na 'n storie. Hy sal 'n goeie storie kan maak van hierdie reis. Hy hoef net op te let, Siegfried skryf hierdie affêre self vir hom. Hy moet net bybly en aanhou die onbekende in.

"Waar is Oom se vrou?" Hy wonder hoekom die vraag nou eers gevra word. Maar so saam met net sy pa op die plaas was dit seker nie vreemd dat hy ook nie 'n vrou gehad het nie. Hier in die regte wêreld het die meeste mans maar langs die pad 'n vrou gevat.

"Sy's weg."

"Is Oom nie ook alleen nie?"

Hy dink aan sy seun Karel en Susan, die wyf wat met hom getrou het, hoe sy hom ingebreek het soos 'n perd. Hy dink aan sy eie pa en ma, hoe hulle mekaar stadig oor jare opgevreet het tot daar net genoeg plek in die siel vir die suiwerste haat oor was. Hoe hy gevlug uit sy ouerhuis net na skool en nooit teruggekeer het nie. Hoe sy pa se laaste bitter

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woorde aan hom was: "Gaan doen tog iets met jou lewe, Willem; ek het my jare gemors op 'n familie wat my nie wou hê nie." Alleenwees het sy voordele.

"Jy maak maar die beste van 'n slegte saak. As jy nie 'n vrou het nie, koop jy maar af en toe vir jou een vir die nag. Een met gebreekte naels, pienk skoene of 'n pers pruik."

"Pa vertel van slawe Oom."

"Dis hoere, vriend Siegfried. Mens doen net jou ding sonder al die gepratery en blomme en etes." Hy bly 'n oomblik stil. "En as jy klaar is, dan betaal jy. God, jy betaal. As jy insekte ken, ken jy vroumense. Net wyfiemuskiete suig bloed. Vroumense is duiwelsgoed." Hy onthou skaars die laaste hoer wat hy besoek het, 'n benerige, bleek meisie na 'n lang dag wat hy op Worcester moes spandeer. Sedertdien, op die plaas, vir nege jaar, was dit maar hy en homself. Dis seker hoog tyd dat die mannetjie van hierdie goed leer. Dis nie asof hy ooit ware liefde van 'n mooi vrou gaan kry nie. As sy pa nie met hom hieroor gepraat het nie, is dit nou maar seker sy job. Siegfried se gedagtes is duidelik alweer op 'n ander plek, ver weg van enige hoerhuis. Hy begin rondvroetel op die vragmotor.

"Ek is dors Oom," sê hy. "Erg dors."

*

Hy vat die blaar tussen sy vingers hy vee oor die blaar hy voel die gladde lyf van die plant. Die plant maak hom rustig. Hy sien sy ma se gesig dis ver weg blonde hare lank en krullerig die gesig is baie wit die lippe is baie rooi. Hy vryf die blare. Haar gesig is dof sy glimlag nie sy weet nie hy kyk nie sy kyk net voor haar. Haar oë is swart.

*

Aan tafel in die Spur vertel Lammie se vrou dat sy gehoor het mejuffrou Vleis is wreed verkrag deur twee vreemdelinge wat die heel aand by haar worsbroodjies gekoop het. Lammie kyk Siegfried skeef aan. Siegfried glimlag breed.

Smit bestel 'n burger. Aangesien Lammie aangebied het om te betaal, wil hy nie die mense se welwillendheid en agterdog te ver druk nie. Siegfried kry 'n bordjie calamari en mossels. Hy verslind dit in 'n paar happe.

"Hoe oud is jy, ou Maat?" Lammie probeer geselskap maak met Siegfried. Hy voel seker bietjie verleë oor hoe hy en sy gesin die arme kind aanstaar.

"Twee en dertig, Oom. Siegfried, Oom."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

My magtag man, ek's ag en dertig en jy noem my oom. Nee kyk, die naam is Dawie of Lammie, nes jy wil."

"Goed Oom."

Die paartjie lag lekker vir die grappie. Siegfried vra nog 'n glas water en vee sy hande met die servet af. Toe die water kom, neem hy die glas en stap daarmee buitentoe. Die paartjie lyk verward. Smit trek sy skouers op. 'n Stilte sak neer, al drie maak of hulle na die R&B-musiek in die agtergrond luister. Hy weet nie wat om te sê nie. Tot nou toe was alle aandag op Siegfried gevestig.

"Weeluise moet nie met ware luise, orde Phthiraptera, verwar word nie, want hulle is eintlik net bloedsuigende, vlerklose stinkbesies wat van die bloed van mense, voëls en vlermuise leef." Hulle gaap hom aan.

"Issit?" mompel Lammie.

Stilte. Drie dikkopvlieë eet tesame.

Siegfried is gelukkig gou weer terug. Lambrecths kyk hom vraend aan.

"Ek het die plant gaan water gee, Oom."

Lammie se uitdrukking verander nie. "Jy sal eendag 'n goeie tuinier maak," sê die vrou met 'n flou glimlaggie.

"Mens moet net sorg dat almal genoeg water kry, Tannie."

"Sê jy in Laingsburg." Lambrechts lag alleen vir sy eie grap.

*

Sy pa het hom eendag gevra om te kom help met die windpomp. Hy was bly. Hy hou van windpompe. Hulle lyk mooi as dit aand is. Hulle is swart voor die son wat rooi raak hulle draai stadig saam met die wind en kreun. Hulle gee water vir die grond. Sy pa sê daar is water ver onder in die grond wat die windpomp uithaal en bo op die grond gooi in die dammetjie. As die windpomp begin te skree weet hy die water gaan kom as die vlerke in die rondte draai. Sy pa het gesê hy moet 'n ding vashou terwyl hy 'n ander ding vassoldeer. Hy kon nie die ding vashou nie. Die ding was te groot om sy hande oor te kry sy hande kan nie lekker om dinge vat nie. Die ding het gegly. Sy pa het gesê hy moet met sy bootjies gaan speel. Hy het geweet sy pa was kwaad al was sy pa vriendelik. Sy pa het 'n aar in sy voorkop wat begin uitstaan as hy kwaad is. Dan word sy pa se hele gesig rooi. Hy het sleg gevoel hy wou nie met die bootjies gaan speel nie. Hy het in sy kamer gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lê. Sy kamer is blou geverf daar is prente van visse en bote teen die mure wat hy uit boeke geskeur het. As hy in sy kamer lê is hy altyd rustig dan is hy nie hartseer nie. Sy kamer is koel. Maar toe was hy hartseer die prente was nie mooi nie. Hy weet mens moet 'n windpomp kan regmaak om 'n tuin te kan maak al die plante het altyd water nodig. Hy weet hy kan nie 'n windpomp regmaak nie. Hy sal nie 'n tuin kan hê nie. Maar hy sal sorg vir die palmboompie want sy pa wil dit plant vir Bietjie Donnerse Groenigheid.

*

"Ons moet klaarmaak," sê Lamberchts. "Ek wil vanaand op Stellenbosch wees. Koop maar al die sweets en koeldrank wat julle nog vandag wil hê, ek stop nie weer nie. Behalwe vir diesel." Hy neem Smit eenkant, arm om die skouer: "Is jy seker die outjie sal oraait wees agterop. Dis nog ver." Hy kyk na Siegfried waar hy sukkel om agterop die vragmotor te klim, hoe die hande aanhou gly sonder vatplek.

"Hy sal uithou."

*

Die groot swart berg langs die lorrie is te naby. Hulle ry pas. Dis nag en koud die berg lyk soos die swart skip die swart skip was nog altyd daar êrens. Nou voel dit baie naby. Hy voel pap. Die swart skip is 'n seerowerskip met niks mense op nie skipmense is matrose niemand op die skip nie. Dis groot en swart en stil en kom altyd en maak hom bang. As die skip daar is is hy heeltemal alleen alles is koud en pap. Die swart skip wil hom vang dit wil sy ma vang in die see al die meerminne is bang. Maar hulle kan ondertoe gaan daar's niks daar onder nie net die onderwaterhuispaleis en mossels en kitare. Die skip is net bo. Die swart skip vaar altyd. Die swart skip is altyd daar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## III

Stellenbosch se toeristeburo fokus al die jare steeds op dieselfde oulike akkerbome, riviertjies, wingerde en blou berge as dit by poskaarte vir Europeërs en eerstejaarmeisiestudente kom, maar die dorp het baie verander sedert hy laas daar was. Meer winkels, groter geboue, die strate wat lyk of hulle al hoe nouer geword het. Dit is donker; orals is boemelaars en studente opsoek na bedwelming. Die strate in die middedorp is vol verkeer en slingerende voetgangers. Dan nou net gangers genoem, as die hele liggaam sonder enige vaste plan van spierinspanning net voortval in 'n vertikale posisie? Die dorp lyk te klein vir die mense. Dit is 'n dorpie wat 'n stad wou wees. Hy dink aan die Nieu Seelandse gloeiwurms wat by hul duisende in grotte bly, dit met hulle gloeidrade verlig, en sodoende hul prooi, opsoek na lig, lok, vang en verorber.

Siegfried lyk onrustig agter op die vragmotor, hy klou heeltyd aan die rand vas. Sy kop draai in sirkels om niks te mis nie. Dit is heel moontlik die grootste plek wat die arme siel al gesien het. Siegfried se hande kan nie lekker om die rand van die vragmotor vatplek kry nie. Sy duim kan nie ver genoeg van die res van sy hand beweeg met die web tussenin nie. Die hand skuif rond.

Lambrechts laai hulle by die Dros in Birdstraat af. "Sterkte, ek hoop julle kom reg," sê hy en skud die ou skrywer se hand. "Mooi loop, ou Maat," groet hy vir Siegfried.

"Siegfried," sê Siegfried.

Hulle gaan sit buite op een van die houtbanke. Daar moet nou besluit word wat om volgende aan te vang. Siegfried kry 'n Coke en Smit vra 'n dubbel Klipdrift by sy Coke.

"Ons moet êrens slaapplek kry, dan vat ons more 'n trein Kaap toe."

"Ek wou nog altyd trein gery het Oom. Maar my pa sê altyd treine is tranetrekkers."

"Nogal, ja. Morbiede goed, treine. Ek het self nie baie ondervinding met treine nie. My veld is eerder insekte. Maar ek het wel eendag met 'n student gepraat wat 'n tesis wou skryf oor die befoktheid met treine in die Afrikaanse letterkunde. Dit is uiteraard deesdae veel erger."

"Wat is morbied Oom?"

"Dit is as jy hartseer voel en nie weet hoekom nie. Sommer in die algemeen bedonnerd, soos jou pa sou sê."

"Seker omdat daar so baie grond is wat rooi is en nêrens see nie."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy sal die gewebte man by die see moet kry. Dit sal iets wees om te sien, hoe daardie gesig lyk as hy vir die eerste keer in die see swem. Of Siegfried ooit weer sal wil uitkom, is 'n ander saak. As hy eers met daardie hande en voete deur die water beweeg, sal hy eerder daar wil bly tussen die robbe en lewe van garnale en mossels. Siegfried sal moontlik nie eens hoef asem te haal onder die water nie. Iemand wat so wanaangepas is in een omgewing moet perfek ontwerp wees vir 'n ander habitat. Die lang agterbene en belaglike breë tibiae van waterinsekte lyk snaaks vir 'n ou dronk man by 'n tikmasjien, maar dien uiteraard amfibiese doele.

Hy voel 'n hand op sy skouer. Dit is Karel.

"Pa! Wat maak Pa hier? Hoe lank is Pa al hier?"

"Karel. Dag."

Sy seun het oud geword. Hy is nog altyd so maer, sy lang bruin hare dra hy deesdae los. Dit lyk of hy goed doen vir homself. 'n Langerige swart leerbaadjie, 'n duur broek en hemp. Modieuse skoene. Hoe lank was dit al?

"Dag Karel."

"Pa, ek's hier saam met mense. Ek gaan sê net gou vir hulle Pa's hier, dan kom praat ek."

Hy verdwyn die restaurant in.

Siegfried vra iets. Bly Karel deesdae hier? Wat het geword van sy werk in die Kaap? Hy sal moet gaan. Hy kan hom nie nou sien nie. Nie so nie. Hy ruil sy en Siegfried se drankies om. "Drink klaar. Ons moet gaan."

"Hierdie Coke is nie regtig nie Oom."

"Drink. Ons moet gaan." Hy druk sy sigaret dood. "Kom."

"Hallo Pa." Karel skuif langs Siegfried in. "Naand, ek's Karel." Hy steek sy hand uit om Siegfried te groet en sien dan die gewebte hande. Vir 'n oomblik is hy verward. Dan glimlag hy en klop hom op sy skouer.

"Wat's jou naam?" Steeds gemaklik in enige situasie. Sy ma se kind.

"Siegfried Oom."

"Oom! Nee asseblief. Die naam is Karel."

"Is Oom oom Smet se seun?"

"Ja, ja. Hoe ken jy my pa? Smet? Wat soek julle hier?"

"Lang storie. Maar ons is oppad. Kom Siegfried." Hy begin opstaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Nee wag nou. Wat gaan nou hier aan? Julle kan nie net wil loop nie. Ek het Pa so lank ..." Hy stotter op soek na woorde, om die noodwendige uit te stel.

"Sit. Wag. Praat eers met my."

Smit sug, trek sy skouers op, gaan sit dan. 'n Vlieg in die spreekwoordelike taai web van iets met te veel oë. Siegfried het die heeltyd nie beweeg nie. Hy sit daar met 'n glimlag op sy bakkies, asof hy nou iets wonderlik beleef. Donners wonderlik.

"Reg dan. Praat."

"Wat's dit nou? Ek sien Pa eenkeer in Hereweet hoe lank, en dan, dan wil Pa net loop. Nee, wragtag. Kom. My kar staan net oor die pad, daardie Beemer, die bloue. Ek kan nie glo ek loop Pa hier raak nie. Ons moet dit ten minste vier. Kom saam huis toe. Ek kan nie glo… Susan en die kinders sal ook wil ..."

"Ons kan nie kuier nie. Ek moet die mannetjie by sy familie kry." Hy het nie nou krag vir daardie vrou nie.

"Oom ons kan vanaand mos sommer daar bly. Oom het gesê ons moet beddens en goed..."

"So praat 'n man mos." Karel klop Siegfried weer op die skouer. Siegfried skrik hom byna nat. Hy is seker nie gewoond aan hierdie gemoedelikheid van vreemdelinge nie. Hy ook nie.

"Ons moet gaan." Hy steek weer 'n sigaret op.

"Kom nou, Pa. Waar gaan julle elkgeval slaap. Kom. Asseblief." Hy staan op en klingel sy sleutels vir Siegfried. Die paddaman, nog steeds met daardie gryns op sy bakkies, volg Karel oor die pad en word amper deur 'n Citi Golf vol dronk Natalse studente raakgery.

"Watch out, bru!"

Die skrywer staan stadig op, drink die glas met die brandewyn in leeg en stap agter sy twee seuns aan.

*

Karel het wragtagwaar glad nie te sleg gedoen vir homself nie. Behalwe die groot BMW, Smit dink dis 'n vyfreeks, het hy ook 'n mooi huis in een van die beste woonbuurte van Stellenbosch. Hy doen die een of ander werk met rekenaars en sy vrou is 'n mediese dokter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

En dan is daar die twee kleinkinders. Twee pragtige dogtertjies wat hy nog nooit in lewende lywe gesien het nie. Op die foto's was hulle so onwerklik dat hy nooit regtig besef het hy is nou oupa nie. En hier is hulle, twee skaam blonde koppies wat senuweeagtig giggel as hulle aan hom voorgestel word. Susan en Wilmien. Hulle kom stadig nader en bekyk hom soos iets in 'n dieretuin. Dan is dit Wilmien wat vorentoe hardloop en sy been omhels. "Hallo Oupa! Oupa." Die woord klink seker vreemd. Die kindjie klem sy been so vas dat hy skaars kan beweeg.

"Los nou vir Oupa," sê Karel. Hy kan seker sien hoe ongemaklik sy pa lyk in die situasie. Hy is nie seker hoe om op te tree nie en vryf die klein blonde koppie.

"Hallo Oupa."

"Dag jong." Hy kyk verward rond. Susan Senior, Circe, staan in die kombuisdeur met haar arms gevou. En Siegfried staan in die voordeur, die sak met die plant in sy hande vasgeklem, met die grootste donnerse glimlag wat hy in sy lewe gesien het. Wat sou hy sien? 'n Eksemplum van die atomiese familie, die middelklasnatdroom? Die terugkeer van die verlore vader, die voorsit van die vetgemaakte verwyt?

*

Hy sien Oom Karel is Oom Smet se seun. Hulle lyk baie soos mekaar. Oom Karel het ook blou oë sy hare is ook soos die oom s'n behalwe dit is nie wit nie en langer. Hy hou nie van die huis nie. Die gras lyk nie regtig nie. Dis soos groen teëls wat geplak is in blokke. Dis soos muurpapier op die grond. Al die blomme is in reguit rye die kleure pas te veel bymekaar. Dit lyk nie reg nie. Hy hou eintlik net van hulle huis op die plaas. Niks ander huise is heeltemal so reg nie. Hy en sy pa se huis is heeltemal reg. Hierdie huis is baie grys. Die tannie in die huis se klere is reguit grys klere. Sy is soos die huis. Sy pa speel altyd musiek in die huis. Nie musiek met woorde nie net musiek wat hom laat rustig raak as hy nie reg is nie. Die tannie se huis is stil. Hy hou van die twee dogtertjies van oom Karel. Hulle lyk soos die kinders by die skool toe hy nog in die skool was. Die een dogtertjie se naam is Wilmien. Hy hou die meeste van haar. Die ander een is Susan wat die dieselfde naam as die tannie is. Wilmien lyk nes oom Smet. Hulle gesigte se vorms is dieselfde. Albei die dogtertjies se rokkies lyk dieselfde met blomme op. Hy is bly oom Smet is by sy familie. Die oom lyk deurmekaar. Hy is seker bly. Siegfried was nie so lank

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weg van sy pa soos oom Karel nie. Hy is bly oom Smet is terug. Hy wonder waar oom Karel se ma is. Miskien swem sy ook by die see.

*

Hy word met 'n sweterige hand om sy skouer die sitkamer ingeboender. Die vertrek is ruim met groot reghoekige vensters en leerbanke waarin mens verlore kan raak. Daar is 'n hele paar imposserende potplante in die hoeke van die vertrek. Karel lyk nie heeltemal tuis in hierdie luukse omgewing nie. Of miskien is dit net hy wat nie wil sien hoe goed sy seun in hierdie omgewing inpas nie, hoe baie hy verander het van die opstandige jong man wat niks met hierdie wêreld te doen wou hê nie. Sy mislukking as ouer word nog duideliker as hy dink daaraan dat hy die meeste respek vir sy seun gehad het toe Karel sonder enige vorm van respek was.

Susan het dit alles verander. Karel het haar op universiteit ontmoet, of ten minste toe sy op universiteit was. Hy het na sy tweede jaar opgeskop en rondgereis, van niks geleef. Sy was 'n mediese student, vierde in haar klas, met vreemde vriende. Dit was deur die vreemde vriende dat die tweetjies by mekaar uitgekom het. Sy was glo dadelik verlief op hierdie man wat so anders as sy was. En sy wou hom dadelik verander.

"Dis rêrig goed om Pa weer te sien." Karel sit op die punt van sy stoel.

"Ja. Goed. Hoe gaan dit? Met die werk?"

"Heel goed. Steeds IT. Niks impressive nie, Susan is die een wat geld maak." Hy gee 'n senuweeagtige laggie.

Stilte.

"Wat maak Pa hier?"

"Daardie man daarbinne, hy en sy pa was alleen op die plaas waar ek gebly het. Toe sy pa sterf, was hy alleen. Ek vat hom nou na sy familie in die stad."

"Dis absurd. Hoekom kom haal hulle hom nie?" Heeltemal aanvallend. En dan waarvoor hy die heeltyd nog wag: "En sy hande? Dit lyk soos webbe of iets."

"Hy het 'n siekte. En ons weet nie hoe om die man in die hande te kry nie."

"Die laaitie lyk bietjie deurmekaar, bietjie stadig. Is Pa seker die familielid bestaan?"

"Nee. Ek twyfel om die waarheid te sê." 'n Oomblik stilte. "Word ek verhoor hier?" Hy kan nie nou omgepraat word nie. Hy het sy keuse gemaak. Hy weet die hele affêre stuur op niks goed af nie, maar hy moet. Beter as om op daardie plaas te sit en vrek. Beter om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trein te ry na Godweet waarnatoe agter niks aan nie; ‘n parodie van ‘n groteske Nibelungenlied. Hy’s geregtig op sy last stand.

“Nou hoekom? Genade Pa, wat gaan aan?” Hy skuifel al meer rond op die massiewe stoel.

“Ek het dit nodig, Karel. Ek moet bietjie uitkom, jy weet.” Noem my fatalisties dan donner ek jou.

Ek is bly Pa kom ten minste bietjie van daardie godverlate plaas af. Pa sit daar en vergaan sonder om ‘n spoor los.”

“Selfs ’n kluisenaar ontwrig die natuurlike lewe van insekte. Ek verjaag sommige spesies, roei party onwetend uit en lok ander nader. Ek beïnvloed ‘n hele sisteem.”

“Pa, dis nie nou die tyd vir die alewige insekstront nie.” Die laaste paar briewe wat Karel gestuur het, is beantwoord met aanhalings uit sy insekboeke, en is duidelik nie goed ontvang nie.

“Insekte is beter toegerus om die aarde te oorheers as die mens. Hulle het ook baie meer jare van ondervinding.”

“Goed Pa, as Pa so sê. Maar hierdie rondreisery is bullshit. Ek vat die mannetjie môre Kaap toe. Watse familie is dit?”

“Sy oom. Maar ek vat hom.”

“Het Pa vervoer? Waar’s Pa se motor?”

“Verkoop. Ons vat die trein.”

“Trein? Nee oor my dooie liggaam. Hoekom is Pa so hardegat? Trein!”

“Wat’s verkeerd met treinry?”

“Pa is oud. Dis gevaarlik.”

“Ek het dit nodig, Karel. Ek het dit nodig.” Hy bly lank stil en kyk na sy seun wat so selfvoldaan en patroniserend op sy leerstoel sit.

Voor hy opstaan en uitloop, sê hy: “Dit gaan nog ‘n storie word, jy sal sien. ‘n Grote, met treine in.” Hy lag vir sy eie grappie. “Hulle vrek vir treine.”

*

Hy staan in die deur. Die tannie kyk vir hom. Hy glimlag vir haar sy mis die glimlag sy kyk net na sy hande. Hy sit sy hande agter sy rug. Die klein dogtertjie Wilmien loop agter hom om sy sien sy hande wat hy wegsteek. Sy vat met haar klein handjies aan sy hande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy steek haar vingertjies tussen sy vingers in om die webbe te voel. Die handjies is sag en koud. Die handjies is mooi. Die lyk soos hande op advertensies. Net klein. Daardie advertensies waar sy pa altyd die klank afsit en die mooi meisies hulle hande was met Lux. Hy wil graag daaraan vat. Hy is skaam. Netnou is sy bang vir hom. Sy sê niks nie sy streel net oor sy hande. Die tannie sê Hallo Meneer wat's jou naam. Dit is die eerste keer dat iemand hom Meneer noem hy hou niks daarvan nie. Die tannie spot met hom. Die werkers het hom Oubaas genoem dan het hulle partykeer gelag as hy nie kyk nie maar hy het hulle gehoor sy ore kan agter ook hoor. Hy sê Ek is Siegfried. Dit is 'n mooi naam Siegfried. Kom sit hier dat ons kan praat sê die tannie. Hy gaan sit op die stoeltjie wat daar staan. Die dogtertjie Wilmien het die ander dogtertjie Susan ook sy hande beduie. Hulle vat sy hande hulle druk en streel daaraan hy wil sê Ek is nie 'n baba hond nie julle kan nie so met my speel nie die tannie sê Kom nou julle. Los die oom gaan speel in die kamer. Ons gaan met Oupa speel sê Wilmien die tannie sê Nee los hom uit. Hy is besig met Pappa. Sy hou baie van Oom Smet nie. Die tannie sê hy moet sy hande op die tafel sit. Sy vat nie soos die kinders nie soos die dokter. Hy gaan nie die tannie Tannie noem nie. Sy is snaaks. Sy pa sê mens moenie alle vroumense Tannie noem nie net as hulle vriendelik is of goed is. Was jy al by 'n dokter. Het jou ma jou na 'n dokter geneem. Hy weet nie wat die vroumens bedoel nie. My ma is by die see ek hou van dokters hulle sien my binnegoed ek sien net my vel. Is jou ma met vakansie Siegfried vra die vrou hoe meer sy met hom praat hoe stadiger praat sy soos die tapespeler as die batterye op is sy pa sê Luister net stadiger. Hy weet hy praat ook stadig maar dit is net omdat hy soek na al die regte woorde. My ma is 'n meermin. Die vroumens lyk dom.

*

Susan sit met Siegfried by die kombuistafel. Sy lyk heeltemal verbouereerd en, toe sy opkyk, amper bly om Smit te sien. Siegfried glimlag breed toe hy hom sien. Albei lyk verlig dat die gesprek onderbreek word.

Susan staan dadelik op. "Ek moet met Pa praat." Pa. Van wanneer af is hy nou 'Pa'? Hy het die vrou twee of drie keer in sy lewe gesien en nie een keer was die ontmoeting iets om te onthou as persoonlik of intiem nie. Sy is die vreemdeling wat sy seun ook 'n vreemdeling gemaak het.

"Goed. Waaroor?"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"In die slaapkamer."

Die slaapkamer lyk soos 'n vyfsterhotelkamer. Alles hierbinne lyk asof dit ingerig is vir 'n reeks verskillende vreemdelinge wat net een nag hier in luukse sal slaap. So persoonlik soos 'n Reader's Digest Sweepstakes-vorm. You could already be a winner.

"Het julle iets om te drink?"

"Nie nou nie Pa. Wag tot die kinders gaan slaap." Weer die 'Pa'-ding.

"Wat is dit, Susan? Ek is oppad."

"Daardie man wat saam met Pa gekom het. Siegfried? Het Pa al sy hande gesien?" Hy wil sê dat alkoholisme mens nie blind maak nie. Elkgeval nie nou al nie.

"Ja."

"Het Pa al gehoor van Sindaktilie?" Hy probeer sy sarkastiese gesig trek. "Ek's nie seker oor al die feite nie, maar ek het al iets daaroor gelees. Dis 'n sindroom waar die hande en soms voete aanmekaar groei en die vingers en tone heeltemal misvorm is. Soms groei die bene en naels van die tone en vingers selfs aanmekaar vas." Interessant. 'n Lopende handboek.

"Siegfried se geval is die vreemdste geval wat ek al gesien het. Sy vingers is perfek gevorm, miskien bietjie lank en dun, maar normale vingers. Dis net die webbe tussenin. Die webbe is ook nie so dik soos die normale geval is nie. Dit lyk meer soos die webbe van 'n dier."

"Sy tone lyk ook so as jy belangstel. Wil jy hom vra om sy skoene uit te trek, dan kan ons foto's neem en dit vir Veldfokus stuur."

"Pa, asseblief. Hy moet by 'n dokter uitkom. En vinnig. Die tipe ding moet al voor ses maande reggestel word as dit goeie resultate wil hê."

"Hy's reg soos hy is."

"Nee hy is nie. Hy't hulp nodig. Mens kan nie so iemand deur die wêreld laat gaan nie. Dis net nie reg nie."

"Sê jy. Is dit al?"

Sy bars in trane uit. Heel dramaties.

"Tipies. Hoe kan jy so wees? Gee jy niks om vir enige iemand nie? In en uit mense se lewens soos dit jou pas. Wie dink jy is jy?"

Wat het nou geword van die liefdevolle 'Pa'?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ek is oppad." Hy maak die deur agter hom toe. Hy kry vir Siegfried besig om te speel met die twee kinders. Hulle lag al drie terwyl hulle op die grond sit en hy hulle een vir een op sy skouers tel. Hulle hou hom aan die polse vas om nie af te val nie. Die klein handjies lyk vreemd om die dun arms met die groot skulphande. "Kom Siegfried. Ons gaan. Hierdie plek is ons woning nie."

Wilmien spring op en klou weer aan sy been vas. "Oupa moenie gaan nie. Moenie gaan nie. Oupa kan hier slaap. Oupa kan in my bedjie slaap. Ek sal by Susan slaap." Hy vryf oor die koppie. Sy kyk op en hy sien Karel se gesig van dertig jaar gelede.

"Kom."

Buite sny die wind deur sy klere. Mens kan glad nie die sterre sien nie. Of die straatligte, of reën aan die kom. Karel kom agter hulle aangeloop. "Laat ek Pa'le êrens gaan aflaai. Het julle geld vir 'n gastehuis? Waar gaan julle bly?"

"Ons sal regkom. Siegfried het geld op hom."

"Asseblief Pa. Moenie so weggaan nie. Wanneer sien ek weer vir Pa?" Smit hoor die trane in sy seun se stem.

Dit was die vreemde geluid wat hom laat omkyk het. Wilmien kom uit die donker op 'n klein rooi fietsie met 'n toeter en lig aangejaag en stop langs haar pa. Vuurvliegies. Orde: Coleoptera, familie: Lampyridae. "Baai Oupa," met 'n stemmetjie sonder gevoel. "Ba-baai." Sy lyk waaragtig nes Karel.

"Ons kan seker maar môre die trein vat," sê hy en probeer glimlag vir die kind. "Maar ek's g'n te oud vir treine nie."

Siegfried wys net tande soos hy gryns. Ag Here, wat doen hy aan homself?

*

Hy en Siegfried sit in die leë sitkamer, die huis en buurt sluimerend om hulle. Die hele geblyery was toe ook nie so erg nie. Karel en die Lilith-vrou het skaars 'n uur later gaan slaap. 'n Uur van koeitjies en kalfies en 'n paar ander sinnelose onderwerpe. 'n Uur se gebabbel sonder om regtig met mekaar te praat. Enige ware gesprek is ten alle koste vermy. Hy het op 'n stadium, kort voor slaaptyd en na 'n hele aantal whisky's, die interessante feit geopper dat die hottentotsgotwyfie die kop van die mannetjie afbyt voor paring en dat die mannetjie dan, na hy kopverloor het, om dit so te stel, die wyfie dek en sekondes na die daad sterf. Die rede is dat paringsdrang by die mannetjie beheer word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur ‘n klein brein in die agterlyf en dat die brein in die kop hierdie brein onderdruk. Die stilte daarna was nog langer en meer ongemaklik en is, na wat gevoel het soos ure, onderbreek deur die twee kleintjies wat kom nag sê.

Susan was effens skamerig, maar Wilmien het op Siegfried se skoot gespring en hom ‘n moerse klapsoen gegee, voor sy hom onder hande geneem en sopnat gesoen en pap gedruk het.

“Oupa moet môre laat slaap dan sal ek pannekoeke maak. Sulke bloues. Ek het ‘n boek wat wys hoe ek hulle kan blou maak dan smaak hulle lekkerder.” Die hele gesin is toe bed toe, met die vrou al mompelende oor insekte en koppe wat sy sal afbyt.

Nou is dit net hy en Siegfried, ‘n glas whisky en die massale banke. Siegfried lyk effens bangerig. Hy is ook maar seker skrikkerig vir die res van die pad wat elke dag meer onbekend word.

“Ek is bang om so ver weg te wees Oom.”

Hy dink mooi voor hy antwoord: “Elke organisme op aarde sit giftige stowwe terug in die ruimte waarin hy leef en haal kosbare stowwe daaruit. Dit gebeur baie keer dus dat sy nageslag nie volwasse kan word in dieselfde ruimte as die ouer nie.”

Siegfried begryp duidelik nie. Die arme ding sit en kyk maar by die ruit uit.

“Daar was ‘n storie wat ek eens op ‘n tyd wou skryf. ‘n Storie wat begin op ‘n stormige nag in die sneeu in ‘n dorpie in ‘n ander wêreld. ‘n Ruiter toegedraai in lae swart klere en velle, met twee groot swaarde oorkruis op sy rug vasgemaak, kom die dorp binnegery. Voor op die groot swart strydperd is ‘n klein figuurtjie, ook toegedraai teen die weer. Wanneer die twee die herberg binnekom sien die mense dis ‘n groot man, geklee in die uniform van ‘n soldaat, en die klein mensie is ‘n meisietjie van so tien, met spierwit hare. Dis hoe die storie sou begin.”

Siegfried lyk dadelik geïnteresseerd: “Oom moet vertel.”

“Dit sou die eerste groot Afrikaanse fantasie wees. Ten minste ‘n duisend bladsye. Die eerste Afrikaanse Tolkien. Dit sou later uitkom dat die dogterjie die kind van ‘n godin was. Die pa, dapperste ridder in die ryk, natuurlik, was verlief op een van die godinne. Geen normale vrou was ooit goed genoeg nie. Geen vrou wat na sweet ruik of moes toilet toe gaan nie. Die godin, soos hulle maar soms is, was baie gevlei deur die jong ridder en val toe heeltemal vir hom. Die probleem was dat, om sy kind te hê, sy vir ‘n tyd mens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes word. Die arme opperwese kon toe nie die geboorte oorleef nie en nou sit die ridder met die halfgod dogtertjie en met die res van die koninkryk op soek na sy bloed. Die kerk was nie baie lief vir die ou wat verantwoordelik was vir die dood van hulle godin nie."

"En toe?"

Niks se ge-'en toe' nie. Dis al wat ek het. Ek het nooit verder gekom nie. Dit was net die begin, net die eerste hoofstuk en 'n paar terugflitstonele."

"Oom Smet mens kan nie so 'n storie vertel wat nie 'n einde het nie. 'n Storie het altyd 'n einde. My pa se stories het almal eindes. Dis nie 'n regte storie nie."

"Ek weet ja. Ek wou dit net vir jou vertel, want die god-dogtertjie laat my nogal aan jou dink. Ek het baie aande lê en dink aan daardie karaktertjie."

"Oom, ek is nou 'n mansmens en ek was eers 'n seuntjie. Oom kan mos nie sê ek is 'n dogtertjie in 'n halwe storie nie." Siegfried lyk heel boos, hy sal maar gou moet please explain. Hierdie goedbedoelde toesprakie is al klaar besig om lelik op te neuk. Hy vat nog 'n groot sluk whisky. "Ek bedoel net dis partykeer asof jy nie van hier is nie, met die een been in 'n ander wêreld."

Siegfried kyk hom verward aan. "Ek is van hier af Oom. Nie heeltemal hier nie van Doerkyk af mos."

Laat ons weer probeer: "Siegfried, deesdae beteken jou naam fokkol."

"My naam beteken iets Oom. Dis net nie in Afrikaans nie. My pa sê dit kom uit Duits uit."

"Dit is Duits, ja. Dis die naam van 'n Duitse ridder. Maar mense glo nie meer aan ridders nie. Ook nie aan drake nie."

"Ek is net Siegfried van Suid-Afrika."

"Solank jy net weet jy lewe nie in een van jou pa se stories nie."

"My pa sê ons is almal net stories."

"Ek meen, solank jy net nie jouself vertel jy is 'n ridder in 'n storie met 'n gelukkige einde nie."

"Ek kroek nie Oom. Pa sê mens kan nie jou eie storie loop verander nie."

"Wees net versigtig as ek nie by is nie, Siegfried. Wees net blêddie versigtig. Want daar is nog hier en daar 'n draak wat nie 'n moer omgee of iemand in hom glo of nie."

"Reg Oom."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

“Lekker slaap Siegfried.”
“Nag Oom.”
“Siegfried?”
“Ja Oom?”
“Weet jy wat jou ma se naam is?”
“Nee Oom. Ek was te klein toe ek nog haar naam geweet het dit was nog voor ek begin onthou het.”
“Miskien moet jy vir haar ‘n naam uitdink.”
“Ek kroek nie Oom. Sy was van Hartenbos. En haar naam was iets Engels soos haar van dis al wat reg is.”

*

Toe hy die volgende oggend wakker word, slaap die res van die huis nog. Hy maak vir Siegfried wakker en trek vinnig aan. Wilmien en Susan lê saam in ‘n bed en slaap. Hy vryf oor Susan se koppie en soen Wilmien saggies op die voorkop.
“Ba-baai Oupa,” prewel sy deur die slaap, hy is nie seker of sy wakker is nie. “Baai,” fluister hy terug en trek die deur saggies toe. Hy verwens homself dat hy ooit sy saad in ‘n vrugbare lyf gestort het; in die Karoo vreet die sand alles, pis en saad; en die miere en aasvoëls verorber karkasse, wat een vir een omval.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## IV

Hulle klim op die eersteklastreinwa. Derdeklas is vol. Die trok is bedompig. Daar is messkeure in die plastiek sitplekke in die vorm van verskeie vloekwoorde. Die enigste oop sitplek is oorkant 'n ou bruinman met 'n spoorwegjas en kaal voete. Hulle gaan sit met hul sakke op hul skote vasgeklem. Siegfried staar deur die venster. Hy weet wat hy sien. Die Suid-Afrikaanse Waste Land: Plastieksakke vasgewaai in die lemmetjiesdraad. Die kinders wat op die spore speel en die trein met geroeste blikkies gooi. Iewers breek 'n venster, iemand vloek. 'n Sekuriteitswag met 'n pistool en 'n knuppel klim op net voor die trein wegtrek. Hy het lanklaas treingery. Hy het nie besef gewapende beskeming is deesdae nodig op publieke vervoer nie. Die ou man knik 'n groet. Die skrywer knik terug. Na omtrent vyf minute van stilte praat die oue.

"Waaheen ga julle?"

"Stad toe," sê hy en klem sy sak stywer vas.

"Maneer, wa va 'n sluk da?" Die ou man het die bottel in die sak sien bult.

"Seker." Hy haal die whisky uit en die ou man drink diep.

"Wat maak jy, maneer?"

"Hoe bedoel jy?"

"Die job?"

"Skryf."

"Aou, skrywer nogal. My nefie is ok 'n poet. Sulke political poems. Struggle sê hy. En God, struggle die klonkie nie. Mar hy's eenkeer amper gepablies. Jy al gepablies?"

"Ook amper eenkeer," lieg hy. Hy bekyk nou die vreemde ou man van nader. Sy uniform is al erg verwaarloos, kleurloos verbleik en plek-plek geskif, veral om die nek en moupunte. Kaalvoet.

"Ek was drywer gewees. Voorik gefire is. Moes 'n package vat. Die mense stel net swartes aan. Ek was 'n goeie drywer. Nooit 'n ongeluk gemaak nie, net een maal 'n bok skrams geloop." Sy mondhoeke ruk effens, soos 'n kind wat wil huil. Hy sluk en vee oor sy voorkop. "Dis 'n narigheid so sonder my bril. Alles is so dowwerig. Ek kan goeters sien beweeg, maar dis ok al. Since ek gefire is, is die vrou ook weg. Alles is nou deurmekaar. Ek's ok oppad Stad toe. Ek gaat die hofjudge sien oor die fire-ery. Maar eers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet ek die nefie optel om te kom vertaal wat die Engelse judge sê so ek ganie allie pad Stad toe nou nie. Ek was 'n goeie drywer."

Hy kyk die ou man aan met dejá vù. Ken hy hierdie man, hierdie karikatuur? Êrens uit 'n boek. Rabie, Leroux, Barnard miskien. "Het jy 'n prokureur, meneer ... eh ..."

"Somer, die naam is Somer. Somer Barrie. Mar op my ID staan Barries. Genoeg om man deurmekaar te maak. En die maneer se naam?"

"Smit, Wilhelm P."

"I see. Aagenaam manee dabbeljoe pee." Die ou man lag tandeloos.

"Het jy al 'n prokureur, meneer Barrie?"

"Nee, marie judge sal sorg sê hulle. Die storie gaatie hie ophou nie; daavan ka julle manne seke wees. Gee da nog 'n slukkie maneer." Die drywer kyk lank voor hom. Dit voel vir Smit of hy regdeur hom kyk. Asof hy hom op 'n vreemde manier herken uit 'n vorige lewe.

"Die maneer sê hy's 'n man wat stories skryf." Die drywer dink lank. Sy voorkop vertrek in 'n frons soos hy konsentreer.

"Dan sal die maneer seker vestaan hoe ek meen. As jy voel dat jy nie iemand rêrig is nie. As jy voel dat jou woore klaar in 'n anner man se boek staan."

Dit is nie die tyd of die plek om met afgedankte treindrywers oor hierdie tipe ding te sit en praat nie. Hy is elkgeval klaar te dronk om enigiets sinvol toe te voeg. Hierdie gesprek moet nou beëindig word.

"Bedoel u dat u 'n identiteitskrisis het en voel dat u uiteraard nie outentiek eksisteer nie?" Dalk sal dit die ou man laat ophou praat. Die vent maak hom ongemaklik.

"Ek meen dat ammal dink hulle weet hoekom jors sincerely so afgepis is en almal dink hulle weet hoe om my te help. Ek worry nie oor die politics en die vrou nie. Ek wil net drywe. Dis al wa hierie man is, 'n drywer."

Hy onthou 'n verslete boek wat hy jare terug op Stellenbosch gekoop het en nou onder sy lessenaar se kort poot lê vir stabiliteit. Dit sal sy laaste wapen wees om die ou man te laat ophou praat. Hy wil waaragtig nie nou oor hierdie dinge praat op 'n trein weg van alle sekerheid nie. Nou ja, dan maar vir die doodskoot:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Daar bestaan uiteraard die gevaarlike dualisme in die Indo-Europese tale dat daar 'n aparte subjek is wat dink oor die objek van Syn, as die subjek juis reeds deel is van die Syn."

Daar was 'n lang stilte.

Dan gaan hy maar aan, in 'n ander trant: "Die menslyfluis, orde," hy vergeet, maak een van sy boeke oop, vind die plek, glimlag en gaan voort: "Orde Phthiraptera, is gevaarlik as draers van siektes soos vlektifus. In die tweede wêreldoorlog is drie miljoen mense in Rusland aan hierdie siekte oorlede."

Nog 'n stilte.

"Ek wil net drywe."

"Die grond is hier ook droog, maar hier's meer voëls," sê Siegfried. Hy drink die laaste van sy whisky. Die ou drywer steek sy hand in sy sak, vroetel rond, haal 'n sakhorlosie uit en kyk daarna, frons en steek dit in sy sak terug. "Staan," sê hy. "Staan altyd." Smit wil iets te sê, maar steek eerder 'n sigaret aan.

Hulle sit vir 'n tyd lank in stilte. Die drywer staan op en klim by 'n klein stasie af, waar sy nefie hom sal ontmoet.

Siegfried lyk bang. "Die stad is nie 'n goeie plek nie, Siegfried. Dit is vergelykbaar met die sosiale opset van ruspes wat saamkoek, omdat hulle nie individueel kan funksioneer nie en omdat hulle geen verweer teen hulle natuurlike vyande het nie. Die gevolg is dat duisende sneuwel as gevolg van die tekort aan hulpbronne in die beknopte, oorbewoonde ruimte."

Hoe langer die rit aanhou, hoe meer ongemaklik begin hy voel. Dit voel of die trein wil ontspoor. Skielike rukke van die wind buite die trokke, af en toe voel dit asof die hele trein oorhel. Siegfried lyk onbewus van die rukke en staar net by die venster uit. Hy sit lank en kyk na die paddaman wat hy die afgelope paar dae beter leer ken het. Hierdie nuutgebore baba wat skaars die bloed uit sy oë gevee het. Soos 'n ding sonder substansie beweeg hy na sy doel en is dit asof hy niks sien rondom hom, behalwe die vae doel in die toekoms, nie. Of miskien sien hy dit alles maar te goed. Miskien besef hy dat dit hier nie sy wêreld is nie.

Hy het Siegfried een middag op die plaas sien ronddwaal. Stadig weg van die opstal, dan weer nader. Hy het, na 'n halfuur, stil gaan staan, rondgekyk, op in die lug, af na sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voete. Hy het gaan sit op die grond, met sy hande in die sand gevee, maar aanhoudend rondgekyk. En toe skielik rigting gekry dam se kant toe. Heeltemal uit plek. Orals, behalwe by daardie dam vol modder. Skielik ruk die trein weer.

Die trein stop by 'n stasie, buite wemel mense, miere, 'n nes wat aan die brand gesteek is. Hy wil nie deel wees van wat hy sien nie, die sinlose telery tot daar geen plek oor is nie; tot die spul oor mekaar begin klouter vir lug. Dis te laat, sy eie nasate sit in Stellenbosch, vet en ryk in hulle eie klein hel. Hy het homself dit ontneem om spoorloos te verdwyn, om daar op die werf sy laaste sluk te vat en die grond te tref, dat die son hom biltong kan maak, dat die maaiers kan nesskop. Hy's nou kniediep in hierdie ding, met klein blondekoppies en hulpelose idiote. En hy kan nie uit nie.

*

Oom Smet lyk bang. Die ou oom is weg. Hy rek sy bene uit hy sit sy voete op die ander bank. Hy speel met sy tone in sy stewels. Die webbe tussen sy tone is vol sweet. Hy is lus om sy stewels uit te trek sy pa sê altyd mens dra skoene as mens in geselskap is. Buite is alles vinnig dis beter elke keer as die trein stop sien hy. Daar is blikkies op die spore. Op die stasie wat nou net verby is se stoepie het twee ou ooms vuur gemaak in 'n groot drom. By hulle was 'n vroumens wat baie gehuil het toe ry die trein. Die treintrok is leeg. Orals is doringdraad en hakiesdraad langs die spore. Maar orals is gate in die draad waar mense deurloop. Sy pa sal heel bedonnerd raak as hy sien hoeveel gate in die drade is. Daar is baie plastieksakke teen die drade op die spore. Mense lê teen die drade. Twee bruin mans kom sit op die bank oorkant hulle een man stamp sy bene af. Hy weet mens moenie eintlik jou voete op banke sit nie hy voel nou sleg dat hy sy maniere vergeet het. Sy pa sal kwaad wees. Die man lyk ook kwaad. Die man ken sy maniere goed. Die twee mans kyk na mekaar hulle lag. Dan kyk hulle weer na hom en oom Smet. Hulle kyk weer vir mekaar. Die een man buk oor hy ruk die oom se sak van sy bank af. 'n Boek val uit. Wat's daai brother vra die man hy stamp die ander man in sy sy. Dis vir 'n dagboek sê oom Smet. Die een mansmens tel die boek op hy blaai. Hy skeur 'n bladsy uit hy wys dit vir die oom. Hier sta dan niks innie sê die man wat die sak laat val het. Oom Smet sê niks nie hy probeer by die anderkantste venster uitkyk die man vat sy gesig hy maak hom na hulle kyk. Bra ek sê hiers dan fokkol innie. Isi mal. Hê brother wha's up. Hiers dan niks innie. Ek sceme jy't dit gasteel. Die man kom sit tussen Siegfried en oom Smet. Hy voel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

snaaks. Hy hou nie daarvan om so op 'n knop langs mense te sit nie. Hy weet nie hoe om reg te sit dat hy aan niemand raak nie. Los ons net uit asseblief. Vat die boek sê oom Smet hy lyk bang. Oom Smet haal die ander boeke ook uit met die insekte en die prente hy sê Julle kan die ook kry. Wat brother. Hierie comrade dink ons issie goed ganoeg om hie te sittie sê die man. Alles is deurmekaar. Hy wonder hoekom is hulle so lelik met oom Smet hulle lag. Die oom sug hy sê Sal wel nog iets daarin skryf. Oom Smet skuif sy been. Niks gebeur nie. Ek wag tot daar iets gebeur. Hy skuif weer sy been. Oom Smet wieg vorentoe en agtertoe. Hou van skryf. Het eenkeer my storie begin skryf. Waa die fok praat die bra nou vandaan. Die man klap oom Smet in die maag hy is bang. Oom Smet hoor nie lekker nie hy kyk voor hom uit in die grond vas hy hou sy maag vas. Hy sê Sy't my gelos dink ek. Of ek het haar gelos. Of sy's dood of iets. Kan nie onthou nie. Dis lank terug. Watse kak is die. Die brother lost it sê die ander man wat aan die oorkant sit hy sien hy kyk skielik maak hy vorentoe hy skree iets dat hy erg skrik hulle lag oom Smet help nie hy sit net met sy maag hy kyk vir die grond. Die bra lieg aanmekaar. Vir al wat ons weet lieg djy dat djy hier is. Die bra is dalk lankal gevrek. Die vente lag. Oom Smet lyk dom sy mond is half oop die oom moenie so lyk nie dit maak hom bang. Hy begin huil. Oraait waas die geld sê die ander vent. Die oom lyk dieselfde sy mond is oop. Waas die geld brothers sê die man. Die oom mompel iets hy haal sy beursie uit. Oom Smet kyk stadig na hom hy wys hom dat hy ook sy beursie moet uithaal. Hulle gee hulle twee beursies vir die twee mans. Die een man sê oom Smet moet sy skoene uittrek die man het ook nie skoene nie nes die ou oom. Oom Smet trek sy skoene uit. Sy hande bewe erg as hy die veters losmaak daar val twee sweetdruppels op die vloer. Hy gee sy skoene vir die man. Die oom se sokkies lyk snaaks die een toon steek deur sy sokkie. Hy glimlag vir die toon. Die oom kyk hom snaaks aan of hy nie die grap verstaan nie. Die man probeer die oom se skoene aantrek hulle is te klein. Dit is snaaks soos hy sy gesig trek. Hy beduie na sy stewels. Trek uit jou skoene Siegfried fluister oom Smet. Hy vra hoekom klippe maak seer. Die man gryp sy been hy ruk sy voet. Hy skrik hy huil. Oom Smet spring op hy gryp die vent oom Smet help hom die groot man maak seer die man wat langs oom Smet sit slaan oom Smet in die maag sy hand blink waarmee hy die oom slaan die oom gaan sit rustig terug op die bank hy hou weer sy maag vas hy kyk snaaks na sy hande hulle word rooi. Oom Smet se hande is vol bloed. Hy lyk of hy iets mooi sien wat hy nie kan glo nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soos die keer wat sy pa die vlieër die man slaan die ander een hy vloek hom albei hardloop uit hulle het sy stewels. Die swart skip is in die venster hy raak pap die skip kom haal hom. Die oom is wit in sy gesig hy vat aan Siegfried se skouer hy kyk hom aan dat hy sien hy moet nou mooi luister. Sy hele broek en sy hemp se deel oor sy maag is vol van bloed. Die bloed is nie rooi as dit in die klere in is nie dis meer bruin. Die man het die mes wat op die grond lê in die oom se maag gedruk hy het dit op gemaak gaan in sy lyf in soos mens visse oopmaak om die grate uit te haal. Die oom hou sy maag met albei hande vas. Dit lyk of hy alles probeer binnehou netnou val sy maag uit hy mors orals. Hy kyk weer vir Siegfried. Hy kan nie hoor wat hy sê nie hy dink hy verstaan al praat die oom snaaks want sy mond is vol rooi. Kyk nou net hierdie fokken einde ... soos in net 'n storie. Die oom lag bietjie daar drup sulke dik bloed by sy mond uit wat nie val nie wat net so bly hang soos slymspoeg. Ag my Here nie so nie ... Pa ek het nog nie… nie so nie... Die oom bly stil. Sy kop hang. Al die vensters is vol van die swart skip hy is koud. Sy oë maak te vinnig. Oom Smet lyk nie soos sy pa se lyf wat tevrede is nie. Hy kyk op en rond in die trok. Hy is alleen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# 2

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# I

C:\> Ek voer my woorde vir 'n stukkende masjien. Ek skryf, ek vertel, ek kap vir myself betekenis uit 'n klip van 'n mens; 'n mens wat ek vandag omgery het en wat vanaand in my huis slaap. 'n Begin van iets, miskien. Ek moet weer vir 'n tyd lank skryf, maar op my manier. Ek tik op 'n gebreekte rekenaar. 'n Wrak wat ek uit 'n kas gegrawe het. Daar is niks op die hardeskyf behalwe die bedryfstelsel nie. Om die een of ander rede, 'n welkome vloekskoot, laat die mal masjien my toe om solank ek wil aan te hou tik na die DOS-prompt. Tot ek twee of drie maal Enter druk. Dan gebeur wat normaalweg na net 'n lyn en 'n half sou gebeur. Bad command or file name ensovoorts. Soms 'n ander antwoord, die masjien wat my woorde opweeg en sy opinie gee. 'n Masjien met 'n wil van sy eie. So gaan ek oor hierdie man vertel, eenmaal, vir myself, terwyl die masjien alle spore van my woorde vernietig soos hulle van die skerm verdwyn. Neem, eet. Niks sal gedruk word nie. Dit is gepas.

Daar het baie gebeur. So: Dit was seker die skok wat my laat stop het. Vir 'n oomblik in die voorruit, twee verskrikte oë, 'n mond vol bloed - bloed wat met die impak van die motor teen die ruit gespoeg word. Die groot wit oë, die mond met lopende rooi lipstiek; 'n makabere pop voor my in die pad gegooi. Eers na die slag dring geluide weer deur, die liggaam wat die motor tref, die bloed wat spat oor die voorruit. Op daardie oomblik, toe die geluide van die wêreld die millisekonde van stilte deurbreek, het ek die rem getrap.

Vinnig uitgeklim en na die liggaam gehardloop. Die man wat daar gelê het, het stadig sy kop opgelig en met groen oë 'n storie begin vertel, terwyl sy mond sê: "Jammer Tannie".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek het by hom gaan kniel en aan die bebloede gesig gevat, gevryf oor sy hare. "Dis alles reg. Alles is reg," gemompel, verbouereerd. My sakdoek uitgehaal en sy mond begin afvee, terwyl hy weer iets wou sê. Dit was toe dat hy, met 'n groot gewebte hand oor my arm gevou, gesê het: "Dis nie my bloed nie Tannie. Alles reg."

Ek kon nie help om te staar na die hand oor my voorarm nie, die fyn vel tussen elke lang vinger, die dikkerige vingerpunte met afgekoude naels. Met 'n wysvinger het ek tussen sy vingers in, op die webbe langs getas, baie liggies, die sagte vel, soos vel wat nog nie begin lewe het buite die baarmoeder nie. Die aanraking het my, vir die eerste keer in jare, om maar doodeerlik te wees, hoendervleis gegee. My vingerpunt was elektries terwyl dit aan die vlies tussen die man se vingers geraak het. Die liggaam het skielik begin ruk in my arms, my gedwing om reguit te dink.

Ek het hom probeer kalmeer, die liggaam het aanhou wriemel: "Alles is reg. Klim in, dan gaan maak ons jou reg."

"My plant."

"Plant?"

Hy het orent gekruip en verskrik rondgekyk. Hy het iets herken en na die kant van die straat geloop. Baie stadig en geduldig, asof hy êrens seer was. Op die gruis het 'n klein palmpie in 'n bruin plastiekbakkie, in 'n sak toegedraai, gelê. Sy tande het gewys, toe hy weer praat was sy oë lewendig: "My plant."

"Kom ons gaan kry julle twee reg, jou en jou plant," het ek gesê.

Nog nooit het ek 'n vreemdeling in my motor toegelaat sedert ek in die stad bly nie. Maar hierdie man was nie vreemd nie. Ek het vinnig bestuur huis toe, toenemend

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onseker oor wat ek besig was om te doen. By die huis kon hy self uit die motor klim. Hy het voor my uit gestap, die trappe geklim. Met bakkerige bene en 'n effense gewaggel.
En toe staan hierdie man voor my, gewebte hande, vaalblonde hare, groen oë, 'n oopgeknoopte Hawaise hemp, 'n vuil potloodstreepbroek en groot gewebte voete. Sien foto (Fig.1). Gaan haal hom 'n glas water, hy gooi bietjie by die palm in die bakkie en sluk die res so vinnig dat hy verstik en 'n wind moet vryf. Die waaierhand beweeg oor die hemp. Die skerp kombuislig speel vreemd daaroor. Die lig en skaduwees verander die webbe tussen die vingers in pienk repe, asof mens in sy ingewande inkyk.
"Het jy al geëet?"
"Nee Tannie."
Ek het onthou dat daar niks was wat klaar voorberei of vinnig aanmekaargeslaan kon word nie, selfs die eiers was op. Ek het aangebied om iets te gaan koop. Die man het geglimlag, maar toe hy stadig opstaan, vertrek sy gesig van pyn.
"Sit!" Ek was bang om te bevelend te klink. "Sit, ek gaan tap 'n bad, dan kan jy bietjie week terwyl ek take-aways gaan kry."
"Dankie Tannie."
'n Gas in my huis. 'n Projek. 'n Vertraagde, misvormde spesimen van stedelike homo sapiens sapiens.
Bad command or file name

C:\>

*

Hierdie tannie is vriendelik sy is al ouerig maar nog nie doodgaanoud nie. Hy hoop net sy neem nie weer foto's nie. Die flitslig maak hom skrik. En sy gaan nou kos bring dan gaan hulle eet hy vrek van die honger. Dis snaaks hoe sy die hele tyd aan hom vat. As sy eers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin te vat dan bly haar blou-aar handjie lank op sy rug of sy hande of sy skouer. Miskien is die tannie bietjie simpel. Hy hoor die tannie se karretjie wegjaag hy hardloop kombuis toe daar's seker mossels hy maak al die kaste oop hy soek mossels daar bo in ene kry hy mossels. Oom Smet is nie hier nie wie gaan dit nou oopmaak. Hy soek 'n blikoopsnyer daar is ene hy kry nie die blik lekker oop nie net 'n klein bietjie draai oop so halfmaangat hy klap die blik aan die agterkant hy wil nie tyd mors nie die tannie is nou terug. Daar val so bietjie mossels uit op die tafel sous mors op die tafel op die vloer ook. Hy tel al die mossels op daar's net vier wat uitgeval het hy eet hulle vinnig. Hy vee die tafel met sy hand af en die vloer ook dat sy niks sien nie. Die drom is in 'n kas hy druk die blikkie heel onder in dat sy hele arm na gemors ruik dis taai. Hy hol uit die kombuis uit. Die tannie se huis is kleiner as sy pa s'n dis mooi met orals prente wat geverf is die mure is nooit net wit nie. Dis ander kleure dis bruinerig of vaal of amper geel. Daar is klomp kussings op al die banke en stoele wat lyk of mens daarop kan spring. En daar is baie spieëls in die hoekies wat die huis laat anders lyk dan dink hy daar is 'n gangetjie dan is dit net 'n spieël. Daar is baie vere geplak teen die mure. Die vere is mooi niks simpel duifvere of kraaivere nie. Kraaie en duiwe het lelike vere. Sy pa sê hulle is net peste hulle is verskonings vir voëls. Die matte is dik en sag onder sy voete die vloer daar in die sitkamer is hout en koel en so glad dit voel sag. Die bad is al vol hy maak die krane self toe hy bad al lank op sy eie. Dis lekker om in die bad te lê al pyn alles nou erger. Dis 'n goeie seer sê sy pa dis hoe al die pyn in die water ingaan en weggaan pyn kan nie swem nie. Hy raak vaak van die warm water en die stoom en die stokkies wat rook daar in die hoek. Hy is weer terug in die trein. Hy kyk rond in die treinwa. Sy oë gaan te vinnig sy mond is oop. Hy maak toe hy probeer stadig kyk. Die swart skip gaan weg hy is nie meer so pap nie. Die trein is vinnig die oom lê en lek op die vloer. Hy is nog kleiner dis lank terug hy en sy pa jaag skape agter op 'n bakkie sy pa vat hulle dorp toe hy wil hulle verkoop. Hulle laai die skape agterop eintlik was dit Alfie wat dit gedoen het sy pa het hom net gewys watter om op te laai. Die skape lyk swaar. Hy wou ook help maar sy pa wou nie hy sê Pasop vir jou rug. Hy ry agter op die bakkie een van die skape se oë maak snaaks hy skree en val om Alfie sê Dood Alfie klop op die dak sy pa stop. Hy klim op en werk die dooie skaap met sy voete af van die bakkie af. Dit lyk of sy pa die skaap fietsry. Hy vra sy pa Hoekom sy pa kyk net so voor hom hy sê Die ding is vrek laat staan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nou mens kry niks meer geld nie die ding was siek wil jy hê ek moet hom die hele dag ronddra. Hy staan en kyk hoe sy pa die skaaplyf in die sloot langs die pad afstoot en hy staan en kyk na die oom se lyf. Laat staan nou wil jy hê ek moet hom die hele dag ronddra. Hy trek die deure van die wa oop al is hulle vas sy arms is sterk. Hy sleep die oom se lyf na die deure die wind swies shoef verby en in die trok in hy val amper. Hy gaan sit op sy agterent hy werk met sy voete die lyf af en uit die trok uit hy hoor nie hoe dit val nie die swies wind is te hard dit klikkakaklik hier onder ook hard. Hy gooi die oom se sak uit wil jy hê ek moet die ding die hele dag ronddra. Hy tel die mes op en smyt dit uit hy wil nie daarna kyk nie. Hy trek die deure weer toe hy gaan sit op 'n ander bank wat skoon is. By die volgende stasie klim twee maer vroue op hulle gaan sit waar die oom gesit het hulle skrik en praat vinnig hulle bekyk hom snaaks hulle praat nog vinniger hulle gaan sit in die ander hoek waar dit nie so rooi en taai is nie. Hy glimlag vir hulle miskien raak hulle ook kwaad en slaan hom. Hy is moeg hy wil net slaap. Hulle kyk heeltyd wat hy doen. Die trein stop hulle klim vinnig af en die trein ry nie weer nie. End of the line my friend sê 'n man hy maak met sy hande bewegings dat hy moet afklim. Hy vat sy sak Kom Plant sê hy hy sien op 'n geel bordjie staan CAPE TOWN. Hy is nou in die stad hy is nou by oom Bert.

*

C:\> Die global village word 'n moordkuil vir die oningewyde.
Bad command or file name

C:\>

*

C:\> Kaapstad, te midde van al die mooi, huisves die gewelddadigste van opposisies, die idille en inferno.
Die stad is 'n doodsbenaderende ervaring.
Bad command or file name

C:\>

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oom Bert is baie groot hy is breed met ’n groot borskas. Hy is baie wit. Oom Bert se asem ruik na vis. Hy het nie hare nie net skubbe op sy kop. Oom Bert se hande is ook so.

*

Iemand klop aan die deur dis die tannie met die sproete se stem. Die stem sê die kos is hier hy moet klaarmaak en afdroog. Hy sukkel met die handdoek. Hy is nog deurmekaar die handdoek val op die vloer. Hy trek weer sy klere aan daar is van Maggie se bloed op sy hemp maar sy het dit vir hom gegee daar is nie ander hemde nie. Hy sukkel met die hemp met die bloed. Maggie het dit vir hom aangetrek nou moet hy self die knope toemaak. Hy sukkel altyd lank die tannie sit en wag. Hy moet eers die een knoop tussen sy vingers vas kry dat dit nie net maar weer saam met die hemp sal hang nie dan moet hy met sy ander hand die gat van die knoop kry en sy een vinger so ent daarin druk dat die gat baie groter word want hierdie gat is baie klein dan druk hy die knoop deur dan is dit die volgende een. Sy pa sê hy moet truie en hemde dra wat nie knope het nie. Knope is nie vir almal nie. Gelukkig het sy broek net ‘n rits wat mens moet optrek om jou tôtie toe te maak. Een tannie wat so paar keer op die plaas gekuier het het vir hom ‘n broek met knope gebring sy pa kyk haar so hy kyk so na die broek hy sê Dink jy nou die kind gaan so broek aantrek dis vir donnerse vrouens die ding die tannie was kwaad sy loop sommer. Hy weet dit was 'n manbroek sy pa sê net anders want hy weet die knope sal lol. En nou gaan hy eet hy ruik hoe alles ruik. In die gang maak iets zzzzzzzz hy kyk by die een deur in daar is ’n lang tafel met ’n rekenaarding met groen lettertjies op. Die boks onder die televisiegesig van die rekenaar maak hard zzzz. Orals lê klomp papiere en bokse met papiere en video’s in hope. Teen die muur agter die groen letters is klomp klein papiertjies geplak met woorde en sinne op. Dis deurmekaar. Hy gaan eet. Die tannie sit in haar kombuisie. Daar is ‘n heks wat aan ‘n tou hang op 'n besemstok wat uit die dak hang in haar kombuis en klomp plante en goed orals en so deurmekaar prent bo die stoof wat lyk soos ‘n vrou wat sit by ’n maer hond. Die tannie is baie klein as sy sit soos 'n voëltjie met baie sproete en wit vel en valerige haartjies wat kort en glad afhang ‘n muisgesiggie. Sy is kaalvoet nes hy. Sy glimlag sy beduie met haar oë agter die groot bril na die pakkie op die tafel. Haar oë is groot agter die bril uiloë. Dis ‘n bruin papiersak hy druk sy hand daarin dit voel koud aan die een kant en warm aan die anderkant. Dis ‘n vierkantige boksie van daardie goed wat so piep as mens daaraan vat sy pa noem dit piepskuim. En

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar is 'n blikkie Coke. Die hamburger is in die piepskuim die Coke is in die blikkie. Hy vat die boksie in sy hande hy druk daaraan die boksie skree. Hy kan dit nie vat nie hy is hoendervleis van die gepiep. Hy doen dit weer dit piep weer. Daar is 'n klomp letters rooi M'e op die boksie. Hy moet sy vinger daar onder die dingetjie inkry en die een tongetjie uitlig en die boksie oopmaak sy vingers is dom so aanmekaar vas. Hy druk weer dit gil weer die sproetetannie sit met haar muisgesiggie sy kyk met die uilbril. Sy lyk vriendelik maar sy help nie. En sy een nael is onder die tongetjie in maar sy nael is gebyt dis kort en dit help nie die boksie maak weer so hoendervleis geluid so hoog dit sal die honde laat blaf. Hy vat die bokant van die boksie in sy een hand hy probeer dit vou dat die tongetjie uitspring maar dit maak net so entjie oop langs die kante van die boksie dat hy die hamburger kan sien daar is kaas op. Hoekom is daar nie rooi H's op die boksie nie hamburger begin met H dit is H am burger. Hy weet hoe hy druk sy ander vinger in die klein gaatjie in dan maak hy soos 'n jack en jack die hamburger oop dit skree verskriklik want dit weet sy dop is gebreek soos 'n skilpad en hy gaan nou vrek dit skree maar die dop maak al hoe oper dan spring die tongetjie uit daai gaatjie alles val oop. Daar is die hamburger dis klein daar is meer kool op as vleis. Maar dit ruik lekker. En die muistannie kyk hom nog al die tyd net so sy sê niks sy glimlag. Drink jy nie Coke nie sê sy dan sien hy die blik Coke hy weet hy gaan dit nie oopmaak met die dom hande en gekoude naels nie. Sy pa sê hy moenie sy naels kou nie dit sal hom help met goed hulle werk soos skroewedraaiers maar hy kan nie help nie. Hy kou hulle van altyd af. Het Tannie 'n skroewedraaier sê hy Kyk daar in die boonste laai by die messegoed hy maak die laai oop daar is messe en goed en vurke en lepels en die blikoopsnyer met bietjie mossel wat vassit en 'n ystersagie en klomp skroewedraaiers en 'n hamer. Hy vat 'n klein skroewedraaier hy maak die laai vinnig toe dat die tannie nie die blikoopsnyer sien nie. Hy druk die plat kant onder die blikkie se dingetjie wat mens trek om dit oop te maak dat die gaatjie oopgaan. Hy lig die dingetjie op hy druk sy pinkie se een kant daar onder in en lig dit op tot die blikkie oop is dan trek hy die dingetjie tussen sy vingers terug dat die gaatjie mooi groot word. Waar is die borde Tannie waar is die messe en die vurke. Die tannie sê mens eet hamburgers sommer net so uit die bakkie uit. Hy weet nie so mooi nie mens eet mos uit borde uit as mens beskaaf is al kan hy nie die messe en vurke lekker gebruik nie moet dit daar wees dis altyd daar. Maar dis anders hier. En dan eet hy. Hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voel simpel oor die mossels wat hy gevat het maar hy was so lus. Die tannie sê niks die hele tyd sy glimlag net sy kyk hoe hy eet en drink die Coke maak hom burp hy drink al die gasgoed te vinnig in die verkeerde gat af. Die tannie vat aan sy een hand as hy nie die hand gebruik nie hy vat die hand weg en vat aan die Coke dat sy dink die hand is besig sy kan nie nou daaraan vat nie. Die hamburger is droog maar die kaas is lekker hy trek die kaas af en eet net dit so apart anders proe mens dit nie lekker nie. Die tannie sê En hier's 'n sjokolade ook sy haal 'n Bar-One uit haar sak uit. Hy sê Ek hou nie van tjoklits nie. Die kos is klaar en die Coke is klaar hy vat die bakkie en die blikkie na die drom daar in die kas en gooi dit in die drom. Maar die drom is vol dit val net daar op die vloer. Hy gooi die blikkie en die bakkie weer op die ander gemors dit val weer af. Hy moet dit kleiner maak. Hy spring op die blikkie dit raak nie kleiner nie die blikkie lyk net anders dit pas nog glad nie in die drom nie. Mens kan die goeters nie stukkend maak nie. Hy begin weer spring daarop die tannie sê Los maar sy sit die blikkie en die bakkie op die tafel neer. Ek sal môre weggooi sê sy. Sy maak koffie Wil jy koffie hê sê sy hy sê Nee dankie Tannie sy hou die koppie snaaks vas dit val stukkend. Sy kyk lank af sy sê niks sy kyk net hoe die stukkende koppie lê. Die tannie vra waar hy slaap hy sê hy weet nie hy soek sy oom hy vertel van oom Bert. Sy sê hulle kan later gaan soek dis nou al twaalfuur. Die tannie luister na sy storie van oom Smet wat saam met hom gegaan het tot hy op die trein morsdood was skielik. Sy bekyk hom die hele tyd op en af sy sien sy voete hy lig sy voete half op in die lug hy rek sy tone om al sy webbe te wys toe glimlag sy so bietjie. As die tannie hom bekyk voel dit hom of hy soos 'n anderster ding raak. As mense hom bekyk voel hy of hy 'n boks is wat hy ook bekyk en nie hy is nie en nou ook. Sy pa sê hy moet oppas vir mense wat te veel vat en te veel kyk die tannie glimlag en sy gee hom kos. Hy is moeg. Sy sê sy het 'n ekstra bed sy sal môre regte kos hê. Die kamertjie waar hy slaap is groen met prente orals en groot kussings die matras is groot dis amper rond as hy daarop lê dan sak hy weg. Die tannie sê Lekker slaap moet ek die deur oop los vir die ganglig hy sê asseblief.

*

Los nou maar. Los die vurk. Sit neer. Ek's honger Pa. Bulletjie sit net neer dan probeer ons iets anders. Sy pa kom sit agter hom hy vat om sy hande met sy hande grof en bruin. Sy pa se stem is in sy oor. Kyk hier kom ons maak so. Sy pa se bors is hard teen hom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle hande gaan saam in die kos in pampoen is soos sagte pap glibberig. Die hande skep saam net met die vingers en bietjies tussen die webbe. Kyk nou so lepel Bulletjie lig nou versigtig. Die kos is sag Pa dis glad. Kom maak oop jou mond. Die hande gaan saam in sy mond in. Sy pa se nael is sout. Dis kaneel en soutnael en suiker en pampoen. Sien jy nou. Nou kom probeer jy. Dis vinniger hierdie keer die websloot vol pampoen en af in sy mond in. Gotta Pa kyk. Daarsy Bulletjie. Baie beter né. Hy lag bietjie pampoen val uit.

*

```
C:\> Ek sit en kyk hoe hy eet. Die grense van die simpatieke verbeelding verdwyn. Ek voel hoe hy sukkel met die koeldrankblikkie. Ek sit my hande onder my sitvlak tot hulle dood is. Dan probeer ek koffie maak. Die koppie breek op die vloer.
File not found

C:\>
```

*

Hy kan nie slaap nie die bed is te sag. Hy haal die boekie van sy pa uit sy broeksak uit. Hy het vergeet dis daar hy het dit die hele tyd in sy broeksak gehou. Dis nou eers dat hy weer lê op hierdie kant se sy dat hy weet van die boekie dit steek in sy been in. Hy moet sy pa se boek lees voor hy weer vergeet. Dis donker net die skrefie van die gang se lig skyn in die kamer in maar hy gaan nie nou die tannie wakker maak nie dan gaan sy weer aan sy hande vat. Die boek se bladsye is almal aan mekaar vas van die plant se water as hy hulle lostrek dan skeur hulle. Baie kere kan hy niks lees nie alles is net so pers spatsel oor die bladsy van die donnerse water van die donnerse plant. Daar is net twee bladsye wat hy kan lees dis die eerste bladsy en een daar in die middel. Op bladsy een staan Loop jou draaie voor jy weggaan. Noem almal wat vriendelik is Oom of Tannie. Onthou jou maniere. Moenie aan jouself vat voor mense nie. Kyk voor jy oor die pad loop. Moenie saam met vreemde mense in karre klim nie. Moenie jou geld weggee nie. Eet elke dag. Maak oop jou mond as jy nie asem kry deur jou neus nie. Nie te groot nie dan lyk jy dom. Jy is net bietjie stadig. Jy is nie dom nie. Pasop vir en dan niks meer nie dan is daar 'n groot spatsel wat die ding wat hy voor moet pasop wegvat. Op die ander bladsy wat hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan lees is baie klein geskryf hy gaan maak die deur bietjie meer oop dat daar meer van die lig inkom. Daar staan Name. Grondmen en dan niks meer nie al die letters het weggeloop in die water. En dan verder aan Watermense: Neptunus en Poseidon. Sarasvati. Nammu. Groot ou Tiamat. Dan is Lugmense: Die Here. Zeus. Thor. Wotan dan niks verder nie dis al wat oorbly van sy pa as hy die boek lees hoor hy sy pa se stem.

*

C:\> Ek wil vat aan hom. Hy is 'n ideaalbeeld, iets metafisies, 'n verpersoonliking van idees. Ek wil vat aan hom, sy sagte, haarlose lyf. Met elke tasting word hy meer eg, oorreed ek myself hy is werklik, voel ek minder alleen. Ek wil vat aan hom. Menslike kontak kom gewoonlik teen te 'n hoë prys; hier vind ek dit in 'n versorgende situasie, kan ek ma speel, miskien iets waarmee ek gemaklik kan word.
File not found

C:\>

*

C:\> Ek is op soek na tipiese stories, nie die unieke verhale van romansiers nie. Ek wil die tipiese bestudeer sonder interpretasie. Dit waarmee ek my besig hou is die uiteinde van 'n verval. Skepping het verval in beriggewing, verslaggewing in blote registrasie. Vanaf fiksie tot amateur antropologie. Hierdie man maak my projek onmoontlik. Ek soek afstand.
Bad command or file name

C:\>

*

Die mense stamp hom heeltyd. Hy is by die stasie. Hulle is miere wie se nes opgedonner is nes 'n groot water wat spoel oor alles. En hy is tussen in. Sy voete trap in skerp goeters en plasse nat dinge wat orals is hy kan nie afkyk nie dan word hy omgeloop. Hy gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar saam met die stroom hy hou sy sak vas. Hy wens hy het nog sy geld en sy stewels hy wens oom Smet was hier hy weet altyd wat om te doen. Hy wens hy het nie die oom weggegooi nie maar die mense sou hom nie help om die oom te dra nie. Almal lyk kwaad hier. Hy trap op 'n roomys wat geval het sy voet voel koud glibberig hy gly amper. Almal praat vreemde tale hy weet nie wie om te vra nie hy is bang. Die mans met sy stewels is seker hier êrens. Dit is maklik om hier weg te kruip tussen die baie mense soos as jy net een skaap moet soek in 'n trop en jy weet nie mooi hoe hy lyk nie. Sy lyf is seer van al die geloop en stamp en sit op die trein. Hy is moeg. Hy voel kaal sonder sy stewels sy voete was altyd toe. Sy pa het vir hom nuwe sole aan die binnekante ingesit sodat dit sag is dit sweet baie. Hy hoop daai man se voete sweet nou te erg dat hy sy stewels sal terugbring en sê Sorrie. Hy hoop nie hy breek hulle nie. Die mense rondom hom staan stil almal probeer by sulke dun hekkies uitkom soos by die dip as die skape deur die nou gangetjie moet deur. By elke hekkie is mense met snaakse klere aan soos amper die polisie wat kaartjies by mense vat en skeur. Ticket sê hulle Ticket ticket. Die man sê Ticket 'n vrou klap hom oor sy rug sy sê ook Ticket hy weet ticket is Engelse kaartjies sy pa sê altyd as goed doodgaan dis tickets die oom is tickets. Hy weet oom Smet is dood. Where's your ticket sir. Ticket. Hy sê oom Smet het die kaartjie die oom is dood en sy pa is dood en die man het sy stewels en die kaartjie as dit in die beursie is sy rug pyn. Twee manne wat lyk soos daai ander twee wat sy goed het maar nou soos blou polisiemanne lyk vat hom aan weerskante hulle vat hom na 'n kantoor hulle praat vinnig Engels op so snaakse manier met 'n vrou. Sy vra iets maar hy wil sy sak hê een van die blou mans het sy sak sy plant is daarin. Waar gaan jy Plant. Dan vat hulle hom deur 'n gang na 'n kamer hulle maak die deur toe. Hy is seker in die tronk omdat hy die oom weggegooi het nou is hy sonder Plant. Die tronkkamer is donker sy sak is by die kwaai vrou wat by die lessenaar sit daarbuite miskien vat sy die plant. Die swart skip is hier êrens. Die kamer het 'n sementvloer dis koud. Daar in die een hoek is 'n nat handdoek dit ruik na pis. Hy voel sleg dat hy die oom so weggegooi het en sy sak ook sy pa sal kwaad wees as hy dit hoor in die hemel. Sy pa vertel hom 'n storie van 'n ander Adam en Eva. Sy pa sê daar is klomp stories wat net soos die Bybel se stories is maar die mense se name is mooier. Die ander Adam en Eva was Masya en Mashganag. Hulle was ook eerste en hulle het 'n tweeling gekry. Die kinders was baie soet so soet dat die ma en pa hulle opgeëet het stuk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir stuk. Toe het die God wat amper soos Liewe Jesus was kinders minder soet gemaak sodat die ma's en die pa's hulle nie meer wou eet nie nou kon hulle net die kinders grootmaak. Sy pa vertel hom altyd die storie as hy verkeerd was sy pa sê hy is bly hy is nie so soet nie anders sou hy hom moes eet. Dan lag hulle. Hy voel beter as hy sy pa se stories vir homself vertel. Hy hoor sy pa se stem. Hallo Pa hallo Plant. Hy is nie meer bang vir die donker nie dis net die pis wat stink. Hy is baie moeg hy mag nie nou slaap nie as hulle hom wil laat uitkom moet hy wakker wees. Die vet man by die deur het gesê Won't be long.

*

'n Ander man met blou klere aan maak die deur oop die lig maak sy oë seer. You can go now. Don't let this happen again hear. And don't go on the trains alone again. People like you should ask someone to come with you. Hy sê Reg Meneer. Mense wat jou baas is is Meneer. Now get out of here Buddy. Hy sê Siegfried Meneer. Die blou meneer sê What. My name is Siegfried. Hy ken ook bietjie Engels sy pa het hom geleer om sulke goed te sê as dit nodig is. Just get out sê die vent. Hy lyk nou kwaad oor iets. Hulle gee hom sy sak terug die plant is nog daar. Dag Plant. Hy vryf die plant hy is nog reg. Hy loop deur die nou hekkie die vrou agter die klein tafeltjie wat die ander mense se kaartjies vat kyk hom snaaks. Sy ken seker nie mense van die plaas nie. Hy dink anderkant die hekkie is nie meer stasie nie hy weet ook nie alles lyk dieselfde daar is ook baie mense. Hy stap weer saam waarheen die meeste stap. Dit lyk soos 'n groot winkel almal raas daar is lelike musiek wat van êrens af kom maar niemand luister nie. Dit lyk of almal wil wegkom van die musiek af. Hy wil ook. Daar is 'n klomp winkels in die groot winkel. Hy sien daglig hy hol soontoe hy stamp vas teen mense 'n kind met 'n bord om sy nek met 'n moerse advertensie op wil vir hom 'n horlosie gee hy sê hy wil net sy stewels hê. Hy is by die groot straat buite die winkel voor bo die ingang is nog 'n geel bord GOLDEN ACRE GOUE AKKER. Maar hy wil by Kaapstad wees hy weet daarbinne in die stasie is 'n geel bord wat sê CAPE TOWN wat Kaapstad beteken in Engels. Die sypaadjie is nog vuiler as binne in die winkel daar is klomp mense wat lyk of hulle wil val in die straat in waar die karre ry. Orals lê blikkies en sigarette en sakke daar is mense wat op die sypaadjie lê of dit hulle stoep is. Die mense lyk vuil party lyk mal sonder tande en snaakse klere. As die mannetjie in die lig groen word stap mense vinnig tussen die karre deur. Dit lyk gevaarlik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

party karre stop nie dan toet mense en mense vloek of praat in vreemde tale. Op die stukkie sement in die middel van die pad wat 'n middelmannetjie is staan 'n ou oom met 'n lang baard hy lyk soos Eugene Terre'blanche hy skree Ken julle vir Jesus Do you know Jesus. Hy sien Siegfried kyk na hom hy draai om dat Siegfried die bord om sy nek kan sien miskien adverteer hy iets. Op die bord staan met groot coki geskryf THE END IS NIGH. Siegfried ken THE en IS maar nie die ander letters nie. Die oom met die baard kom na hom toe hy gee hom 'n boekie wat gevou is en gekram is daar staan op Ewolusie die leer van die Dwaas. Die mense op die sypaadjie maak of hulle nie mekaar ken nie hulle loop stamperig verby mekaar hulle maak of hulle nie die oom hoor wat skree weer daar terug op die middelmannetjie nie. Iemand stamp die boekie uit sy hand uit hy wil dit elkgeval nie nou lees nie. Hy sê vir 'n ander kind met 'n bord met 'n advertensie op om sy nek Waar is Kaapstad die kind kyk hom so hy sê Where is Cape Town die kind wys met sy vinger so oor die straat. Hy sal oor die straat moet gaan as daardie groen mannetjie weer terugkom. Hy wonder wie sal daardie af kool en tamaties koop wat in die bokse lê op die sypaadjie. Miskien wag hulle net vir die vullismense. Sy pa sê party mense eet enigiets. Sy pa sê hulle het ook seker twee mae soos 'n koei om alles te verteer. Sy pa sê mense doen enigiets om te oorleef. Hy kyk op in die lug die lug is nie blou nie dit is so vaalgeel daar is net geboue daarbo. Die oom het gister gesê dit lyk na reën. Dit het nooit gereën nie. Die groen mannetjie kom terug hy hol oor die pad voor die ander mense al gesien het die mannetjie is terug. Daar's klomp toeters. Hy hardloop so vinnig hy is binne in die meisie in wat anderkant die pad staan sy sien nie die groen mannetjie nie. Hy hol haar tickets.

*

`C:\>` Ek kan nie slaap nie. Nie met daardie man in die huis nie. 'n Wese ontuis in taal. 'n Wese wat nog nie die vertroulikheidsrelasie met die werklikheid verbreek het nie, wat homself nog nie gewend het tot taal as flou plaasvervanger nie. 'n Man wat leef in 'n tyd voor Cokeblikkies, voor ou vrouens wat in klein bont huisies bly in selfopgelegde bannelingskap?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sal hy kan sien hoe hierdie grot, wat met nadruk ingerig is tussen al die arrogante torings, in 'n heelal van Babels wat sommige die middestad noem, hoe hierdie grot nie 'n grot is nie? Die insig van die vertraagde. Is hy die een mensekind wat vir my in die gesig sal kan sê, sonder om sy mond oop te maak: "Watse grot? Hierdie is 'n huis"?
Geen antwoord. Ek voel bedreig deur sy teenwoordigheid, doer af in die gang.
Ek kan hom sien staan voor my en in 'n heeltemal normale stem sê: "Nieu Bethesda is verder Noord, met 'n lang kronkel grondpad wat jou motor nooit sal maak nie, tussen koppe deur met regte grotte waarin klein diertjies kak."
Sal hy sy tirade voortsit, vir my vertel hoe alleen mal vrouens op Nieu Bethesda doodgaan, hoe later swak toneelstukke oor jou geskryf sal word? Kathy Bates in die filmweergawe.
Almal benodig 'n ander se stem, al is daar net een ander stem, en al kraak daardie stem met elke liewe uiting jou stuk vir stuk af.
Die man se manier van eet: Sekere aanpassings vir die gewebde hande.
Hy val sy verpakte kos aan. Uiterste konsentrasie in die oë, die tong effens uitgesteek, die bolyf effens aan die wieg. Die geduld.
Die gedurige opkyk om te sien of ek nie tog sal help nie. Ek besef nou hoe ek na hom gekyk het, sonder simpatie, soos ek sou kyk na 'n dier. Hierdie man is in van sy mannerismes tog 'n dier. 'n Dier meer wanaangepas as 'n straathond, en so volmaak dat hy amper die werklikheid uitmekaarskeur met sy teenwoordigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n Drang om maar net weer eenkeer aan hom te raak voor ek gaan slaap. Die hygende asemhaling af in die gang. Net eenkeer teen my vasdruk. Net om te weet hy is daar.
Asof hy tussen al die beskrywings deur verder weg beweeg, uiteindelik sink as ‘n metafoor. ‘n Teken wat alle betekenis wil verwoes. Die bestaansmodus van ’n klip. Hy wat soos ’n klip is. Ek het nooit sy naam gevra nie. En hy ook nie myne nie.
Not ready
Abort, Retry, Fail?

C:\>

*

C:\> Kon steeds nie slaap nie. Het opgestaan en na sy kamer gegaan. Die ganglig het dun in die kamer ingestreep en voor die bed gaan lê.
Asemhaling: stadig, nasaal. Amper te stadig. Onderbreek deur ‘n periodiese gehyg en ruk van die lyf. Hierdie onderbrekings duur sekondes lank.
Die skulphand was oopgesprei onder sy kop. Voor die bed op die grond staan die klein palmpie in die Shoprite-sak.
Ek wou sy storie hoor. Ek wou hom net daar wakker maak half drie in die môre, dat hy kon begin vertel. En ek wou opskryf. Nie net blote beskrywing nie. Hierdie keer, miskien ‘n laaste maal, iets meer. Iets om te skep. Ek wil my eie verhaal skryf oor hom. Hom heeltemal vaspraat. Dat ek hom kan vang en vasbind en aanhou in ’n hok en aan hom raak en langs hom lê in die nag. My skepping.
File not found

C:\>

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die meisie is nie tickets nie. Sy staan vinnig op sy is bang vir hom. Hy weet nie wat om te doen nie niemand is ooit bang vir hom nie. Sy lyk vriendelik. Miskien weet sy van oom Bert. Hy vra sy weet nie sê sy onbeskof. Sy staan agtertoe. Mense raak onbeskof as hulle bang is. Hy is moeg hy wil oom Smet terughê hy huil hy kan nie help nie al sê sy pa Kom nou ruk jouself reg hy kan nie help nie. Dit lyk asof sy nou nie meer bang is nie mense is nie bang vir iemand wat huil nie. Sy sê hy moet saam met haar kom sy sal hom na oom Bert toe vat sy is so mooi. Hy stap agter haar aan sy is mooi sulke stewels en 'n mooi rok. Haar hare is soos 'n rastaman se hare so gevleg half en gekoek in sulke sterte sy pa sê dit lyk soos skaapsterte. Hy het nog nooit 'n skaapstert gesien nie. Sy pa wil nie hê hy mag sien hoe hulle dit afknip nie. Haar hare is te rooi. Die hare is gekleur dit is te rooi vir hare. Mense met rooi hare se hare is eintlik oranje haar hare is rooi. Hy dink sy ma dra ook sulke mooi rokke soos die meisie as sy nie 'n visvel het nie. Hy gaan haar vra waar sy die rok gekry het dan koop hy so ene vir sy ma ook as hy weer geld het. Sy stap te vinnig. Hy raak seer om so agter haar aan te stap hy is moeg sy voete stap nie so lekker soos hare nie. Sulke stewels lyk lekker dis dik dat mens se voete ver van die grond af is hulle kan nie seerkry nie. Die strate is skoner en nouer. Al die mense wat stap lyk besig behalwe die mense wat sit teen die mure. Partykeer is daar mense wat speel op blikke of kitare. Sy pa kan ook mooi kitaar speel maar sy pa speel nie sulke musiek nie. Die meisie kyk die heeltyd om om te sien of hy nog daar is sy praat met haarself. Mense vra haar vir geld hulle vra nie vir hom geld nie partykeer knik hulle vir hom hulle sê Oi brother dan sê hy Siegfried een sê Sharp Brother. Hy weet nie van hierdie sharp nie. Skerp wind skerp mes skerp skêr sharp brother hy is nie skerp nie. Sy plaaswoorde werk nie reg hier nie. Daar's te veel goeters wat hy nie ken nie. As hy met die mense wil praat trek die meisie hom weg sy is haastig. What you looking at sê een kind en Kyk hoe lyk daai ou. Die kinders het groot broeke hulle ry skaatsplanke. Hulle is snaaks hulle is van die sirkus af soos narre. Maar hulle is kwaad. Hoe verder hulle stap hoe meer deurmekaar raak hy sy rug is seer maar die meisie lyk of sy al vriendeliker raak. Sy gaan in by 'n klein plekkie met so silwer bord bo die deur waarop daar geskryf staan. Hy kan nie lees nie sy sê te vinnig Kom in. Dit is seker haar huis. Miskien is dit waar oom Bert bly as dit nou al Kaapstad is. Maar dis nie in die see nie. Die plek waar hulle nou is lyk soos 'n eetplek maar dit is te klein en die tafeltjies is te klein die stoele lyk of hulle wil breek. Teen die een muur is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klomp televisies met tikmasjiengoed voor die televisiegesigte. Daar sit klomp mense wat tik en televisie kyk. Daar's nie prente nie net geskryf dit lyk vervelig. Dit is baie stil hierbinne. Buite is die warmte en geraas en sweet. Al die mure is wit of so gryserig. Dit is koel dis so skoon soos 'n hospitaal. Sy pa sê 'n hospitaal is die skoonste plek maar hospitale gee hom horries. Die mense hierbinne is ook so skoon en netjies hulle pas hierbinne. Die mense buite lag seker vir hulle as hulle huis toe gaan en so skoon buite rondloop tussen al die vuil mense en goed. Sy pa hou nie van televisie kyk nie hy kyk net die nuus maar hierdie nuus is letters. Die meisie trek een van die stoele uit hy moet sit. Die stoel is hard die rugkant is te regop. Sy loop na 'n man toe wat by een van die televisies staan en praat met 'n ou tannie. Die man is maer hy het swart klere aan en kort hare en ook stewels wat by sy broek uitsteek. Hulle kyk die hele tyd na hom terwyl hulle praat die man glimlag breed vir hom. Sy pa sê net mense wat goed wil verkoop glimlag so erg.

*

```
C:\> Taal versluier die vyandige aard van die heelal- sodat die mens kan oorleef. Hoe meer vyandig die habitat, hoe groter die breuk tussen taal en werklikheid. Die vervalling in ’n virtuele wêreld van clichés, sinnelose vaste uitdrukkings, resepmatige gesprekke, denkstrukture.
Error reading drive C
Abort, Retry, Fail?

C:\>
```

*

Alles fluit. Dis die tannie se ketel ’n helse gefluit hy het op die plaas laas ketelfluit gehoor hy is dadelik wakker die son skyn met klein strepe deur die gordyne dis al laat. Hy trek sy broek aan en sy hemp aan hy hol na die kombuis toe met die trappe af. Hy hoor die tannie lag in die kombuis sy sê Stadig nou voor jy jouself simpel val. Op die stoof is ’n moerse pan vol eiers en spek en varkworsies. Die tannie gooi pap in ’n bakkie met melk en suiker. Sy gee hom ‘n lang lepel wat lekker vashou. Sy sê Nou maar eet solank dit die eiers is nou reg. En dan gaan staan die tannie weer by die pan sy draai om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en kyk hom in die oë. Sy lag nie sy lyk ernstig. Wat is jou naam. Siegfried sê hy Siegfried sê sy. Ek is Helen. Hy sê Helen. Sy kyk weer na die eiers sy sê Nou's hulle reg. Bring jou bord Siegfried. Hy kou stadig niks jaag nou nie. Hy eet tot hy vaak is. Die hele tyd kyk hy by die venster uit daar is groot bome buite dit lyk koel die groot takke. As hy nie sulke hande gehad het nie kon hy lekker gaan klim. Maar sy pa sê Jy's nie 'n donnerse kat nie mens kan net doen wat jou lyf wil hê jy moet kan en niks meer nie en die Here behoed jou niks minder nie. Die tannie staan en was die skottelgoed met haar klein handjies sy sê sy wil nog hoor van sy storie terwyl sy was dan kan hulle bietjie gaan buite rondloop of gaan speel of iets. Hy sien sy is nie vreeslik oud nie sy staan net krom en sy is klein. Haar hare is vaal met grys strepe in. Hy is lus vir speel hy voel sy hart die perde hol hulle galop hy wil speel hy wil vergeet van al die ander goeters. Hy het nog nie eintlik vir haar vertel van alles in Kaapstad nie net oom Smet en oom Bert en van die sirkus in die Karoo met die calamari en die heks. Maar hy onthou alles. Hy vertel nog van sy storie net tot die deel waar hy saam met Maggie geloop het na die taxi's toe want toe is die tannie klaar gewas.

*

C:\> Ek vertel Siegfried se storie. Skerm vir skerm sal dit net weer verdwyn. Ek wil dit nooit weer anders hê nie.
Ek sien alles voor my afspeel, 'n film. Ek sien Maggie, jonk, ryp. Ek probeer vir 'n tyd Maggie wees, die vel weer styf oor die been en vleis gespan, 'n klein lyf met minder sproete en hare. Ek vee oor my hare, verbeel my hoe dreadlocks moet voel.

*Maggie sien dadelik die man oorkant Adderleystraat raak. Hy staan uit tussen die ander mense, in daardie absurde pin stripe broek, met sy kaal voete.*

[Miskien is dit wat eerste die aandag trek, die voete.]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Die man begin skielik oor die pad waggel. Dit lyk of hy geen idee het hoe om sy lyf te beheer nie. Die freak kom reg op haar afgehardloop. Net toe sy dink die malletjie moet nou uitdraai, besef sy daar's nie 'n kans nie en hulle connect. Die perv lê bo op haar en wil nie afklim nie. "Fokkof! Jy! Klim af! Wat de hel man." Sy gee hom 'n stamp. "Jy!" Hy bekyk haar met sulke regte puppy oë.*

[Dit sal gepas wees as juis toe die groot gewebte hand op haar bors druk, in 'n verdwaasde poging om sy lyf van hare te lig. Dan sal sy begin skree. En as hy in antwoord hierop ook begin huil en skree in totale verwardheid, sal sy vinnig bedaar. Miskien bloot om nie aandag te trek nie, maar heel waarskynlik dra die kind onwettige middels op haar persoon. Canabis, onder andere, is glo redelik vrylik beskikbaar onder die jeug.]

*"Is jy okay?" vra Maggie.*
*"Ek is jammer. Maar ek was te vinnig vir almal."*

[Daardie sin sal heel moontlik die sluise van rou sarkasme oopmaak. So:]

*Ja nee. Die karakter lyk heeltemal impressed met homself. Seker een van daardie ouens wat afgaan daarop om aan mense te vat en te skuur. Maar hierdie een vat dit nou bietjie ver. Mens kan nie net iemand fucked-up hardloop in die middel van die provinsie se fokken hoofstraat nie.*

[Van wat ek kan aflei uit die tien minute van vertelling tot my beskikking, is dít Maggie, en nou ook my, styl. 'n Tipe uitlaatklep, 'n manier van verstaan.]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*"Vinnig ja. Flash Gordon as jy my vra."*
*"Siegfried. My naam is Siegfried."*
*"Raait. Luister, whatever." Sy begin wegstap, opsoek na 'n ander, minder fatale crossing, maar die Kaalvoet Tysie waggel agterna met die puppy oë op full volume. Sy stop draai om, probeer regtig imposing lyk.*

[Sal Maggie weet van Kaalvoet Tysie? Miskien eerder Corky, die mongool-karakter in 'n televisiereeks 'n paar jaar terug.]

*"Wat is dit? Ek is jammer ek was in jou pad, maar jy moet leer om nie so te hardloop in die traffic nie. Gaan speel in die park of iets."*
*"Ek wil net my oom hê. Weet jy nie waar oom Bert bly nie?"*
*"Sorrie. Luister, ek moet gaan. Ek's laat."*
*"Sy van is Fischer. Oom Bert Fischer."*

[Soos Siegfried vertel het, was Maggie bykans meer verward as hy. Sy sou wens David was daar by haar; hy is mos die mannetjie wat weet hoe om die gepeupel te hanteer. Het nie veel ooghare vir daardie kêreltjie en sy soort nie. Siegfried se vriendinnetjie was blykbaar, op hierdie stadium, nog bang vir haar respek vir swak en gemuteerde, amfibiese monsters.]

*"Kyk in die telefoonboek onder F. Jy sal al die Fischers daar kry. Alfabeties. Weet jy van alfabeties?"*
*"Ek ken die alfabet. Sy huis is nie in die boek nie nou is oom Smet dood en die man het my skoene." Die arme Corky lyk of hy weer wil begin huil of iets. Seker te veel gom in*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*daardie lang lyf. Die mense stamp haar heen en weer soos hulle probeer verbykom.*

[Dit word nie meer toegelaat om stil te staan in Kaapstad nie.]

*"Kom hierso," sê sy. Sy trek hom weg uit die stroom mense, in 'n klein pandjieswinkel in. 'n Inham in die windtonnelstraat, waar hulle die eerste keer, in stilte, alleen bymekaar is. "Ek is rêrig jammer oor jou oom en ek weet nie hoe om jou ander oom te kry nie. So as jy my dalk net sal uitlos, anders gaan ek daardie cop oorkant die pad roep, okay?" Corky lyk heeltemal flabbergasted, hy's duidelik nie van hier nie.*
*"Ek wil net my stewels hê my voete is seer", is die malletjie se laaste woorde voor hy uitbars en begin huil. "Ek wil Kaapstad kry en oom Bert."*

[Sy kyk hier vir die eerste keer na die kaal voete, die kaal voete met die webbe, en weer na die webhande. Haar tienerreaksie: Kaalvoet Tysie is 'n vertraagde fokken eendman. Sy kyk hom op en af, sou iets wou vra oor sy eendheid, maar het darem hopelik haarself bedink. Sy sou verseker sien die man is al deur genoeg vir een dag.]

*"Okay. Kom net saam met my."*

[Die simpatie skop in:]

*Sy sal hom maar na David toe vat. Hy sal weet wat om te doen. Die arme ding kan nie alleen hier ronddrentel nie. Hy sal nie 'n dag hou voor hy in 'n ditch opeindig nie.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*'Eendman gevind in Guguletu met mes in kop. Polisie vermoed selfmoord'. 'Jim Rose Sirkus ontken aantygings van genetiese Russian roulette'. En hier's die Weer.*

['Maggie' se stem begin makliker tot my kom. Begin dit al hoor in my kop. Ek weet niks van hierdie persoon nie, ek is besig om iets te doen wat ek afgesweer het, maar ek moet hierdie stem skep. Vir myself. Sodat ek meer kan verstaan, om van die gate in die storie op te vul.
Onakkurate beelde, geskape personasies, kan, solank hulle uiteindelik teen die werklikheid getoets word, nuttig wees, al wys hulle slegs op hoe die werklikheid sou wees as dit was op 'n wyse wat ek seker is dit nooit kon wees nie.
Data is antwoorde op onbekende vrae.
Dit alles, hierdie gebrabbel, om nader te kom aan die mirakel wat smôrens my eiers sit en verorber.]
File not found

C:\>

*

C:\> WAT EK AFGESWEER HET
My werk as argitek. Die bou van torings.
Die ewigheidswaarde, die houdbaarheid van my woorde. As hierdie woorde nie gered word deur die Print Screen knoppie nie, sal hulle mettertyd bloot van die skerm af verdwyn om plek te maak vir nuwes, weg uit hierdie stukkende, leë rekenaar. Ek het al die programme afgevee toe ek nog iets wou bewys, toe die rekenaar nog normaal gewerk het, nog nie begin terugpraat het met sy beperkte, brutale leksikon nie.
My woorde verdamp met 'n stille Bad command or file name as groet.
Bad command or file name

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C:\>

*

C:\>*"Like what the hell het jy soos nou weer hier ingebring, Maggie?"*
[David: Hy is een van baie, 'n vaal oninteressante karakter met 'n voorliefde vir swart klere en ontwerperhaarstyle, sonder enige tasbare persoonlikheid. Hierdie tipe dra slegs sekere fabrikate- Levi, Uzzi, Gap, Diesel, FCUK ens.]

*David is nie baie impressed met Maggie se gewoonte om die voëltjies met die gebreekte vlerkies huis toe te neem nie. Meanwhile back at the ranch, is hy volgens haar ook maar een; hy moenie begin dink hy's iets special nie. Ook maar net so clueless soos al die bergies waarvoor sy al slaapplek of geld vir drank gegee het.*

[Die term 'bergie' word deesdae gebruik, onder veral jongmense, vir enige daklose persoon in die Boland.]

*"Jy gaan my like nog gefire kry."*

[let op 'like': die woord met alle en geen betekenis; die woord as leë klank. Die evolusie van taal in trurat.]

*"Hierdie ou het nie 'n idee waar hy is nie. Hy het my amper doodgetrap by die Goue Akker. Hy is heeltemal vertraag, hy vat omtrent 'n uur om 'n sin klaar te maak. Hy het nie eens skoene nie, for God's sake. Ek kon hom nie net daar los nie."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*"Of course not." Die sarkasme drup al weer. Bla bla bla. Dit was duidelik nie 'n goeie idee om hom vir hulp te kom vra nie.*

[Maar onse Maggie sukkel om op haar eie pootjies te staan.]

*"Die ou se oom is dood. Lyk my hulle is gemug op die trein of iets." David kyk weer na Corky.*
*"En wat is ons nuwe maatjie se naam nou weer?"*
*"Hel, ek weet nie eens nie. Hy het iets gesê maar ek't vergeet in al die comotion. Het jy sy voete gesien? En sy hande? Jy moet dit sien; ek sweer dis geweb, soos 'n padda of 'n eend of iets. Hy lyk soos iets uit* Freaks. *Ons kan hom nie laat ronddrentel nie, jy weet watter psycho's hang deesdae hier rond. Kom nou, David, have a heart man."*
*"Ja goed. Webbe. Dis nice. En wat's presies jou plan met Swamp Thing by tafel nege?"*

[Met behulp van 'n pruilmondjie sou ons heldin die held probeer oortuig om genadig te wees. 'n Gepruil wat sy weet op dooie oë sal val, want David is 'n karakter suiwer ingestel op die onmiddellike bevrediging van behoeftes, 'n tipe pratende hond met 'n modebewussyn.]

*"En as jy iets mention oor sy hande of voete dan moer ek jou, okay?"*
*"Raait. My shift is nou klaar. Gee my vyf dan's ek daar." Hy gee een van sy winning smiles vir Corky. Corky gee hom die dooie-vis-kyk. Shame, hy kry seker baie van daai smiles wat sê ons-is-almal-tog-so-verskriklik-jammer.*
*"Thanks." Sy gaan sit weer by Corky.*
*"Wie is daai oom?"*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[Siegfried sal alle vreemdes wat volwasse voorkom as Oom of Tannie aanspreek. Selfs iemand wat hom omry, soos de uwe, verdien 'n titel.]

*"Hy's nie 'n oom nie. Hy is twee en twintig en 'n waiter.*
*Stilte. "Wat's jou naam?"*
*"Siegfried."*
*"Ek is Maggie. En hoekom word ek nie ge-Tannie nie?"*

[Presies hoe oud is Maggie? Sy het vir Siegfried laat verstaan dat sy so rondom twintig is, maar as mens die storie hoor, klink sy jonger. En as mens help skryf daaraan, kan sy maklik jonger gemaak word.]

*"Jammer Tannie, maar Tannie lyk nie so oud soos die ander tannies nie."*
*Sy sluk 'n laggie. Hou nou die straight face. "Wel, ek is amper agtien."*
*"Jammer Tannie."*
*"Ek joke net man. My naam is Maggie."*
*"Maggie." Hy sê dit soos 'n nuwe woord wat 'n kleintjie aanleer, speel daarmee in sy mond rond, asof sy tong eers moet leer hoe om die klanke reg te kry,*

[nes hy gemaak het met 'he' en 'len'.]

[En dit is op daardie oomblik dat Maggie sou swig voor Siegfried se aantrekkingskrag. Soos sy seker sou sê: "Kan mens êrens klasloop om so cute te word?"]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Hy kyk haar reg in die oë, sy kan hoor hoe sy vinne en webbe onder die tafel vroetel.*
*Die onderwerp moes gou verander word. Siegfried doen dit vir haar: "Hoekom is daar so baie televisies Maggie?"*
*"Daardie goed is nie TV's nie, dis rekenaars met internet."*

[Siegfried het iets gesê van die groot web in die plek waar David werk. Sou Maggie iets wou verduidelik van die internet, die www? Sou Siegfried homself, met sy webbe, sien as 'n klein deel van die wêreldwye web? Maggie self interesseer Siegfried egter baie meer as enige virtuele tegnologie.]

*"Dit is 'n mooi rok Maggie."*
*"Thanks." Sy moet pasop of sy bloos net so erg soos Siegfried. Wanneer laas het sy gebloos?*
*"Wanneer kom oom Bert?" Hy lyk nog altyd net so ernstig.*
*"Ek weet nie, Siegfried. Maar miskien sal David jou kan help."*
*"Is David die oom wat hier kom praat en so glimlag?"*
*"Ja jong. Hy's nou-nou klaar en dan sal hy kom hoor of hy ons kan help. Hy is altyd vol planne." Hoekom begin sy soos 'n laerskooljuffrou praat? 'Ja jong'? Die eendman dink seker sy's ook vertraag.*

[Een van die eerste dinge wat ek onthou is hoe die grootmense altyd soos idiote met my gepraat het. Later het ek begin dink dat al my ooms en tannies morone was.]

*Waar bly David? Die man staar te veel, hy begin haar nervous maak.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[Of was Maggie meer gemaklik onder die oë van Siegfried as skrywende ek?]

*"My ma sal mooi lyk in so 'n rok Maggie."*
*"Shure."*

[Siegfried het baie klem gelê op die rok in sy dreunende relaas. Sy hande het rondgewaai soos hy die rok beskryf het, sy oë groot en lewendig.
Ek verbeel my hoe die rok lyk. 'n Ouderwetse skepping, miskien met kant om die kraag, ligte blommemateriaal. Dit is deesdae mode om outydse rokke by stewels te dra, en met die dreadlocks as afronding, sal Maggie die gewenste voorkoms hê: kunstig, *arty*, maar nie vreemd nie.
Siegfried sal egter die rok as iets konserwatief sien, die tipe rok wat 'n tipiese plaasvrou sal dra, die 'tannies' wat volgens hom by sy pa kom aanlê. En sy ma, natuurlik. Hy het nie 'n duidelike, realistiese beeld van sy ma nie, maar hierdie rok maak definitief deel uit van sy fantasie. Juis miskien omdat dit aan Maggie se lyf hang. Miskien sou Maggie nie besef die situasie is besig om in 'n Freudiaanse nagmerrie te ontaard nie. Of sou sy? Maar sy sou bloos, bloedrooi.]

*David kom groet. "Hi. David." Hy steek sy hand uit. Siegfried sit net daar en lyk skaam. Die webbe of course. Maggie gee David 'n kyk dat hy moet sit. Hy sit.*
*"Ek is jammer, Oom, my hande wil nie skud nie." David staar na die twee hande.*
*"Sorrie, ou maat." David lyk actually bietjie nervous.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[NB-Gebruik jongmense 'ou maat'? Mense soos David? Miskien met idiote.]

*Siegfried glimlag breed. "Siegfried."*
*"Shure, aangename kennis, Siegfried."*

[Siegfried sou nie bekend wees met die taalgebruik (sic) van hierdie mense nie. 'n Irriterende oefening, om hierdie dele dialoog te bedink, om 'n meer volkome prentjie te kry. Veral die alewige ge-shure wat ek oral opmerk, uitgespreek as 'shô' of 'sha', elke kans wat hulle kry. Moet erken dat die sinnelose gevloek verleidelik is.]

[Nota: David se regte naam is waarskynlik iets soos Dawid-Frederik. En Maggie is heel moontlik Magdalena Elisabet Marais.]

*Siegfried vertel sy storie, en hulle onderbreek vir verduidelikings of uitweidings. Skielik onthou Siegfried iets, glip onder die tafel in, vroetel in sy sak rond en kom te voorskyn met 'n verdorde palmboompie in een van daardie bruin plastic bakkies. Die blaartjies is bruin en omgekrul. Die dingetjie is op sy laaste. Maggie wonder waardeur daardie plantjie al alles was in die afgelope tyd.*
*Hy sit die plantjie neer en vroetel weer in sy sak. Hy haal 'n leë blikkie uit wat lyk of dit ingemaakte kos bevat het. Toe hy dit oplig sien sy daar was mossels in. Hy ruik daaraan en trek sy neus op. "Dit stink nou." Hy lyk amper hartseer as hy dit op die tafel neersit. Daar is nog hier en daar swart oorblyfsels van die mossels in die blikkie oor. David lyk heeltemal uitgegroce.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[Die vorige paragraaf is suiwer fantasie. Ek weet Siegfried het daardie blikkie gehou tot by die Internet Café, maar is nie seker of David dit ooit gesien het nie. Ek wens dit het so gebeur, al was dit maar dat iemand soos David vir altyd sal wonder hoeveel vreemde gewebte mans stap deur hierdie land met verrotte blikkies mossels uit die Karoo.]

*"Het julle water?" vra Siegfried. Die plantbakkie verdwyn agter die gewebte hande wat dit beskermend omvou. Maggie bestudeer die hande. Die hande wat haar aan die begin heeltemal geskok het, verskoon tog haar vooroordeel, is eintlik baie mooi. Die lang vingers is dun en reguit. Die webbe tussenin, met hul effens pienkerige kleur, beklemtoon eintlik die res van die hand.* Dis asof alle hande eintlik so moes wees. *Sy kyk onwillekeurig na haar eie hande. Die klein vingertjies, so goed aangepas om nodelose goed mee te doen.*

[NB- Oppas vir projeksie.]

*Miskien steek hy 'n paar vlerke onder daai hemp ook weg. David kom terug met 'n glas water en gooi dit in die plant se bakkie. Siegfried lyk vir die eerste keer tevrede sedert sy hom ken.*
*"Nou wat is jou plan nou, Siegfried?"*
*"Ek soek my oom. Hy sal help."*
*"Maar ek dog jou oom is like dood man." David is al weer besig om speletjies te speel. Hy lewe daarvoor om met mense se koppe te neuk. Hy dink tog seker nie hierdie siel is besig om vir hulle te lieg nie.*
*Siegfried lyk egter nie afgehaal deur die vraag nie. "My ma se broer bly in die stad hy sal weet wat om te doen want my*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*pa is dood. Ek soek hom." Ja take that, Dave. Sy glimlag breed en knipoog vir Siegfried. Hy kyk dadelik af na die tog te interessante tafelblad.*

*"Jy kom saam met my huis toe," hoor sy haarself skielik sê. "Ons kan daar uitvind van jou oom en sommer vir jou kos gee. Kom." Sy staan op. "Vat jou plant en jou sak. Kom ons waai." Aan David: "Ek sal jou bel. Wil jy iets doen vanaand?"*

*"Not shure. Bel maar," hy wikkel sy minuskule selfoon tussen sy vingers, "dan sal ek jou maybe sê."*

*Siegfried vat sy sak en die plant wat orals grondwater drup. "Dag Dawid." David skrik as hy sy regte naam hoor.*

*"Shô. Whatever."*

[My storie, sy storie. My Maggie, sy Maggie. Waar bestaan die grense? Skryf is nooit 'n soeke na waarheid nie. Dit is 'n perversie. 'n Swakgemaskerde omgang met eie begeertes. Masturbasie.]

System error

C:\>

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## II

Tannie Helen is stil en vriendelik. Sy is niks haastig nie. Dan het mens langer om te dink wat doen jy nou. Sy pa sê hy moet eers bietjie dink voor hy goeters doen hy is nie heeltemal so vinnig nie. Sy pa sê hy moet sy arms so uitsteek langs die kante en stadig soos 'n voël maak op en af met sy arms soos 'n reier wat stadig vlieg. Dan konsentreer hy net op sy arms dan raak hy stil aan die binnekant om eers te besluit wat om doen. Hy weet sy pa is die moer in hy het die hele tyd daarvan vergeet tot nou tot nou hier by tannie Helen. Dit sou baie gehelp het as hy die voëlding so paar kere gedoen het tussen al die goed wat gebeur het. Hier by haar in die snaakse huis voel dit heeltyd soos die voëlding. Sy speel musiek in die kar dis sag. Hulle gaan na 'n park toe hulle gaan speel. Hy hou van tannie Helen hy is nie lus om alleen saam met haar te wees nie. Hulle ry verby 'n taxi hy is bly hy is nie daarin nie dis te veel mense. Hy onthou van hom en Maggie in die taxi. Dit was net na die plek met die rekenaargoed. Tannie Helen sien hy dink weer hard sy tong steek seker weer uit. Sy sê Wat dink jy vertel nog. My pa sê Druk terug daai tong of wil jy vlieë vang. Nee van Maggie sê die Helen met die sproete. Wat onthou jy nog. Hy gaan saam met Maggie buitentoe alles raas. Hulle stap in 'n ander rigting hy weet nie meer waar die rekenaar-eetplek is waar hulle nou was nie. Baie mense loop met trollies rond wat vol goed gelaai is bokse en stokke en sakke. Die hele Kaap is 'n groot winkel wat begin by die stasie. Hulle ry taxi. Sy pa sit altyd die televisie af as mense praat van taxi's wat altyd omval dan sê hy Nee donnerswil wanneer gaan dit stop. Die mense sit bo op mekaar behalwe hy en Maggie. Maggie sit baie naby aan hom maar dit is nie sleg nie al sweet sy hy gee nie om nie die deel van haar wat aan hom raak voel sag. Maggie kyk nie waar sy haar arm sit nie haar arm sit sy sommer op sy been dan spring sy tôtie regop maar darem nie heeltemal nie hy sit bietjie vorentoe gebuk dan gaan dit vinnig weg niemand sien nie. Maggie sê Is jy okay hy sê Hmmm. Mense klim af hulle kan opskuif met genoeg plek. Hy is bang om op te staan sy agterent is natgesweet van die plastiek sitplek en die warmte en die te veel mense miskien sien niemand nie. Hy wil nie hê Maggie moet lag nie. Maggie staan skielik op sy sê Thank you right here's fine die taxi stop hulle klim af. Maggie gaan staan voor 'n groot muur. Dit is my huis sê sy. Daar is 'n klein hoë hekkie in die muur sy druk 'n knoppie iemand praat uit die boksie soos 'n telefoon die hekkie gaan oop. Daar is 'n dun paadjie tussen twee groot bome na die huis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toe wat onder die muur is die hele erf is heeltemal afdraand. Sy pa sê 'n huis moet op gelyk grond gebou word. En op 'n rots sê hy. Hierdie mense weet nie van sulke goed af nie want hulle het nie baie grond nie. Daar is nie gras nie net bakstene en teëls en bome met so bietjie sand en klippies in 'n kringetjie om die bome. Teen die huis se muur is 'n bedding met varings en plante wat teen die muur vassit en palms wat hoog is. Hy is bly hy bly op Doerkyk. Daar is alles grond daar is skape daar was baie beeste toe hy klein was. Hy vra Pa waar is die beeste heen sy pa sê Aan die begin was die aarde 'n koei en die lug 'n bul toe het hulle gepaar en die gode en die mense gemaak toe sien hulle dat hulle kinders simpel is toe gaan bly hulle maar weer in die lug en in die grond. 'n Lang oom maak die deur oop. Hy glimlag tot hy hom sien. Dan glimlag hy nie meer nie hy staan en kyk. Hy moet nou ordentlik wees die oom bly ook by Maggie dis haar pa. Hy sê Hallo Oom. Ek is Siegfried. Ek kom na Maggie se huis toe. Die oom sê Maggie kom binne wag jy eers hier Meneer asseblief. Maggie en die lang oom gaan by die huis in die oom maak die deur toe. Hy begin na die varings en palms kyk Ken jy hulle Plant vra hy.

*

C:\> Ek neem sedert vanmôre al Siegfried se vertellings op met die diktafoon. Hy weet nie. Wil dit so natuurlik moontlik hou. Sy vertelling in die motor vanmôre het my op een plek effe gehinder. Ek dink hy het oorreageer toe Maggie met hom geraas het en het meer skuld op homself projekteer as nodig. Hy sê Maggie was baie kwaad, hy sê sy het geskree op hom. Hierdie reaksie pas ook nie in by die Maggie wat ek tot dusver gekonstrueer het nie. En ek kan nie glo dat hy enigsins destruktief kan optree nie.

Ek kan nie sy vertelling ten volle vertrou nie, hy is nog baie geskok, verward deur wat ookal gebeur het voor ek hom omgery het.

*Toe sy die deur weer oopmaak sien sy Siegfried handeviervoet in die bedding rondkruip met 'n palmboompie, wortel en al uitgetrek, in sy een hand. Hy smile van oor*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*tot oor toe hy haar sien. Hy staan stadig op toe hy sien dat sy nie gelukkig is met sy eksperimente in die tuin waarop haar pa so heilig is nie. Veral nie na wat hy daarbinne vir haar gesê het nie. "Gee die plant hier, Siegfried. Nee, nie joune nie, ons s'n. Dankie." Sy gooi die ontwortelde plant oor die muur en skraap die gat wat die plant gelos het toe. "Vee af jou hande." Hy klap sy hande en vryf hulle teen mekaar. Elke beweging is nadruklik, gelaai met konsentrasie en inspanning. Hy kyk af grond toe. Sy kan haarself nie verhelp nie en omhels hom, druk hom styf vas. "Dis nie so bad nie, Outjie." Hy smile weer en wys sy hande. Kyk hoe skoon my hande, Ma. "Kom ontmoet my pa." Sy stap die huis in met hom agterna.*

['n Kort gedeelte, maar ek dink die patos hier is belangrik.]
Bad command or file name

C:\>

*

Hy stap agter Maggie in die huis in. Die huis is bruin. Alles is bruin bruin banke op bruin teëls en bruin matte hang teen die mure. Sy pa sê dit is eksoties as mense matte teen die mure hang met maskers van die swartmensgode orals. Sy pa dink sulke mense het geen idee nie. Die huis is baie skoon heel ongemaklik skoon. Dis hoekom Maggie so in die vuil strate rondloop mens moet bietjie vuil wees sy sweet darem. Hy wens sy het kaalvoet gestap dan kon haar voete ook so swart wees onder soos syne. Hy is bly haar voete is nie so seer nie. Die lang oom lê so half in een van die stoele hy lyk nog langer as hy sit sy bene pas nêrens in nie. Hy en Maggie gaan sit by hom in die ander sitkamer. Meneer ek hoor jy's bietjie in die moeilikheid sê die man. Die man is kwaai en simpel hy is nie oom nie hy is man. Hy sê Siegfried. Goed dan. Siegfried. Die man bekyk hom Hoe kan ons help sê hy. Die man praat soos mense met mekaar praat oor skape wat hulle wil verkoop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en besigheid dan sê hulle altyd Hoe kan ek help Meneer. Die man vou sy hande hy kyk bo-oor sy bril vir hom. Die lang man lyk baie gewoon so reguit. As hy 'n prent moes teken van 'n man dan sal hy daardie man teken die prentjie het nie baie lyne nodig nie. Dis net so 'n mond en neus en oë en bietjie hare en 'n bril. Die man lyk so reguit hy lyk nie regtig nie. Hy wens die man wil een van daai maskers opsit en bietjie dans. Siegfried sê die man Wat is dit wat ons vir jou kan doen soek u geld. Wat. Hy staan op hy sê Ek's jammer Man ek pla maar Maggie het gesê ek moet saam met haar kom en toe trek ek nog daai plant ook uit. Hy vat sy sak hy wil wegloop die man is snaaks die huis is bruin hy moet nou uit miskien een van daai mooi blare van die plante in die tuin vat en weer by die klein hekkie uit. Pa. Hoekom is Pa altyd so. Kan Pa nie net vir een keer probeer om like human te wees nie hy't nie eens skoene nie. Hy's alleen en deurmekaar en het nie eens 'n paar fokken skoene nie dis Maggie se stem met baie trane en skree in. Hy sukkel om die deur oop te maak alles is te vinnnig sy oë gaan weer te vinnig hy is alleen die handvatsels is snaaks sy hand gly hy probeer albei die man sê Goed. Hou net op met daai gevloekery dat die hele straat jou kan hoor. Die mense sal dink dis 'n hoerhuis hierdie. Die man is heel simpel hoere vloek nie hulle seks die heeltyd en dra pers pruike sê oom Smet die deur wil nie oop nie. Maggie skree sy storm by die sitkamer uit sy los hom net daar die man gee hom so 'n kyk oor sy bril hy wonder of die bril ooit werk hy kyk nooit deur die bril nie. Die lang man sê stadig Sit e Siegfried. Sit. Ek bring vir jou skoene. Hy kan nie uit nie hy sit maar en wag vir Maggie hy hoor die man praat met haar in 'n ander kamer miskien is daar nog 'n sitkamer. Hy sit hy trek gesigte vir die maskers.

*

`C:\>` Ek blaai vandag deur *People Magazine*. Navorsing. 'n Amerikaanse popsangeres sê die volgende: "When I see those starving children on TV it makes me cry; I want to be thin like that too, but without all the death and flies."
System error

`C:\>`

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle is in die parkie dis net bome en diggroen bosse met harde takke wat tonnels maak met bosgrotte hy kan daar inkruip Sproet roep. Daar is groot klippe wat uit die gras uit groei. Die gras is baie dik mens kan nie die grond voel nie. Sy voete loop lekker in die gras. Sproet sê hy het nou genoeg in die bosse ingekruip hy moet daar teen die klip kom sit. Die klip is amper so hoog soos hy dis koud as hy daaraan vat en met sy rug daarteen lê en die broodjies eet die tannie wil hom seker vetmaak. Sy sê sy sien hy praat nie veel nie hy sê hy speel maar net daar met die bosse hy het takkies gepluk hy gaan iets bou daarmee. Sproet sê hy lewe nog daar waar die taal van die stokkies en die diere en die plante en Adam dieselfde is hy sê dis eintlik Siegfried. Hy is klaar geëet die tannie sê sy wil teen sy rug kom sit hy is nou 'n klip. Hy sê My pa wou dit eenkeer doen toe raak my rug seer sy sê Kyk mooi hoe lyk ek hy sien die klein voëltjie en die sproete hy sal sterk genoeg wees hy wil nie 'n klip wees nie. Sproet sê Jy is klaar klip jy weet hoe om stil te wees. Hy sê hy's net mens Siegfried. Die tannie sien daar is mense wat sy ken sy gaan praat met hulle sy sê sy is nou terug. Hy is bly sy is weg hy wil nie teen haar sit nie hy is besig met sy stokke. Hy bou 'n huis. Eers druk hy vier stokke in die grond in dan sit hy ander stokkies teen hulle vir die mure die blare maak die dak hy hoop net nie dit reën nie water sal alles opdonner.

*

C:\> Siegfried bou 'n huis in die park: Hy sit tussen die klippe, die gras, die bome, gebuk oor 'n huisie van takkies, 'n huis sonder 'n deur, met 'n dak van blare. 'n Huis waarin die gras kniehoogte staan.

As hy my sien, glimlag hy en druk 'n takkie deur 'n stuk plastieksak. "Nou 'n seil." Hy vou sy hande om sy mond in 'n vleesbeul en blaas die huis om. "Die huis kort 'n seil Tannie."

Siegfried begin 'n boot bou.

"Het julle nie modder nie?"

"Nee."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Maar daar is orals modder dis net mos grond en water en selfs al is daar nie eintlik water nie is daar nog modder. Hoe moes God julle dan maak as hier nie modder was nie?"

Ek gaan haal nog stokkies vir hom; hy skud sy kop: "Die ding gaan mos donnnerswil sink."

Ek bied aan om by die huis vir hom modder te maak, of van my klei te gee. Hy begin met nuwe vaart bou, met net 'n arm wat af en toe opskiet om 'n vlieg of muggie te verjaag. Ek sit verstom. Daar is 'n paar takkies voor my op die grond waarmee ek ingedagte sit en speel het.

Kom ons bou 'n boot, hoekom nie? En modderhuise, dink ek. Hoekom ophou by net weer begin skryf? Die skrywery is deel van die antropologiese studie. Die skepping slegs bysaak. Sê ek vir myself.

Ek druk 'n paar stokke in die gras, maar gee gou op. Die gebouery is veel moeiliker as wat dit lyk. Siegfried het 'n rare talent, 'n talent wat meeste sal onderskat as hulle die eindprodukte sien. Om die droë takkies gebuig te kry en aanmekaar te las sonder enige tou of gom is feitlik onmoontlik. Maar daar sit hy en doen die onmoontlike met sy onmoontlike hande. Ek neem 'n paar foto's van sy werk (Fig. 2-7). Ek sit en staar. Aan die begin is hy effens kriewelrig onder my blik. Later word hy stil as die skip begin vorm aanneem. En hy van my vergeet.

Ons gaan huis toe. Hy stap vandag minder bak, miskien omdat hy meer het om aan te dink as al die skete in daardie lyf. As mens hom net veilig en besig kan hou.

Not a valid path specification

C:\>

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sproet wil nog van sy storie weet. Hy sê niks hy onthou net. Hy onthou hy moes saam met hulle eet. Maggie en haar pa het resies gehou om te kyk wie is eerste klaar hulle praat glad nie. Hy is in haar kamer dit is swart daar is swart mure en klomp prente van narre opgeplak met baie lipstiek dis mans hulle speel kitaar en goed hulle lyk kwaad. Maggie se pa het vir hom 'n paar ou skoene gebring dit pas glad nie. Die man het nie eens gekyk na sy voete nie almal kyk altyd so lank daarna. Maggie sê Jammer oor my pa. Soms kan ek rêrig nie glo dit was sy saad hy voel hy word rooi sy sê saad en dis nie plante nie. Maggie is mooi sy sit kruisbeen op die bed met kaal voetjies. Haar vel is baie wit daar is niks haartjies op nie miskien omdat sy baie in die see is hy is erg lus vir mossels. Maggie sê Sorrie. Hy onthou wat sy gesê het sy het so hartseer gelyk. Ek bedoel ons is like complete strangers. Ons behandel mekaar soos mense in 'n guesthouse of iets. Ons praat nie eens nie. Hy sê sy pa sê mens hoef nie altyd te praat nie Maggie snork sy sê Jou pa het duidelik nie hier gebly nie hier is meer as net een of twee sessions by 'n goeie shrink nodig. Ek kan nie glo ek cope nog met hierdie mense nie. Almal is so unreal jy weet my vriende is almal op die een of ander trip of switch personalities like you know en my pa is hierdie weird lang ou man wat saans by die huis voor die TV sit en poep of net gaan slaap. Maggie vra of sy hom like obviously verveel hy sê Kan ek gaan bad my onderbroek het my seer geskuur. Sy sê sy dink dit was regtig meer as wat sy wou weet hy sê Jammer Maggie. Maggie glimlag haar mond raak mooi haar lippe trek aan die hoeke so effens op en haar bolip kom effens vorentoe maar nie baie nie net mooi sy sê Gaan maak jou self mooi Gorgeous. Ons gaan vanaand uit.

*

`C:\> Hulle is blykbaar die eerste aand na David se woonstel toe. Te veel bier en dagga in die rondte, as Siegfried nie oordryf nie. Oor daardie eerste aand saam met Maggie sê hy byna niks, daar het óf nie veel gebeur nie, óf hy het nie veel verstaan van wat om hom aangaan nie. 'n Vertraagde man in 'n vreemde woonstel tussen vreemde adolessente wat in hul eie geheime taal sit en praat oor niks, terwyl hulle geleidelik dronk word.`

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

En as hulle alleen is? Siegfried swyg, maar daar moes 'n paar oomblikke tussen hom en Maggie gewees het. Oomblikke wat hulle binne twee dae so na aanmekaar gebring het.
Ek probeer weer sien wat Maggie moontlik sou sien, probeer weer praat soos Maggie waarskynlik nooit sou praat nie:

*As Maggie later die aand die voordeur saggies probeer toemaak, en dan begin giggel vir Siegfried wat weer by die palms gaan sit, staan haar pa agter haar. "Is dit nou 'n tyd? Dis half drie. Gaan slaap, maar moenie dink jy gaan weer uit hierdie maand nie." Maggie sê niks, probeer net reguit kamer toe stap sonder om te kots of iets om te stamp. Sy hoor Siegfried kom aangewaggel agter haar aan. Sy wys hom sy kamer. Hy gaan sit op die bed en krap aan sy voet. "Ek haat hom," sê sy.*
*"Hoe lyk jou regte hare, Maggie?"*
*Sy is heeltemal oorbluf deur hierdie skielike verandering van die topic. Sy wil nou bitch oor haar pa en hy praat oor haar hare. Sy gaan haal die foto in haar kamer waarop sy en haar pa voor hulle strandhuis sit, sy met haar swart bokstertjies op sy skoot. Sy het al skoon vergeet hoe die huis lyk, die groot stoep wat oor die rotse en die bamboes uitkyk. Sy kan nie glo haar ma bly op so 'n mooi plek nie.*
*"Dis mooi. So swart en reguit. Dit lyk sag."*
*Sy kyk na die foto, hoe haar pa na haar kyk met een van daai smiles wat hy in die egskeiding verloor het. Dit was beter tye. Die twee klein foto-mensies lyk so gelukkig. Miskien moet sy bietjie meer moeite doen met die ou man. Miskien is dit net dronkverdriet. Was dit Siegfried se plan dat sy 'n foto van haar kindertyd moes gaan haal het, dat dit haar beter sou laat voel oor haar pa? Sy kyk weer na die foto en dan na Siegfried. Sy wil dankie sê, maar weet*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*nie waarvoor nie. Sy druk hom eerder vas, en kan sy hart teen haar bors voel klop.*

Iets soos daardie oomblik, en miskien 'n paar ander ook, stel ek my voor. Ek begin te veel oorlaat aan die verbeelding. Ek is nie eens seker of die mense geskei is nie.

My behoefte tot voorstelling ruk hand uit, ek begin Siegfried toespin in my eie verhaal. Maggie word 'n personasie wat op haar eie begin bestaan, apart van Siegfried se vertellings en die onbekende, vae, werklike persoon. Ek wil Siegfried vasdruk, hom rondruk en skree: 'Jy's nie 'n storie nie.' Miskien is dit juis die lot van die onverstaanbares, dat hulle nie kan ontsnap uit hul fiksionaliteit nie, dat hulle ons dwing tot fiksie.

Error reading drive C

Abort, Retry, Fail?

C:\>

*

C:\>Sy klere is gewas, ek staan en stryk sy hemp. Die bloed kon nie heeltemal uitwas nie. Hy sit in 'n laken toegevou en hou elke beweging dop. Hy merk die bak met wit klippies op die kombuistafel op, soek deur die klippies en kom te voorskyn met 'n groterige plat een.

"Kan ek die ene kry Tannie?"

"Seker. Waarvoor?"

"Ek gaan hom vir Ma gee. Sy gaan dit gooi en laat spring op die water."

Ek moet sy oom vind. Ek bel al die Fischers in die Kaapse telefoonboek. Niks. Die sentrale weier om die ongelysde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nommers te gee. Die 'Smet'-man was reg. Geen spoor. "Weet jy waar jou oom se huis is?"
"In die see. Die ene sonder die dak."
Dit is bedompig in die kombuis, ek maak 'n venster oop.
In sy blinde gerigtheid, sy eenvoudige aankarring deur 'n onverstaanbare wêreld, hoef hy nooit te weet hoe wanhopig ek op daardie oomblik gevoel het nie.
File not found

C:\>

*

Sproet wil alles weet. Sy kan nie genoeg kry van sy storie nie. Hy kan vertel soos sy pa vertel Sproet luister soos hy luister maar sy storie is nie mooi nie. Sy storie maak hom bang sy storie is die storie van die swart skip. Sproet vra Wat van die volgende aand wat toe. Hy vertel van die Squatter Camp. Hy trek aan by Maggie se huis hy trek sy ekstra hemp aan. So mooi hemp sonder knope wat sy pa vir hom gebring het vir krismis Maggie sê Die ding is te gekreukel en bland vat hierdie ene van my pa sy sê dis van Hawaii af. Sorrie Pa maar Maggie is so mooi. Hy los sy pa se hemp hy vat haar hemp 'n bloue met die geel en rooi blomme op met knope. Sy maak die knope vas. Hy het nie 'n skoon broek nie hy trek dieselfde een aan. Hy sê hy wil Plant saamvat hy is altyd by hom en nou was hy vir 'n hele tyd weg hy is bang iets gebeur hy het sy pa belowe om te sorg. Sy sit vir Plant in 'n plastieksak dat die grond en water nie so deur die gaatjies van die pot loop nie sê sy. Maggie sê die mense sal nie mind nie dis anyway 'n cool plan vir die Hawaiian getup. Sy sê dit pas perfek. Hy sit sy pa se boek in sy broeksak dis belangrik die ander goeters kan maar in die rugsak bly. Hy gaan nie vanaand tou en messe gebruik nie. Maggie ry na die plek toe waarheen hulle gaan hulle gaan uit. Maggie sê hulle is op 'n date. Sy het 'n klein wit karretjie. Sy ry vinnig orals is liggies op die pad en al die karre niemand slaap nie. Hy is moeg. Hulle stop op 'n stuk grond daar staan ander karre ook sy sê Ons is hier. 'n Man sê hy sal die kar check sy gee hom geld hy vra hoekom sy sê Hulle steel. Hy sien nie die stukkende bottel nie hy trap daarin sy voet bloei dis seer tussen die een web in. Maggie sê Ons sal nou kyk ons is nou binne mens moenie te lank hier buite

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rondhang nie kom. Maar sy trek eers die stuk glas uit dis bruin sy bloed lyk ook bruin in die donker. En daar is 'n ou man wat teen die muur lê. Die plek waar hulle heen gaan is die Squatter Camp sê sy. Die man teen die muur vra of hy nie vir hulle 'n liedjie kan sing vir bietjie small change nie Mylanie. Maggie sê sy wil nie hoor hoe hy sing nie die ou man knipoog vir hom hy sê Mylanie moet hoor ek ken allie tunes. Hy vra hoekom is hulle by die Squatter Camp sy pa sê daardie plekke is 'n gemors hy sal eerder vrek as om daar te bly sy sê Dis net die naam dis eintlik baie trendy dis net so 'n tipe joke en dis like hulle home away from home. Hy vang nie die grap nie. Maggie vat hom om die nek en druk hom styf teen haar gesig en lag hy voel haar wang is baie sag.

*

C:\>Ek kook butternut, braai 'n paar tjops. Siegfried sit gebukkend en eet so vinnig, ek dink hy gaan enige oomblik verstik. "Ek het laas op die plaas tjops en pampoen gehad Tannie," laat hy hoor met 'n bek vol vet. Ek kyk na die gesig, die tevredenheid.

Dan begin hy uitvra, die oomblik wat ek van die begin af gevrees het: "Wat doen Tannie is Tannie ook 'n boer wat nie 'n plaas het nie?"

"Ek was 'n argitek, ek moes vroeg aftree weens siekte," die bekende leuen. Mense hou nie daarvan om te hoor van iemand wat net besig was om die heel boonste trap te bestyg, en toe, sonder enige rede, die hele leer onder haarself uitskop nie.

My antwoord aan myself: Jy was besig om vir jouself te lieg. Jy was besig om deel te word van dit waarteen jy altyd baklei het. Daarom het jy ryk geword. Jy het gelukkig gou deur jouself gesien. Genoeg geld gehad om af te tree, ek het nooit 'n oorvloed nodig gehad nie.

Argitektuur was nie meer 'n kunsvorm nie. Smaak verval, al wat oorbly is gewoonte. Na 9/11 sê 'n Amerikaanse argitek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op CNN dat hulle sal voortgaan om hul wolkekrabbers te bou, hoër die hemele in, omdat, soos die geleerde man aanvoer, die wolkekrabber die enigste oorspronklike Amerikaanse argitektoniese styl is. Die oorspronklikheid van reghoekige blokke.

"Is Tannie nog siek?"

"Ek is gesond, kan jy nie sien hoe goed ek lyk nie?" Hy rek oor die tafel, sy hand uitgestrek. Sy hand oor my neus en wange, baie sag, tastend.

"Wat maak jy?" Vir 'n oomblik is ek bang.

"Ek hou van sproete. Ek wonder hoe hulle voel."

Hy skrik toe ek vinnig opstaan, trek sy arms terug en druk hulle voor teen sy bors. Sy oë rol, sy tong steek by sy mond uit. "Jammer. Dis reg, jy kan maar vat, Siegfried. Ek's jammer."

"Jammer Tannie." Hy kalmeer effens.

Ek wou nog nooit so graag my verhaal vir iemand vertel het as juis toe nie. Toe kom tik ek. Kry dit uit jou sisteem uit. Hy het nie nodig om alles te weet nie, hy sal nie verstaan nie. Kan nie verstaan nie.

Begin gedigte skryf op drie en veertig, selfs bietjie aanmoediging vanuit sekere oorde. Tematiek: Die vereenselwiging met die geweld van die natuur. Die ontbinding van die eienaam. Die wriemelende lewe waaruit alles kom en waarheen alles teruggaan. Die mens as kompos in 'n siklus van verrotting. Ensovoorts. Bla bla bla. Die voortalige belewenis. Bla bla. Kwaak. Woorde so konkreet dat mens tamaties tussen hulle kan plant. Om soos 'n god te mors in die modder van taal.

File not found File not found File not found File not found File not found File not found File not found File not found

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

File not found File not found File not found File not found File not found File not found File not found File not found Klaar met gedigte. Klaar met skep. Ek was elkgeval nooit 'n Gaudi nie, nooit 'n Stockenström, 'n Ted Hughes nie.

Amateur stedelike antropoloog: My nuwe roeping. My stokperdjie, om in voeling te bly met die mens-dom. Duisende kassette vol, boeke vol, foto's, opnames, opskrywings. Die mens in sy habitat. Die evolusie, die degradasie van taal, kultuur, mite. Die desperate soeke na ruimte binne die stad. Die fortifikasie van die rykes; die ou laertrekmentaliteit. Winkelsentrums soos bomskuilings-kolossale granietblokke; mausoleums.

Geïnstitusionaliseerde vervreemding. Sosioloë noem hul verhale prosesse. Kafka se *Der Prozess*.

Slegs opskrywing. Ek word versamelaar, die mens my projek. My nagtelike ekskursies in die nagklubs, waar ek alleen by tafels sit en luister hoe hulle praat, waaroor hulle praat. Alles opgeskryf, taalgebruik, modegiere, dwelmvoorkeure, mannerismes.

En toe Siegfried: Weereens sal ek oor moet begin. So sal ek nie langer kan aangaan nie. Die lepidopteris wat sy skoenlappers deurboor met naalde en teen 'n bord vasspyker voel homself nooit eenselwig met sy monsters nie. Hy voel homself 'n godheid, 'n god vir die dooie skoenlappers; en ek 'n god vir dié wat ek beskryf, versamel. Tot ek 'n spesimen omry met 'n bestaansmodus ver superieur, 'n radikale naakte menslikheid.

Not ready

Abort, retry, fail?

C:\>

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C:\> Hoe Siegfried eet: "Is daar nog pampoen Sproet?"
Ek hou van die naam. "Kry vir jou." Hy vat die lepel soos 'n graaf, skep in. Dan, as die kos eers in sy bord is, word die hande twee skepemmers. Hy kry dit reg om gekookte butternut te eet met sy hande, sonder dat dit morsig, dierlik lyk. Die hande beweeg vinnig, hy fladder die kos na binne. Die pa moes dit alles vir hom geleer het. Ek sou graag die dooie man wou ontmoet. Hierdie spook wat meeste van die tyd in Siegfried se teenwoordige tyd voortleef.
Jan Landman. Die Boer. Die man van die aarde. Verwerp deur die aarde. Die man alleen in sy onbewoonde Pierneefs, wat magtelose oordeel op oordeel vel oor die verwording wat hy sien. Hoeveel Landman is in my? Ons sou mekaar se oë uitkrap. Daar is egter die koppigheid, al wat ons gemeen het. Ons desperate koppigheid, die klou aan 'n laaste paar inhoude, staan uit teen die leë agtergrond van Siegfried. Dan verf ons ons mislukking op hom, ons dikkoppige weerstand teen 'n vyandige of apatiese realiteit.
Siegfried is gevorm uit Landman se wêreld. Ek is gemaak en gevorm deur twee masjiene; hul lewens geslyt in kantore, klerke in kerkers. Siegfried is gevoed met stof en lug; ek het geleer oorleef deur ironie. 'n Afstandigheid; binne my ook 'n dor, kaal landskap. Ek sien Landman sit op sy die grond, hamerend met sy vuiste aan die onbreekbare aarddop.
File not found

C:\>

*

C:\> 'n Aar raakgeploeg:
"Wil jy see toe gaan?"
"Tannie?" Sy gesig vertrek in pure blydskap. Sy hande bewe langs die sye.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Jou oom sal seker nie daar wees nie, maar ons kan bietjie op die strand gaan speel, as jy wil."
"Tannie?" Hy kyk vinnig rond, die hande swaai senuweeagtig, asof hy nie die realiteit van die kombuis kan aanvaar nie.
Die vertraagde man met die gewebte hande spring op en omhels my; die aanraking 'n elektriese skok.
Bad command or file name

C:\>

*

Sproet lyk opgewonde om te hoor van die Squatter Camp maar hy weet nie meer alles nie. Hy onthou goed hy weet nie hoe om te verduidelik nie. David kom aan by die Squatter Camp se nou trappies hy stap op hy sien nie vir hulle nie. Toe sien hy hulle hy waai nie hy stap net nader. Hy trek 'n stoel van 'n ander tafel na hulle tafel toe al is daar plek langs hom. Hy wil nie daar sit nie. Hy sê vir Maggie iets in Engels hy sê freak-bergie dis Afrikaans hy is nie 'n berg nie nie eens 'n klein enetjie nie. Maggie kyk hom so David hou aan praat hy sê Ek is bly jy het like at least 'n tafel in een van die donker hoekies gekies. Kan dit wees dat Mother Theresa actually bietjie skaam is vir haar nuwe find. Maggie is kwaad sy sê niks nie. Gelukkig is Bennie nog nie hier nie sê David Ek het soos in net nie krag vir daardie ou vanaand nie. Hy's net nie cool nie. Kan nie eens 'n goeie haircut bekostig nie. En daardie klere wat hy by die Hospice gaan koop want hy's mos deesdae elevated bo fasion sê hy. As if. Maggie sê niks nie sy is kwaad sy lyk nes sy pa as die werkers iets heeltemal opdonner te kwaad vir vloek. Hallo David sê Maggie dat almal weet sy sê nie regtig hallo nie. David sê As jy nou weer een of ander hang-up het kon jy like by die huis gebly het met jou clown. David haal so klein foontjie uit sy sak hy klap dit oop met sy vinger. Speak to me Baby. Yeah man chill by die Camp man. Like in ja man. Shure. Cool. Cool. Cool man. Like see you on the flipside Baby. No man you're cool. I'm cool Baby. Shure. Ja. Shure. Cool man. Cool. Hy vou sy foontjie op hy sê Like gaan hier iets aan vanaand. En hy kyk vir hom hy kyk rond vir die ander mense. Maggie sê Nie veel nie. Siegfried kyk heeltyd rond na al die mense wat snaaks lyk hy wens hy het skoene dis koud op die grond. Sy voet is nog seer dit bloei nou sit hy met sy voete op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bank David wil mos nie daar sit nie sy voet drup as dit ondertoe wys. David sê Like wil jy nie akwarium toe gaan nie Dude daar's al daai Free Willy's wat soos in tricks doen man like in 'n sirkus in die water man jy ken for shure tricks man. David trek sy gesig snaaks. Hei. Ou. Haal af daai pote van die fokken bank. Jy's nie nou by like die huis nie sê David. Maggie staan skielik op sy sê David asseblief. Jy's nes my fokken pa. Los hom uit. Sy voet is seer. Hy't dit gesny hier in die parking lot okay. Hy sê My pa sê mens moet 'n ding hoog hou as mens dit gesny het dan loop die bloed nie so vinnig uit nie. David sê Was jy soos in die fucken Voortrekkers hy sê Oupa se pa was ene hy het ook Zoeloes gejag. David sê iets hy hoor net gatkant en Afrika. Maggie spring weer op so vinnig dat haar rokkie amper opwaai nie heeltemal nie.

*

C:\> *Maggie reël dat hulle uitgaan.*

[Het Maggie onthou van die oom wat Siegfried so soek? Of het sy, soos ek, dit probeer uitstel om nog tyd saam met hom te kan spandeer? Maar Maggie is die een wat hier geskryf word:]

*Sy sal môre vir Siegfried na sy oom toe vat, maar sy wil graag nog een aand saam met hom wees. Sy sal hom mis. Die vreemde outjie wat alles vir die eerste keer sien en doen. Dis baie refreshing om saam met iemand te wees wat nie heeltemal jaded is nie. Vir Bennie is elke dag ook 'n avontuur, dink sy sardonies, maar net omdat hy elke dag op 'n verskillende drug is.*

*Squatter Camp sal seker die beste option wees. Sy wens net die ander het hom nie net as comic relief gesien nie. Hy's actually regtig baie nice. Maar vertel dit nou vir David met sy mirrorshades. Sy steel vir Siegfried 'n ou hemp van haar pa. So 'n blou Hawaiian number met geel blomme op. Sy*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*broek is vuil, maar haar pa se broeke sal heeltemal te lank wees. Ten minste sal sy kaal voete pas by die hele Hawaii-ding. Shame. Hy lyk tog te cute, en selfs opgewonde om weer uit te gaan.*
*Siegfried bekyk haar die hele tyd, meer as eenkeer vang sy hom staar na haar bene of borste.*

[Die feit dat Siegfried aangetrokke voel tot Maggie is ooglopend uit sy vertellings, al probeer hy dit wegsteek.]

*Shame.*
*Haar pa is gelukkig weg op die een of ander mission, so sy hoef nie aan 'n patetiese verskoning te dink waarheen sy nou eintlik gaan nie. Sy kan nie glo sy word nog gehok nie. As David daarvan moet hoor, sal hy homself simpel lag. Siegfried se oë is die groenste paar wat sy in haar lewe gesien het. Sy wonder hoe voel sy hande. Dit lyk so sag.*

['n Sekere mate van wederkerende aangetrokkenheid, tog nie te vergesog nie? Maggie se ontferming moes meer wees as blote filantropie.]

*

Hy is by die see. Dis so groot so donnersmoerswil groot. So groot dat hy nie eens alles kan sien nie dis soos al die grond wat tot daar waar die son gaan lê op Doerkyk net baie groen en blou en diep en mooi en glad nie rooi nie dis groot en mooi. Sproet sê En nou wat sê jy nou hy sê Dis so dan kan hy nie meer nie dis net so Sproet kry so snaakse glimlag sy sê Daar was 'n ou man wat gesê het Jesus en Maria was digters en die Woord is heilig hy sê My pa sê mense praat te veel en meeste van die tyd net stront toe lag die klein tannie Sproet so dat sy daar in die sand rondrol so rol en lag en met haar voetjies in die sand ingegrawe. En toe sy opstaan is haar sproete vol sand sy lag dat die spoeg waai. Hy gaan staan daar anderkant en gaan sit in die sand en kyk net na die see want dis so.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Groot. Diep. En hy kan nie dink nie dis te veel. Te blou en groen al die sssh skuim alles trek en stoot te sterk die sand gee heel pad die see is 'n groot dier sonder tande hy hap sssh hy hap stil dreungedruis slaap lekker Bulletjie sssh nou alles reg.

*

C:\> Ek staan en kyk vanmiddag na Siegfried waar hy daar met betraande wange sit. Daardie ou oë. As ék na die see kyk, dink ek gewoonlik dat alle skrywers, ekke en skeppers sterf in die see, dat daar buite taal niks is behalwe die see nie. Dan vloek ek myself elke keer vir die retoriese kak waarmee mens jouself so volstop totdat jy dit begin uitkots.

En daar sit Siegfried en kyk na die see. Daar sit hy net, met sy opgeneukte lyf en meer opgeneukte brein en lewe en kyk net na die see, bo al die berge en dale van kakpraat.

In 'n ander lewe sou ek huil.

System error

C:\>

*

Sy voet is nie meer seer nie die plek waar hulle nou is is snaaks dan dink hy nie aan sy voet nie. Baie mense het Maggie se rok sy is die mooiste. Daar is te veel lawaai hy kan nie rustig wees nie hy voel sy oë gaan vinnig. Oom Smet het eenkeer vertel van die professor wat lank loop soek het vir mense wat in die berge in China bly wat glad nie 'n taal het nie hy het hulle nooit gekry nie hy wens hy was daar by hulle hier raas dit almal praat so gelyk dat almal mekaar gelyk hoor en nog die musiek ook. Miskien is China net die berge en af en toe 'n valk of 'n ding en hier en daar die mense wat nie praat nie. Dit sal reg wees dink hy.

*

Sproet kom sit by hom. Hy vee die trane weg Komaan ruk jouself reg Bulletjie. Dit was lekker om te huil hy sal nie weer nie. Sy het 'n skulp in haar hand dis die eerste skulp wat hy nog ooit gesien het dis pienkerig dit lyk soos sy hand as hy dit oopmaak as hy dit teen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die son hou. Hy kyk rond hy vra of sy dit sommer net hier gekry het sy sê Nee mens kry nie sulke skulpe hier nie dis van ver af. Sy vat sy hand en vou dit met haar klein handjie oop en sit die skulp daarin sy glimlag en hy sien. Hy sê Skulp. Sy sê niks nie sy vat weer sy hand dat die skulp so tussen hulle hande is hulle stap nader na die water. Hy raak bang vir so baie van die see. Sy weet. Sy stap stadiger. Hy druk haar hand styf vas. Dan is hulle daar waar die fyn skuim sssh spoel. Dit maak patrone op die sand. Sy sit en trek hom af na die nat sand toe sy gat word so bietjie nat sy sê Kyk die skuimpatrone. Dit lyk soos webbe wat uitspoel soos stukkies van hom. Hy tel die skuim op dit werk nie dit gaan net weg hy kan nie dit hou nie. As dit in sy hand is lyk dit simpel of gaan so plat. Sy maak of sy met bamboese gaan speel maar sy loer vir hom. Hy los die skuim dit moet net op die sand wees. Hy druk die skulp in die sand. Hy druk sy hand so oopgesprei in die sand. Vyf keer. Klomp skulpe bymekaar. En skuimwebbe. Hy kyk vir die see dis te veel hy is bang so alleen. Daar dryf die swart skip daar ver waar die son gaan sak. Hy staan op hy val amper maar darem nie hy hardloop na Sproet toe. Kom ons gaan sit daar ver weg sê sy. Bly net by my sê sy Dan is alles reg.

*

C:\> Die mistisisme as 'n radikale fokus op sensasie. Deur sensasie nader my god aan u. Cioran êrens: to fling ourselves into a madness that is not sacred. Siegfried.
Bad command or file name
C:\>

C:\> Ek wil hom vertel van Thales, "Water is die grondbeginsel van alles, Siegfried; alles vervloei in mekaar en is vol klein godjies," wil ek sê. Maar hy sit en kyk na die see.
Bad command or file name

C:\>

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle sit op die sand hy is bly hy is weg van die Squatter Camp. Hy onthou hy verstaan net nie alles wat gebeur nie. David sê Daar's Bennie die fokker kan like klaar nie meer reg praat nie. Hy het seker vanaand vroeg begin spike of snort. David sê Bennie probeer daai chick opchat met sy legends van poaching by Hawston saam met sy junkie-buddies. David sê die chick is fuckable. David sê model chicks is like hot Baby. Siegfried weet nie van poaching nie maar hy is lus vir mossels. Is hier mossels sê hy niemand hoor nie. David vee deur sy hare wat skerp regop staan hy lyk kwaad en moeg soos sy pa as hy nie die regte skroewedraaier kan kry nie. Hy sê Ek wonder hoe lank dit gaan vat voor Bennie en sy nuwe stukkie hier na ons toe gaan cruze. Die freak sal seker vir hom 'n paar bonuspunte kry Bennie se tipe chick like sulke shit. Maggie slaan hom op sy skouer sy sê Wil jy hê ek moet loop. David sê Hy het eenkeer uitgegaan met 'n slet wat by like twee van die lede van 'n sideshow geslaap het. Dit was vir hom 'n moerse turn-on om te wees waar 'n contortionist en 'n vuurvreter al was. Boldly go where strange men have been before Baby. Daar is te veel Engels. Hy kyk rond daar is 'n maanding wat klomp liggies maak en klomp kleure Maggie vra Het jy nog nie 'n mirror ball gesien nie. Hy weet nie David sê Jeesis. Dis baie erg as jy dit sê as jy nie regtig die moer in is nie sê sy pa. Mens moet die groot woorde spaar sê hy. En hy sien die engel. Sy dans met sulke vlerkies saam met die musiek. David sien hy kyk na die engel hy sê Dis Acid die fucken hippies. David praat te vinnig. Maggie gaan koop bier hy loop na die engel toe sy sit by ander meisies hulle is engele wat nie vlerke dra nie. Hy vra haar of sy 'n engel is sy giggel so sy sê daai line is al op haar probeer en dit werk veral nie vir middeljarige mans nie. Sy sê hy moet maar maak soos Pontius Pilatus en fokkof voor dit te laat is. Hy vra of sy oom Bert gesien het sy weet seker waar hy is sy sê weer fokkof. Hy wonder wat word van die engele as hulle eers begin fokkof sê. Sy het baie puisies vir 'n engel hy loop weg die engele met die vuil bekke lag agter hom seker vir hom. David sê Is die DJ soos in dood hy lyk nie hartseer nie. Maggie skud haar kop. David staan op hy sê vir Maggie of sy wil bier hê sy sê Ek's fine hy vra Wat van meneer Boswell en Wilkie Maggie sê Fokkof net. Maggie daar is 'n lelike engel sy hoor nie. David kom terug hy sê Volgende een koop jy Bru. Hy sê hy is bang vir daardie ouens wat daar sit hy gaan nie weer alleen soontoe stap nie. David sê O dis like David-hulle die klomp satanist mescaline junkies hulle het seker weird shit in jou oor gefluister. David lag. Siegfried sê Hulle steek hulle tonge uit hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maak of hulle my hap as ek verbystap dan lag hulle nie eens nie. Netnou eet hulle my David lag. Hy sê maar hy dog David is David is daar dan klomp Davids David hou op met lag. David sê hy ken like omtrent twintig Davids in die stad. David sê Een van Bennie se vriende is ook David hy is in Kraaifontein soos in Parrow Arrow net like in Kraaifontein hy het 'n opgestopte kraai op sy skouer vasgemaak en stap altyd met 'n swart jas rond en hy doen nie eens drugs nie. Hy dink hy is 'n Eskimo hulle doen like nooit hard drugs nie sê David. David praat net so deurmekaar soos oom Smet hy drink ook heeltyd. Maar David drink net bier dan burp hy. Maggie praat met 'n ander ou David praat nou maar met Siegfried hy praat half stadig hy sê I'm just not there you know. Ek sien hoe jy Maggie uitcheck die hele tyd sê David. Siegfried sê hy kyk maar so rond David lag en snork so. Hy sê Hoekom is dit net die freaks wat uitstaan. Maggie luister weer vir hulle die ander ou is weg sy frons al weer sy lyk kwaad vir David. Sy sê Wat pla David. Ek's fine sê David met 'n dronkstem hy loop na die ander David toe. Catch you on the flipside Baby sê hy.

*

C:\> Ek lê in die bed, vat aan my ou lyf, die vel slap oor kwynende spiere. Elke dag voel ek jare ouer. Ek neem 'n paar slaappille en kom voer die gebroke masjien.

Gebrekkigheid is fundamenteel tot die menslike ervaring; die abnormaliteit van ons samelewing lê daarin dat die bourgeois-lewenswyse as die norm voorgehou word.

Die sosiale ruimte word deur die geworpe liggaamlikheid geskep. Daarom is 'n samelewing moontlik waarbinne die kapasiteit van die gebrekkiges, die verminktes, bevry word en hul begrensings nie getreiter word nie. 'n Opsie teen magteloosheid.

Siegfried as voorbeeld van die sondebok, die verminkte waarop die doodsvrees geprojekteer word. Siegfried as bedreiging vir die idee dat die Westerling na die beeld van sy God geskape is.

Error reading drive C:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

`Abort, Retry, Fail?`

*

Hy onthou sy droom in Maggie se huis. Sy droom van laas krismis. Hy sê vir niemand nie. Nie eens vir Sproet nie. Dis syne. Dit is Oukersaand. Hy en sy pa sit om die vuur wat sy pa voor die huis gemaak het. Alfie-hulle is ook daar hulle praat nie baie nie. Hulle maak braaivleis daar is baie vleis. Sy pa sê Eet eet dis net eenkeer krismis in die jaar hulle eet. Poeding is roomys. Na poeding sê sy pa hy moet die Bybel bring Dan lees ek eers 'n stukkie. En hy lees van die skaapwagters en die engele wat vir hulle kom sê van alles hy ken dit sy pa lees dit elke jaar dan is dit tyd vir die presente. Sy pa hardloop in die huis in sy pa hardloop nooit nie hy kom terug met 'n groot ding in bruin papier hy sê maak oop. Dis 'n vlieër. 'n Groot vlieër van tamatiekissies se hout en streepsakke met so 'n lang stert van blinkpapier so rooi Dis 'n draak as hy vlieg sê sy pa. Daar is groot oë op die vlieër geverf nes 'n draak. Die volgende dag is die son groot bo die plaas sy pa sê Kom Siegfried hy gaan vlieg vandag. Sy pa maak die vlieër in die lug opgaan die rooi lint is 'n draak die ding vlieg daar reg in die son in. Die vlieër kyk af na hom die oë knip nie eens nie hierdie draak is nie bang vir g'n son nie. Sy pa sê Dis jou beurt hou vas hy hou die vlieër vas die wind trek die vlieër al in die son in. Die vlieër is al ding in die lug dis blou en die vlieër so bruin en rooi dit lyk so groot al is dit ver daarbo. Sy pa hou ook vas hy sê Boytjie as ek jou nou los sal net die Here alleen weet waar jy sal grondvat. Hy is bang sy pa lag so uit sy maag uit. En sy pa se arms is groot en om sy lyf hy weet die vlieër is veilig as hy net nie son toe gaan nie. Maar hy raak raak so aan die son hy wonder wanneer smelt die ding miskien brand hy uit soos die Griekse kind wat saam met sy pa wou gaan vlieg. Dit voel vir hom of hy daar saam met die vlieër in die lug rond is daarbo op pad son toe. En dan is hy glad nie bang nie die lug is blou hy voel of hy daar in die blou rond is of hy in die lugsee swem. Dit is maklik om daarbo te swem makliker as in regte water daar is niks nie mens dryf net hy is die vlieër. Hy sê Wanneer weer Pa sy pa sê Net môre hulle het nie weer gevlieg nie.

*

Vra vra heeltyd vra en nog weet net sy pa vra so baie as hy siek is. Waar pyn dit is jy warm Siegfried van wanneer af. Ek is nie siek nie Sproet dis net te veel vra vra en ekwilnogweet. Sy sê Jammer. Dis net sy onthou hy gaan nie eens sy ma hiervan sê nie net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

syne. Hy is besig hy was homself in die badkamer die groot een met die warm bruin teëls. Maggie kom in sy sê Kyk hoe lyk jou voete hy is bly hy het nie gebad nie dan was hy kaal hy het net 'n onderbroek aan hy het nie pajamas nie. Sy sit op die vloer voor hom hy sit op die toiletdeksel. Sy vat sy voete in haar handjies hulle is verskriklik sag dit kielie as sy aan die voete vat sy haal sulke room uit 'n tassie sy smeer sy voete. Dit sal hulle laat beter voel sê sy Hulle is gekneus mens kan sien. Hulle is nie gewoond aan hierdie kaal rondlopery nie. En sy vryf die room aan sy webbe hulle voel ook skoner en gladder. Hy dink dis hoe regte webbe voel na 'n lang dag se see. As sy so buk en voor hom sit kan hy omtrent alles van haar tieties sien dis mooi en rond en wit waar die bruin ophou waar die son nie was nie. Boereten. Dis mooi maar hy sien nie alles nie. Sy kyk hom in die oë maar hy sien nie hy kyk net tieties dan sien hy sy kyk vir hom sy gesig word warm sy glimlag net sy sê niks nie sy maak nie toe nie. Sy vee die res van die oliegoed van sy voete af sy vryf nog eenkeer sy voete sy sê Soja nou's jy eers okay Seemonstertjie. Sy is so mooi daar in die badkamer as hy vir iemand vertel gaan hy dit begin vergeet hy hou dit net by homself dat sy duidelik bly.

*

C:\> Siegfried sit by die kombuistafel, in my geel kombuis. Hy voltooi sy boot met die klei. 'n Deel van 'n geskeurde swart vuilgoedsak word as die hoofseil opgehys. Kanonne van oorstokkies steek al te bedreigend langs die kante van die skip uit. Net nog 'n seun met sy eie oorlogskip? "Swart skip," sê hy. Hy werk ongelooflik fyn. Die tong effens tussen die lippe uitgestoot in konsentrasie, soos ek myself ook dikwels betrap. Soos hy werk, begin hy stadig en eentonig, asof in 'n trans, te praat. Ek druk record:

"Ek speel die lekkerste in modder. My pa vat my altyd buitentoe as dit begin te reën dan speel ons die paddaspeletjie. Ons spring so rond soos paddas in die grond my pa en ek ons hou net ons onderbroeke aan dan raak ons bruin dan spring ons so my pa rol nie eintlik nie maar ek rol. My pa lag dan as dit reën. En die volgende dag ook."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy wieg stadig heen en weer, sywaarts, terwyl hy praat. Sy oë gefokus op die tafelblad. Hy kyk nooit op as hy besig is om van sy verlede te vertel nie, tot 'n groot mate praat hy met homself. Sy mannerisme herinner effe aan 'n blinde persoon in 'n gesprek. Hy kyk binnetoe. Soms lyk hy heeltemal gehipnotiseer. Ek kry die idee dat as Siegfried vertel, hy elke detail weer beleef, Engelse woorde en al.
Na die vertelling is hy weer stil en werk hy al hoe vinniger. Ek wonder hoe mens hom kan beskerm, die swakste van 'n spesie met ontelbare natuurlike vyande. Sal ek myself opgee om hom veilig te sien oudword? 'n Vriend het eendag gesê dat 'n klip in 'n glaskas nie meer 'n klip is nie, maar net 'n swak kunswerk. Siegfried sal sy oom moet gaan soek, al vernietig dit hom. Want om hom op te sluit, al is dit in die beste omgewing, sal hom ook vernietig. My drang om hom te beskerm, is miskien niks meer as die begeerte om hom vir myself te hou nie. 'n Besitlikheid. Ek sê hy moet sy oom Bert se huis bou met die klei, dat ek ook kan sien hoe dit lyk.
File not found

C:\>

*

Sproet maak kos sy wil luister. Sy sê hy is beter as die radio. David sê dis alles net like so 'n klomp marketing packages wat daar met mekaar mingle marketing man alles is like net marketing. David sê hy swot soos in Marketing. Bennie is ook daar hy is kleinerig met wortelhare maar dis kort hy praat met hom hy is vriendelik. Maggie sit net so met haar mond effens oop sy is weg op 'n ander droom.

*

C:\> *Maggie sit en bestudeer Siegfried. Sy wonder hoe oud hy is. Hy is aantreklik op 'n amper té onskuldige manier. Dis asof hy heeltemal onbewus is van vroue se bestaan. Sy*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*kyk na Siegfried se maer lyf. Hy word nie regtig honger so ver sy kan agterkom nie. Net partykeer 'n lus vir seekos.*

[Maggie moes die een of ander tyd Siegfried sien uittrek het, of hom ten minste sonder 'n hemp gesien het.]

*Sy onthou hoe sy ribbes uitsteek. Sy hele lyf is sonder hare, behalwe dié op sy kop. Sy dink aan die sagte webbe. Hy klou die heeltyd aan die plantjie wat in die middel van die tafel staan. Terwyl Bennie kwetter, kyk hy nou en dan na haar en glimlag.*
Not Ready
Abort, Retry, Fail?

C:\>

*

C:\> Siegfried word al hoe meer gemaklik by my. Vanaand: "Tannie ruik lekker." Ons het op die bank gesit, ek was besig om saam met hom 'n prenteboek oor skepe deur te kyk. Word toe weer bewus daarvan dat ek al jare lank geen parfuum of deodorant gebruik nie.
"Tannie ruik nie soos ander goeters nie net na mens dis lekker behalwe daai mense wat te veel sweet. Tannie sweet nie."
"Kyk hierdie ene met die groot skoorsteen."

Ek bak beskuit, hy wil ook help. Ek laat hom die deeg knie. "My hande doen dit lekker." Toe dit aand word gaan stap ons 'n entjie deur die buurt. Siegfried kyk heeltyd op na die sterre. "Ek hou die meeste van Orion hy lyk die meeste soos 'n regte mens dis 'n mooi storie." Hy vertel opgewonde die verhaal van Osiris. Dit was seker een van sy pa se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gunstelinge om te vertel. Soos Siegfried dit vertel, kom ek agter dat hy nie meer heeltemal seker is of Set, Isis of Osiris nou eintlik die drol, soos hy sê, is nie. Jan Landman se opinie oor hierdie punt het seker daagliks verander.

Ek vat sy hand in die stap. Hy trek dit dadelik weg.

Toe hy in die bed is, lees ek vir hom die storie van Siegfried en Brunhilde. Ouma se boek met die verhale van Wagner se operas het uiteindelik te pas gekom. Hy ken dit reeds, maar luister aandagtig. Hy sit regop in die bed en knip nie eens sy oë by die spannende dele nie. Af en toe moet hy 'n kwyldraadjie wegvee as hy vir lank nie gesluk het nie.

As die storie klaar is, trek hy die kombers hoog op, steek sy hande onder in, met net die kop wat uitsteek, die liggaam skielik weer verstyf, verskrik: "Nag Sproet. "

Nog baie skok in daardie lyf. Wat ookal gebeur het, hy praat nie, en ek kan nie help nie. Ek kan niks doen nie, mag nie.

Ek moet môre mall toe gaan om materiaal te koop. Sal hom daarna polisiestasie toe neem dat hulle sy oom kan opspoor. Hy is nie myne om te hou nie.

System error

Abort, retry, Fail?

C:\>

*

Hy wil slaap hy is moeg maar hy is terug saam met Maggie. Daar is klomp snaakse mense hier dink hy. Daar is die engele en by die pooltafel is Hell's Angels dis mense wat op groot motorfietse ry en baarde het sy pa sê hulle is nie regtig van die hel af nie hulle stink net soos Satan hulle bad nooit nie. Hy wil by oom Bert uitkom nie die hemel of die hel se engele wil hom help nie. Hy en Plant is alleen hy vryf vir Plant. Die Hell's Angel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat hy wou gaan vra het gemaak of hy hom nie hoor nie toe loop hy maar. Bennie praat sulke politiese goed Maggie sit en bekyk hom die hele tyd. Sy praat niks nie. Hy voel half skaam as sy so kyk hy het nie eens sy eie klere aan nie hy voel kaal. Bennie staan op om nog bier te gaan haal sy sê Wil jy nie saam kar toe kom nie. Hy sê hy sal maar dan wil hy Plant saambring hy ken nie eintlik mense hier nie en Bennie lyk half dronk netnou steel die engele dit. Sy sê Okay hulle gaan kar toe. Sy gaan sit op die agterste sitplek hy hoop nie hy moet bestuur nie hy kan nie. Maar sy sê hy moet ook agter in sit hy sê Nou hoe moet ons ry. Sy sê sy wil 'n storie vertel. Karre is vir ry nie vir stories nie sê hy. Sy sê Ek wil net praat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## III

Hulle gaan mol toe. Watse mol sê hy Sproet sê dis net 'n groot winkel. 'n Helse groot winkel. Hy sê hy vat Plant saam hy kan nie die heeltyd so in die huis bly nie. Sy jaag met haar karretjie tussen die ander karre na die molwinkel toe. Die pad swem daar voor. Die grond op die plaas swem. 'n Plas petrol brand op die grond. OuBen se kleinkinders het met vuurhoutjies gespeel sê OuBen nou sit hy met die kak. Ons moet doodmaak voor jou pa kom. Die grond brand. Agter die brand swem die grond. Hy wil gaan swem. Dis warm so naby. Die sweetwater loop in sy gesig. Sy gesig brand daar swem die grond hy gaan swem in die grond. Here kom hier Kleinbaas. Dit stamp hy lê. OuBen op hom. Ek wou nie getekkel het nie maar Here. Daar brand dit dit swem. En hy is seer in die stof met OuBen se stinkasem. Sproet praat nie baie vandag nie. Die strate is 'n klomp strate langs mekaar die karre gaan heen en weer watter kant toe is huis toe. Dit raak al hoe meer deurmekaar hoe nader die middel kom waar al die geboue wolke krap. Hy was al hier toe hy saam met Maggie was maar toe was dit donker dit het nie toe so erg gelyk nie. Sy wys hom mens kan van ver af al die goue dakke van die mol sien. Die dakke is so groot soos 'n dorp party lyk soos daai dakke van die mense wat bly in Sinbad se land. Hulle gaan onder die grond in om te parkeer. Op met 'n hyser op van onder die grond af op na boontoe daar is nêrens vensters nie. Toe die hyser oopgaan is hulle in die mol. Dit is baie groot. Daar is breë gange met groot wit teëls orals is winkeltjies grotes en kleines daar is trappe wat op en af gaan. Daar is verdiepings wat diep in die aarde af gaan soos in daai storie van Danté wat sy pa begin lees het maar dit was moeilik daar was ook sulke plekke onder die aarde waar die hel is. Maar hier is nie vuur nie dis koel. Satan sit in 'n blok ys sê sy pa hy is bang. Tannie Helen sê Bly net naby my. Hy sien nou eers al die mense daar is vreeslik baie nog meer as by die stasie maar hulle is rustiger hier almal stap so stadig miskien bly hulle hier hulle is aan die slaap wakker. Die goue dak daar doer party mure is spieëls dan lyk alles nog groter hy sien eers na 'n tyd dis Siegfried in die spieël wie's dit dis Sproet daar anderkant maar sy is hier ook. Party van die gange is regtig ander is net spieëls. Miskien gaan hulle glad nie in die winkels ingaan nie Sproet stap nes die ander mense in die gang af almal kyk net na al die plakkate orals is televisies teen die mure met musiek en advertensies en krieket en kos en goed dit raas orals nie een geluid nie dis soos bye so gezoem in die bynes klomp mense wat praat wat dan eintlik niks is nie mens hoor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie woorde nie net gggggggg. Miskien mag hier nie stilte wees nie al die televisies en die plakkate en die advertensies en die mense raas in sy oë en sy ore. Hy sien hy is die enigste kaalvoet mens hulle weet nie hoe lekker koel is die teëls nie. Hy klou agter aan Sproet se trui vas hy val teen haar as hy te veel rondkyk.

*

C:\> Sodra ek in 'n winkelsentrum instap, wil ek weer uit. Dit is 'n mikrokosmos van alles waarvan ek wegkruip. 'n Fetus vang die oog. Dit is op 'n boek in 'n venster: *Clone loving Society - Max Reproduction - Min Sexuality: Era of the Anti-Hippies*. Met al die reproduction waarvan die man praat het die seksualiteit nie agtergebly nie. Orals is naak of halfnaak modelle wat jou uitlok om die onnodige te koop. En elke volmaak geskape idioot kry 'n kontrak om lyf te wys. *Guess* wat het daardie poppie onder haar jeans. Reproduction of sexuality.
Syntax error

C:\>

*

Sy pa sê mense wat groot geboue bou kom-pen-seer vir iets. Dan lag sy pa so by homself. Daar is 'n plakkaat van die nuwe Huisgenoot Vrou praat met engele Pragfoto's. Hy is haastig om oom Bert te gaan haal miskien is hy hier binne êrens miskien weet tannie Sproet nie waar hy is nie Maggie het ook nie geweet nie. Hier is niks dag en nag nie miskien bly alles daarbuite stilstaan miskien staan alles hierbinne stil miskien gaan niemand dood in die mol nie daar is net die wit ligte wat nooit ophou nie. Sproet sê hulle moet êrens iets drink hulle gaan sit by 'n kafeeplekkie met tafeltjies in die gang waar al die mense loop. Die tafeltjies is te klein hy wonder hoe mens alles op die tafeltjie gaan laat pas. Die ligte in die kafeetjie is dowwer as die skerp ligte in die gang. Hy voel of hy van orals af belig word almal sien alles van hom alles wys. Die ligte maak dit soos 'n hospitaal so blink en wit. Hy voel kaal en in die middel van alles dis lekker om so bietjie net in 'n hoek te sit. Die koppie met die koffie in het 'n klein oor. Hy hou die koppie met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy bakhande vas. Dit maak sy hande warm en sy maag. Hy sit en kyk vir die mense so oom wat by die ander tafel sit wys vir 'n ander oom so mooi meisie wat verbystap die ander oom sê Sy's skaars dertien man hy sien sy ma. Sy stap tussen die mense in die gang af haar goue hare sy moet sulke goue hare hê hy gryp Plant hy hol Sproet roep die oom by die ander tafel lag hy hol sy is net so voor hom sy stap hy haal haar in kyk hoe mooi is sy. Hy is by haar hy skree Mamma 'n ou tannie kyk om Nie jy nie hy is by haar skielik die trollie hy moer neer oor die trollie. 'n Vet oom vloek hom sy been is seer Plant lê daar anderkant die grond het uit die bakkie uitgeval die vet oom vloek al die pakkies daar is sy ma weg by die trappe af dieper af ondertoe. Hy staan moeilik op Jammer Sorrie Ekskuus Jammer vir almal die mense kyk hom so. Hy weet nou nie Sproet en die kafeeplekkie is weg waar is sy ma. Sy kop gaan vinnig so heen en weer sy mond is oop Dis brommertyd sê sy pa hy maak sy mond toe sy tong steek nog uit hy kyk rond hy sien niks nie. Hy loop. Hy stap teen die stroom van die mense Sproet is daaikant toe. Hy wonder wat sy ma hier gedoen het sy's weer weg daar onder toe hy is bang om verder af te gaan verder weg van Sproet af dis die hel daar diep af Satan en goeters hy gaan nie 'n moer alleen nog verder daar af nie. Hy sal sy ma al die stories vertel en sy sal nie kan glo nie. Hy wonder of sy altyd hier bly omdat sy vir altyd sal lewe hier's nie vensters nie. Sproet is nêrens nie daai winkeltjie wat die koffie het is weg hy wil nie weer alleen wees nie dit was alleen op die trein. Hy soek die swart skip hier is nie plek vir swart nie alles blink. Die skip kruip weg maar hy is hier êrens. Hy gaan vir Sproet by haar kar wag daar is 'n deur. Hy is weer buite by die karre alles is stil en vaal en vuil en stadig daar is nêrens meer televisies nie. Dis 'n woestyn. In die mol was alles vol nou is alles leeg. Hy kan nou net aan een ding dink op 'n slag in die mol was te veel goed gelyk. Hy het heel vergeet om te kyk wat die krieketscore is sy pa wil altyd weet wat die score is. Al die plakkate en televisies was soos klomp stories gelyk. Sy pa sê mens moet net een storie op 'n slag lees anders begin die mense in die stories rondloop dan raak hulle deurmekaar. Dan kry jy hulle nooit weer terug in die storie waar hulle hoort nie.

*

`C:\> Ek sit heel nag wakker. Die een sigaret na die ander. Ek huil. Die boot met die swartsakseile voor my op die kombuistafel. Op die rak staan die huis van Oom Bert. Die`

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huis vol lekkergoedvisse en kleimeerminne. Was dit Borges wat gesê het die dood is 'n stad? Ek sien hom in besige strate ronddrentel, alleen. Hoe hy aanwaggel na sy ondergang, ten gronde gaan. Hy was nie meer myne om te hou nie. Hy het opgespring en agter 'n waanbeeld aangehardloop. Net daar moes ek besluit. Sy familie nêrens te vinde nie, 'n inrigting sal hom vernietig, en ek, ek kan nie langer ma speel nie. Voor ek te geheg raak, voor hy mý heeltemal vernietig, moet ek hom laat gaan. Toe ek besef wat ek van plan was om te doen, my perverse, etiese besluit, het ek begin huil. Ek het deur die snikke my koppie leeggedrink, die rekening betaal en huis toe gekom.

Sy storie bly onvoltooid; die mond vol bloed swyg. Ek gooi 'n glas wyn en drink op die reuse met die gebreekte liggame en siele wat ons skaam maak om onsself mens te noem.

Vanoggend vieruur sit ek Wagner op, haal die bottel wyn weer uit. Ek sprei my hand oop voor die lig, maak dit stadig oop en toe. Ek begin teken aan 'n grothuis. Dit sal my laaste huis wees en niemand sal daarin wil bly nie, behalwe miskien 'n paar dassies. Ek sit en kyk hoe die pen eenvoudige lyne trek. Nooit weer woorde nie.

Not a valid path specification

C:\>

*

Hy wag lank tussen die karre hy sien nie die tannie nie miskien is sy weg. Die son sak hy gaan sit saam met Plant teen 'n pilaar. Hallo Plant hy streel aan die blare Plant sê niks. 'n Polisieman wat die karre oppas stap nader hy sê hy moet loop hy kan nie net hier sit nie hy sê hy wag vir tannie Helen die polisieman sê die mol is toe. Hy dag dit bly altyd oop die polisieman sê dis net die flieks Sproet kyk mos nie flieks nie sy is weg. Sy het gedog hy het weggeloop van haar af weg. Sy kop gaan te vinnig heen en weer. Hy staan op hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doen die voëlding met sy arms die polisieman kyk net hy laat val sy sigaret. Hy weet hy kan nou net een ding doen toe hy so tydjie die voëlding gedoen het met sy arms wat so op en af flap toe loop hy. Dis nog warm buite die teer maak sy voete seer dis 'n lang pad voor mens eers by die gewone pad uitkom. Hy huil hy is verdwaal maar hy stap hy sal nou oom Bert moet kry anders gaan hy altyd verdwaal bly. En dan later is hy weer by die pad wat hy gehardloop het weg van Maggie af daar is die groot geel gebou wat uitstaan. Hy klou Plant vas. Voetsek skip sê hy. En hy wil nie hy wil glad nie hy kan nie help nie hy onthou alles. Maggie praat oor sulke simpel goed in die kar sy vra goed wat sy klaar weet. Hy wonder wanneer hulle vir oom Bert gaan haal. Sy lê met haar kop op sy skouer haar hare kielie sy gesig. Haar asem ruik na bier. Hoekom praat jy nooit oor jou ma nie jy praat altyd net van jou pa. Hy sê Sy is 'n meermin sy bly in die see sy sê hy is cute weet hy sy knoop sy hemp oop dis baie koud die venster is oop sy vryf met haar hand oor sy lyf sy vat aan sy ribbes hy sê Daar is sulke seegras in potte daaronder inplaas van potplante sy sê Ja dan soen sy hom op sy bors haar lippe is nat dis nog kouer op sy bors sy begin haar hemp so oopknoop hy begin haar tieties sien dis baie wit dan is haar hemp heeltemal oop sy het net 'n bra aan dis swart haar wit tieties steek uit sy sit sy hand op haar bra dis so half warm en sag dan soen sy hom op sy eie lippe haar mond gaan oop haar tong is teen sy lippe dit maak sy mond oop soos 'n jack wat die bakkie oplig van die grond af hy is hoendervleis hy bewe haar tong is daarbinne dis groot dit maak sy mond oop haar tong voel voel so binne in rond niks asem nie haar tong vat aan sy tong hy skrik dit voel snaaks hy maak toe hy byt haar tong hy kry nie asem nie hy maak toe sy tande sy skree haar mond is weg sy skree so hard en die bloed al die bloed in sy mond sy skree sy slaan sy skree hy weet nie wat nie hy kon nie asem kry nie sy maak die deur oop klim uit sy skree al die bloed in sy mond. Wat de fok skree sy. Sy skree hy is uit David is daar en hy sê David en David hol na hom toe en hy sê David en David skop hom en slaan hom hy lê op die grond. David skop David skree Maggie skree en hy is seer en David vat Plant en gooi hom uit die kar uit. Waar's jy Plant David skop teen sy kop. David skree Die freak die fokken freak. Hy vat vir Plant hy staan op hy stap weg. David skree Maggie skree David los hom Siegfried kom hier hy hardloop nou hy gaan nooit weer ophou hardloop nie hulle skree hy hol hy swik hy hou net aan met Plant Komaan Plant met sy hemp so oop dit waai. Al Maggie se bloed in sy mond. En die kar trap hom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## IV

Sy voet is oop sy ander voet is geswik hy stap. Hy onthou hy hardloop hulle jaag hom. Hy hoor Maggie skree hy sien daai klein handjies van Sproet wat weg is. Hy stap met Plant in sy arms. Sy asem is op sy bors brand binnekant. Mik net vir die volgende lamppaal sê hy Siegfried mik net vir die volgende een dan kan jy slaap Komaan Plant later is daar te veel lamppale hy kan nêrens slaap nie. Hy kan nooit weer teruggaan nie hy het haar gebyt soos 'n hondsdol hond sy pa sê hondsdol honde is mal donners hy is 'n mal hond waar is Sproet. As hulle hom soek sal hulle hom kry by die pad en weer slaan mens byt nie sommer net mense nie. Maar as Sproet hom kry kan hy weer by haar gaan bly daar was lekker kos. Maar hy kon nie asem kry nie toe skrik hy toe byt hy. Hy klim oor die reling langs die pad hy stap weg van die lamppale af. Hy sal daar in die donker kan slaap. Sy bene is baie seer. Hy hou daarvan as hy siek is dan hoef hy nie skool toe te gaan nie. As hy siek is is hy belangrik sy pa gaan nie eens uit na die veld toe nie hy bly in die huis Saartjie maak spesiale kos pampoenkoekies en sagte vleis. Sy pa sit by hom op sy bed hy vertel stories hy kyk hoe hy eet. Dan slaap sy pa in sy kamer op 'n matras. Hy wens hy is weer siek by die plaas by sy pa nou is hy seer en siek. Hy weet nie waar hy is nie hier is nêrens eens 'n bed nie. Sy pa praat met hom hy kan sy stem hoor dis dieselfde wat hy baiekeer al vir hom gesê het hy sê Moenie soos Aladin wees en net jou potjie wil vryf dan spring daar 'n godjie uit nie jy moet self leer regkom Bulletjie. Sy pa lyk ernstig as hy dit sê. Daar staan 'n boom met gras. Die gras ruik sag so groen so bo oor al die grond soos in die park saam met Sproet. Die grond van die plek waar die karre gestaan het waar David hom geslaan het is hard hier is dit sag dit ruik meer los hier. Sement ruik na niks daai swart teergoed op die paaie ruik na niks. Hier lê blikkies dis beter hier is gras hy sit sy plant langs die boom neer. Hy gaan lê teen die boom een van die wortels wat uitsteek is 'n kussing.

*

Iemand maak hom wakker. Dis nog donker dis alleen. Dis nie Maggie nie dis 'n ou swart man. Hy is so swart hy lyk soos 'n gat in die nag hy ruk aan sy skouer hy praat een van die tale wat klik hy sê hy verstaan nie die oom sê Afrikaans hy sê Ja Oom. Hy het 'n wit baard wat skyn in die donker. Die oom sê hy moet saamkom hy sal kosgee. Die oom sê Vat jou plant. Hy stap agter die oom aan Hoe weet Oom ek is honger. En die oom sê as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mens onder bome slaap is mens honger en koud. Die oom sê hy het vuur. Hy is seer seer gehardloop seer voete. Weet Oom waar oom Bert Fischer is. En die oom lag Bert Fischer hy sê Ja Bert Fischer. Bert Fischer lag lag. Hulle stap al met 'n paadjie tussen grasse deur oor 'n pad die paadjie hou aan aan die ander kant van die pad. In die pad se lig sien hy die oom het 'n bruin jas aan soos 'n towenaar soos Gandalf 'n lang stok soos Gandalf waar's die punthoed. Die oom draai om en lag vir hom. Dis 'n vriendelike lag. Die oom sê Kom. Die paadjie loop tussen bome in dan weer uit anderkant die bome is daar 'n groot pad wat op pilare staan waar die karre daarbo rondjaag. Onder die pad is 'n oop plek daar is orals dromme vol vuur tussen die groot pilare al die pilare is geverf met prente wat beweeg in die vuur se knetter. Gotta Plant kyk net. Die prente swem vuur maak goed swem. Die prente is van mense wat dans en goed daar is prente van vure van voëls wat uit die vure vlieg 'n groot man met arendvlerke en 'n voëlbek. Die arendvlerke staan reguit na die kante toe daar is klomp ander prente van ouens in vere party is soos engele ander is voëlmense. Sy pa sê almal met vlerke is nie engele nie. Daar is klomp mense hulle dra stukkende klere daar is maer honde wat met mekaar speel party mense speel op dromme en kitare 'n meisie sit kruisbeen op 'n drom sy speel fluit. Die oom praat met een van die vrouens sy vee die grond en gras en vuil van sy gesig af met 'n lap sy kry vir hom 'n blikkie sop en 'n groot lepel hy sê Dankie Tannie. Al die mense lyk bly om die oom te sien baie mense vra dinge vir hom en praat met hom die kinders hardloop agter hom aan en trek aan sy jas hy geen nie om nie. Hy wys vir Siegfried 'n plek om te sit daar lê sakke opmekaar al die kindertjies kyk hom snaaks aan party lyk bang vir hom. Hy eet sy sop dis lekker dis tamatiesop dis warm hy sukkel bietjie met die lepel hy drink uit die blikkie uit. 'n Dogtertjie bring vir hom 'n stuk brood ook. Dan sien die dogtertjie die bloed sy sien sy voet hy het dit êrens weer stukkend gemaak met die gehardloop sy roep 'n ou vrou. Die vrou kom sit op haar knieë by hom waar's Maggie die vrou spoeg op sy voet sy haal salf uit haar sak uit sy smeer dit op sy voet sy sê hy moenie trap nie tot more dan's dit reg sy glimlag sy't nie tande nie. Hy sê Dankie Tannie. Sy voet bloei nie meer nie. Hy is lus vir mossels. Die musiek is vreemd dit klonk klink heeltyd met die fluit ieeee tussen in baie vinnig. Hy hou daarvan. Die prente teen die mure en pilare gaan al vinniger dit lyk of die voëls vlieg die mense stap die vure beweeg teen die mure. Die voëlmense gaan heel mal teen die mure. Miskien lewe daai goed in die mure. Die oom met die lang stok kom na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom toe daar is ‘n mooi hond wat langs hom stap dit lyk soos ’n Alsatian maar nog groter hy het lang hare miskien is dit ’n wolf ’n wit wolf. Die hond kom ruik aan hom en sit langs hom. Die oom kom sit ook hy kyk hom op en af hy sê Jy soek jou oom. Jou Fischer. Jy moet see toe. See toe. Môre. Slaap nou dan môre see toe sê die oom. Hy wys die hond moet daar bly hy steek net sy stok uit die hond gaan sit weer. Die meisie wat fluit speel op die drom begin in die rondte draai en skree en lag sy klink nie of sy soos mense praat nie. Die ander mense dans ook. Die mense wat die dromme speel speel al vinniger die mense begin wild dans heel mal die meisie kom trek hom op hy kan nie lekker op sy been trap nie sy sê ’n geluid sy lag. Hy vat haar hande hy hop op een been hulle hop in die rondte sy spring ook op een been rond eers die ene dan die ander ene. Hulle dans bietjie hy is moeg dit was lekker. Sy het net lekker gedans en niks aan sy hande so simpel gestreel of met hom gefoeter nie. Sy is klein en bruin met wilde hare wat orals staan met groot oë sy dans lekker sy foeter en vat nie. Sy maak ‘n geluid so nnngeee sy lag sy druk hom vas om sy maag sy lag sy hardloop weg met haar fluit. Die groot wit hond kom lê by hom sodat sy kop op ’n kussing is. Sy oë is toe hy hoor die musiek hy dink hoe die prente teen die mure dans saam met die meisie met die wilde hare.

*

Sy kussing het weggeloop. Almal is weg. Daar trek nog rook by die dromme uit daar lê leë bottels. Sy plant staan langs hom iemand het dit water gegee die meisie met die fluit. Was dit ’n droom Plant. Sy voet voel beter sy ribbes ook hy kan asem haal. Net sy ander voet is seer miskien is dit verstuit. Kom opstaan Plant opstaan Siegfried hy trek sy Hawaii hemp reg. See toe. Hy loop met die paadjie langs pad toe. Hy stap teen die kant van die sypaadjie hy is bang vir al die winde van die karre wat ruk aan hom as hulle verbykom. Die see is in Kaapstad waar is die see dan. Voor hom stap ’n kort Boeddha met sy bruin pensie wat by sy hemp uitsteek en ‘n sak oor sy skouer. Hy skree Boeddha waar’s die see die Boeddha kyk om hy sê Stap djy net vorentoe djy sal daar ytkom Bra hy skree Dankie Boeddha hy skree Not to thank Brada. Plastieksakke en blikke en sigaretstompies en vuil water en doodgeryde muise en katte en honde. Hy stap oor ’n veldjie weg van die pad af die pad maak hom naar. Oom Smet sê dooie katte in die pad is roadkill hy sê hulle moet in ’n museum wees hy sê dis deel van ons kultuur. Daar is klomp mense wat lê en slaap op die parkie al is die son al op hulle word nie wakker as hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

so tussen hulle deur stap nie. In 'n boom sit 'n man en rook 'n pyp hy waai so vir Siegfried Siegfried vra waar die see is hy sê hy's self lus vir 'n swempie hy lag hy vra of hy pyp wil hê hy sê Nee dankie hy gaan see toe hy kan nie meer wag nie. Die man lag weer hy val amper uit die boom uit. As die man so lag lyk hy soos die kat wat gelag het vir Alice wat ook in die boom gesit het in die storie toe later was hy net 'n lag. Hy gaan see toe. Hy raak moeg hy gaan sit teen 'n boom en rus bietjie op 'n parkie waar kinders op swaaie swaai die een ma wys heeltyd na hom toe. Hy gaan net vorentoe dan kom hy weer by die pad uit daar is 'n winkel met klomp busse voor die winkel daar staan Golden Arrow op die oranje pyle wys vorentoe hy gaan see toe hy gaan vorentoe hy gaan na die busse toe. Waar's die see. Sea Point sê die bestuurder Is dit die see vra hy Yes Sea Point's on the sea hy gaan nou sommer op die see toe. Die man sê Five Rand hy het nog ag rand wat Maggie hom gegee het om vir haar bier te koop. Maar toe wou sy mos kar toe. Hy gee die geld hy weet nie waar Maggie is nie David wil hom slaan. Sproet het nie geld gevra nie sy het kos gemaak en teen hom gesit as hy moes klip wees. Hy sit teen die ruit hy kyk af op al die karre daar onder die bus is hoog al die geboue die bus ry deurmekaar om draaie hoeke kante. Hy druk sy gesig teen die ruit sy neus maak patrone op die ruit as hy dit wegvat dan gaan die patrone ook weg. Stop. Hy stamp sy kop mense klim uit klim in Die son is in die ruit groot oranje

daar is die see

hierdie keer moet hy in die see in al is hy alleen Komaan Plant hy moet net in om oom Bert te kry. Oom Bert is net daar onder die plat groen in sy huis wat nie 'n dak het nie. Die see is langs die pad groot en lank en groen laas was dit blou. Die wit skuim van die branders en die sand blink die bus stop rooi ligte. Hy hol na die deur toe Maak oop maak oop die man maak oop hy sê iets. Hy is by die see en by oom Bert en by Ma. Hy klim uit die bus hy hardloop. 'n Kar slaan hom Fokkit en smyt hom op die sypaadjie. Plant val teen die randsteen. Hy spring met albei voete oor die vlak muurtjie in die sand in. Dis warm en los. Hy maak Plant staan hy hardloop water toe. Die sand is te los onder sy tone dis te warm hy kan nie wegkom nie dis die moeilikste hardloop. Sy voet swik. Die sand is in sy gesig hy kruip handeviervoet sy oë is nat alles proe sout. Sy stem skree sy gorrel trek uit sy mond uit alles skree. Hy is in die see. Die skree laat hom omval. Gesig eerste in. Hy skree sonder woorde sommer net skree hy gooi plat seeklippers rond hy duik deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n brandertjie die brandertjie is te klein hy steek vas met sy kop in die sand. Die soutwater maak sy oë seer. Daar is 'n pyn in sy sy van die karstamp. Die water word rooi. Hy maak sy hande bak hy was sy gesig sy hare met die rooi see hy huil hy kan nie keer nie. Sy knieë is pap hulle gee pad

want niemand is hier nie

hy is op sy knieë hy kyk op in die lug in son toe. Na die skemer son wat so groot en rooi is. Sy mond prewel. Die see lieg Plant Komaan Pa. Hy maak sy webbe bak hy vat 'n sluk van die rooi water dit brand sand in sy keel. Hy loop handeviervoet die water in sy gesig voor sy oë hy probeer iets sien hy sien net niks. Niks seehuis nie

hulle is nêrens nie

dis net die groot see so alleen so leeg. Dis 'n lieg. Die water is te rooi en te bruin. Hy slaan die water met sy vuiste.

*

Mense hardloop in die water in hulle hou hom vas hy slaan hy skree hulle sleep hom uit. Hulle maak hom sit een sê vir die vrou met die rooi bikini hulle gaan ambulanse en dokters soek kyk al die bloed. Die vrou buk oor hom sy gryp haar mond. Is jy my ma Nee Christ hulle's nou terug sit net op die handdoek. Hy staan op die bloed loop nie meer nie dis klaar dik. Hy gaan kry vir Plant die vrou skree goeters. Komaan Plant hulle loop weg.

*

Hy stap ver hy kyk na die lug dis soos mens se vel is as dit gekneus is so nerfaf soos dit nog op sy ribbes lyk en in sy sy na die motor en na David pienk en pers. Hy voel of hy in 'n groot pienkpers omgedopte visbak is hy weet nie hoe om uit te kom nie. Hy gaan sit. Water is leeg. Hy sit by die groot palmbome wat langs die strand af groei sulke grotes wat tot teen die son groei. Die bome is bruin en groot. Plant lyk klein. Sy perde is weg Plant sê niks Komaan gotta. Sy huil is weg hy bewe sy tande knars mekaar. Hy kyk na die donnerse see

hulle was g'n niks daar nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# DIE EERSTE KLAAGLIED VAN WILHELM P. SMIT

O Here, waarvandaan sal daar hulp kom? Hy is wat hy is in sy moer in. Oopgesny en uitgeskop en vir dood gelos langs die spoor. Die woorde wat nooit vlees geword het nie, het stadig aan hom gevreet en hom uiteindelik onder 'n brug uitgespoeg. Stomdronk. En hier sit hy nou, vlieë oor hom, onder die brug. Hy drink die laaste van 'n bottel vol brandewyn en Drink-O-Pop. Die verskriklike wete van die laaste sluk; die naderende bodem. Daardie laaste sluk laat hom altyd opstaan, om nog te gaan soek, om lêplek te verander. Hier onder die brug is nie veel gemaklike lêplek bedags nie, daarom soek hy soms 'n parkie of verlate tuin op vir skadu en stilte.

En dit was daar in sy liewe parkie, die een teen die berg, dat hy êrens laasweek weer die gedrog moes raakloop. Hy het gelê onder 'n lae boom, geluister na die bekende sonbesiegesange, die laaste sluk geneem en in paaiemente opgestaan. Toe hy na die hek toe loop, maak hy twee figure uit wat sit teen 'n moerse klip. Daar sit Siegfried. Gewebte, vertraagde, moorddadige, Siegfried. Hy kon nie sy seer oë glo nie, hy wou nie. Hy het homself belowe dat as hy ooit weer in daardie misbaksel vasloop, hy anderpad sou kyk. Maar daar sit hy toe met 'n stok en droogmaak. Met 'n lelike vrou by hom gehurk. Die paddaman het 'n nuwe oppasser gekry. 'n Nuwe dissipel vir die idioot opsoek na 'n naam wat hy nou skaars kan onthou. Hy wou iets skree, maar klim toe eerder deur die gat in die draad agter hom. Hy is klaar met Siegfried.

Siegfried die stasiemoordenaar. Hy smyt die leë bottel stukkend teen die vaal muur onder die brug. Pa is te oud vir treine, dis gevaarlik. Ja Karel, fok u ook. Hy het daar in die trein die bogger so mooi probeer wys dat hy nog skop in het. Hy het sy oë gefladder en sy een arm probeer oplig, maar nee. Afgesmyt sal hy afgemoer word met sy sak 'n ent verder af met die spoor. Soos 'n fokken sak aartappels. Hy het heel verward en totaal die bliksem in opgestaan. Gelukkig was hulle nie meer op spoed nie, asof dit die frats sou skeel. Sy hele maag en mond vol bloed. Sommer net daar weer inmekaar geval. Gelukkig vir hom het 'n meer simpatieke wese as Siegfried oor sy pad gekom en sy lewe gered. Een of ander bosslaper in die vorm van onse Engel Gabriël het neergedaal uit die hoogste hemele en darem 'n donnerse handjie geleen voor al die bloed uit sy verwonde lyf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgetap het. Hy het in 'n vuil kliniek wakker geword. Sy rugsak was gesteel. Samaritaanskommisie. En is onseremonieel ontslaan toe hy kon staan, "we need the bed see". Die feit dat hy boggerol geld op hom gehad het, het sy verblyf seker ietwat verkort. Daar was hy op sy eie in die grote stad, maar goddank sonder die moroon wat amper die laaste bietjie lewe uit hom uitgeskop het. Spoornet se moer.

Hy kon nie glo dat hy weer met daardie wese gekonfronteer word nie. Hy is van die parkie af reguit drankwinkel toe om 'n kan wyn te gaan koop met sy laaste geld, en het toe sy hart by ou Meester onder die brug gaan uitstort. En toe sy longe uitgekots. Hy wat in sy dronkenskap en goedhartigheid, op sý vervloekte ouderdom, besluit het om saam met 'n idioot die pad stad toe te voet aan te pak. Agter die een of ander droomwese wat hy Oom Sondernaam noem. Wat wás die fokken man se naam? Hy moes mal gewees het. Hy moes dronk gewees het. Maar hy het sy deel gedoen. Dit het amper sy lewe gekos. Hy wat Smit is het selfs die idioot se skoene probeer red. En dit het hom 'n gat in die pens gekos. Toe is hy natuurlik uitgeskop.

Meester het net gesit en kopskud terwyl hy sy sielsluise ooptrek. Die idioot dink hy is dood, het hy gesê. Hy het geen meer verpligting nie. Het nooit een gehad nie. Hoe dan ook? Hy was maar bywonende alkoholis by vreemdelinge. As hy nie so gesuip was nie, sou hy nooit eens sy huis verlaat het nie. Hy kon nou al 'n paar kortverhale gehad het. Dis nie meer sy probleem nie. Nou is hy hier gestrand, sonder geld, sonder slaapplek. Hy eet uit die dromme uit en bly onder 'n brug. Nie meer sy probleem nie. Hy bly nou tussen die mislukkings wat lankal opgegee het, of nooit sin daarin gesien het om te begin nie. Sonder illusies. In antwoord hierop het Meester 'n geel klont gespoeg tussen sy bene. Hy gaan nie weer terug wêreld toe nie. Baai Karel. Groetnis vir die kinders. Baai boek. Hy gaan homself sit en doodsuip en seker opeindig met die een of ander tor tussen sy tande. Hy het sy tirade afgesluit met 'n spreuk waarop Salomo trots sou wees: "Die nuutgebore siel is 'n maaier, afstootlik, maar met darem 'n bietjie potensialiteit om iets van waarde te word. En as die brommer eers sy vlerke gesprei het, as mense eers mens geword het, dan weet jy verseker, daar was nooit enigiets om na uit te sien nie."

Meester het gesnork en opgestaan, daai bruin kamerjas uitgetrek en kaalgat rivier toe gestap, al laggende.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Meester, die brugkoning, die fokker met die eenoog tussen al die blindgedrinktes. Hy klap 'n vlieg op sy wang. Hoekom het hy daardie verdomde bottel te pletter gegooi? Waarin gaan hy sy mix gooi vanaand? Die vlieg spartel nog, hy trek die een vlerk af en gooi hom die lug in. Meester, die vlieg wat darem nog 'n vlerk het, wat nog so effe kan fladder, spartel. Hy het sy gasheer 'n uur of wat na hy uit die kliniek ontslaan is, ontmoet. 'n Lang swart man met 'n wit baard. Sy enigste kledingstuk was 'n verslete bruin kamerjas. Hy het 'n maer sakemannetjie vir 'n sigaret gevra en dié het hom gestamp dat hy val oor 'n smous se tamaties. "Gaan was jouself man." Hy kon nie glo so 'n klein snot kan hom omstamp nie. So val die grotes maar. Die vent in die kamerjas het hom opgehelp en in 'n vreemde aksent gesê hy moet saamkom, "voor die mense jou stukkend trap". Na wat gevoel het soos honderd myl het hulle teen 'n graswalletjie langs 'n deurpad afgestap na 'n oopte onder die snelweg. Hy het probeer geselskap maak, die kamerjasdraende vent vertel van die vlieg- en brommermaaiers wat in die Boereoorlog gebruik is om wonde te genees deurdat die maaiers diep in die wonde opgedruk is. Die maaiers bevat glo antibiotikum. Die semi-nudis het in stilte aangestap. Die ou man, wat homself as Jannie voorgestel het, het op 'n klip onder die snelweg loop sit. 'n Massiewe wit hond, 'n Alsatian-baster, het uit die bosse gehardloop en die oue kom groet. "Dis Hond".

Om die snelweg gelyk te laat loop, het die liewe mense van die Kaapse munisipaliteit 'n effense brug, so dertig meter lank, oor 'n duik in die landskap gebou. Die argitektoniese wonder word met vier pilare opgehou. Teen die granietmure en die pilare het 'n onbekende hand met rooi en oranje verf vreemde figure geskilder: mutasies van mense, voëls en reptiele. Sterte en snawels en vlerke wat 'n lewe van hul eie kry in die vuurlig. Saans word die plek volgepak met die siele, brommermaaiers, wat hier kom skuiling soek of wegkruip. Die konkas word vol hout geprop, die vure aangesteek; die gedrink en gedans begin. Elke aand. Hond die hond lê gewoonlik by 'n konka en probeer gevaarlik lyk. Jannie-in-die-kamerjas staan onder die groep bekend as Die Meester, die koning priester en profeet.

Die brommers wat onder die brug rondhang kom en gaan, almal ewe lelik, ewe opgefok, almal met dieselfde stank. Daar is 'n paar kreature wat konstant hier rondhang, waaraan hy nou al begin gewoond raak. Die mees opvallende, behalwe Jannie die stafdraende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Moses- kaalvoet en poedelnaak onder sy bruin kamerjas, is die meisie Mildred. Êrens tussen vyftien en agtien met 'n bos wilde hare; Caliban se kind. Sy dans saans tussen die konkas al spelende op 'n ou blokfluit wat Meester Jannie haar glo gegee het. Hy sorg sê hulle. Sy is stom; as sy opgewerk raak, laat hoor sy met 'n eselse gebulk. 'n Liefdevolle kind wat nie veel soek om haar gelukkig te hou nie. As sy lag bly almal stil.

Philip die Kat verskaf die meeste van sy drank. Hy is ook die enigste brommer wat bang is vir Hond. Die maer man sonder tande wat 'n lewe daaruit maak om voor kafees te staan met 'n bord om sy nek waarop staan 'Die Kat Gelyd'. As iemand hom geld of sigarette gee, lewer hy Die Katgeluid, 'n klank erger as die katoolste katwyfie in Augustus. Hy maak goeie geld, almal wil dit meer as eenkeer hoor. Almal vertel hulle vriende. Die kafee-eienaar gee nie om nie, wonderbaarlik lok 'n bedelaar klandisie. Die Kat het al genoeg geld gemaak dat hy met Krismis glo vir homself 'n fiets kon koop. Kat is nie te suinig nie en leen hom so af en toe 'n paar sent as dit druk gaan.

Die brommernes, saamgekoek om die opgegaarde stront, kry ekstra geur met karakters soos die diewe Gaffie en Sotho, wat in hulle lewe nog niks van waarde kon steel nie, maar in oefening bly vir eendag se Payday, iets in die lyn van 'n verlate supermark. Die grootste fonds wat hulle hierdie week kon vaslê is twee Zippo lighters sonder gas. Zenn, met twee N'e, die artist, maak krale en windpompe en draadkarre van junk. Dit verkoop glad nie en staan die hele plek vol. Sy enigste kliënt is Mildred. Sy betaal nie kontant nie, maar hou sy matras warm. Hy wonder soms hoe haar nek al die krale hou, arme kind.

Hy was gelukkig hier, op sy manier. Hulle het hom uitgelos en hom laat drink. Af en toe kon hy voordra van die dele uit sy insekboeke wat hy nog onthou. Daar was altyd 'n paar wat gemaak het of hulle luister, meestal net te verveeld of te dronk om pad te gee. Dit was 'n tyd van vrede. Hoe sê ou dominee S.J.: Ons vyande is weggevlug. Nou wag 'n blyer dag. Of iets dergeliks. Of iets drekliks.

Uiteraard moes Siegfried alles opdonner. Na hy die moroon in die park betrap het, en vir Meester Jannie vertel het van hulle pelgrimstog; na die Meester net sit en gryns het met sy geel tande, terwyl hy homself onder die kamerjas gekrap het, het alles weer inmekaar geval, moer toe bodem toe. Drie of vier dae later kom die idioot wragtag daar aan saam met 'n tog te ingenome Meester. Die kaasmaaier het hom heel waarskynlik loop soek. Hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het padgegee. Hy het nie krag daarvoor gehad nie. Hy was klaar met amfibiese idiote. Klaar. Vir goed. Hy het die nag by 'n nagskuiling gaan slaap. Dit het hom sy laaste R5 gekos. Terwyl die klomp by die brug vriend Siegfried ge-wine en ge-dine het. Die volgende aand was Philip nie daar nie. Meester het hom aangesê om Paddaman te agtervolg, 'n ogie te hou. "Ons moet sorg. Hy kan nie alleen nie. Philip Kat sal jou sê waar jy hom loop haal. Jy moet uitkyk anners suip jy net agter niks aan."

"Loop praat jou stront met die bergies. Ek val nie vir jou, jou… stront nie. Hy kan bly by sy ou vrou en met sy stokke in sy moer gaan. Ek's klaar."

"Jy gaan haal hom, jy sien. Nog net te hardegat. Kat wys jou waar, Hardegat."

Meester het met sy simpel laggie weggeloop en gaan praat met Louis Bom, 'n nuwe gevreet wat dink hy is in die tronk. Victor Verster onder die brug. God behoede ons. Hy kla elke dag dat sy girl nie meer kom visit nie. Hond het opgespring en by Mildred gaan bene bedel.

Meester karring van daardie dag af, heeldag, elke dag: "Jy gaan soek hom". Vanoggend weer. Dis toe dat hy sy brandewyn gaan koop het, hy kon nie meer van daardie naasteliefde kak vat nie.

Hy gaan krap 'n kan wyn, effe gemeng met water, uit een van Zenn se streepsakke, gaan sit weer teen sy muur, onder sy brug. "Ek is klaar. Donnerswil klaar," sê hy vir die motors bo hom; dan begin hy skree: "Balblommaaier, Balbyters, Bamboesboorder, Bamboesdopluis, Baskewer, Beesbrommer, Beesluisvlieg…"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# 3

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**I**

Siegfried sit teen een van die swart reuse. Hulle staan langs die see af in 'n ry vas in die teer. Hulle hou wag oor die see hulle hou die karre weg van die groot groen water. Hy hoor hulle sê met sy pa se stem. Neptunus en Poseidon en Sarasvati en Nammu en Tiamat. Hulle is hier vandat die see hier is hy voel beter hy wil nie meer huil nie. Hulle is aan sy kant groot en regop. Hy sit sy hand op sy ribbes dis nog seer die bloed is dik dit loop nie meer uit nie. Nag Plant nag see nag bome nag nag nag karre. Hy lê op sy sy hy hou Plant styf teen sy maag. Die teer is hard daar is klippies wat in hom steek. Die karre ry op een noot aanmekaar. Dis nie erg nie dis sy plek.

*

Hy lê op Maggie se skoot sy is Grieks die wit rok in die storieboek blare in die hare sy buk af sy trek haar rok oop sy kop in haar hand vat hom bors toe sy laat hom drink. Hy drink hy drink drink die bors swel die melk kom. Te veel hy kan nie meer nie kan nie meer nie hy spoeg dis te veel. Sy hand agterom haar lyf trek haar weg sy glimlag haar oë knip nie. Sy is plat agter glad hy skree dit maak niks sy is papier sy is net van voor af sy is plat met niks aan die kante niks agter nie. Hy lê op 'n moerse foto van Maggie vol vlekke haar melk.

*

Dis nog donker hulle skud hom wie waar. Hy vee sy oog uit dis vol sand. Nee hier gaan jy nie lê nie nie sommer fokken hier nie pel. Siegfried sê hy. Op op mannetjie sê hulle. Siegfried Siegfried sê hy. Dis twee polisie een staan agter. Die voorste een vat sy hand dis grof dit ruik na Chesterfield hy roep Mokkie kom kyk hier. Daar kom nog een hy kom lig met 'n moerse flits in sy oë. Hulle het snorre geel snorre Mokkie is bles. Die ander een het sy kep op. Mokkie flits op sy voete hy sê Here tot die voete. Glimlag dink hy sy oë maak vinnig sy tong kom uit sy pa sê Sit terug jou tong Bulletjie sit terug kalm nou kom reg hy wil glimlag hy voel bang hulle ruik na brandewyn. Die polisie sê hy moet blaas in so 'n pypie hy blaas die metertjie gaan op en af groen rooi groen hulle kyk vir mekaar die een sê Wat soek jy hier. Hy sê hy slaap Kak sê hulle Is ja by die reuse sê hy hulle broer het teruggekom soos daai seuntjie in die Bybel wat die varke loop voer het hier is dit hy hou Plant dat hulle sien. Hulle sê Klim agter in die van. Mokkie stamp hom op die karstampkant. Mokkie sê Het jy siegrets Moggel Siegfried sê hy As my pa my vang rook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sit ek nooit weer op hierdie gat nie. Mokkie tel hom op aan sy kraag en sy belt agter hy gooi hom in die bakkie in. Daar's gaasvensters. Hulle sluit die deurtjie hy sien die stuk yster tussen die twee deure deurgaan dis nou toe dis die slot dit skree soos dit sluit. Mokkie is kwaad sy pa weet seker hy rook. Sy pa rook nooit in die bakkie nie. Hy sê mens kan nie die heeldag lank stook nie. Hy moenie bang wees vir polisie nie. Sy pa sê hy moet polisie toe as hy verdwaal. Maar hierdie polisie is die donner in vir hom. Hulle ry vinnig as die ligte rooi raak sit Mokkie die alarm aan dan stop hulle nie. Dis koud die wind waai in die venster kan nie toe nie want sy vinger gaan nie deur daai gaastralies nie. Hy kry nie die venster gevat nie. Hy kan nie meer die reusbome sien nie hy kan nog effens die see ruik. Hy sit op daai goed wat so uitstaan in die bakkie se bak waar die wiele onder is nes hulle om 'n draai gaan donner hy af. Hy kan nie hoor wat die twee polisie voor in die bakkie sê nie hulle lag heeltyd. Mokkie haal 'n klein botteltjie Napoleon brandewyn uit hy vat slukke die hele tyd. Sy oom het ook altyd Napoleon gedrink as hy een van daai drome gehad het. Dan was hy baie bang die heeltyd. Sy oom Dirk wat so met die Here gepraat het as hy gedroom het. Mokkie eet pepermente hulle stop by die blou lig wat 'n polisiestasie is hulle los hom binne in. Hulle het groot pistole wat uitbult langs hulle broeke uit. Hulle is baie dapper. Hy hoop nie hulle het vergeet van hom met al die lag en drink en pepermente nie hy kan nou rustig sit sonder om af te donner. Hy wonder of hy ook pepermente kan kry. Hulle lê net daar voor op die sitplek maar mens moet seker nie steel van polisie nie die ruit is toe. Mokkie kom alleen uitgestap hy lag nog al die tyd hy klop op die bakkie se dak hy skrik hy val weer af van die ding waar die wiel inpas. Mokkie steek 'n sigaret op hy trek vinnig weg net toe hy wil opklim op die ding. Nou sit hy maar plat en kyk agtertoe vir die pad wat vinnig verbygaan die liggies wat patrone maak. Daar is 'n groot bord langs die kant van die pad wat op pilare staan van 'n woestyn met regop berge en 'n groot son dit lyk snaaks rondom is net nag en liggies en strate en geboue alles raas dis glad nie 'n woestyn nie op die bord staan Welcome to Marlboro Country. Hy kan lees die bord is groot hy kan stadig lees en elke woord sê. Dis nie 'n moer Marlboro Country nie. Die bakkie ry nie lank nie hulle stop weer. Dis 'n skool. Mokkie klim uit hy hardloop by die trappe op hy kom weer uit met twee ander mense so 'n jong tannie en 'n oom met 'n groot kop. Hulle het wit jasse aan hulle hardloop vinnig al lyk die oom al oud. Sy pa sê dit lyk simpel as 'n grootmens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hardloop net kinders kan rêrig hardloop. Mokkie maak die deur oop die twee mense met die jasse glimlag simpel soos die mense op TV dat hulle tande wys. Mokkie krap aan een van die agterligte hy maak asof hy besig is. Die jong vroumens sê Goeienaand Meneer hy sê Siegfried. Goeienaand Siegfried. Hoe sal jy hou van 'n lekker warm bed vanaand. Hy sê Hoe warm. Hy hou nie van warm beddens nie hy sweet vinnig hy wil in die aande koel kry in die dag is die son te erg. Die tannie kyk hom snaaks sy vergeet om te glimlag dan glimlag sy weer. Kom saam met ons. Mokkie knipoog hy steek twee pepermente in sy mond. Mokkie beduie hy moet uitklim polisie sal nie mens by onveilige plekke aflaai nie hulle pas op. En die vroumens glimlag en die man glimlag hulle sê Kom ons gaan binnetoe.

*

Die mure is oud daar is plante wat teen die mure klim orals. Bo die voordeur is 'n son soos daai politiek partytjie. Sy pa sê hulle maak hullleself poepolle en dink donnerswil die son skyn daaruit. 'n Geel son met bietjie wit daar agter. Dis 'n skool dit is 'n hospitaal. Wit gange wit mure ligte orals wat in sy oë skyn geskryf op die deure nommers en letters. Hy was al in die hospitaal eenkeer toe sy oom soontoe is. Hy onthou die gange aanmekaar dieselfde die ligte wat sy oë brand. Dis net so hier. Alles skoon en reguit. Strepe blokke lyne. Hy voel of hy nie blokkerig genoeg is vir die hospitaal nie of sy lyf te veel sye en voue en goed het of die hospitaal nie gemaak is vir lywe nie. Die mure is almal dieselfde geverf ligblou onder tot in die helfte wit op die boonste helfte. Hy is bang as hy te lank in die gang bly sal die blou en wit hom middeldeur sny. Sy kop sal wit raak en sy bene blou dan is hy deel van die hospitaal vir altyd. Hy gaan in die muur wees. Dis bang hier maar die swart skip kan nie hier wees nie hier is te veel lig te veel lyne. Hulle stap verby al die deure 'n vroumens was die muur op die muur is 'n groot voël met oop vlerke dis rooi sy was die vlerke weg sy sug. Dan weer aan die agterkant van die hospitaal uit die vroumens sê hy moet hier by die meneer bly sy gaan gou die hoof roep. Dis 'n skool met 'n hoof. Hy hou nie van skole nie miskien moet hy teruggaan na die bome toe. Dis sy plek. Die bles meneer met die groot kop wag daar by hom hy glimlag net hy sê niks nie die hele tyd. Daar staan 'n bak met klomp petunias in hy gaan sit by hulle en vat aan die blare wat stowwerig voel dis glad nie soos palms nie. Die grootkop sê Stop. Net dit dan kyk hy so miskien moet hy maar die petunias los miskien is hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangrik want die grootkop glimlag nie nou nie. Nes hy opstaan glimlag die grootkop weer. Miskien is hy 'n robot soos op Buck Rogers. Hy het net eenkeer Buck Rogers gekyk want hy was te bang. Sy pa sê dis stront. Die vroumens en 'n ou man kom aangestap op daai manier wat grootmense doen as hulle eintlik wil hardloop maar dan nie hardloop nie net so vinnig stap met hulle bene teen mekaar soos asof hulle nou vinnig moet pis. Die ou man doen dit beter as die vroumens sy moet partykeer huppel om by te bly. Dis snaaks maar mens moenie lag vir juffrouens en menere nie sê sy pa dan bliksem hulle jou. Kom lag maar hier by die huis sê sy pa. Terwyl die ou meneer nog so stap of hy wil pis steek hy klaar sy hand uit hy sê Welkom by Sonneskyn Huis Meneer. Hy sê Siegfried. Dis waar die politiek partytjie die son kry hy dog dis 'n politiekskool. Dis net 'n prent vir sonskyn. Miskien was die politieke mense in hierdie skool toe maak hulle dit hulle teken. Hy weet nie van presidente en konings af nie Suid-Afrika het nie eens 'n koning nie Engeland het net so ou tannie wat koningin is. Sy pa sê mens kry nie meer eintlik konings nie nie eens Fords het meer blou bloed nie.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Geslag: Manlik

Bloeddruk: 190/109

Pols: 110

Asemhaling: 30 p.m.

Temperatuur: 38.5

Algemene opmerkings:

1.8m, Maer.

Loop effens krom en mank.

Pupille groot.

Angstig en verward.

Hoë graad van sindaktilie by hande en voete.

Geen spore van substansmisbruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

```
Onsamehangende taalgebruik.
Verstandelik vertraag. Ondersoek moontlikheid van skisofrenie.
20 mg Valium tot met verdere ondersoek.
```

*

Mense meet hom en bevat hom lang dun flitse in sy oë Sê A sê hulle Siegfried sê hy A A A sê 'n man Lees die alfabet sê 'n vrou hulle vat weer en voel en pomp sy arm op nog ligte. Kom kantoor toe sê die man. Gotta alweer in die moeilikheid.

*

Hulle is in die ou meneer se kantoor alles lyk soos 'n kombuis. Die oom is maer en sy vel is half geel sy oë is klein en ver weg uitmekaar uit. Die meneer kam sy hare van die een kant af oor na die ander kant toe dat die bokant kan toe lyk. Die kantoor het 'n novilon vloer so yster tafel met 'n rekenaarding op regop houtstoele 'n regop venster met geel gordyne. Dit is oop en leeg daar moes nog goed in wees om die kantoor reg te laat lyk. Die ou meneer sit agter die tafel hy skryf die vroumens wat heeltyd tandewys en die grootkop staan agter by die deur. Agter sy kop is 'n foto van 'n ou man wat bedonnerd lyk hy bekyk die oom van bo af daar staan onder die foto op 'n plaatjie Skinner. Siegfried e. Vertel nou eers vir ons. Hy vertel van die reuse. Die meneer kyk lank in sy oë in en na die glimlagmense agter hom. Sy mond trek na die kante toe soos die kinders by die skool as hulle wil lag maar hulle weet die juffrou gaan hulle donner. Hy kan nie die vroumens en die grootkop agter hom sien nie maar hy weet hulle lyk altyd dieselfde. As hulle alleen is sal hulle ook so glimlag of verdwyn of opvou soos die robotte. Nou Siegfried. e. Jy gaan vanaand hier bly e hier by ons. Die e Sonneskyn Stigting soos die offisier seker vir jou meegedeel het. Hy sê Nee Meneer Mokkie het nie hy het net gestaan en knipoog en pepermente suig sulke groot wittes. Mens kan dit nogal ver ruik verder as Napoleon. Ja. e Wel. Daar is vanaand 'n geselligheid hier. Al die e kliënte e hou sokkie vanaand en dans bietjie onder die sterre. En toe lag die oom vir homself. Ons voel dit sal beter wees as jy eerder vanaand uitrus. Jy is seker baie moeg jy kan by meneer Van Zyl sit en toesig hou. Die meneer lag vir homself. Meneer van Zyl is die grootkop toe die ou meneer sê Meneer van Zyl vat die grootkop aan sy skouer hy glimlag alweer. Nou kom. Hy is nie moeg nie hy wil sokkie Grootkop se tandewys maak hom bang hy sê niks. Hy is nie lus vir lag nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dis rêrig 'n skool hierdie die vroumens is 'n juffrou. Môre gaan hulle vir hom somme gee en hy sal nie dit kan regmaak nie dan gaan pouse wees al die kinders gaan daar anderkant staan hulle gaan sy kos vat hulle gaan vir hom Padda sê Kwaak Kwaak. Dis seker 'n koshuis. Sy pa het hom vertel van koshuise. Almal slaap in rye almal kry kos in rye sy pa sê dis sommer stront.

*

Die sokkie is op 'n tennisbaan al die meisies is oud. Hy is bly hy is nie die oudste nie. Hy is altyd die oudste by die skool. ‘n Klomp plastiekstoele is rondom die tennisbaan ligte is op pale vasgemaak. Daar is ’n ou met 'n groot maag sy een been stamp sy oë is toegedruk hy staan by die luidspreker hy stamp. Almal dans in die middel behalwe hy en die oom wat sy voet stamp. Reg in die middel is 'n ou tannie wat baie kort is wat baie lipstiek op het met engelvlerkies soos die engel in die Squatter Camp sy maak zzzz terwyl sy draai dat die spoeg so spat. Sy is ’n by. Een tannie wat nie dans nie sit soos ’n hoender op ‘n stoel. Sy vou haar arms onder haar kieliebakke in soos vlerke sy sit sy pik wurms sy skree Kwêêê. Die skoolhoof en sy ou vrou met gepermde hare dans ook meneer van Zyl sê Kyk net vir dokter Scheepers en Mevrou. Dokter Scheepers en die permvrou lyk simpel as hulle dans hy tol haar in die rondte dit pas nie. Grootkop sê Kyk net hoe grasieus. Dokter Scheepers en sy vrou dans langarm deur die ander mense niemand anders dans soos hulle nie hulle tol mekaar stadig. Hulle rugge is regop. Stokindiehol sê sy pa. Dokter Scheepers dans nie die mooiste nie die mooiste is 'n ander oom en 'n klein tannie met 'n daisy wat mekaar vashou hulle trap stadig rond hulle kyk vir mekaar hulle glimlag mooi nie soos ‘n meneer en juffrou nie. Albei van hulle se oë is ver weg van mekaar hulle kan doer kyk hulle sien alles.

*

Skielik is die sokkie oor. Die ligte op die pale flikker stadig aan en af twee keer dan hou almal op met dans. Dokter Scheepers gaan sit op sy knieë in sy pikkewynpak klere hy soen Mevrou se hand dan is hy op hy sê Reg almal kamers toe. Kom nou. Hy stap saam met Grootkop in die gang af. Al die mense stap saam met ander mense in die wit jasse in die gange en by die kamers in. Hy weet nou waar hulle is dis soos daai plek waar hulle sy oom heen gevat het toe hy klein was dit was net so. Daar was ook mense wat soos kinders was en oral gespeel het hulle was al oud. Sy oom Dirk moes soontoe gaan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dokter het so gesê hy het te veel met die Here gepraat. Oom Dirk was sy pa se broer hy het in sy slaap met die Here gepraat die Here het vir hom gesê wat volgende gaan gebeur dan het hy heel simpel geraak. Hy het gehuil oom Dirk het hom bang gemaak as hy kom kuier het. Partykeer het die Here snaakse goed in sy oom sy oor gefluister dan het sy oom daar op die windpomp gaan sit tot sy pa later vir hom gaan aflok het met Napoleon brandewyn of biltong. Meeste van die tyd moes sy pa albei belowe voor oom Dirk van sy windpomp wou afkom. Sy oom was te groot dat sy pa hom kon afhaal oom Dirk kon enige iemand donner sê sy pa. Hy het die lyf van 'n os en die hart van 'n lam sê sy pa. Sy oom het net Napoleon gedrink. Dit was oom Dirk. Sy pa sê oom Dirk drink Napoleon saam met sy pap. En toe moes sy oom na so skool toe kom toe het hy altyd daar gebly. Hy wil nie hier bly nie. Die Here wou ook nie na die skool toe kom nie. Hy het ophou praat met oom Dirk toe hy skool toe gaan en die Napoleon moes los. Toe die Here nie meer met sy oom gepraat het nie het sy oom heel snaaks geraak daar was nie eens Napoleon om te help nie. Grootkop vat hom na 'n kamer toe dis klein so 'n klein netjiese bed en vierkantige lakens. Die juffrou kom met 'n deurskynende glasie sy gee hom 'n pil sy sê hy moet sluk. Is Juffrou se kieste nie seer van al die lag nie sê hy.

*

Sy kop draai sy oë is lam hy maak geluide kwêê sê die voëlvrou sssh see hy sing Laat ons skyn vir Jesus hy's te vaak hy moet sy stewels uittrek voor slaaptyd waar's julle waar's jy Plant kyk die kaal voete.

*

Hy is op die trein dit gaan al hoe vinniger dit ry dis al hoe vinniger alles ratel die deur is oop waar hy oom Smet uitgegooi het die wind kom in druk hom plat niks asem nie dis al vinniger die trein ry van die spoor af dit val om. Hy stamp alles daar stap mense alles is vaal dit druk hom plat oom Smet en Maggie en oom Bert met seergras om sy nek en so pienk groot skulp om sy nek stap. Hulle stap ver weg en vaal langs die treinspoor tussen al die sakke en blikke alles druk hom niks asem nie hy klap sy bors hy wil ook gaan hy kan nie uit die trein nie hy is gedruk plat teen die treinmuur vas Sproet se lag op die dak. Hy is lam hy wil skree sy mond is lam die lug is weg.

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy is vas. Niks beweeg nie. Sy oë is oop hy is vasgebind met bande oor die bed sy hande kan nie roer nie hulle is aan die kante van die bed vas. Sy kop voel groot en vol en dik. Hy is verkoue. Die bed is te warm al die lakens en kombers is onder die bande wat hom vasmaak ingedruk. Die verpleegster wou nie sê hoe warm die beddens is nie. Dit was sy. Hy sweet hy het sy bed bepis. Dis nog erger as sweet dit stink deur die kombers hy kan nie dit afvee nie. Sy voete kielie van die sweet tussen die webbe. Daar is 'n ou meneer sy gesig is van biltong. Hy skel op mense hy sê die plek stink hy sê Daar's g'n lug in die plek nie. Grootkop kom in Biltongman sê hy soek 'n ander kamer vir die ondersoek Grootkop hol weg hy is weer terug hy sê Volg my asseblief weer af met die gang en die strepe. Hy probeer buk om onder die lyn te loop dat hy nie gesny word nie. Iemand stamp. Hy sukkel met loop. Hy moet in 'n ander kamer in een van die ligte in die gang maak aan en af flikker dit maak sy oë seer hy voel hy wil omval maar hier is 'n bed sonder pis. Dokter Scheepers is ook hier En nou sê hy Van Zyl sê jy vat hom na 'n ander kamer toe. Dit stink daar anderkant sê die biltongdokter Ja e wel sê Scheepers. Die biltong dokter bevat hom en druk goed teen hom en luister aan sy lyf en druk 'n flits in sy oog. Dan skryf hy dinge op 'n papier.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 110/65

Pols: 70

Asemhaling: 16 p.m.

Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:

Swak selfsorg. Uiters maer. Moontlikheid van langtermyn ondervoeding. Bleek en ylende hare.

Gesigshare ook yl. Byna geen baard.

Pupille normaal.

Wond in die pasiënt se linkersy. Mate van bloedverlies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gekneusede borskas. Geen rib gebreek. Tweede rib aan regterkant gekraak. Wonde verbind vir 2 weke.
Onder die regtervoet 'n sny. Redelik genees, litteken vorm. Pasiënt stap moeilik.
Die wond in die sy redelik nuut. Die rib al ten minste 72 uur gekraak.
Ouderdom: Tussen 25 en 30.
Sindaktilie by hande en voete opgemerk. Vingers normaal gevorm, met vergroeisels tussen elke vinger en toon tot by laaste lid. Vergroeisels eweredig en ewe dik aan albei hande en voete.
Pasiënt verdoof maar steeds beangs. Moontlike paranoia, hallusinasies. Verdere ondersoek nodig.
Spraak: Praat stadig, duidelike stem. Inkoherent. Gemerk deur losse assosiasies.
Afgeplatte affek.
Voorlopige diagnose: Skisofrenie tipe II
5 ml/mg Halolperidol. Gereeld.

*

Die biltongdokter sit al sy goeters weg hy kom sit op die bed. Hy voel vasgedraai met al die verband te styf om sy lyf oor sy ribbes en om sy maag en oor sy sy. Hy moet regop sit om lug te kry. Die dokter vryf sy hande teenmekaar. Hy lyk vuil met stekelbaarde wat uit sy ken uitgroei sy hare is oranje soos wortels vol skilfers. Hy sê hy is dokter Hertz Hoe voel jy Siegfried hy sê alles is dik sy kop voel ver van alles af. Hertzbiltong sê Ek sal aanbeveel dat hulle jou op matiger medikasie plaas. Hy verstaan nie dokter Hertz sê Dis al die pille hy sê My pa sê pille maak mens net sleg. Die dokter krap aan sy wang hy sê Hulle gaan soms oorboord hier hulle het 'n personeeltekort al die stakings en die chicken run verstaan. Hy knik op en af. Dokter Hertz sê Waarna kyk jy so die muur is darem nie so vuil nie die venstertjies is effe klein ek weet hy lag hy staan stadig op hy hoes. Waar's jou huis. Hy sê Op die plaas ek het ver gery. En jou pa waar's dié. Op sy bed hy lê en kyk so in die gang af.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## II

Die dokter is weg hy sit in sy ou kamer met die ruik hy wag hy kan nie lekker dink nie sy kop is dik hy voel nie kwaad of hartseer of bly nie hy voel niks. Hy voel ver weg. Hy sit lank 'n juffrou kom haal hom. Sy sê hy moet Gemeenskapsaal toe gaan. Sy sê almal is daar in die dag mens is net in die middagslaaptyd en in die aand in die kamer wat so ruik. Sy vat hom aan sy arm sy trek hom haar voete loop met klein kort treë sy is te besig. 'n Groot deur in 'n ander gang wat dieselfde lyk so dubbel deur. Sy maak die deur oop daar is klomp mense daarbinne sy glimlag breed sy sê Almal dit is Siegfried ons nuwe vriend sy sê Kom ons groet vir Siegfried almal sê Hallo Siegfried so stadig soos die kerkkoor party mense sê ander goed hy hoor nie wat nie sy pa sê die kerkkoor sanik net. Een tannie begin lag en lag sy hou skielik op sy druk haar hand in haar mond. Die voëltannie sê Kwêê en klap haar vlerke. Die juffrou wys hom 'n stoel wat lyk soos 'n kombuisstoel so hard en regop sy sê hy moet daar gaan sit hy sê Wat dan en sy sê Nee gaan sit maar net maar eers nog 'n pilletjie. Hy is nie lus om nog goed te sluk wat hom dom laat voel nie sy sê Sluk. Hy voel vas met al die verbande nou gaan hy nog dom voel ook. Hierdie is nie sy plek nie. Almal sit net nie heeltemal almal nie. 'n Ou omie staan teen die ruit hy kyk buitentoe met al die bome en die groot straat en die mense daar ver hy staan met sy arms uitgestrek boontoe hy wil aan die dak vat of hy wil voel hy is langer as die bome hy staan op sy tone hy sweet. In die hoek is 'n ander oom wat baie jonk is hy is baie vet hy het sproete selfs oor sy lyf hy het nie 'n hemp aan nie hy staan en bekyk die anderkantste muur so. Die ander hoek is 'n glaskantoor daar sit 'n groot vet juffrou agter die glas met 'n snor hy sien dit van hier af sy bekyk die oom teen die muur sy sê Frikkie nee deur die mikrofoon. Die glas is baie dik sy lyk vaal daar agter uit fokus. Frikkie gee die ander muur nog so een kyk en skrop so bietjie op die grond soos 'n hoender of 'n bul wat storm en hy hardloop homself moertoe teen die ander muur. Skielik is daar 'n verskriklike groot swart man wat nog swarter lyk met al die wit aan en 'n groot witte met 'n pienk nek hulle tel Frikkie op en spuit hom in en dra hom oor die witte se skouer weg. Die ergste is die een oom wat sy stoel sleep oor die vloer en dan by iemand gaan sit en dan weer opstaan en sy stoel weer sleep na 'n ander mens toe die hele tyd sleep sy stoel met so vreeslike geskree ieeeeg wat hom wil laat uit sy ore uitspring sy ore maak sy hele lyf kriewel en saamtrek. Dit klink soos sy vurk wat op die bord krap sy pa spring op en vloek Saartjie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

giggel. Die vet juffrou Snor sê Ete oor vyftien minute ete oor vyftien toe weet hy hy is honger so verskriklik honger hy sal nou almal se kos kan eet hy gee nie om nie hy moet nou vleis hê en pampoen en aartappels selfs kool hy sal nou selfs rys eet. Selfs liewe rys. Sy pa sê altyd rys en sop is vir die depressietye dis nou depressietyd hy het by die tannie laas pampoen en vleis en aartappels gehad voor dit baie lank terug die plek lyk nie soos 'n vleispampoenplek nie dit lyk meer soos 'n soprysplek dis nie sy plek dié nie sy pa sê koshuiskos is moersleg.

*

Hy kan dit nie glo nie hulle kry sop hy weet nie watter sop nie dit was net water met stukkies wortel en bruin goed in. En bietjie brood met nie eens kaas nie sulke klein bakkies konfyt wat heeltemal te min is sulke blokkies botterklippe mens kan juffrou Snor doodgooi nou wens hy sy oom was hier. Sy pa sê oom Dirk kon die nurses so werk dat hy die beste kos kon kry. Sy oom is na die Here toe sodat hulle twee kan rustig praat daarbo waar niemand dink dis snaaks nie. Sy pa sê hy hoop vir die Here se part hy ken Napoleon. Daar is niemand wat hy kan vra vir vleis of mossels of calamari nie daar is net groot mans wat mense inspuit en wegvat. Hy wil nooit weer eet nie. Hy onthou daardie mossels in die blikkie hy wil huil die pil maak hom so dom hy kan nie hy byt aan die brood. Maar hy los die sop vir die depressie.

*

Na ete sê juffrou Snor met haar bierpens hulle kan gaan lê of buitentoe gaan na die plaas toe. Hy onthou hoe sy kamer ruik nog erger as die sop enige plaas sal beter wees as sy kamer al weet die mense hier nie van plase nie hy gaan maar saam met Groep 2 wat plaas toe gaan. En hy wens hy het nie dit is te erg. Dis die simpelste ding wat hy al ooit gesien het en hy is al nogal oud en hy het al baie rondgestap en al baie goeters gesien en baie van die goeters was baie simpel. Die plaas is aan die ander kant van die tennisbaan waar die sokkie was. Die plaas is net 'n groot sement muur dis 'n ring om die dooie wingerd wat oor die muur groei en aan die grond raak. Daar is 'n rooi trekkertjie sonder 'n enjin met pap wiele en lang gras en 'n blou en geel ploegie en ander goeters wat lyk soos dele van karre wat almal simpel kleure is en hooibale en 'n hoop bousand en 'n windpompie wat te klein is en pers en nie werk nie daar is nie eens 'n dammetjie nie die vlerke van die windpomp draai nie al waai die wind. As sy pa hierdie plek sien sal hy so bedonnerd raak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy sal nooit weer kan slaap nie. Dié is nie sy plek nie. Hulle het hom materiaal skoene gegee maar dit was te klein hy is kaalvoet en nog steeds in die plek met so simpel sweetpak wat grys is. Sy hemp wat Maggie hom gegee het en sy broek en alles is weg hy weet dit nou eers hy raak al dommer met die pille. En die plaas wat hulle sê is 'n plaas dis nie die woord nie dis nie 'n plaas nie. Die man wat saam met hulle gestap het staan nou daar anderkant en rook. Hy klim op die trekker hy staan regop op die trekker almal kyk vir hom dis nogal dapper om regop op 'n trekker te staan sy pa sê dis ook donners dom. Al die mense kyk vir hom hulle weet nie van plase en trekkers nie hy kan sien hy sê vir die mense Dis nie 'n plaas nie plase is groter en mooier en plat en ploeë is nie donnerswil blou en geel nie dis net simpel die tannie met vlerkies begin te lag en Frikkie hardloop in die ploeg vas en val daar tussen die ploegskare in. Hy sê Dis 'n simpel plaas julle weet nie van plase nie nou gaan julle almal dink dis hoe ek bly en julle gaan lag vir my pa maar dis nie so in die donnerse regte wêreld nie. Die oom wat verlief is op die tannie wie se ogies so ver van mekaar is wat altyd 'n daisy vashou hou haar ore toe. En hy kan nie glo hy praat voor so klomp mense nie dis vir sy pa hy is dom met die pille hy vergeet sommer om skaam te wees daai donnerbliksemse windpomp daai ding moet weg. Hy spring af van die trekker af val sy een been moertoe hy vat die windpomp dis klein en lig hy hardloop die windpomp teen die muur vas alles spat en buig die een vlerk klap teen sy kop die donnerse ding is tickets. Gotta kyk hoe lyk dit nou die man druk sy sigaret dood en kom vir hom.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 100/60

Pols: 60

Asemhaling: 8 p.m.

Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:

Pupille klein.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uiters verdoof na vertoon van aggressie by speelplaas. Moontlikheid van oordosis. Pasiënt reageer baie sensitief op verandering in mediksaie.
Agteruitgang. Gedrag: Teruggetrek van medepasiënte met spontane aggressiewe uitbarsting gister.
5 ml Valium , 2x 10 mg Haldol.
Simptome: Eksentrieke optrede tussen ander. Spraak vaag en brabbelend. Voorkoms van denkversteuring: Onlogiese, ongeorganiseerde denke, gebrekkige inhoud van taalgebruik. Volhardende herhaling van dieselfde onlogiese denkpatroon. Affek verder afgeplat.
Skisofrenie Tipe II, Wanordelike tipe: Vertraagdheid. Sinsbedrog. Verlies van beheer oor blaas. Verwarde optrede. Medikasie volgehou.

*

Waar's jy Plant hallo Pa waar's julle die bed is warm. Hy gooi die kombers af. Dis warm Hy trek sy hemp uit. Nog warm. Baai broek. Niks geluide nie. Hallo Plant. Dis net hy net hy en al die swart hy wens iemand skree net. Niks. Maggie se rok met die frilletjies. Maggie se lyf wikkel in die rok dis 'n dier wat daarbinne bly onder die rok. Hy vat sy tôtie hy vat sy lyf sy maag sy bene sy hande vee. Waar's julle almal in die donker is Maggie hy sit op die toiletdeksel sy streel hom. Hy sien alles sy maak nie toe nie. Sy glimlag net aanhou streel vryf sy voete sy lyf baie koud op sy bors die tong alles is nat.

*

Almal wat hy vra sê hulle is ook gesond eintlik. Frikkie sê die Generaal het bomskok hy is 'n ou kaalkopoom van die polisie hy sit met 'n boks en speel bombom. Die twee doerkykermense wat verlief is sit in die hoek nog altyd en kyk vir mekaar die vrou het 'n nuwe daisy die ander een was al baie pap. Hulle weet nie daar is ander mense nie hulle fluister net vir mekaar. Hy wil ook verlief wees as hy seer is sal sy meisie hom verbande gee en Dettol. En hulle kan op die plaas bly en sy pa help dan kan sy kos maak as hy en sy pa van die land af kom of as hulle windpompe gaan regmaak het. Sy pa is nie hier nie waar's jy Plant. Daar is nie 'n moer 'n bom in die boks nie. Hy gaan nie weer plaas toe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie. 'n Oom in 'n rolstoel sê Ek's Koos de la Rey die Generaal sê Maar magtag jy's dan bruin. Hy wil eintlik net gaan lê in sy kamer en dan oom Bert gaan haal. Snor sê Nee.

*

Iemand skud. 'n Juffrou staan en skud hom sy vra Hoekom meng jy nie met die ander mense nie. Daar speel hulle Scrabble. Lyk dit nie lekker nie hy dink Nee. Die juffrou sê Maar gesels ten minste bietjie met die mense hy sê Hu uh. Die juffrou kyk rond sy sê Mens moet eers leer om saam te werk in 'n groepsverband voor jy kan aanpas in die wêreld. Hy weet nie wat om te sê nie hy kyk haar so en sy kyk terug sy sug dan loop sy weg. As hulle klomp mense saam toedraai dat niemand kan beweeg nie niks lug nie so vas soos sy ribbes is dit 'n groepsverband dink hy.

*

Sy kamer is warm hy kan nie slaap nie die venster is toe. Hy lê en kyk vir die dak of die muur hy kan nie slaap nie. Hy is altyd wakker. Elke dag sit hy in die Gemeenskapsaal elke aand lê hy in die bed hy weet nie hoeveel dae al nie niks slaap nie hy is nooit regtig wakker nie hy voel tussenin al die dom pille. Sy oë brand hy doen niks hy sit net doen net niks hy kan nie meer reg dink nie. Hy wil weer goeters doen in die dag dan is hy moeg in die aand dan kan iemand hom 'n storie vertel dan kan hy slaap so diep in die bed in droom baie droomvergeet voetsek snaakse mense en juffrouens en menere en snorre. Sy pa sê Slaap is 'n Emosionele Wasmasjien mens moet partykeer alles uitwas waarmee jy moet saamleef in die wakkerte sy pa bly stil vir 'n tyd hy sê Dit hoef nie altyd dry cleaning te wees nie dan lag hy. Hy ken nie wasmasjiene nie sy pa sê As jy slaap laat dit mens meer weet wat regtig aangaan as jy droom. Hy wil nie meer wakker wees nie hy gee nie om as hy niks droom nie hy wil niks weet nie hy wil weggaan in sy bed in val en weg wees. Oom Smet het eenkeer iets gesê van slaap toe hy laataand daar op die werf rondgestap het weer so dronk toe Siegfried en sy pa op die stoep gesit het hy het gesê Dis die Ononderbroke Syn wat die Verskriklikheid van die Syn Amplifeer. Hy het nie geweet wat oom Smet sê nie hy het so hartseer en kwaad op dieselfde tyd gelyk toe hy dit gesê het hy kon hoor hoe hy op sy tande kners. Hy onthou dit want dit was baie erg vir oom Smet. Net slaap nou niks groot woorde nie. Hy lê en kyk na die dak hy maak sy kop soos die dak so donker en leeg.

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

<u>Pasiënt</u>: Landman S.

<u>Lokaal</u>: 124

<u>Datum</u>: [redacted]

<u>Bloeddruk</u>: 105/60

<u>Pols</u>: 75

<u>Asemhaling</u>: 15 p.m.

<u>Temperatuur</u>: 37

<u>Algemene opmerkings</u>:

Diagnose steeds Skisofrenie, Tipe II, Wanordelike tipe.

Medikasie geen duidelike positiewe effek.

Emosionele afgestomptheid: Geen verbetering.

Oogbeweging disfunksie: Abnormale beweging van die oë as hulle teiken volg. Rukkerige beweging van oë.

Verdere agteruitgang by selfsorg en sosiale interaksie.

Aanpassing by hospitaalomgewing uiters stadig.

Ondersoek moontlikheid om pasiënt na ouer/wetige voog te verwys. Pasiënt verwys gereeld na broer van moeder. Al bestendighed in waanbeelde/vertellings is figuur van 'n meneer Fischer. Pogings om mnr. Fischer op te spoor.

Medikasie onveranderd.

*

Ma se groot tiet sy klein handjies. Hy kyk op gesig toe waar's jy Plant waar's jy gesig die groot stuk glasgesig dof vol stof dis al. Hy vryf Plant sy duim in sy mond Plant se blaar die tiet alles in sy mond die tiet is hard dis klip hy los. Die tiet skree hy is wakker die hospitaalskoolklok skree.

*

Hulle wil hê hy moet die kos eet. Hy sê hy voel sleg hy gaan lê in sy kamer Hy dink weer aan die plasie daarbuite hy was nog nie weer uit gewees na daardie dag nie hy kan nie ophou dink aan die plasie nie hoe klein en simpel dit lyk nie hy dink aan Doerkyk en sy pa hy ruik die grond. Hy speel met die modder hy bring vir sy pa so groot bees sy pa vat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom en druk hom teen sy lyf dat dit seer is hy sê Pa wat nou sy pa sê niks nie. Hy is partykeer so wat hy net sit en kyk van die stoep af of in die sitkamer al is die televisie af en die radio hy sit net so. So is sy pa hierdie keer ook hy klou aan hom. Sy pa sit partykeer soos die mense in die plek net so en kyk dan lyk hulle almal hartseer. Dis omdat hulle nie aan iets kan dink wat hulle anders laat voel nie dis net die mure of al die rooi grond sy pa drink nooit so baie pille nie. Sy pa sê mens kan nie net soos die Here maak en al jou probleme verdrink nie. Die juffrou gee hom nog pille hy sukkel met dink alles lyk snaaks daar op die plek waar mens goeters sien wat mens dink sy pa sit en lag oor iets en praat met iemand hy weet nie wie nie die tafel is te hoog hy hoor sy lag hy is onder die tafel hy kan nie sien hoe die stem praat nie. Hy is in die bad hy sit en kyk hoe die water so rondom rondom ghghghgh afloop in die gaatjie in al hoe vinniger dit raas dit word al harder hy word al kouer soos die water weggaan en raas alles is stil die handoek om hom die hande sy vryf hom droog op sy kop sy sê iets hy hoor nie hy proe in sy mond dit loop uit weer Maggie se bloed in sy mond sy klap hom dis die juffrou haar hand druk hier af in sy mond en 'n tang of yster sy gryp sy tong dis seer sy trek dit uit Fokkit kyk nou weer hier sy los sy tong dis seer sy het hom heeltemal uitgetrek. Relax relax jy het jou tong gesluk relax sit terug kalm nou kom kom sit terug. Hy voel dom hier's die groot man met die naald.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 98/60

Pols: 63

Asemhaling: 9 p.m.

Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:

Verdoof na insident waar pasiënt tong insluk. Hallusinasies.

Sugtende, sporadiese asemhaling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*

Hy sit in die saal die twee verliefmense sit en kyk net vir mekaar albei glimlag hulle fluister. Dieselfde musiek speel elke dag dieselfde. Die Generaal skuifel rond en soek daai bomboks. Die ander lyk verveeld selfs Frikkie los die mure uit hy lê in die hoek. Hy sê vir die juffrou hy wil gaan stap sy sê hy kan nie die hele tyd op sy eie wees nie Gaan praat daar met Frikkie as jy nie wil Scrabble of kaarte speel nie. Hy sê hy wil vir Plant hê Snor hoor sy is kwaad sy snork sy sê hy dink die plek behoort aan hom sy plant is veilig by sy ander goed. Hy weet hulle gee dit nooit water nie. Hierdie juffrouens en menere kan nie eens mense oppas nie hulle sal nooit kan tuinmaak nie. Sy pa sit by die kombuistafel hy lê op sy arms Saartjie sê En nou Baas sy pa sê Alles is besig om stadig te vrek en daar is nie 'n goddelike druppel water in hierdie land oor nie. Saartjie sê Maar die Here is genade sy pa sê Water is genade.

*

Hulle kry vandag 'n ander ding om te doen as net Scrabble speel. Een van die tannies wat nog altyd net so gesit het wou ook Scrabble speel toe het sy almal se blokkies gevat en hulle gevloek en toe sulke lelike woorde gebou op die bord wat hy nie ken nie daar was nie eens bliksem of donder nie net sulke ander woorde en ook daai P ene sy pa sê hy mag dit nie sê nie dit het g'n respek nie. Toe vat die juffrou die Scrabble weg sy sê As julle nie mooi woorde kan bou nie mag julle nie meer speel nie die tannie sê Jou ma se mooi woord hulle spuit haar in. Snor sê as julle nie aan mooi woorde kan dink nie sal julle nooit gesond word nie. Frikkie sê Fok dit hy spring op en hardloop homself weer moertoe teen die muur dat dit glad bloei sy hele lip moertoe. Die juffrou sê Ons gaan nou handwerk doen die Generaal sê Ek's nie 'n moffie nie dankie die juffrou sê Natuurlik nie Kaptein dis nie net naaldwerk nie dis knip en plak ook. Die mans met die naalde kom in met skêre en gomme en kleurpapiere en naalde en gare en wol en lappe en al sulke snaakse goeters die juffrou sê Goed nou knip en plak julle mans en maak vir ons mooi prentjies die vrouens kan vir julle voorskote en borslappe maak vir al die kwyl sy giggel. Hy sê Kan ek modder kry dan maak ek vir almal huise die juffrou sê Moenie jy ook nou jou snaaks hou nie knip jy net. Hy dink die juffrou is heel simpel hy kan nie knip met sy hande nie nou sit hy maar so. Die juffou en die Snor gaan weg die een groot man staan daar rond hy kyk dat almal knip en plak en brei. Hy probeer maar die papier vou maar hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

frommel dit net die man kom nader hy bekyk hom hy skel hom Plaasboertjie dink hy is al weer anners nè die man kom nog nader hy skuifel rond die man trap op sy voet hy wil opstaan om weg te kom sy voet is vas hy staan op sy vinnigste op hy staan op in die man vas die man skrik die man stamp hom terug op die stoel die stoel val op hom om. Hy begin huil die juffrou kom in sy gee hom twee pille sy sê hy moet gaan slaap of net kamer toe gaan hy is 'n stoornis. Die man vat hom kamer toe en slaan hom in die maag en sluit die deur.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 112/67

Pols: 76

Asemhaling: 17 p.m.

Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:

Pasiënt val verplieër aan.

Pasiënt se spraak stadiger as gewoonlik. Moontlikheid van oordosis/vermenging van kalmeermidels. In die vervolg slegs matige Valium na enige insidente.

Pasiënt geen gevaar vir ander.

Suster Joubert: klagte dat pasiënt weier om in groepsverband deel te neem. Algemene agteruitgang van sosiale funksionering.

Voorkoms van orale hallusinasies dat vader van die pasiënt hom opdragte gee.

Haloperidol verhoog: 30 mg daagliks.

*

Hy word wakker dis bietjie koeler dokter Scheepers en twee mans staan by sy bed hulle is besig om hom onder komberse te sit en daai bande om die bed te draai dat hy nie kan roer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie. Dokter Scheepers sien sy oë is oop hy sê Laat dit nou weer gebeur en jy kom nooit hier uit nie. Hy sê Sê wat ek moet doen Baasmeneer dat ek niks verkeerd doen nie dokter Scheepers kyk hom so hy sê Maak jouself maar e tuis.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 100/60

Pols: 60

Asemhaling: 8 p.m.

Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:

Pasiënt verdoof na insident gister. Pasiënt geweier om groepwerk te doen, het ander pasiënte onrustig gemaak, aangedring op 'n eie tuin. Verkeer onder die waan dat hy 'n tuinier is.

Spraak: Verward. Vertel dieselfde, herhalende verhaal vol waanbeelde.

Toename in paranoia, hallusinasies.

Pasiënt spandeer middae deur op die trekker te sit waar die genoemde insident (sien inskrywing van [redacted])plaasgevind het. Hy poog om homself totaal te onttrek van die ander pasiënte en personeel.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 110/64

Pols: 75

Asemhaling: 17 p.m.

Temperatuur: 37

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

<u>Algemene opmerkings</u>:

Pasiënt vertoon vordering. Begin vandag met ondersoekende dokter (MS Hertz) gesprek voer. Eerste vorm van poging tot kontak/kommunikasie in dae.

Gesprek verval egter gou in gebrabbel, herhalende waanbeelde.

Voorstel om die pasiënt te ontslaan, dat ouer/wettige voog reëlings tref vir meer intensiewe aandag en behandeling.

Pasiënt volhard in subversiewe optrede. Trek gras uit. Pasiënt voer aan dat hy 'n tuin wil maak in die grasperk agter Blok B.

*

Hy is in die seehuis. Alles is swart alles is vol water. Hy swem in die gange al die bamboese is bruin en dood al die meubels is weg die vloere en die mure is afgedop hy skree niemand is by die huis nie. Die seehuis is leeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**III**

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Hiermee word toestemming verleen dat S. Landman ontslaan word, op [redacted], uit die Sonneskyn Psigiatriese Instituut.

Dr. S.F. Scheepers

Direkteur

*

Dokter Hertz sê hy is op pad hy gaan huis toe. Hy sê Na die finale toetse sal jy ontslaan word. Hy sê Sê maar dankie ek het toutjies getrek. Jou oom sal beter kan omsien na jou dit is duidelik dat jy nie aard in hierdie omgewing nie. Elkgeval sal jou oom jou in 'n beter plek kan inboek as hierdie. Meeste pasiënte hier is welsynsgevalle. Hy lag en sê weer welsyn. Hy sê Hier vat my orige tjips hy gee hom 'n papiersakkie met slaptjips in alles is nat van die tamatiesous hy sê Dis om dit te vier. Hy eet dit is lekker die een juffrou kom in sê hy kan nie nou die pasiënt steur nie dokter Hertz kyk haar so hy glimlag vir hom en loop uit hy sê Dis nie meer lank nie. Toe die dokter Hertzbiltong net uit is vat die juffrou die tjips Dis nog nie etenstyd nie twee tjips val op die vloer sy slaan die deur toe. Hy kyk na die twee tjips op die vloer. Mens eet nie van die donnerse vloer af nie sê sy pa mens is nie 'n dier nie hy kyk so na die tjips die ene het nog baie tamatiesous oor hy ruik hulle van hier bo af van sy bed af. Die vloer is vuil hy loop die hele tyd daarop as hy nie kan slaap nie loop hy op die vloer op en af ses treë soontoe ses terug elke keer. En die tjips lê net daar dis op die vloer waar diere eet en dis nie nou etenstyd nie die juffrou sal hom slaan of sy tong trek as hy eet hulle weet alles. En die tjips lê net daar. Hy klim stadig van die bed af hy gaan sit kruisbeen so versigtig dat die twee tjips tussen sy bene lê in die dam wat sy bene maak. Hy kyk vir die deur en die klein venstertjie in die deur. Hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wonder hoe laat dit is dit dis nie meer lig nie. En hy kyk vir die tjips. Hulle ruik lekker. Hulle raak kouer. Hy sit en kyk dan voel hy aan hulle iemand skree in die gang sy gaan ingespuit word. As hulle weet hy het tjips hier by hom gaan hulle hom ook inspuit. Hy trek 'n diep asem in hy vat 'n tjip en eet vinnig. Dit is lekker baie verskriklik lekker en nog bietjie warm ook met baie sout oor hy hoor iemand kom aan. Hy vat die ander tjip dit val uit sy hand uit hy vat dit weer en eet dit die deur gaan oop dis die juffrou. Hy lag.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 100/58

Pols: 58

Asemhaling: 7 p.m.

Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:

Pasiënt bewusteloos. Diep slaap.

Pasiënt noodgedwonge verdoof na insident. Pasiënt het niks geëet voor die inspuiting nie. Pasiënt weier die afgelope 3 dae alle etes behalwe aandete. Gevolglik oordrewe effek van verdowing.

Insident: Pasiënt word gevind op die vloer van sy kamer besig om histeries te lag, aggresiewe geluide, gebare vir verpleegster te maak. Diagnose: Histeria tydens toestand van ekstreme hallusinasies.

*

Pasiënt: Landman S.

Lokaal: 124

Datum: [redacted]

Bloeddruk: 110/64

Pols: 72

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Asemhaling: 18 p.m.
Temperatuur: 37

Algemene opmerkings:
Amptelik ontslaan: 17:00.
Pasiënt nog bewusteloos van verdowing.
Ontwaak: 21:46/Polisie ontbied: 21:53.
Pasiënt verlaat perseel onder polisiebeskerming: 22:36.
End rekord.

*

Iemand skud hom hulle maak hom wakker dit voel soos nag iemand sê Trek aan. Hy begin sy hospitaalklere aantrek die juffrou sê Nie dit nie dit. Sy het sy regte klere gebring hy is klaar met die simpel hospitaalklere hy trek sy klere vinnig aan. Hy trek nooit so vinnig die knope aan nie maar hy is bly hy dink nie eens nie hy doen dit net hy het weer sy hemp terug. Hy is klaar aangetrek hy sien al die knope is verkeerd of in ander gaatjies of glad nie aan nie die juffrou sê Kom. 'n Ander meneer kom aangehardloop met Plant hallo Plant hy is nog dom alles voel ver sy oë kyk vaal maar hy wil niks meer hier sien nie alles lyk dieselfde met die blou en wit mure hy het darem nooit verdwyn in hierdie plek nie. Hierdie was nie sy plek nie. Waar is sy sak dis nog in Maggie se huis hy het net vir Plant saamgevat toe hulle gaan soen en byt het. Hulle is in dokter Scheepers se kantoor hy sê hy moet teken op die papier hy weet nie wat om te teken nie hy sê Skryf net jou naam. Hy skryf dis moeilik dis so dun pen sy hande werk nog nie lekker nie sy hele lyf is uit fokus uit. Hy skryf S. Landman en trek so streep onder soos sy pa altyd maak as hy sy naam teken met so krul aan die einde. Dokter Scheepers kyk hom snaaks hy sê Reg dan e 'n polisieman klop aan die kantoordeur hy sê Ons is haastig as julle wil kan ons môre weer kom dokter Scheepers sê Nee e ons is reg. Goed dan e totsiens meneer Landman ons was bly om jou as gas te hê en is beïndruk deur jou vinnige herstel die juffrou en die meneer glimlag weer soos op die eerste dag. Die polisieman sê Kom saam Boetie hy sê Siegfried die polisieman bly stil. Hy stap moeilik agter die polisieman aan. Hulle is by die bakkie die man sê Klim agter in moet nou nie 'n fit kry of die hele plek volkak nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## IV

Die polisiebakkie is nat op die vloer hy staan gebuk hy druk sy hande teen die dak sy nek is skeef teen die dak net sy voete is in die nat sy kop druk hom vas teen die dak. Die polisie ry vinnig hy skuiwe rond agterin hy kan nie sien waarheen hulle ry nie. Plant rol rond op die vloer die grond val uit. Die bakkie stop vinnig hy stamp sy gesig teen die voorkant van die hok die polisieman maak die deur oop Uit. Hy vat lank om uit te klim dis baie glad die polisieman vat sy arm en trek hom uit hy val hy stamp sy knie. Waar's Plant. Hy begin weer in klim agter Plant aan die polisieman trek hom aan sy broek terug hy kry Plant helfte van die grond is uit. Die polisieman sê Kom hulle stap oor die pad na die polisiestasie toe. Die polisieman lyk soos 'n prent van 'n polisieman. Blou en styf en regop. Die polisiestasie het ook 'n blou lig voor soos die eerste een maar hierdie een het groot mure rondom en net 'n klein hekkie waar mens kan in daar is 'n klein venstertjie in die hokkie daar kan 'n wag sit en kyk maar daar is nie ene nie. Hulle stap by die hek in agter die mure is die stasie 'n groot gebou met baie vensters en vierkantig. Op die grasperk voor is klomp mense wat rondstaan party lyk soos polisie ander lyk nog kwaaier party lyk net dronk. 'n Man gryp hom en skree in sy gesig die skerp tande raak aan sy wang die polisieman trek hom weg. Hy voel nog deurmekaar hy wens hy was in sy bed in die hospitaalskool dan kan hy net lê en wag tot hy nie meer so voel nie nou moet hy tussen al die mense in hy kan nie eens reg stap nie. Daar staan 'n man wat nie regtig staan nie hy hang aan die vlagpaal die vlag hang nog daar al is dit aand sy pa sê mens moet die vlag stryk as dit aand is anders kreukel dit hierdie vlag hang net daar dis nie gekreukel nie dis baie lelik die kleure pas glad nie bymekaar nie. Hulle hang seker dié ene daar as dit aand is dan kan niemand dit sien nie. Die man wat hang teen die vlagpaal het boeie aan hy is om die vlagpaal vasgebind. Hy kyk vir hom hy lag baie hard. Hulle is by die deur dis skuifdeure wat sommer net oopgaan as mens naby kom soos by die mol miskien is hier ook winkels of iets dis hoekom al die mense so rondstaan en wag hulle weet nie die deure gaan sommer vanself oop nie. Die polisiestasie is mal. Die mol was mal met die spieëls en gangetjies die polisestasie is nog maller. Daar is nie so baie spieëls nie want die mense is hier baie leliker as by die mol by die mol was net mooi mense en skoon mense hier is nie spieëls nie maar daar is gangetjies en te veel mense. Mense skree en vloek een vrou sit en bloei op die bankie teen die muur. Die polisiemanne hardloop orals

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rond die man wat hom gebring het sê dis die deurmekarste aand wat hy nog ooit gesien het. Hy sê Alles is besig om op te fok. Hy sê Die einde is naby. Hy sê daar was 'n drakbas en almal het begin te skiet sommer net daar in Seepunt. Hy sê hy moet net daar sit op die bankie langs die vrou dan sal hulle hom help as alles onder beheer is hulle het nou almal nodig. Hy sê hy sal help die polisieman lag hy sê Ons sal jou kom roep as ons dit nie meer self kan handle nie Rambo. Hy sê Waar is oom Bert die polisieman sê hy weet nie van Bert nie maar hulle sal hom help as hulle kan so bietjie later hy sê maar hy moet nou na oom Bert toe hy is al baie laat die polisieman draai vinnig om hy skree Later. Bly net daar sit en bly uit die pad uit ons sal sien wat ons kan doen sy walkie talkie lui hy sê God hy hardloop buitentoe. Hy gaan sit langs die tannie wat bloei op die bankie. Die tannie is arm al haar klere is geskeur sy bloei in die gesig daar is 'n sny op haar voorkop hy sien dit deur die verband die verband help nie sy moet 'n groepsverband kry. Hy kan nou bietjie sit hy kon nie sit agter in die polisiebakkie nie hy voel nog baie dom sy bene bewe as hy loop dan maak hulle hoendervleis die hele tyd. Hy voel hoe sy bene sommer weer aan die slaap raak soos hy sit. Die tannie sê Wavoo is djy in hy sê hy is oppad na sy oom toe want die hospitaalskool sê hy is nou herstel maar hy's nie 'n kar nie. Die tannie huil skielik dan loop die bloed en trane so in verskillende riviertjies op haar wange sy sê hulle het haar boytjie vanaand uitgevat hy sê Waarnatoe die tannie huil sy sê Dis die gengstes die boytjie het net ga kyk wa aanga en toe skiet hulle hom daar in die pad faktap soos 'n hond so vol gate. Hy weet nie wat om te sê nie sy is baie hartseer. Hy dink bietjie hy sê Wat van die sny Tannie die tannie huil net. Sy pa sê altyd mens vat nie net aan mense nie veral nie vreemde mense nie moenie verbaas wees as hulle jou donner nie. Maar die tannie lyk baie hartseer hy vat aan haar voorkop so onder die verband op haar voorkop hy maak sy hand oop so waaier hy vee die bloed af meestal die wat al hard is dit loop nie meer baie nie dit help nogal. Die tannie hou op met huil. Sy kyk op en in sy oë in dan haal sy sy hand van haar af. En sy vat sy hand in haar hande sy kyk daarna en vat daaraan sy hand is vol van haar bloed sy hou sy hand vas en vee daaroor sy glimlag sy vee met haar ander hand van die trane weg met haar ogies so toegedruk sy kyk weer vir hom en sy hand sy sê Dja my boytjie so vallie dais mar. Daar kom drie polisiemanne in een van hulle is Mokkie hy kou pepermente. Hy en twee ander polisiemanne trek so dronk ou in wat ook nie skoene het nie die polisieman by die deur sê Ons het nie plek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hier nie Boys daar was bietjie van 'n fokkop in Heroldstraat Mokkie sê Dan gaan gooi ons hom maar weer af waar die donner vandaan kom daar's ook nie plek by ons nie Mokkie sien hom sit hy knipoog hy sê Dag Meneer. Net soos Mokkie dit sê kom ander polisiemense verby een vet een sê Wat sit julle hier kom staan in 'n ry julle kan nie net hier sit nie daars die klagtekantoor daar's die ry die man trek hom op hy trek die tannie op hy sê Kom kom toe stap hy uit. En nou staan hulle twee daar. Sy bene slaap nog. Daar anderkant is 'n ry mense party van hulle sit ook net rond daar staan so lui polisievrou agter die toonbank. Skielik is daar 'n klomp honde daarbinne dis polisiemanne en honde hulle hardloop tussen die mense deur by die groot deur uit. Hy en die tannie staan in die ry en wag die een ou wat voor hom staan het 'n mes in sy broek se belt. Siegfried staan en wieg hy kan nie reg staan nie. Die polisieman wat hom hiernatoe gebring het kom by die deur ingestap hy praat met 'n ander een wat 'n groot Alsatian in sy arms dra hy sê Ek trek sommer Zimbabwe toe. Dit kan nie erger daar wees nie. Daar's die rand nog iets werd. Die Alsation huil sy een kant is nat die polsieman se hand is vol bloed. Die vrou agter die toonbank wys vir die tannie met die verband sy moet vorentoe gaan sy sien seker die tannie is hartseer die tannie hou sy hand vas sy trek hom saam met haar vorentoe in die ry af hy trip homself met sy eie voete dan is hulle voor. Die vrou agter die toonbank lyk of sy nie slaap nie haar oë is rooi daar onder haar oë is dit dik en swart. Wat is u klag mevrou sê sy die tannie begin huil sy begin so mompel van haar boytjie die vrou kyk vir hom en skud haar kop sy sê Wat is fout Meneer hy sê Dis die tannie se boytjie wat dood is so faktap geskiet en ek moet na my oom toe gaan die vrou kyk weer vir die tannie sy kyk vir hom. Iemand agter hom stamp hom die vrou sê Ons sal haar help gaan maar na jou oom toe dankie dan stamp die mense hier agter weer hy gee pad uit die ry uit. Daar agter is die deur die skuifdeur die mense hierbinne is deurmekaar. In die hospitaalskool was alles skoon heeltemal te skoon al die lyne in die gange was reguit en die ligte was te skerp nou is alles te deurmekaar iemand stamp 'n hond blaf almal druk teen hom hier's te veel mense te veel op een slag. Oom Bert is nie hier nie die vrou sê hy moet self na sy oom toe gaan op sy eie. Waar's Plant. Daar is die bankie hy buk om Plant op te tel sy kop draai baie hy is nog nie reg nie miskien moet hy net vars lug kry sy pa sê vir sy oom Dirk na baie Napoleon hy moet net vars lug kry hy is ook nou dronk. Hy tel Plant op Dag Plant daar is bietjie van die tannie se bloedtranewater op een van die blare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy vee dit met die agterkant van sy hand af en vee dit aan die grond in die bakkie af. Plant staan uit die dood uit op amper. Hy's nie soos mense nie hy kort net bietjie water so af en toe. En daar staan die tannie met die verband om haar kop met die kroes haartjies wat so bo uitsteek met die grys kolle in haar hare die tannie met die baie trane. Ou mense is altyd so tranerig en seer hy wil nie so oud wees nie. Hy is in die nag die koue wind waai deur sy hemp.

*

Hy is in die straat. Al die geboue is dieselfde al die verskillende dieselfde. Aan die oorkant van die pad is 'n fabriek al die vensters is uitgegooi al die ligte is af die een muur is stukkend geslaan. Anderkant is opmekaargesitte woonstelle hoog in die lug in met gordyne en handoeke en broeke wat uithang. Oorkant die fabriek is 'n oop veld hy gaan soontoe en grawe bietjie grond uit sy hande grawe reg vanaand. Met al die koue is sy hande nie so seer as hy grawe nie sy naels het al bietjie gegroei. Twee karre met baie ligte stop by die polisiestasie. Hy grawe dieper dat hy by die grond uitkom wat nie net stof is nie wat sagter is hy maak 'n hopie. Hy maak die hopie los dat daar nie klonte in is nie en gooi die grond by Plant hy druk dit vas. Hy wens hy kan aanhou grawe tot dit 'n groot gat is dan kan hy daarin gaan lê so opgekrul en homself toegooi met die grond dat hy nie meer koud is nie. Dan kan hy gaan slaap in die grond maar nog nie nou nie. Hy kan nie nou al in die grond gaan lê nie hy weet hy moet nog 'n entjie aangaan. Hy moet aangaan na oom Bert toe. Nou nog bietjie water. Hy gaan na die fabriek toe deur die gat in die heining. Hy stap om die fabriek dis nie baie groot nie om 'n hoek daar lê iemand en hoes en opgooi. Dis 'n ou man hy ruik na pis die man sê iets hy weet nie wat nie daar om nog 'n hoek is 'n kraan hy tap bietjie water in nie te veel nie net reg dan kyk hy waar is die man wat so lê hy sien hom dan hardloop hy so draai om hom. Die man skree goeters en hoes hy hardloop vinnig aan hy kyk dat hy nie trip nie. Hy is weer in die straat hy stap af in die pad. Hy stap daar na waar die baie ligte is waar oom Bert bly. Hy moet weer by die reuse uitkom hulle sal weet waar hy is. Hulle praat met Pa se stem. Hy stap nog so end tot hy moeg raak dan stap hy stadiger daar kom 'n vrou aangestap nie so oud nie seker so oud soos amper sy pa met 'n kort rokkie aan en blonde hare al is sy bruin met rooi lipstiek en 'n groot handsak. Sy sien hom sy stap oor die pad na hom toe. Haar rokkie is swart. Hier is nie ligte nie nie eens karre nie sy is by hom. Hy wil hardloop maar sy hart

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en sy bors pyn van al die aanhou hardloop. Dis net hulle twee heeltemal alleen. Sy sê Het meneer 'n siegret hy sê Nee ek mag nie eintlik nie hy wil stap haar arm keer hom sy sê of hy wil opkom na haar flat toe dis 'n Engelse woonstel hy sê Nee Tannie ek gaan na oom Bert toe sy glimlag sy sê iets van lawwer hy wil nog vra wie is laf sy vat hom sommer so op sy tôtie haar hand vryf so daar oor sy broek dan spring dit op. Sy lag vir hom hy hardloop met die groot tôtie in die straat af weg vir haar. Hy hoor ver hoe sy lag en lag dit maak eggo's in die pad af al agter hom aan.

*

Die maan is groot dis amper volmaan alles is helder in die lug dat hy nie sterre kan sien nie. Waar is Orion vanaand. Sy pa sit altyd op die stoep en kyk na Orion as dit 'n oop aand is wat omtrent altyd is sy pa sê dis van al die mooiweer dat die woestyne daar is. Sy pa wys hom waar is die belt en die swaard en die boog en die rooi kop en die voete en hoe Orion eintlik onderstebo is want dit was sy straf sy pa vertel hom van Orion wat nou altyd daar moet hang oor die vrou waarvoor hy sommer uit die hemel geval het. Sy pa sê Dis wat jy kry as jy speletjies met die Here speel of sy pa sê Dis wat jy kry met vroumense. Hulle hang jou so onderstebo. Al is jy 'n engel hy en sy pa is nie een 'n engel nie. Orion is 'n storie in die lug. Hierdie lug is nie vir stories nie.

*

Hy loop teen 'n bult op van gras na die pad waar die karre ry. Hy stap op die rand van die pad. Die karre maak winde as hulle verby hom jaag hulle ruk hom amper in die pad in dan sal hy plat wees. David het vertel van 'n man in Stellenbosch wat 'n ander man omgery het en toe hy by die huis kom is daar 'n halwe lyf agter op die sitplek met net 'n maag en arms en 'n kop die res van die man was nog daar in die pad. Hy is bang hy word ook 'n halwe mens met al die karre wat so vinnig ry met hulle skerp neuse wat mens maklik sal sny. 'n Kar stop agter hom hy wil eers hardloop toe kyk hy dis 'n taxi daar is 'n man voorin wat net tande is wat skyn in die donker. You want a ride sê die tandeman hy sê Ja die man sê Where to hy sê See toe die man sê We're in Sea Point. Only sea we're going is Sea Point okay. Hy sê Rait dis waar die reuse bly. Meeste mense in die taxi is tannies met wit rokkies aan soos nurses en daar is 'n ou oom en nog 'n jong oom en 'n ander tannie wat lyk soos die blonde bruin vrou wat lag met eggo's. Sy het ook sulke klere aan maar haar hare is regtig. Hy vra wie gaan Sea Point toe die blonde vrou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

glimlag net so sy steek haar hand op sy het geel hoëhakskoene aan. Die ou oom sê Daar's milde weiding dan lag hy. Hy begin net vir die ou oom vertel van oom Bert toe kyk die oom na sy hande hy spring op in die taxi die bestuurder draai om hy skree hy moet sit die taxi ry heel oor die wit streep in die pad. Die een nurse sê Wat's dit nou Bokkie die oom sê Kyk sy hande. Die twee nurses wat langs mekaar sit 'n vet witte en maer swarte sê Kom sit hier tussen ons Pop. Hulle praat met hom hulle vat aan sy hande en vat aan Plant hulle maak grappies. Hulle sê hulle werk by 'n kliniek hulle sê hy is pragtig teen die goed wat hulle elke aand moet sien met af koppe en messteke hulle sê almal wat nog al hulle koppe en arms en bene het is pragtig Pop.

*

Die bestuurder se naam is Driver hy sê sy stop is hier hy stop en hou sy hand vir geld. Hy het lankal nie meer geld nie. Die nurses haal hulle beursies uit en gee hom kleingeld dis vir jou Pop. Hy sê Dankie nurse-tannies hulle lag die vet een lag dat haar maag hop en die bussie hop. Hy klim uit die taxi jaag weg die een band skree

daar is die see.

Daar 'n end af in die pad is die reuse dit lyk of hulle al slaap hulle waai glad nie die branders is stil daar's net so hier en daar nog mense wat rondstap hy sien die bussie stop weer die vrou met die geel skoene klim uit en kyk na sy kant toe sy waai vir hom sy gaan staan onder een van die straatligte by die winkels aan die ander kant van die pad. Orals staan Coca-Cola in die lug en ander name maar hy ken net die Coca-Cola wat so vas aanmekaar geskryf is. By al die kafees staan daar altyd Coca-Cola hy kon dit nie lees nie toe hy klein was nie toe dog hy daar staan Kafee sy pa sê Jy weet wat met Dog gebeur het.

*

Hulle is nog daar in hulle ry in die teer. Poseidon knik effens sy kop Tiamat droom van die goeie ou dae. Hy gaan sit teen Poseidon se voete hy speel met 'n papiersak hy wil 'n valskerm maak hy soek net tou en 'n klip wat soos 'n mannetjie lyk. Swem Ma daar in die donker vra hy Poseidon sê niks.

*

Hy sit saam met sy pa in die bakkie en kyk hoe OuBen en die ander die skape injaag in 'n nuwe kamp wat nou weer bossies het om te eet. Sy pa sit en kyk in die verte hy vertel hoe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Siegfried se ma kon swem sy was ’n WP swemmer dan kyk hy weer weg daar doer. Hy sê hy en Siegfried se ma het op Hartenbos mekaar gesien vir die eerste keer sy pa en haar pa het karavane gehad wat naby mekaar gestaan het in die kamp hulle het elke vakansie saam gespeel in Desember as sy pa se pa van die plaas af padgegee het vir ‘n week tot hulle groot was en nie meer met mekaar wou speel nie sê sy pa. Sy pa sê altyd Jou Ma en nooit haar naam nie hy is bang om te vra sy pa praat nie lekker oor die goeters nie en as hy praat partykeer luister hy baie hard om alles te hoor van sy ma dat hy alles kan onthou hy is bang as hy nou begin te vra vir name en goed gaan sy pa bedonnerd raak en net ophou nou sit en luister hy maar net van Jou Ma. Hy vra of hulle nog die karavaan het op Hartenbos dit klink lekker daar sy pa sê die ding het opgeroes en is weggesleep al lankal. Sy pa sê Hartenbos se water is lekker warm en blou hulle het sokkies en daar is bussies wat roomys verkoop daar is ‘n groot strand waar hy en Jou Ma altyd so langs gestap het en partykeer daar geslaap het by die hoogwatermerk. Sy pa begin net iets sê oor Jou Ma se hare toe neuk OuBen weer op met iets sy pa is daar by die bakkie uit en vloek en gooi klippe toe ry hulle later terug huis toe sy pa sê net niks. Hy sit en kyk hoe brand die ander kamp met die kinders wat tussen die vlamme rondhardloop en slaan met nat sakke dat die spul nie brand buite die grense nie. Sy pa sê dit help om af en toe goed te brand dat dit beter groei. Sy pa sê vuur is mooi en sterk. Hy sit en kyk die vlamme uit die bakkie uit daar is water tussen die vlamme in die lug die lug swem die kinders swem in die vuur.

*

Mens kry hier nie klippe wat lyk soos mense nie al die klippe is fyngemaal en in die teer in. Hy kry ’n stukkie tou hy maak maar ’n gewone klip vas aan die sak sy valskerm is klaar. Hy kan hier speel dis sy plek hier by die reuse op die sypaadjie hulle slaap maar hulle kyk so met een oog wat aangaan. Die see lyk verskriklik swart nog pikgatmoerswarter as die lug swarter as daai stukke lug wat nie eens sterre of Coca-Cola of straatligte in het nie. Die see lyk verskriklik diep as dit so swart is. Hier op die teer is hy ver weg. Waar’s oom Bert vra hy Plant se niks.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## DIE TWEEDE KLAAGLIED VAN WILLEM SMIT

"Utopia is g'n plek; is nêrens. Dis Grieks," sê Meester Jannie waar hy kaalgat homself staan en was onder die brug. Selfs die kamerjas is gewas en hang oor 'n stuk draad om droog te word. Dis warm vandag. En Siegfried is in 'n malhuis, hoor hy by Philip Kat. Hy lê op 'n stuk geel gras; die warm wind is besig om alles rond te waai, die grasbossies, die sakke, die woorde wat heen en weer geslinger word. Hy probeer agterkom waaroor die brommers praat. Hy voel siek. Van die brandewyn? Melankolie? Melankolie is 'n luukse, brandewyn 'n kruis. 'n Paar reëls uit 'n vae verlede; wie ore het moet luister: "Hierdie is die Grysland my broers. Hier teen die dakke en skoorstene blink die son, soos in 'n leegeloopte swembad op bottelskerwe en geroeste sink." Hy sug en draai sy rug op die ander twee as hy kots.

Siegfried in die malhuis. "Malhuis sê jy. Was maar seker altyd dit of die dieretuin." Hy lag, en begin, na die gebruiklike hoesbui, snik.

"Jy gaan haal hom." Meester karring weer waar hy wat Smit is nie sommer mense laat karring nie.

"Ek's klaar met idiote. Opgeneuk en uitgespoeg."

"Jy praat soos jy suip, heel deurmekaar." Meester lag en kom lê langs hom en ballasbak. "Jy ken nie BlouKobus nie," gaan die oue voort. "Ek en hy ons raak saam groot, en Kobus ry die bloutrien. Een keer te veel, mis hy die laaste stasie. Hulle laai hom op, vat hom weg. Kobus hy laaik van suip maar nie vannie pille wat hy moet sluk nie. Hy sê daai issie sy trip nie. Daai dokters hulle shock hom simpel. Toe hy terugkom toe praat hy net van al die skibote wat hy nou ewe het, sulke stront, niemand ken hom meer nie. Kobus was gone. Uit homself uit geshock. Hulle kon 'n kar start as hulle die jumper leads aan sy ore knyp. Moertoe gone."

"Die meister is reg," kom Kat ook nog tussenin. "Niemand worry oor daai type plek nie. Die goverment hettie geld vir elke ou se groendakkies nie. Niemand kyk wat daar gebeur nie. Net die Kat kyk. Hy sien alles. En as jy nie luister nie dan shock daai ouens jou dat jy toast annerkant uitkom. Almal kyk annerpad, dis die cops wat die manne daar gaan aflewer wat hulle nie wil court toe vattie. Hulle sê jy het noggie gecrime nie mar jy gaan so ons pak jou solank weg. Jy moet luister, Oudste praat sense."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ruspes volg altyd 'n leier. As hulle in 'n kring loop, volg almal die agterste een." Sy teenaanval land op dowe ore.

Philip Kat lag en spring op sy fiets. Hy is laat vir een van sy 'sessions' soos die katgeraas deesdae genoem word. Zenn het hom oortuig dat dit 'n periferale kunsvorm is. Hy kan nie langer na Meester se gekerm luister nie. Hy is dronk, hy weet dit, en wil alleen wees. Dinge om uit te sorteer. Hy voel tranerig; hy wil nie daar voor die oue sommer aan die tjank raak nie. 'n Ent se stap sal hom goed doen.

Dit klink hom die paddaman is nou in 'n nare plek saam met 'n klomp ander brommers, 'n plek wat net aan die gang gehou word deur 'n siek gemors wat hou daarvan om baas te speel oor idiote. Slegs hier as innocent bystander, thank you very much. Klaar met Siegfried. Klaar met skimmelwebbe.

En watse naam is Siegfried in elkgeval? Seker een van die ou familiename wat soos mutasies of psigoses elke paar geslagte sy kop uitsteek in hierdie ingeteelde volkie.

Die drommel sit nou daar op 'n staalkateltjie met 'n spoegdraad by sy mond uit en genoeg pille in hom om 'n perd te laat omkap. In 'n plek waar die sterkes, die onderwysers in 'n Auschwitz-laerskool, net sterker word deur die swakkes te eet. Hoe moet die stommerik vir mense vra wat hy nodig het, hoe eenvoudig ook al, as hulle nie wil hoor nie. Hoe lank sal dit wees voor hy op daardie Skokbed moet gaan lê.

Die mannetjie is mos nie gemaak vir hierdie tipe ding nie. Hy's ook maar 'n maaksel van sy plat wêreld. Meeste wat daaruit kom is net uit die klip gemoer sonder die gekunstelheid van 'n Michaelangelo. Net 'n paar arms en bene met 'n kop op breë skouers sal doen. Hoe meer tierlantyntjies, hoe makliker breek hy. Maar Siegfried het spesiale aandag gekry by die Klipkapper wat eerder maar by klip moes bly. Maar nou het ons mos te make met 'n kunswerk, donners periferaal, meer kwesbaar omdat die klip hier en daar sand en toe modder moes word om fyner werk te doen, om beter lyne te vorm. Modder is bros, breek maklik. En in daardie plek gaan dit nie lank wees voor hulle hom heeltemal opfoeter nie. Hy kan al Siegfried in die hemel sien sit met sulke belaglike klein vlerkies en agterna sanik terwyl die engelekoor FAK-liedjies met harpbegeleiding sing.

Siegfried moes maar eerder in sy ma se lyf bly swem het. Hy kyk om hom rond en weet glad nie meer waar hy is nie. Die son brand sy kop, die hele spul draai. Hy moet maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omdraai en kyk of hy weer iets bekend raakloop. Meester het hopelik weer sy stinkjapon aan.

Ja, arme Bliksem, dit sou seker maar beter wees vir jou as jou pa-hulle gemaak het soos die vadere van onse vadere en jou in 'n skoenboks onder 'n vyeboom in die agtertuin begrawe het. Dit is seker nie altyd so lekker om rond te val tussen goed wat jy nie kop of gat van weet nie. Jou pa het darem probeer. Jy moet toegee. Jy was nie 'n volstruisidioot in sy kelder wat op Sondae bietjie kon gaan rondloop nie. Hy wou jou 'n normale lewe gee.

Hoe's dit om soos hy te wees? Om nie te kan skryf nie, om nie te kan praat soos ons wat oor enige twak 'n monoloog kan afstuur nie? Hoe voel dit as dit so onmoontlik moeilik is om die eenvoudigste ding uit te druk in 'n verstaanbare taal, om die ingewikkelde dinge daarbinne maar net vir jouself te hou, met net 'n af en toe se flikker in die oog wat 'n dieper waarneming verraai? Hoe voel dit as beweging in taal nog moeiliker is as beweging in 'n stukkende lyf? Dronkverdriet en melodrama; glad trane in die oë. Hy sal nou soos 'n kind aan die tjank kan raak oor elke dooie kat langs die pad. Dis nou seker maar alles jou probleem, ou Maat. "Ek's afgetree uit hoederskap, ek gaan nou my eie einde skryf in my eie kots," sê hy vir die naaste lamppaal.

Hy dink aan al die stories wat die mannetjie se pa hom gevoer het. Hy is te swak vir enige draak. Geen sprake van 'n epiese stryd in hierdie stad vir hom nie, net vernietiging lê voor. Maar dan soek mens tog altyd vir 'n laaste vae spoor van edelheid in enige tragiek of absurditeit waarvan jy die toeskouer is. Hy dink aan moontlike koerantopskrifte van die 'Edele slagoffers' van motorongelukke en oorlewendes van 'Epiese verkragtings'. Hy grinnik hardop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# 4

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# I

"Ek is Georg Fafner," dink hy, "en ek is 'n produk." Hy sien die skare effens versteurd rondkyk, na mekaar, na hom. Hulle verstaan nie wat aangaan nie. Maar duidelikheid sal hy hulle nie gun nie. "Julle het my gemaak. Ek is julle gestolde genetiesgemanipuleerde saad, opsoek na my moeder." 'n Dramatiese pouse. "Om haar te verkrag." Nog 'n pouse. Die skare snak na haar kollektiewe asem. "Na my vader. Om sy keel oop te sny." Die skokkende openingseffek word hier effens te ver gevoer, voel hy. Te veel Oedipus, te min oorspronklikheid. Hy soek iets wat sy eie is. Hy sal die vadermoord moet skrap. Die radikale nuutheid sal opsigself sorg vir die gewenste skok. Dit is egter duidelik dat hy nader beweeg aan die gewenste eindproduk. Die filosowesteen van woorde. Woorde wat goud sal word in sy mond, wat hom die ewige lewe sal gee as ikoon. Hy steek 'n sigaar op, 'n dramatiese beweging van sy arm waarvan net hyself toeskouer is. Die steeg buite die verlate fabriek ruik na kak. Hy gaan binnetoe en slaan die staaldeur toe. Dit was nie werklik 'n goeie openingsekwens nie. Hy soek iets wat die luisteraar dadelik sal intrek. Sy woorde bly vervreemdend. Wat hy soek is 'n paar frases wat hulle van die begin af op hulle voete sal hou. 'n Chroniese geklap van duisende hande en 'n grootse besef: "Ek is Georg Fafner. Welkom in my wêreld."

*

'n Groot kaal kop wat skyn in die maan 'n hand op sy skouer het hom wakker gemaak dis nog donker. Daar staan 'n man oor hom gebuk. Hy is groot met 'n wit kop. Die man bekyk hom hy glimlag met dun lippe wat rooi is. Die witkopman steek sy hand uit met 'n dik handskoen aan nes die mense wat die drade span hy hou die hand uitgesteek. Die man wil hom help opstaan dis hoekom hy sy hand so in die lug hou. Dit lyk snaaks so of die man gevries is of hy nie lekker weet wat om volgende te doen nie. Hy help die man hy gee hom sy hand die man trek hom vinnig op hy gryp Plant daar val alweer grond uit. Die man is sterk. Sy arms is hard. Die een reus buk af in die wind om te sien wat aangaan. Kaalkop loop na 'n wit bussie wat teen die randsteen staan. Dis amper soos die taxi maar dit het nie vensters in nie dis net wit. Die vensters is geverf. So wit soos die groot man wat swart klere dra. Die klere lyk nat dis leer. Hy het seker sy eie taxi of baie taxi's leerklere is duur. Sy pa het net een leerbaadjie hy dra dit net as hy veiling toe gaan as hy by die huis kom trek hy dit uit en hang dit in sy kas op. Die kaalkop se klere lyk soos soldaatklere net van leer leerbande om sy arms gevou om sy arms te beskerm soos die mense wat die honde leer klomp gespes en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belte klomp klein sakkies orals. Hy het groot stewels sy voete is seker net so groot soos syne die swart stewels kom tot amper by sy knieë toe op. Die man maak die agterkant van die bussie oop met sy een hand en trek hom met die ander hand wat hom nog altyd vashou in die bussie se agterkant in. Die man se arms is sterker as sy eie hele lyf. Kaalkop is kwaad hy was dom om sy hand te vat dis nou te laat. Hy ry nooit saam met vreemde mense nie anders sal sy pa hom donner. Daar is 'n groot Dobermann in die agterkant wat staan en kyk vir hom en niks anders nie nie eens daardie swart oë knip nie. Dit lyk soos gate mens kan daarin val. Die deur slaan agter hom toe hy is in die donker in die bus saam met die hond met die skerp ore klein horinkies. Die hond is baie groter as hulle Loki die swart skaaphond wat met hom gespeel het hy wou aande by sy bed slaap maar hy kon nooit nie sy pa sê honde slaap op die stoep anders raak hulle sag. Hierdie hond lyk kwaaier ook sy tong hang nie eens uit soos Loki s'n nie. Loki het altyd goeters uit die huis gesmokkel en dit aangeval en vlenters geskeur sy pa lag net hy slaan nooit vir Loki as hy speel nie. Toe steel iemand vir Loki toe huil almal op die plaas maar net nie sy pa nie hy was net bebliksemd toe dit kersfees is gee sy pa vir hulle twee Alsatians twee bruin kleintjies Balder en Thor. Die bussie ry nogal vinng partykeer val hy rond eenkeer val hy teen die hond die hond grom saggies dit klink erger as hy saggies grom. Hy val weer teen die hond om 'n draai die hond hap vinnig na hom hy byt sy arm hy grom weer sag maar bietjie harder. Hy voel aan sy arm daar op sy spier wat soos 'n muis maak as hy sy arm buig dit bloei hy voel die nat. Hy probeer kyk waar die donnerse hond is hy kan niks sien nie. Hy voel rond hy kry vir Plant. Hy vat aan Plant waar's die donner Plant. Die swart skip is buite die bussie hy hoor die seile gssss in die wind die swart stukkende seile. Hy hoor die donker hond op en af stap en sag grom tussen sy tande deur.

*

Die deur waai oop die monsterhond spring uit hy gaan staan en wys tande. Kaalkop gryp hom aan sy been en trek hom nader hy vat sy arms en en tel hom uit. Dis sy arm wat gebyt is hy bloei maar hy gee nie om nie met die handskoene voel hy nie die bloed nie. Hulle is langs 'n gebou in 'n klein dun straatjie dis donker orals bokse en dromme die mure is net bakstene. Daar is vensters daar aan die bokant wat stukkend is maar dis te hoog om in te sien mense het woorde geverf teen die mure dis snaaks geskryf. Daar is 'n klein ysterdeur wat nie 'n handvatsel het nie in die muur naby hulle Kaalkop klop aan die deur dan staan hy en Kaalkop en die swart Dobermann en kyk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na die deur dis of Kaalkop en die hond weet die deur gaan nou oopgaan dis soos Maak oop Sesame soos in Ali-Baba miskien is hier êrens kroeks. Kaalkop klop weer nes hy klop gaan die deur oop dit skree as dit oopmaak daar is 'n man wat ouer as Kaalkop lyk hy het rooi hare wat baie rooi is amper so rooi soos Maggie dis meer oranje met so 'n koeilek agtertoe gekam teen sy kop dit maak ‘n ducktail aan die agterkant waar die koeilek ophou hy het 'n wit pak klere aan en wit skoene en 'n wit das hy is net so wit soos Kaalkopwitkop hulle werk seker nie baie buite soos sy pa nie. Die nuwe vent staan in die lig hy sien sulke blou aartjies op sy gesig sy vel is half deurskynend sy oë is swart so teen die hare van vlamme en die witblou vel en die wit klere.

Die rooikop man sê Brutus. Kaalkop is Brutus hy knik hy vat sy arm en trek hom by die deur in hy is stadig die man stamp hom vorentoe hy val hy keer met sy arms dat sy kop nie klap nie die hond bespring hom dit het sy een broekspyp beet Brutus maak so geluid soos amper 'n hond of ‘n bobbejaan die hond laat los. Die nuwe vent staan nog daar buite en kyk rond so op en af in die dun straatjie. Die vlamkopman trek aan ‘n kort sigaar hy gooi die as buitentoe dan maak hy die deur toe. Hy vryf sy hande teenmekaar soos as iemand honger is. Vat hom na een van die oop kamers toe. Ek sal later gaan kyk sê die vlamkopvent. Hulle stap in 'n gang af orals is kamers met ysterdeure al die deure is toe die man trek hom nie meer nie want hy sien hy stap saam met hom Brutus glimlag weer so met sy dun rooi mond. Die hond stap agter hom aan hy kan hom nie eens hoor loop nie maar hy hoor die gromme. Dit blaf hy hardloop in Brutus vas. Brutus klap hom hy val die hond is op hom die donnerse hond is slim. Brutus roep hom met daardie bobbejaangeluid miskien kan hy ook nie praat soos die meisie by die brug nie sy was mooi. Die hond hou op Brutus trek hom op. Hulle is by die gang se draai hulle loop links daar is 'n deur wat bietjie oopstaan Brutus staan by die deur hy swaai sy kop na die deur toe sy kop blink onder die lig wat hang dis net 'n gloeilamp sonder 'n skerm hy swaai weer sy kop hy sê eintlik hy moet nou ingaan in die kamer in hy is bang. Brutus trek hom aan sy arms in die kamer in hy maak die deur met sy voet toe en druk die grendel in dat dit gesluit is van buite af. Hy is alweer in die tronk. Daar is niks om aan te dink behalwe jou simpel seer nie. As hy buite is of in plekke wat vol goeters is dan voel hy deel van die goeters wat nie sy lyf is nie dan is sy lyf net 'n stuk van die hele plek maar in die tronk is alles kaal mens kan aan niks vat behalwe mure nie dan het jy net jou lyf. Dis 'n groot kamer met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

glad nie eens 'n venstertjie êrens nie 'n ysterstoel 'n ysterbed met 'n matras vol knoppe 'n grys kombers dis al. Sementvloer. Pannetjie.

*

Buitekant is die swart skip van hout en die seile geskeur en slierte. Die swart skip is die Vlieënde Hollander met swart seile nie die bloedrooies soos in sy pa se storie nie. Binnekant is die swart skip yster en hol alles eggo alles is leeg en lek pype gorrel ggrll vure brand klein in die hoekies. Donker en yster en nat en leeg en bangmaakgoeters wat wegkruip en net geluide maak van ver af dis die swart skip. Hierdie fabriek is die swart skip. Die swart skip is nie meer 'n storie in sy kop nie. Hy is in die swart skip. Alles is regtig.

*

Hy tap 'n glas vol water en stap na die nuwe een se sel toe. Na een sluk van die water spoeg hy dit uit en gooi die glas stukkend. Hy sal iemand moet stuur om nog gin te gaan koop. Hy hoop Brutus het nie alweer een opgelaai wat hulle nie kan gebruik nie. Soms wonder hy of hy nie die goed oplaai om hulle skuiling teen die storm te gee nie. Maar hy weet tog, al praat hy nie. Hy weet hier is geen skuiling nie. Brutus het met sy groot hande al flappende sy teken vir 'n duif gemaak toe hy die nuwe een gaan opsluit. Het hy vir hom sy Assisi gevind? Dis moeilik om van die goed ontslae te raak deesdae, veral omdat hulle nog 'n maand in Woodstock sal moet bly voor die geld genoeg is om êrens anders 'n skuur of fabriek te huur. Hy soek nie nou onnodige aandag nie. Die fabriek is die perfekte ruimte vir sy projek. Hy het baie ruimte nodig en iets wat sal pas by die toneel. Hy soek staalpype en ou masjiene wat orals rondstaan. Die industriële hel. Dante in 'n fabriek. Dit gaan op die oomblik sleg. As dit nie was dat die plek in elk geval binne twee maande gesloop sou word nie, sou hulle nooit die huur kon betaal aan die betrokke veramerikaansde bende nie. "Geweld sonder 'n kultuur van sy eie, dames en here. Gefranchisede geweld en dwelmsmokkelary." Hulle kon die plek huur vir byna niks. Niemand anders wou 'n verlate, hopelose fabriek vir so kort periode hê nie. Caesar blaf. 'n Rot, een van die goed wat te veel raas. Die hond sal uitgesit moet word as Brutus hom nie meer kan beheer nie. Die twee is deesdae te gemaklik met mekaar. Mens moet nooit 'n hond vir meer as 'n jaar hê nie, dan verloor hy respek. Dit geld selfs vir die grote Brutus. Die groot sondebokorator wat in hierdie eeu, in hierdie inkarnasie, nie eens 'n tong gegun word nie. Hy kan nie meer onthou hoekom hy juis daardie naam gekies het vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot idioot wat die ander in bedwang moet hou nie. Maar dit laat hom steeds lag. In sy wit mou.

*

Hy sit in die donker op die bed. Daar is 'n gedrup karre jaag. Netnou het 'n vrou geskree die hond het begin blaf dit eggo in die gange dit klink saam met die tannie se skree soos lelike musiek. Dit drup alweer hy begin dink aan pis. Hy maak sy voete toe onder die kombers op die bed dan gaan hy langer uithou sy pa sê as jou voete koudkry dan maak jy maklik 'n gemors. Die sement is koud dit voel nat al is dit nie die grond op Doerkyk is nooit so koud nie behalwe as dit ryp maar dan stap mens nie so kaalpoot rond nie sy pa sal hom heel simpel donner as hy so onnosel is. Sy pa sê hy weet van beter. Dis donker Plant sal nie kan groei in die donker nie hy weet van die son wat alles aan die gang brand soos 'n enjin sê sy pa. As Plant by die reuse was dan het hy nou nog gegroei nou sal hy nooit so groot word soos hulle nie net so 'n dwergplant so klein pikkie bly. Hier kom mense verby skoene en kaalvoete goed wat sleep slakke goed wat afhop in die gang. Is dit 'n hospitaalskool. Miskien bly dokter Scheepers hier regte mense sleep en hop nie so nie. Daar stap 'n ding verby nou klink dit soos 'n perd maar nie klipklop met die hoewe nie net soos die perd se bene maar met gewone voete wat sag is miskien is dit 'n perd met regte voete en tone en alles. Gotta hulle moenie die deur oopmaak nie hy wil nie die goeters sien nie hy kruip onder die bed in op die sement toe is daar net so Kwêê by die deur hy bepis homself wat soek die voëlvrou hier. Hy klouter onder die bed uit weg uit die pis uit hy sit op die bed met sy pisvoete nou sit hy en kyk na die deur die goeters gaan nou-nou hier inkom dan moet hy reg wees. Die pis ruik suur. En êrens ruik hy die see.

*

Fafner maak die nuwe een se deur oop, die reuk van pis slaan in sy neus op. Hy kyk na binne, sit die lig aan. Daar sit 'n man op die bed. Net 'n man, geen frats. Hy stap nader tot min of meer in die middel van die sel, steek 'n sigaret op, hierdie is meer 'n sigaret as sigaaroomblik. Hy vee sy hare terug, trek diep aan die sigaret.

"Staan op." Kalm maar gebiedend. Hy hou daarvan as sy stem saamspeel. Die intonasie moet perfek wees. Die gewenste uitwerking word verkry. Hy sien die vrees in die ligte oë, die effense verstrakking om die mond. Die man kom stadig orent en gaan staan bo-op die bed.

"Op die grond!" Daar verloor hy die kalmte. Die mannetjie het hom uitoorlê deur iets onverwags te doen. Stadig klim die frats af en staan op die vloer. Daar is 'n groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

swart kol voor op sy broek. Hy kan nie help om te glimlag nie, alhoewel hy hoop dit wys nie te veel nie. Dun lippe gee gouer emosie weg, so hoor hy.

Dan sien hy die webbe. Die hande en die voete, die lang, elegante vingers, die groot plat voete. Dit is perfek, die hele ligaamshouding, effens vooroorgebuk, asof van die een of ander metafisiese las. Die ligte hare, die oop gesig, maar sonder enige sterk trekke wat aan hom 'n edele gelaat sal gee. Perfek. "My Fransiskus."

Die man lig sy kop effens, kyk hom in die oë. "Siegfried," sê hy, dring hy aan op sy naam; 'n vertraagdheid wat maklik in die toneel as nederige trotsheid gelees kan word deur 'n oplettende, maar nie oorkritiese gehoor.

"Welkom Siegfried, vriend van die diere." Hy begin sy tevrede lag, maar wat hy hoor is 'n skril gegiggel. Hy staak dit so gou moontlik. Dit gebeur skaamtelik baie dat in tye van groot opwinding hy hierdie giggel onwillekeurig loslaat. Hy trap die sigaret dood in die middel van die ommekeer en is uit by die deur.

*

Hy lê uitgestrek op sy bed in wat hy sy kantoor noem. Bo in die hoek van die massale produksievloer is 'n kubus van tien by tien meter met 'n steil staal trapleer wat ses meter in die lug op loop na die ysterdeur wat altyd gesluit bly, of hy daarbinne is of nie. Die kantoor het 'n groot venster met blindings wat uitkyk oor die produksievloer, wat nou as teater optree. In die een hoek van die venster is die kollig waarmee hy self die beligting behartig tydens die opvoerings. Die tonele waarin sy versameling menslike fratse optree tot die vermaak van 'n vreemde mengsel van die menslike spesie, 'n mengsel met die een aspek in gemeen dat hulle hulself gewoonlik nie as fratse sien nie. Die tonele word begroet met angs, gille en gelag en hier en daar 'n meisie wat in haar dronkenskap histeries begin huil. Nou is die produksievloer verlate en donker. Die geroeste masjiene staan onder stof en orals kan die gedrup van 'n lekkende masjien of dak gehoor word. In die konkas smeul die kole van gisteraand.

Die bed is die enigste meubelstuk wat altyd saam met hom trek. Hy hou daarvan om sy nagtelike gaste te onthaal op die gotiese bed van gietyster. Langs hom op die bed lê 'n kaal meisie, êrens tussen vyftien en agtien, op haar rug. Sy snork effens. Hy maak seker die rubberband is stewig vas om haar dun arm, klop met twee vingers op die binnekant van die elmboog vir 'n aar en druk die naald versigtig in. Sy wil omdraai in 'n droomlose slaap, maar hy druk haar skouer met sy vry hand op die bed vas. Die naald is uit; sy maak klein bewegings in haar slaap. Hy vryf met een vinger oor haar mond. Sy glimlag in haar slaap. Hy druk sy hand oor haar neus en mond totdat sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin spartel. Hy neem sy hand weg. Hy bind die rubberband om sy eie arm en maak die naald vol. Dit amuseer hom altyd om te sien hoe sy eie bloed eers die inspuiting binneloop en begin meng met die liggeel vloeistof voor dit alles saam, 'n mutasie, 'n nuwe vorm van lewe, weer sy are binneloop.

Hy lê en kyk na die mure van die kantoor, die fotokopieë van Bosch-skilderye met wondergom tussen geroeste pype en oor toegespykerde vensters geplak. Hy glimlag vir die figuurtjie gekruisig op die resonansgat van die lier; die lydende kunstenaar. Duitse industriële musiek speel in die agtergrond. Hy hou dit sag, hy wil haar nie nou wakker maak nie. Vanaand sal hy die volume opdraai as die poppie begin speel. Die atmosfeer word verder verbeter deur 'n oop rooi gloeilamp wat aan die dakwaaier gemonteer is en stadig in die rondte draai. In die een hoek, bo 'n stukkende wasbak en 'n kraan wat chronies drup, is daar 'n plakaat van 'n kaal Barbiepop met die woord *Hoer* op haar maag geskryf in wat lyk soos pers lipstiffie. Hy kan nie onthou of dit sy werk was of een van sy gaste s'n nie. Op die toiletbak is 'n poskaart van Kate Moss wat met leepoë op 'n soortgelyke toilet sit met die frase *I'm so fucking beautiful* bo aan in pienk geskryf. Die meisie het dit gisteraand hier aangebring saam met een van haar vriendinne en 'n klomp vreemde pille wat haar vroeg die aand laat flou word het. Die vriendinnetjie was meer braaf, maar toe sy na vele vreemde wedervaringe met hom naar geword het, is sy uitgegooi. Brutus het dit met vreugde gedoen. Die reus het 'n vreemde, vervormde moraliteit en weier min of meer alles wat hy hom aanbied, of dit nou vroulike, manlike of chemiese geselskap is.

Met sy kop gestut in sy hand, die ander hand op die meisie se maag, kyk hy na die *Skip van Dwase* van Bosch. Een van sy gunstelinge. Niks kom egter by *Die Laaste Oordeel* nie, maar dit hang agter hom bo die bed. Dit moet die eerste objek wees wat iemand wat sy kamer binnekom, opmerk. Hy het self al probeer skilder, maar dit is baie krities ontvang tussen selfs van die meer eksperimentele kennisse in die kunswêreld. Hy wonder nie meer baie daaroor nie. "Alles word as esteties gesien, niks is meer mooi of lelik nie. Daar is geen standaarde vir beoordeling meer oor nie. Eksotisme is dood, dames en here." Hy begin wonder of die meisie 'n kloon is, miskien 'n masjien. Hy sien hoe hy haar arm oopsny, die drade en sagteware uittrek totdat daar net 'n dun robotarm is wat hy met 'n ystersaag afsny. Hy wonder of sy soos plastiek ruik as sy brand.

Hy vee oor haar sagte hare. Sy is nog 'n mens. En hy het sy Assisi gevind. Hy sal hom binnekort na die saal oorplaas sodat hy sy medefratse kan leer ken. Hy plaas die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuwelinge eers vir ’n tyd in ’n enkelsel in die donker, om te sien of hulle nie gewelddadig raak nie. Hierdie een lyk mak. Die man met die webbe, ook al half dier, met daardie Ariese oop gesig en lang slank ledemate, ’n groteske sensualiteit, ’n gemuteerde skoonheid. Sal dit die tema wees van die opvoering, sal dit die essensie wees as die pers sou vra? “’n Stryd vir radikale andersheid, juffrou. As daar geen meer Ander”, hy sal die woord moet uitspreek sodat hulle die hoofletter in sy stem kan hoor, “geen meer Ander is nie, bly slegs bloedskande oor. He who lives by the same shall die by the same. A closed circuit.” Dit klink alles goed. Hy maak notas in sy swart lêer vir latere verwysing as die koerante en TV begin bel. Hy sal ’n selfoon moet kry.

*

Die see is ver maar hy voel die sout in sy neus Sproet sê dis die lekker vrotterigheid van bamboesse en dooie skulpdiertjies. Oom Bert met die skubkop is naby hy sal kom help die see is net daar anderkant sy ma swem daar en speel in die bamboes. Dis donker hy sit op die bed hy kan nou selfs die see sien want hier’s nie iets waarna hy moet kyk nie hy kyk sommer so in sy dink in. Hy is weer op die plaas. Hy is nog klein hy en sy pa sit op die stoep sy pa rook pyp die rook ruik lekker en die son is laag. Dit raak aan die berg daar ver. Hy vra sy pa hoe staan die berg dan so met die son so op hom en dan is die maan ook in die lug as die son amper klaar geskyn het. Sy pa tel hom op sy skoot hy ruik die pyp nou sterk as die son amper af is maak die rook patrone in die lug die pyp teken in die lug hy vra hoe maak die rook sulke prentjies hoe rook die pyp sulke lekker rook. Sy pa krap aan sy baard hy sê So. Die wêreld is maar soos dit is sê sy pa. Net so. Dis net die donnerse mense wat wil hê alles moet nie so wees nie dis net hulle wat wil weet hoe en hoekom en hoekom nie so nie of sus nie maar die goeie mense is ook maar net so en dis donnerswil genoeg om net te is wie jy is. Hy weet nie wat dit alles beteken nie maar hy weet van berge en hoe hulle kan staan en hoe die see so dryf. Sy pa was hartseer hy sit nie baie op sy pa se skoot nie maar hy onthou elke keer as sy pa hom optel dan praat sy pa net vir hom. Sy pa sê Siegfried kyk nou mooi na daardie berg. Jy kan leer van hom. Hy staan so want hy is so. Hy is soos sy so hy is maar net met alles met elke liewe ongoddelike klip in hom is hy ’n donnerse berg. Sy pa staan op hy stap daar in die kombuis op en af hy maak of hy besig is met goeters. Hy sien nog sy pa so rondstap die deur is oop die lig is terug. Brutus staan daar in die skerp liggat met sy monsterhond. Brutus Kaalkop maak ’n bobbejaangeluid wat sê Kom hy vat vir Plant Kom Plant hy gaan uit die tronkkamer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uit. Brutus stamp hom in sy rug met 'n plathand hy val amper hy is versigtig want as hy val dan is die hond op hom en die armplek is nou net mooi droog. Hulle stap verby 'n kamer wat oop is die lig is aan in die kamer

dis is 'n meermin

sy het so geel stert en is kaal bo haar tiete hang op haar maag sy het 'n vet stert hy kan nie glo dis 'n meermin nie dis nie sy ma nie hy het 'n meermin gesien 'n regte egte meermin wat sommer net daar staan in die kamer. Sy oë gaan te vinnig sy mond is woestynsand sy tong is uit kyk die visvrou Brutus blaf agter hom die hond grom die meermin sê Shut up Caesar die hond is Caesar. Weer die stamp tussen sy blaaie hy moet aanstap

maar daar is 'n meermin in die kamer net sommer daar

Dis nie sy ma nie my ma is 'n meermin en daar is 'n meermin Ma is al lankal weg daar is 'n meermin maar my ma is mooi. Dis nie sy nie nie sulke tiete en so vet stert nie. Hy kyk terug in die gang af na die kamer toe maar haar deur is nou toe hulle stap om die draai daar is nie ligte wat hang nie. Hulle stap by 'n deur in dis 'n groot saal hy kan nie eens lekker die einde sien nie daar staan klomp masjiene en dromme en bokse en goed rond. Daar is meer lig hier as in die tronkkamer. Brutus sê iets in sy blaftaal hy maak die deur toe. Klomp goeters beweeg orals in die saal daar klim mense en goeters uit bokse en kom agter masjiene uit en party seil af uit die dak uit aan die kettings skielik is die hele saal vol mense. Dis klomp snaakse mense hierdie. Nie een van hulle lyk heeltemal reg nie. Daar is fout met almal sy pa sê daar is maar altyd êrens fout. 'n Klein vet swart mannetjie kom aangestap na hom toe hy het 'n swart pak klere aan en 'n wit strikdas wat hom by sy maag pas maar met groot arms. Die mannetjie stap soos 'n eend hy steek sy handjie uit. Hy buk bietjie af hy skud die mannetjie se hand sy ronde hoedjie val af die mannetjie wys al sy tande hy sê met 'n groot stem Ek is Buddy welkom by die sirkus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**II**

"Die mens het nog altyd sy wêreld misvorm uit die natuurlike dierlikheid tot 'n opgestelde kulturele beeld waarbinne hyself 'n vreemdeling word. In sy religie is daar 'n amusante val van godheid na mens. Die mens is nie tevrede met sy status as mens nie en vlug weg van dierlikheid na die ideaal van goddelikheid. Die idee van goddelikheid spruit juis uit die mens se algehele gevoel van minderwaardigheid teenoor homself. God is die inkarnasie van die menslike ideaalbeeld. Die menslike baba is die enigste lewende wese wat sy eie onbevoegdheid ervaar, aangesien die brein vinniger as die liggaam ontwikkel. Tot en met die agtiende eeu se rasionalisme is daar geen klassifikasie van spesies en geen grens tussen feit en fabel nie. Die eenhoring en die olifant wei saam êrens in donker Afrika. Reeds die Romeinse keisers het dwerge en reuse aangehou, maar die eerste werklike groot, professionele vertoning van menslike gedrogte was dié van Barnum en Bailey in 1901."

Hy lê steeds op sy bed en probeer 'n bekendstelling van sy skepping bedink. Hier is te veel feite met te min kongruensie. Sy gedagtes sal as te kripties ervaar word. Die gehoor se aandag word daagliks korter. Die meisie is wakker maar in 'n staat van intoksikasie. Sy was duidelik onbekend met heroïne, maar as hy haar wakker gemaak het voor hy die dosis toegedien het, sou sy geweier het. Sy sê sy is sestien en haar naam is Juliette. Dan is daar Sade. Natuurlik. En Shakespeare. Watter toneel sal die twee kan kombineer? Om iets te sê oor die tyd waarin ons leef.

"Bedelaars beklemtoon hul deformiteite of afwykings om aandag te trek. Soos Lionel die hondman van die negentiende eeu is hulle hul eie promosie-agente en verkoop hulle hulself om geld te verdien. Is dit verkeerd om hieraan as prostitusie te dink?"

Hy hou 'n sigaret oor die meisie se voorarm, die paadjie hare vanaf die naeltjie. Hy hou dit naby genoeg dat die fyn haartjies verskroei. Sy begin te huil. Hy trek die rook diep in en soen haar. Hy sit regop. Terwyl sy hoes kom daar tweedehandse rook uit haar neus en mond.

*

Die klein swart mannetjie Buddy hoor iets. Hy draf verby hom hy kom terug met 'n baba in sy arms die baba het 'n snor dis g'n baba nie dis 'n mens 'n man so oud soos sy pa seker sonder arms en bene hy is 'n wurm. Buddy glimlag breed vir hom hy sê Wimpie wil dag sê die wurmman sê Dag Meneer. Die naam is Wimpie. Hy sê Siegfried. Aangenaam sê Wimpie Buddy sê Wimpie wil bladskud. Hy sien nie hande nie Buddy sê Sit jou hand in sy mond hy vee sy hand af en sit dit in Wimpie se mond

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wimpie knik op en af met sy hand sag tussen sy tande gebyt. Buddy sit Wimpie onder sy arm hy steek sy vry arm uit. Dag Siegfried. Ons nuwe akteur hoor ek. Die heilige Fransiskus. Ek voel geëerd sê hy hy lag of hy grappe vertel. Buddy se hand is klein dis nie moeilik om sy hand te skud nie al kan hy nie lekker gewone handeskud nie. Hulle het vir jou 'n bed daar anderkant gemaak vanoggend sê Buddy. Maar laat ek nou eers jou bekendstel aan die ander. Hier is nie so baie van ons hier nie die meeste het agter gebly in Jo'burg. Ons kon net drie lorries afbring hierdie jaar. Die baas is Fafner sê Buddy. Jy moet pasop vir daai ene. Hy stap saam met Buddy in die lang saal af hy moet heeltyd buk vir goeters wat hang en masjiene en pype alles is geroes. Buddy stap onder al die goeters hy is baie kort hy eendstap. Hy praat soos die dominee hy praat hard hy sê elke woord stadig. Hulle stap verby 'n tannie met 'n lang stert dit het niks hare op nie dis net mensvel haar stert waai die hele tyd sy sê dis van die warmte. Een oom lyk soos 'n kat hy loop op sy hande en voete sy knieë wys anderkant toe sy gesig kyk af hy is nie vriendelik nie Hy's net skaam sê Buddy. En die voëlvrou van die hospitaalskool is ook daar sy sit op een van die pale daar bo in die lug sy maak die hele tyd kwêê toe sy hom sien maak sy 'n hallo kwêê. Die kwaai twee is Runnik die perdman met sy perdgesig lank en uitsteektande en ore wat omkrul en Draad Dreyer hy buig homself heeltyd snaaks hy kan nie regop loop nie hy stap met sy kop wat hang sy bene loop soos die tuinslang as niemand dit vashou nie. Waar is die meermin die lelike een sy bly seker by die koning. Buddy sê hy is Fransiskus hy ken nie Fransiskus nie. Hy is Siegfried van Doerkyk is al. Sy pa sê 'n man se naam is al wat hulle nooit kan vat nie. Maar hierso wil hulle.

*

Hy lê naak op sy maag. Hy blaai deur 'n manstydskrif terwyl hy met sy vry hand oor die nimf streel. Hy blaai versigtig, om haar nie wakker te maak nie. Hy kyk na die bultende liggaamsdele onder klein stukkies gladde materiaal op byna elke bladsy. Tepels. Venusheuwels. Strelend oor die rug van die kind langs hom. Op die volgende bladsy van die tydskrif is die opskrif *Dr Death gets arty*. 'n Artikel met kleurfoto's oor Gunther von Hagen, 'n kunstenaar wat beeldhoukuns met kadawers beoefen. Die kadawers word ingespuit met vorme van reaktiewe plastiek, silikon ensomeer, genoem plastinasie, sodat hulle nie verrot nie. Dit lyk asof die ligaamsvloeistowwe steeds vloei. Die kadawers word oopgesny, partykeer word die vel afgetrek, soms word die ledemate tot op die been gestroop. Dan sit hierdie gewese mense en skaak speel, sit op perdkadawers of staan en staar die besoeker aan. "I have narrowed the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gap between the dead and the living," sê hy. Hy verdien 'n miljoen dollar per maand met sy kuns. Toeskouers sê die werke laat hulle lewendiger voel. Fafner draai die meisie langs hom om en begin saggies met sy vinger sirkelbewegings oor haar slapende mond maak. Sy maak 'n klein steungeluidjie en probeer weer omdraai.

"Ek wil jou vel aftrek."

"Yea baby. Slaap nou."

Die halfnaakte meisie op die volgende bladsy interesseer hom nie. Hy gooi die tydskrif teen die oorkantse muur. Hy sit die lig af. In die donker sien hy 'n vlieër, gespan met mensvel, die koord 'n dertig meterlange naelstring.

*

Buddy wys hom sy bed dis 'n matras. Buddy sê die skoon een links is syne en die een regs van hom met die klomp vlekke op is Draad Dreyer s'n Buddy sê Hy lê maar meeste van die tyd daar want hy het nie veel ruggraat nie hy sê Is hy van die politiek Buddy lag hy sê Nou hoekom edele Siegfried. Hy sê My pa sê mense van die politiek het nie veel ruggraat nie Buddy val om op sy matras hy lê en lag so klein swart bal. Buddy haal 'n groot boks onder ander bokse uit hy haal 'n trekklavier uit wat daai ooms by vendusies ook speel. Buddy sit die band oor sy skouer hy sê hy moet oefen dis die mooiste musiek wat hy nog ooit gehoor het dis hartseer en kalm tussen al die mal. Hy sit op sy matras hy luister hy kyk hoe die swart hande oor die wit note dis klawers sê sy pa gaan hy wil ook sulke slim hande hê wat sulke musiek kan maak wat mense troos. Almal is nou stil behalwe Runnik wat sê Draad kroek met die kaarte al die ander luister net na Buddy. Buddy se oë is toe hy maak of hy nie weet almal luister nie hy sien Buddy hou daarvan. Hy kyk na die slim klein hande hy lê op sy matras met sy groot dom hande onder sy kop hulle kan darem nog 'n kussing maak.

*

"Een van die opvallendste morele paradokse in die Westerse etiek het te make met spyseniering." 'n Oomblik pouse dat die gehoor begin wonder of daar enige sin in die stelling steek. "Dit is aanvaarbaar om diere te eet, maar wel 'n algemene taboe om diere te martel of dood te maak. Niemand wil sien hoe die lam, waarvan hulle elke Sondag die boud eet, geslag word nie. Die vleis, klaar gebloei, gesny en verpak in plastiek, op die winkelrak, is wel aanvaarbaar." 'n Kort stilte, miskien 'n slukkie water. "Hierteenoor is dit aanvaarbaar dat mense vermoor en gemartel word in 'n oorlogsituasie, maar is dit, vreemd genoeg, steeds taboe om mensvleis te eet." Hulle bloos. Hy gryns.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*

Hy vra Buddy van die meermin. Buddy vryf oor sy dik hare hy sê Sy slaap saam met die baas. Fafner sê hy. Buddy kyk rond as hy sê Fafner. Hy maak 'n plek skoon langs sy matras hy sit vir Plant waar bietjie son van een van die vensters deurskyn. Buddy vra hoekom het hy hierdie plant hy sê dis sy plant wat eers sy pa se plant was hy gaan hom vat na die reusbome in see se punt en hom by hulle plant dan kan hy groot word en saam met hulle bly hulle sal hom oppas dan gaan hy sy oom Bert kry en by hom daar onder gaan bly. Buddy sê dit klink na 'n goeie plan. Mens moet 'n plan hê hy kan sien Siegfried het groen vingers nes Fransiskus. Hy wonder of Fransiskus heeltemal groen is sy vingers is g'n groen nie hulle dink net hy is groen want hulle dink hy is iemand anders. Netnou word hy regtig heeltemal groen. Hy vra hoekom Buddy sulke netjiese klere aantrek. Buddy sê Moeder wil hê ek moet my beste lyk vir die onderhoud by die SAUK Moeder sê ek het 'n radiostem. Moeder sê ek moet wit en swart aantrek want ek sien net wit en swart so ek sal altyd weet wat by wat pas. My kleure is blind sê Moeder. Hoe weet Buddy van die meermin en waar sy slaap Buddy sê dis nie 'n regtige meermin nie. Maar hy het haar seker nog nie gesien nie sy het die stert en alles. Sy sal weet waar oom Bert bly sy ken seker al die seemense hy gaan vir haar vra dan kan hy na oom Bert toe gaan hy wil nie vir altyd hier bly nie. Hy wil maar liewer na oom Bert toe gaan daai hond gaan hom nog kry. Hy weet glad nie hoe lyk oom Bert nie. Skubbe seker maar niemand het skubbe op hulle koppe nie. Waar's hy Plant is jy regtig oom Bert. Brutus maak die deur oop hy maak 'n geluid. Buddy sê dis tyd vir oefen. Hy vra wanneer eet hulle mossels.

*

Justine kom die kantoor binne, haar borste wiegend, soos op die een of ander onsigbare deining. Sy kyk na die meisie wat op die grond rondkruip en met onsigbare objekte praat. Nog 'n oordosis op sy blakende hande? Hy maak die spieëlkassie oop, kyk of daar nog genoeg adrenalien is. Justine gryns in die meisie se rigting en begin haar geel PVC-visstert uittrek. Die plastiek maak 'n irriterende geluid.

"Jy is vanaand weer op. Hulle hou van jou in jou tenk."

"Thanks Sweetie." Justine lek hom oor sy wang. Sy amuseer hom nie meer nie. Al wat sy regkry is om hom te herinner aan sy ag en dertig jaar, miskien omdat sy ook daar êrens trek. Die vel is nie meer skoon en styf oor die vleis gespan nie. 'n Atleet na haar piek. Hy vra 'n glas brandewyn, sy gee hom een aan; as sy langs hom op die bed kom sit, staan hy op. Hy trek 'n beige leerbroek aan, steek 'n sigaret op; tyd om sy nes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te verlaat. Deur die venster sien hy hoe die vet liggaam van Justine tussen sy lakens inwurm en sigself tuismaak in sy persoonlikste ruimte. Hy ril. 'n Effense narigheid as hy dink aan daardie lyf in die lig, die groot porieë, die fyn hare soos die van 'n seekoei, die effense geel tande. Hy sien sy nuwe nimf het intussen weer haar bewussyn verloor op die mat. Maar hy gaan nie terug in nie. Hy sal binnekort van Justine ontslae raak. Dit is tyd vir iets nuuts. Hy het haar te naby toegelaat; sy begin vryhede neem met sy gunstigheid. Sy bring darem nog geld in deur sonder bostuk in die tenk te swem met haar belaglike visstert. Daar bestaan 'n mark vir enigiets, veral as dit kom by middeljarige sakemanne.

"Dames, geagte here, tot minder as 'n eeu gelede misvorm sirkuseienaars babas net na geboorte, sodat hulle as volwassenes uitgestal kan word. Ek verwys graag na Hugo se bekende werk *The man who laughs*, waarin die held 'n permanente glimlag dra, aan hom gegee deur 'n mes. Hugo praat verder van monsterfabrieke waar fratse as te ware gefabriseer word op bevel van koningshuise en rykes." Hy drink die laaste van die brandewyn. Sy toespraak vorder, hy kan sien hoe die skare meegesleur word.

"En liefde, vra julle, dames en geëerde here, in die sirkus? Julia Pastrana, die gorillavrou bekend in die 1860's, het met haar agent getrou en het geboorte gegee aan 'n monsterkind. Beide moeder en kind is dood met die bevalling. Die vader het die liggame laat opstop en het 'n klein fortuin gemaak deur sy familie in die openbaar uit te stal." Retoriek deels gebaseer op geskiedkundige feite, waar nodig effens verdraai, dra in 'n groot mate by tot die patos van so 'n voordrag. Brutus moet die akteurs bymekaarkry. Dis tyd vir die eerste groot oefening.

Hy is nog opsoek na wat in die verlede in sirkusse bekend gestaan het as 'n menslike geraamte, 'n lewende geraamte, wat die rol van die Dood kan speel in sy toneel. Hy het 'n mooi ou sekel by 'n pandwinkel opgetel. Hy wil niemand uithonger nie, die proses is te lank uitgerek, dit moet baie deskundig benader word. Dit is in elkgeval 'n morsige en goedkoop perverse proses waarmee hy homself nie sal ophou nie. 'n Vigsbesmette sal perfek wees, maar daar is risiko's betrokke. Miskien eerder 'n model of 'n verslaafde, 'n paar weggeteerde arms, hoë wangbene en gesonke kieste, waardeur die buitelyne van die malers sigbaar is. Hy sal Brutus aansê om 'n ogie oop te hou, of miskien vir die nuwe nimfie vra of sy vriendinne in die mode-industrie het. Wat is haar naam tog weer? Maar tot dan sal hy moet doen met wat hy het.

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die nuwe een, die een wat aandring op die naam Siegfried, trek die heeltyd sy aandag, asof hy in 'n lig staan, die ander fratse, hy inkluis, in die skemer. Hy is intens bewus van die vreemde nuweling as sy teenpool. Hy voel nog die effense walging vir Justine, maar daar is nou 'n ander naarheid, 'n spesifieke naarheid wat hy jare laas gehad het. Hy voel senuweeagtig onder die frats se oë. Hy kan nie glo dit staan daar met daardie glimlag op sy gevreet nie. Respekloos, onbeïndruk. Hy voel oorbewus van sy stywe leerbroek, hoe dit span oor sy ereksie, 'n suiwer biologiese gevolg van die nimf wat daarbo in sy kantoor handeviervoet op die grond rondgekruip het. Hierdie tipe ereksie hou langer, hy bly soms ure lank gestimuleer deur sulke algehele onderwerping. Hy voel bewus van sy amper transparante, kaal, benerige bolyf, die blou kol op sy linkerarm waar die are al vrot gebruik is. Hy voel hoe die haargel uit sy hare oor sy gesig loop; die drukkende humiditeit in die fabriek bykans sonder vensters.

Hy sien die man se yl hare, teruggekam met 'n gewebte hand. Hy sien die skraal, gespierde bolyf, bruiner, die belaglike hemp en broek, die stukkende voete. Die liggaam regop, glimlaggend. Die man se houding is irriterend. Hy gee Brutus die teken. Die reus loop nader en slaan die frats met die naam onseremonieel in die wind. Die man krimp ineen, sugtend. Dan kom hy orent en begin hy sy hande stadig sywaarts lig tot gelyk met sy skouers, terwyl hy diep asem intrek. Dan bring hy sy arms weer af, en blaas die lug stadig uit. Hy kyk hom vierkantig in die oë. Hy gee weer die teken. Brutus slaan weer, hierdie keer harder. Dit herhaal die woordlose meditasietegniek, wat herinner aan 'n reuse voël wat stadig opstyg.

"Wat de fok dink jy doen jy?" Hy voel hoe hy beheer verloor. Gebrek aan kontrole vind altyd eerste plaas in die banalisering van taal.

"My pa sê ek moet so maak as ek nie weet wat aangaan nie dan kan ek kalm wees dan kan ek beter dink."

Buddy, die dwerg, begin lag met daardie absurde stem wat gebruik word om mee aankondigings te maak tussen tonele of as lopende kommentaar gedurende die dramas en opvoerings.

"Wat aangaan is dat jy moet ophou staar na my en stilbly, tot dit vir my van belang is dat jy jou bek moet oopmaak."

"Ja Oom."

Buddy begin weer giggel. Hy steek 'n sigaar op, Brutus maak reg vir 'n doodskoot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Wag Brutus. Bring hom na daardie oop kamer met die tafel, die een in die Noordvleuel." Brutus staar hom aan in onbegrip. "By die deur uit regs die tweede kamer aan die linkerkant." Brutus knik. Hy sug, klim op na sy kantoor, kry 'n hemp en 'n halwe bottel brandewyn.

*

Die man sit met sy afstootlike hande gevou op die tafelblad en kyk na die dak. Die swaaiende gloeilamp gebied al sy aandag. Hy slaan die deur toe, die ding val bykans van sy stoel af soos hy skrik. Hy gaan sit oorkant die man en kyk stip in sy oë. Hy sien hoe die evolusionêre misverstand al hoe banger word. Dit lyk of hy wil begin huil. Hy begin sag te praat. Hy hou van sy stem op hierdie toonhoogte, dit klink hees, imposant.

"Hoe durf jy my aankyk asof jy iets beter is?" Daar volg 'n lang stilte. Dan kom die antwoord in 'n vertraagde gemompel:

"Jammer Oom."

"Bly stil."

"Ja Baas."

Hy bly stil vir 'n tydjie. Dit verhoog egter nie die spanning nie, die vent begin eerder verveeld lyk.

"Ek tel julle van die straat af op, van julle hoerma's, julle arm brandsiek tienermoeders wat julle nie kosgee nie, of net nie goed soos julle naby hulle kan verdra nie. Wat nie kan glo hulle lywe het goed soos julle voortgebring nie. En dan neem ek julle in. Sonder my is julle niks nie. Minder as niks. As julle nie letterlik doodgaan of vermoor word deur julle eie families nie, dan bly julle maar menslike gemors, genetiese ekskrement. Julle word nooit die status van mens gegun nie. En dan maak ek julle tot kuns. Ek gee julle die kans om deel van iets groots te wees, deel van 'n kunswerk te word."

Die ding sit net en staar hom aan, as hy stilbly mompel dit: "Oom Bert moet kom help. As ek nie op die plaas by Pa is nie moet oom Bert help." Hy bly stil, kyk dan af na sy hande: "Ja Baas." Die hande kriewel op die tafelblad. Hy kan dit nie meer vat om daarna te kyk nie. Die webbe maak patrone teen die oorkantste muur, mooi, in 'n perverse sin.

"Niemand gaan kom help nie, Idioot. Niemand wil iets soos jy help nie." Hy gil: "Is ek nie genadig nie? 'n Fokken filantroop nie?"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ja Oom," sê dit en begin wragtig opstaan. Sy broek is weer nat. Hy druk die bepisde frats hard terug op die stoel. Die liggaam is sterker as wat dit lyk. Sening.

"Luister hier, Fokker. Ek weet nie of daardie kont van 'n ma jou laat suig het aan haar tiete tot jy twintig was dat jy so opgefok is nie, en ek gee ook nie 'n fok om of jy met jou pa moes speel met daardie lekker handjies van jou nie, maar hier is jy niks spesiaal nie. Niks. Webbe is glad nie so fokken skaars soos julle agterlike karavaantrekker boerefokkers dink nie..." Hy stop vir asem. Die man sit net daar. Hy bewe, gryp die pols voor hom en druk die sigaar dood op die oopgespreide web, totdat daar nie meer rook uitkom nie. Die man gil.

"Koel af." Hy neem 'n lang sluk uit die bottel brandewyn en dop die bottel om op die hand wat hy steeds vashou. Nou gil die ding nie meer nie. Fafner besef hy kners op sy tande. Die frats is net effens wit in die gesig. Seker te ver weg. Hulle gaan partykeer in skok na bietjie opwinding. Daar is nog brandewyn oor in die bottel. Hy sluk die res en stap terug na waar hy 'n heilige na die lewe moet gaan terugroep.

*

"Fransesco Bernadone, later bekend as die Heilige Fransiskus van Assisi is in 1182 gebore. 'n Vriend van die diere, armes en melaatses met 'n diep liefde vir die wêreld en 'n afkeur aan besittings. Lopende inkarnasie van die Christus, die mite wat vlees geword het." Hy skrap die laaste sin. "Hy ontvang die stigmata op 14 Spetember 1224, restoureer kerke en preek vir mede-Christene, Moslems en selfs diere, tot met die einde van sy lewe op 3 Oktober 1226, waar hy sterf op die vloer sonder 'n kombers om op te lê." Die pen begin droog word. Dit sal 'n goeie proloog maak. Hierna sal die webman Siegfried sy verskyning maak. Siegfried. Assisi. Sieg. Fried. Frats. 'n Volmaakte ironie.

Fransiskus was volgens oorlewering 'n kort man, maar hy dink nie die gehoor sal omgee vir hierdie klein inkongruensie nie. Die webman sal maar moet doen. Hulle klein man-tot-man gesprek het wondere gedoen. Die frats is stil en het feitlik heeltemal ophou praat. Hy praat nog net met die mal negerdwerg. Toe hy die dwerg vra waaroor hulle so debateer, was die dwerg se stamelende antwoord dat die man 'n verbeelde lewensverhaal aan hom vertel wat geen mens kan glo nie. Siegfried Vrederegter het heeltemal mal geword en sal nie weer sy outoriteit bevraagteken nie. Hy sal doen wat hy van hom vra. Hy twyfel egter of die idioot die teks sal kan memoriseer. Aangesien hy die enigste akteur met dialoog sal wees, is dit fundamenteel tot sukses. Miskien moet hy dat die dwerg die teks aflees en Assisi net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die bewegings op die vloer doen. Dit sal die toneel versterk. Asof hy praat met 'n stem wat nie uit homself kom nie.

Hy is die afgelope week besig om saans te verf aan 'n groot replika van Cimabue se pragtige skildery van Fransiskus uit 1302 wat hy as agtergrond sal ophang.

Die toneel self is geniaal in sy eenvoud. Dit is die tipe ingewing waarvan meeste kunstenaars net kan droom. Dit beeld die eerste preek van Fransiskus uit, in hierdie geval 'n sirkusgedrog, wat hy volgens die legende gelewer het voor diere, bome en voëls. Die diere en voëls sal natuurlik gespeel word deur die ander lede van sy ark. Die toneel beeld ook Fransiskus uit waar hy in pyn verkeer voor die preek - hy was immers chronies siek, en waar die hemelse musiek hom vertroos. Die goddelike medisinale musiek is egter afkomstig uit 'n ander bekende legende oor die heilige. Die hemelse musiek sal Buddy die dwerg wees wat, aangetrek soos 'n klein swart engel, trekklavier op die vloer speel terwyl hy rondom die frats dans. Die musiek sal die diere lok en dan sal gevalle Assisi sy preek afsteek met die dwerg agter die gordyn wat die woorde aflees. Twee legendes in een. Eenvoudig. Briljant. 'n Heiligmaking van die walglikheid, die geweld van biologiese lewe.

Hier is soveel metafoor versteek, hy voel effens aangedaan. Hy voel die geboortepyne van 'n ereksie. Sy kuns laai hom libidinaal; hy trek die sestienjarige nader. Na die een smakie van die naald het sy besluit om nog 'n paar dae te bly. In haar konstante toestand van bedwelming, is sy altyd gereed vir konsumpsie. Hy klim op haar en sluit sy oë. As hy haar penetreer sien hy die skare rys in applous.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## III

Hy doen die voëlding. Die mense sê hy moet daar in die lig staan by die ander Draad Dreyer is 'n boom die voëlvrou maak kwêê ander mense is ook voëls die oom met die bene verkeerdom is 'n donkie hy loop nes 'n donkie. Hy doen die voëlding. Hy blaas stadig lug uit dan trek hy dit weer in en flap sy arms stadig sy pa sal trots wees. Die baas gil die hele tyd hulle slaan hom. Sy hand is seer sy hele lyf is seer van al die stamp en slaan sy lyf is blou as hy sy klere uittrek in die lig nou bad hy nie meer nie almal sien sy blou seer. Buddy sê hy stink hy ruik meer vir Draad as hy lê Draad se matras stink. Hy weet nie meer nie hy weet nie meer eens van Siegfried nie niemand noem hom meer dit nie net Buddy die ander mense sê hy is mal hulle sê Siegfried is mal hulle sê hy is heilig en hy stink hulle sê hy is Fransiskus. Baas klap hom plat hy sê as hy weer sy arms flap sny hy hulle fokken af hy moet net beduie met sy arm soos hy sê en dit onthou. Hy kan nie meer nie hy kan nie meer slaap nie hy kan nie meer regtig wakker wees nie. Hy en sy pa sit op die stoep hulle stap na die windpomp toe alles is stil sy pa kyk ver na die sterre hy sien die lig iemand is weer hier al oor hom iemand skree. Sproet skep nog patats sy sing 'n liedjie sy skep nog tjops hy lê op die grond Buddy is oor hom hy sê Kom by ek vat jou matras toe. Buddy sleep hom in die gang af daar is die lig aan die tou wat rondwaai. Hy lê op sy matras hy lê in sy pa se arms in die dam met sy gesig in die water sy pa sê Skop Boetie skop dat jy kan bo bly en vorentoe gaan hy moet met sy hande ook maak as hy wil swem sy pa hou hom vas dat hy nie sink nie. Buddy sit by hom hy sê Daar is jou plant ek het vanoggend water gegee hy begin speel op sy trekklavier. Hy is in die water hy sê Dis lekker Pa Gotta ek swem kyk hoe swem ek Pa ek skop Plant kyk daar is water in sy mond van die gesels as hy eintlik moet swem sy pa sê Bulletjie kyk hoe swem jy met daardie donnerse voete van jou. Dit reën warm groot druppels op sy kop so in sy nek hy hoor sy pa maak snikke miskien gaan hy nies. Sy pa sê Swem Bulletjie dis waarvoor jy gemaak is die water in sy mond is modder dis lekker dis soet. Buddy ruk hom rond hy sê Is jy nog hier. En hy skop oom Smet van die trein af soos 'n donnerse skaap en hy huil en Maggie se warm mond haar tong is groot in sy mond Sproet se bed het groot kussings David skop hom as hy wil opstaan in sy maag in dat hy weer val. Buddy vat sy hand hy laat dit aan Plant se een blaar vat voel hoe groen en glad is jy Plant. Buddy vryf sy hand oor die blaar hy sê Ons gaan jou plant terugvat huistoe ons moet jou plant wegvat ten minste dit ten minste godswil dit. Jammer Moeder sal nie weer so praat nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar Moeder sal sien Moeder sal sien ek vat sy plant weg daar waar hy kan staan by die see.

*

Die voorbereiding vir die toneel gaan nie goed nie. Sy hoofakteur is besig om te verval. Hy praat nie meer nie en hoor meeste van die tyd nie meer as daar met hom gepraat word nie. 'n Swak persoonlikheid wat gebreek is. Hy is spyt oor sy drastiese stappe, maar as hy beheer oor een van die goed verloor, is dit net 'n kwessie van tyd voor almal onder sy hand uitvlug. Die toneel vorder stadig, maar vordering word wel gemaak. Die dwerg het ten minste vinnig sy woorde geleer en die ander doen wat hulle die beste doen, hulle tree oortuigend op soos diere. Miskien moet hy self Assisi speel en die webman in die rol van 'n padda plaas. Hyself het egter nie die regte gesig vir 'n Fransiskus nie. Sy gesig straal 'n te sterk persoonlikheid uit.

Die meisie is besig om te dans voor een van die groot spieëls, verlore in haarself. Justine bars die kantoor binne. Hy moet onthou om die plek te sluit as hy alleen wil wees. "Wat hoor ek? Wil jy my nou uitgooi soos 'n hoer?"

Hy glimlag, trek aan 'n sigaar: "If the shoe fits…"

"Bastard."

"Ja, ja. Het jy gedink ons gaan trou en gelukkig by Gordonsbaai bly en saans kyk hoe die bootjies seil?"

"Hoe kan jy altyd so bly lyk as iets aakligs gebeur? Jy steek aan by daardie freaks van jou. Jy word soos hulle." Haar massiewe borste hop op en af soos sy praat. Sy stap dae lank met haar visstert rond sonder 'n bostuk en sien haarself nie as 'n 'freak' nie. Tog te amusant. Met al die selluliet is haar kaal lopery nie meer snaaks nie. Hy wonder hoe hy ooit met iets so walglik kon kopuleer. Selfs die vel onder haar ken begin hang in 'n dubbelken. Haar gesig is vol aknee van al die drank en gepaardgaande vergrype.

"Dis asof jy lekkerkry vir ander se pyn."

"Fatality always produce a certain elation in us," haal hy aan uit 'n vergete werk oor die postmodernisme.

"Bullshit."

"Dames en here, geweld in die premoderne tye was meer entoesiasties, meer in die trant van offerhandes, as maar slegs banale vermaak. Dit was iets groots, 'n Shiva wat die wêreld uitmekaar dans. Dames en veral here, is dit nie tyd vir die terugkeer van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die edelheid van geweld nie?" Die skare is op hulle voete en die gejuig is oorverdowend. Hulle skree vir nog.

"Ek praat met jou."

"Loop trek vir jou klere aan."

"Was daar nooit iets nie, nooit enigiets nie."

Hy resiteer met 'n strak gesig sy teks vir haar: "Dames, die meeste fratse wat u hier voor u sien is die nare gevolg van inteling. Wanaangepastes, gewoonlik uit die laer klasse van ons trotse samelewing, word vervreem deur hul superieure medeburgers en bly oor met net mekaar. Bloedskande word deur sommige gesien as die laaste uitweg in 'n desperate soeke na liefde, 'n groteske vorm van liefde, 'n liefde teen die lewe. Dames, wat u voor u sien, hierdie gedrogte, is die gevolg van 'n verdraaide, misvormde soeke na liefde." Hy laat sak sy kop in sy hande om die gryns te verberg. Voor hom sien hy dit: Die skare is stil. 'n Paar vrouens huil. Verskeie verlaat die saal. Was sy woorde te direk, te naby aan die been?

Justine kyk na die meisie wat steeds kaal voor die spieël staan en dans vir haarself, totaal onbewus van die pragtige verhouding wat hier tot 'n skielike einde kom: "Jy weet nie waarvoor jy jouself inlaat nie, Darling." Sy slaan die deur toe, hy is vir 'n oomblik bang die glas sal kraak.

Hy skink 'n gin. Hy het net weer gaan lê, toe is Justine terug, hierdie maal in 'n sagte sifreën van trane. Sy stap tot teenaan hom, vat aan sy been en gaan sit op die grond by sy voete. Haar kop rus op sy knie. Sy snik saggies. "Hoe het jy so geword Georg? Waar kom jy vandaan?" Haar stem is skerp en irriterend.

"Jy sou kon sê verveeldheid. Ryk ouers. Jare en jare se verveeldheid, die stadige afstomping van elke senuweepunt in die brein en so ook die liggaam. Jy sou kon sê Vienna. Die Olimpus van die Weste. My Gehenna. En ek sou kon vertel van 'n stadige aftakeling tot ek na julle landjie toe gekom het. Derdewêrelds, maar nie bereid om dit te aanvaar nie; met van die hoogste geweld- en Vigssyfers in die wêreld teen die agtergrond van die mooiste berge en oop vlaktes. 'n Land waar vroue met hul babas vasgebind op hul rûe in wolkomberse op die treinspore gaan sit en wag vir 'n trein. Omdat daar nie enige ander uitkoms meer bestaan nie. Hier, tussen al die uiterstes sal ek my kuns vervolmaak. Maar dit is maar een van baie stories."

Sy kyk hom aan in totale ongeloof, asof sy nie kan glo wat voor haar klein varkhondogies afspeel nie. Hy neem 'n sluk uit die breë, dik kristalglas. "Ek het jou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesê, reeds aan die begin, *Darling*, dit sal alles eindig in jou trane. En jy het gedink ek is net te oulik met my skerp sêgoedjies."

Die slet wip haar geel stert en waggel uit.

Justine se effense suur reuk hang nog in die vertrek; hy kyk na die nimf wat met 'n paar koordlose oorfone op haar brose oortjies haarself op die bed uitstrek. "Jammer Pop, ek voel niks."

*

Hy en sy pa ry met die bakkie na die koppie toe. Hulle maak vuur en kyk oor die hele plaas uit. Sy pa braai tjops en sit aartappels in foelie tussen die kole in. Siegfried brand sy hand sy pa gee hom 'n slukkie whisky. Sy pa sê hy is mos al 'n grootman. Sy pa kyk weer sterre vanaand niks se gepraat vanaand nie hy lê langs sy pa sy hande onder sy kop hy kyk ook sterre. Sy pa sê later Dis seker genoeg. Dit. Hier. Dit moet seker genoeg wees ons sal nog vrek op hierdie plek maar dit moet genoeg wees dis mos net ek en jy en hier is genoeg oopte. Ons het niks nodig nie Bulletjie. Genoeg sê sy pa weer. Sy pa vat sy hand sy hand is klein en swart Buddy sê Kom reg kom vat jou plant ons gaan bietjie travel. Ja Moeder ek weet dis reis maar travel pas beter dis nie meer die SAUK nie Moeder lankal nie meer nie. Ek praat nou soos ek wil want hierdie is belangrik Moeder en die SAUK-Buddy is al lankal in sy moer. Hy tel Plant op Plant lyk snaaks alles lyk snaaks dis nie meer reguit al die lyne nie dis daardie boeke wat sy pa koop inkleurboeke dan gaan hy oor die lyne dan lyk alles soos nou. Buddy stamp aan hom hy draf rondom hom hy lyk heel deurmekaar of haastig hy sê niks hy fluister goed hy kan nie hoor met die donnerse gedrup die hele tyd nie daar is sirenes daar ver 'n polisiebakkie by die stoplig seker weer. Buddy sê harder Kom nou fokkit. Hy val oor goeters Sproet speel mooi musiek as sy dink hy slaap hy kruip na die sitkamer sy sit daar sy luister al die mooi goeters. Hy vat weer vir Plant Buddy sê hy het vergeet hy het dit toe los hy sommer hy sê Jy moet pille kry en weer eet en bad en maak soos mense. Buddy is by 'n venster met stokke in daai stokke is tralies as dit in vensters is. Buddy is klein hy klim so oor hom in die venster in hy haal die stokke uit. Ek het dit self los gevyl sê hy. Net ekke as almal dink mal Buddy loop weer rond in sy kop in sê ek jou. Hy is deur die venster hy moet ook nou deur die gat hy gee Plant vir Buddy hy trek sy kop en lyf en bene met sy arms op dat hy by die gat kan uit Komaan Plant ons is uit hy is uit hy val hom moertoe op die grond hy is buite sy gesig is seer van die val hy is buite al die sterre daar ver anderkant die ligte daar drup niks nie niks stinkmatrasse nie hy is buite.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*

Hy is moeg na die lang dag. Die akteurs het soos gewoonlik weer probleme gegee en hy moes 'n slag of wat self die webman te lyf gaan om net 'n reaksie te ontlok. Die padda het ineengesak en die dwerg het hom weggevat. Hy kon toe in vrede met die res werk. Hy het selfs bietjie vordering met die choreografie gemaak.

Hy lê nou op sy hemelse bed met 'n drankie langs die minderjarige Juliette, wat vandag haarself Jezebel noem. Sy sê haar pa noem haar dit as sy stout is. Hy kan nie help om te glimlag nie.

"Wat beteken jou naam, Baby."

Hy oefen sy toespraak: "Fafner is 'n draak, dames en here. Die groot draak wat uiteindelik deur Sigurd oorwin is. Dit wil wel lyk of daar in hierdie inkarnasie iets skeef geloop het." Die skare lag gemoedelik. "Die held offer homself vir iets groter as homself. Hy skep 'n kultuur. Hy steel vuur. Hy bou 'n ark. Maar die draak, dames en here," 'n lang pouse, dan lig hy sy stem 'n paar tone en roep hy bykans muskikaal uit: "Die draak is dier *par excellence*. Die draak is die primordiale vyand, die Sumeriese Teenstander. Die draak is die ewige, vretende, lewegewende vuur. In een woord, Chaos." Hy kan reeds sien wat hierna sal plaasvind: Orals sal vure aangesteek word en die skare sal ritmies sy naam begin uitroep, totdat die klanke hulle meevoer in 'n inkanterende beswyming.

"Georg? Dis net 'n Duitse George sonder die ê. Moenie jou mooi koppie daaroor breek nie."

"Cool Baby."

*

Buddy hardloop na die kar toe wat daar staan en brul hy sê Kom nou Siegiestardust hy hardloop alles is seer hy het geval by die gat uit die ruit uit. Hy klim in die kar Buddy sê Seepunt toe Roger dankie ek skuld jou die man voorin is groot en bles hy het 'n pyp hy luister rastamusiek hy sê Shure. Hulle ry vinnig alles is deurmekaar hy kan nie sy oë oop hou nie.

*

Voor sy lessenaar vloei die woorde soos jong bloed: "Dames en here, ek sal graag vanaand se verrigtinge in die breër konteks van die kuns van die Aksioniste uit Vienna wil bring. Hierdie groep, wat in die sestigs ontstaan en berug geword het vir hulle radikale vertonings, waarby dierlike slagtings 'n gereelde item was, het aangedring om die Dionisiese ervaring in kuns terug te bring. Deur die Dionisiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontlading word die dierlikheid in die mens na vore gebring, word Kali, die swart aardmoeder, die swart aspek van die geheel, ook haar regmatige plek aangebied. Nitsch, Muehl en Schwarzkögler wys die toeskouer op radikale wyse die rou waarheid. Hierdie vorme van kuns is noodsaaklik binne 'n leefwêreld waar die massamoordenaars van die negentigs die logiese uitvloeisel van Sestig se blommekinders was. Wanneer die mens alle moontlike vorms van genot uitgeput en misbruik het, bly slegs die genot in wreedheid. Here, en veral dames, ek hoop my toneel is 'n beliggaming van sekere aspekte van ons bestaanswyse." Hy kyk op, sit sy pen neer. Hy begin twyfel of dit wys is om homself met sulke groot name te vergelyk. Sit hy homself nie onder onnodige druk nie, sal diegene wat weet nie tog die ooreenkomste sien nie? Hy skrap die paragraaf.

*

Hy en Buddy stap al lank dit word nooit lig nie alles bly swart. Buddy sê heeltyd Daardie donnerse kar ek moes geweet het daardie donnerse kar kan nie meer ry nie. Hy sug Buddy sê Jy kan bly wees die kar het so lank gehou jy sou nooit die hele end gemaak het nie. Hy sê Waarheen Buddy sê Hou jy net jou plant vas en hou net by met daardie paar plat pote. Orals is groot geboue en teer en ligte net anderkant die ligte is alles donker niks sterre vannag nie. Sy voete is seer met al die bottels en goed en klippe wat insteek Buddy hou net aan al hoe vinniger hy druk sy klein hoedjie so vas op sy kop dat die wind dit nie afwaai nie hy stap te vinnig. Buddy stop hy loop in hom in van agter af Buddy spring om hy skree goed. Sit nou hier is padkos ek het mos aan alles gedink. As Moeder my nou moet sien haar hart sal stop van trots. Kyk brood en tamatie. Maar ek kon nie messe en vurke kry nie. Buddy breek 'n stuk brood af en gee vir hom hy gee vir hom 'n tamatie hy sê Eet. Hy eet al die rooi sap en brood in sy mond. As die rooi bal soos appels kan proe en voel sal hy vergeet van pap tamaties. Hy maak sy rooi en stuk broderige brood klaar Buddy hop regop Kom dis nie Holiday Inn hierdie nie. Ons is op die klok sê hy. Dis weer af in die pad om draaie hier stop die paaie nie 'n moer nie hy ruik see. Kom Noodler wat se ge-afslackery is dit nou weer? Hy sê Siegfried. Siegfried. Siegfried. Noodler is net die laaitie in Peter Pan wie se hande omgedraai was. Hy was net so hopeless soos jy. Hy wonder oor Siegfried. Is hy nou Siegfried maar wie is Siegfried as Siegfried nie hy is nie. Is hy Frans of daai heilige ou of Noedel nee net Siegfried net Siegfried al is Siegfried nog net 'n bietjie. Daar is nie meer baie Siegfried oor nie. Maar darem het ek nog 'n donnerse naam sê hy Buddy lag Relax sê hy. Siegfried se pa sit by die skape op die kraalmuur. Boetie jy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet maar die stories onthou wat Pa vertel dan bly ek nog so tydjie in die rondte. Dan kan ek altyd op die plaas rondstap so in jou stories Bulletjie. Sy pa sê niks verder nie hy sit so hy bekyk die skape. Die Here en al die Ander gee vir jou stories Siegfried. Dat jy met hulle jou plek kan inrig soos jy wil. Dat jy jou wêreld kan maak soos jy dit wil hê met stories. Alles een moerse plaas nes jy wil. Buddy skud alweer hier aan hom. Maak oop jou oë Man met die Naam. Jy gaan nog voor karre instap. Ons is hier. Kyk. Hy kyk waar die vinger wys daar ver is bome palmbome reusbome. Daar is hulle hulle waai wild hulle lyk nog meer bruin en dood hulle sien hom hy hardloop die voet sny hulle waai daar's hulle Buddy lag Sien Moeder.

*

Hy lê op sy maag en skilder aan die groot doek met die gesig van Assisi. Hy lê op die doek met net 'n wit broek aan, uitgestrek op die produksievloer. Die punte van die doek is onder konkas ingedruk wat dit styf span, sodat die verf nie in kreukelvalleie inloop nie. Hy is ten minste tevrede met hierdie werk. As die toneel nie na wense sal wees nie kan dié in die gehoor wat meer krities is darem die skildery op die agtergrond geniet.

Hy dink aan sy versameling fratse van die menslike spesie. Wys hulle op die wisselvallige grens tussen mens en dier, iets wat die meeste mense, en moontlik diere, wil ontken of ignoreer? "Soos Blake oor die huisvlieg sou sê, dames en here: 'For am I not/ A fly like thee/ And art thou not/ A man like me?'"

Hy begin met die lippe, die bleek lippe van 'n heilige. Hy wonder oor die ooreenkomste tussen sy gemuteerdes en die heiliges en profete. Albei monsteragtig in die oë van die mens, omdat albei staan op die ekstreme grense van menslikheid. "Geagte gaste, die inkarnasie, vorm as u wil, van die monster verander met die geskiedenis van kennis. Die monster is die wese wat die ideaal van 'n eenselwige, kenbare syn ondermyn. Is die ideaal van kloning dan nie, dames en here, om ontslae te raak van die ander nie." Die skare sit stil, daar is geen geklap van hande nie. Iemand los 'n senuweeagtige kuggie.

"Ek haat julle!" Die applous is dawerend.

Hy maak die kwas weer vol verf, hierdie keer meer rooi. Onse Fransiskus kry meer kleur. Anders lyk dit na 'n blekerige selfportret. Maar sy kanonisasie sal seker nog 'n paar jaar moet wag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brutus kom in en roggel onverstaanbaar. Die idioot wys hy moet volg. Hy stap agter die reus aan. Hulle gaan in by ’n kamer wat in onbruik staan. Brutus maak ’n blafgeluid, vat een van die tralies in sy groot hand en haal dit uit. Deurgevyl.

Caesar grom.

“Wie’s weg?”

Brutus wys iets kort, die hand horisontaal langs sy belt, die dwerg, dan. Dan sprei hy sy hand oop, Fransiskus.

“Dan moet ons seker solank die vetgemaakte kalf gaan slag, Brutus.”

Brutus grinnik. Draad Dreyer loer met ’n lang nek om die deur: “Die fokkers het nie eens baai gesê nie, Baas. En die dêm dwerg skuld my R5 vir die tamaties.”

“Gaan slaap, Draad, of gaan was jou matras. Hulle is nou weer terug. Ek verseker jou.”

Hy gaan lê weer rustig op sy doek en verf verder aan heilige oë. Buite waai ’n stormwind.

*

Siegfried is by sy reuse. Hulle waai mal bly om hom te sien. Alles is meer duidelik nou hy hoor die reuse praat met hulle hees stemme soos daai oom met die smouslorrie en die Texans. Hy sit by sy pa op die stoep hy sit op die trap en sy pa sit op die bank hy sê Pa waar’s al die gode en reuse heen al die stories sê hulle baklei so maar hulle is g’n op Doerkyk nie. Sy pa trek aan die pyp hy blaas ’n hele bol rook uit. Die gode en die reuse het moeg geraak vir al die gebaklei en al die vrouens wat hulle probleme gee nou is al wat oorbly van hulle die bome en die berge hulle lê almal en slaap in die berge en die bome partykeer word hulle wakker as jy stil sit en luister hoor jy hulle. ’n Polisiebakkie kom stadig onder ’n lig gery dis Mokkie hy sien vir hom en Plant hy skud sy vinger hy lag hy vat ’n sluk Napoleon dan is die alarm weg en die bakkie ook weg tussen die geboue in. Buddy is weg hy staan alleen by die reuse hulle praat hy kan nie hoor nie die blare raas met die wind Plant praat saam hy kan nie hoor nie hy is veilig hier. Dis sy plek. Daar anderkant is die swart see. Buddy is terug met ‘n moerse glimlag en ’n lang staalpaal. Kom Boeta ons gaan bietjie teer spit sê hy. Hy bekyk net die storie. Buddy trek sy baadjie uit en sy strikdas uit en sy hemp uit sy arms is heeltemal te groot vir sy lyf hy vat die paal met albei hande. Hy begin die grond donner. Hy donner nog so dan is daar krake die grond bars oop hy sit plat hy trek stukke teer uit die grond uit en gooi hulle rond hy skree goeters wat hy nie weet nie. Dan sê hy Oraait kom bring daai plant van jou Man van Naam. Hy gee vir Plant aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die klein man vat hom trek hom uit sy bak uit en gooi die bak in die pad onder 'n lorrie se wiele in hy skud die wortels bietjie reg hulle is heel opgedraai hulle begin so bol inmekaar in groei Buddy sê nes 'n familie met skandes. Die wortels is reg hy laat sak Plant in die regte grond in wat onder die teer is in die gat in nou is Plant geplant nou staan Plant by die reuse nou gaan hy ook 'n reusboom word en saam met hulle waai en staan en kyk oor alles vir altyd. Daarsy Plant nou's jy oraait baai Plant. Buddy staan op hy skud sy hande af. Buddy het slim hande. Hy buk af daar na Plant toe hy vat aan die blare hy vat aan die stam hy vryf die blare soos hulle liggies in die wind waai die groot wind is net daar bo. Hy wens hy is 'n plant. Raait nou gaan ons swem sê Buddy hy sê Wat ek swem nie meer nie die see is erg dis donners erg Buddy kyk in die lug in op dan kyk hy weer na die see hy sê Aikona. Jy is 'n Man van Naam. Moeder sê dis tyd dat jy jou stront los en 'n slag ordentlik swem. Buddy is al oppad see toe hy is al op die sand hy hardloop hy trek sommer sy broek ook uit daar gaan die klein swart teermannetjie. Hy hardloop agterna hy pluk sy hemp oor sy kop daar spring 'n knoop hy stop en trek sy broek uit dit sukkel dan hardloop hy weer die sand is koel dis sag. Daar staan Buddy en spat water rond hy skree goeters hy sê Kom Siegfried word 'n slag nat jy stink al. Hy is in die water in Buddy spat hom nat die seewater maak sy hand seer met die sigaarseer op dit brand nes die medisyne vir nerfafknieë dis gesond hy spat Buddy nat hy kan erg spat met sy hande dit maak bakke vol water. Hy val in die water en onder die water in sy oë is toe hy is onder in hy skop soos sy pa sê hy is dieper in nog dieper hy kan nie meer staan nie hy swem. Buddy dryf daar rond hy lag. Hy dryf lank rond en skop om bo te bly dis maklik dis makliker as daar in die vlak water waar al die water bruin is of rooi mens moet net diep ingaan dan is dit beter. Hy dryf die sterre sak af hy dink miskien moet hy na die middelste middel toe gaan of oorsee. Buddy skree daar van anderkant af Kom uit Visman voor jy begin skubbe groei.

*

Hy klim op na sy kantoor vir 'n bottel brandewyn. Die jong nimf, geklee in een van sy hemde, kom nader gehardloop. Brutus is 'n paar tree agter haar. Die reus vries as hy hom gewaar.

"Dankie Brutus." Die reus glimlag effens. Hy kyk na die meisie: "Het ek jou nie gesê jy moet wegbly uit die res van die fabriek nie. Dis nie 'n plek vir klein dogtertjies nie." Brutus grinnik.

"Come on Engel, ek kan mos nie die hele tyd net daar bo in jou stink kamer lê nie."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brutus haal 'n flits uit en stap na die die fabriek se ingang toe. "Waarheen dink jy gaan jy? Kan julle mense nie net op een plek bly nie?"
Brutus beduide hy gaan die dwerg en die webman soek. "Hulle is seker al op pad terug. As hulle terug is sal ek jou die dwerg gee om bietjie reg te sien, ek sal met ons heilige vriend 'n lang motiverende praatjie hê." Brutus knik, sit die flits weg en stap weer in die gang af na die fratse, ingeval nog een wil gaan ronddwaal.
"Is daar van jou weird freaks weg? Ek kan nie glo jy het jou eie freaks nie. Dis so cool. Hoekom gaan soek jy hulle nie. Hulle kan jou in die kak bring as hulle cops toe gaan of like so iets."
Hy onderbreek die gekêf: "Ek het vir die enigste van die klomp wat genoeg breinvermoë het om ooit te wil probeer ontsnap goed laat verstaan dat dit dom sal wees. Dat sy enigiste kans op oorlewing sal wees om maar hier te bly by die Fafnersirkus," hy glimlag vir die naam wat hy nou die eerste keer gebruik. "Dat as hy en sy maatjies ooit sou probeer ontsnap, hulle gejag sou word en dan 'n moeilike dood sou sterf. 'n Aaklige vooruitsig, selfs vir 'n mal dwerg. Hy sal terugkom sodra hy begin dink aan alles wat aan hulle gedoen sal word as ek hulle moet gaan soek. En hy weet daardie idiootvriend van hom met die hande sal maklik gevind word."
"Cool. Dis soos brainwashing of like soos propaganda."
"Kom, kamer toe met jou." Hy klap haar speels op die boud.
"Whatever Engel."
Hy stap agter haar die kantoor in, neem die bottel en waai vir haar. "Soetwees." Hy sluit die deur van buite.

*

Ons moet terug sê Buddy hy lyk bang hy trek sy klere aan. Hy trek sy klere ook aan hulle gaan sit weer by Plant. Hy kyk hoe groei Plant hoe staan hy langs die reuse hulle is nou almal stil. Hy wens hy is 'n plant hy wens hy kan net so staan in die grond en groei saam met die reuse. So stadig rondwaai en kyk hoe alles is daar ver onder en net groei. Hy wil blare hê. Klim op jou voete ons het nie heel donnerse nag tyd nie sê Buddy hy is al daar by die pad hy waai na 'n bussie wat verbyjaag dis 'n taxi die bussie stop hy hardloop na die taxi toe hy praat met die man hy trek sy baadjie uit en sy strikdas en sy hemp uit hy gee dit vir die ander man. Buddy roep hom Kom. Hy wil hier bly vir altyd by Plant en die reuse en die see. Die see swem nou reg. Buddy roep. Hy kyk vir die bome Buddy skree hy stap na die bussie toe hy gaan staan by die bussie. Baai Plant waar's Pa. Komaan Plant ek wil bly. Buddy hou sy lyf vas van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koue hy sê Ons kom weer Siegfried. Ons kom sommer môre weer. Ek belowe dan kan ons bly net so lank jy wil ons kan braai ek sal nog tamaties kry. Hy sê Liewer appels as tamaties of mossels die tamaties vrot. Buddy sê Enige ding wat jy wil. Maar klim net in en kom net saam in godsnaam. Hy klim in Buddy sit en bewe van die nat hy sê Buddy moet weer sy klere aantrek hoekom hou daardie vent dit Buddy sê Die ou se kind het kerkklere nodig en ek het nie geld op my nie. Al die geswem en stap en goed maak hom vaak sy oë is dik hy lê op die bank daar is nie ander mense nie almal slaap al. Buddy skud hom hy maak sy oë oop hulle is weer by die fabriekplek. Buddy mompel Thanks die bestuurman sê niks. Hulle klim uit die bussie ry weg die wiele raas om die draai. Buddy trek sy asem so hard in of hy wil gaan duik Buddy skrik eintlik hy kyk waar Buddy kyk daar staan Baas Fafner. Hy glimlag vreeslik. Hy stap vinnig oor die pad na hulle toe met sy wit klere wat waai soos mantels agter hom aan hy het ’n graaf agter sy rug dis in die lug op dit swaai van daar bo af dan net swart niks. Tiamat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## IV

Die seehuis vol water drywe deur die kamers waar's julle deure ver daarbo is lig die seehuis is skaduwees. 'n Paar visse kruip weg in die sitkamer. Die swart water daar is die kamer in by die kamer daar lê Pa hy kyk af in die gang. Dis nie die seehuis nie dis hulle huis wat verdrink het.

*

Hy het die webman in dieselfde kamer laat indra waar die frats onlangs sy toorn beleef het. Sommige wil net nie leer om op te gee nie. Die gesig is stukkend, die mond geskeur aan die linkerkant en die oor aan dieselfde kant is ook 'n gemors. Daar is bloed gekoek in sy hare. Die een hou met die graaf het amper die ding se dood beteken. Daar is beslis breinskade opgedoen. As daar iets was om te beseer. Hy klap die menspadda op sy regterwang wat ontkom het aan die graaf. Die vent begin roer. Hy kyk na die glas brandewyn in sy hand. Net om seker te maak die outjie begin nie drink nie, dit is so sleg vir 'n mens, sommige beweer selfs verslawend: Hy gooi die brandewyn in die bebloede gesig. Die oë sper wawyd oop, 'n glimlag verskyn. Shakespeare se Bottom het ook gedink hy lyk beter met die donkiekop. Glad to be of service.

Hy hoop die wonde kan vinnig genoeg heel, sodat sy Fransiskus môreaand ten minste soos 'n mens lyk. Daar sal net een toneel wees. Hierdie tipe teater trek te veel aandag en dit is besonder moeilik om te adverteer, aangesien die polisie verkieslik vermy moet word. Hierdie een vertoning moet egter goed wees, sodat sy naam gevestig kan word in die Kaap van Storms, vir toekomstige toere. Sonder 'n geloofwaardige frats, hy lag amper vir die woordkeuse, sonder 'n frats wat darem die trekke van 'n mens het, in die hoofrol, sal die toneel moeilik slaag.

"Wakker word, my Fransiskus. Hoe lyk dit my jy begin nou stigmata van jou eie opdoen."

Die man staar net voor hom uit, na 'n imaginêre punt êrens naby die dak agter hom.

"Ek dink nie een van die stigmata is 'n graaf in die gesig nie, my vriend. Maar die tye verander." Die frats staar, met die glimlag wat nou effens vertrek het in 'n oop mond met 'n dun, pienk kwyldraadjie in die linkerhoek.

*

Hierso die lang plek met lig in af snaakse goed kruip rond op sy bed sagte matras as die kop val val hy dieper as die grond in alles in. Niks. En weer wakker klap klap hom teen die kant van sy kop nie Buddy nie waar is Buddy heen net sommer weg Buddy se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

matras lê nou op Draad se ander matras Buddy slaap nie meer hier nie. Eet eet sê stemme Hier's julle kos niks meer lepels of vurke of messe vir julle nie julle loop mos rond alles skarrel na staalbakke met stoom in hulle druk hande in haal pap uit dit drup op die grond brand hulle hande hulle skree by die krip krap krap kos uit prop in hulle monde iemand praat pap val uit haar mond uit. Runnik gooi pap hy lag hy runnik. Runnik is 'n perd. Ma is 'n meermin. Pa is 'n boer. Die oom maak stories. Oom Smet. Iets voer hom 'n sagte hand in sy mond warm dik papperige pap. Maggie soen met al sy asem Sproet maak pampoenkoekies. Kwêê. Hy lê op die matras sy gesig is taai dis seer daar is rooi op die matras sy mond is stukkend. Hy is stukkend hy lê. Hy kan nie slaap nie kan nie droom nie die seer is te besig en te wakker. Hy dink hoe Plant waai en die see ruik die sagte grond onder die teer. Kom ons spit die teer sê Buddy. Kom ons swem sê Buddy. Hy lê in die seer wakker.

*

Hy maak die finale skaduwee aan die onderkant van die doek effens dowwer; hy hoor die gekerm. Dit is 'n diep stem, amper dierlik. Hy gooi 'n hemp om sy skouers en stap met die gang af na die geluid toe.

Hoe nader hy kom, hoe meer klink dit na 'n dier. Hoe meer herinner dit aan Brutus. Hy vind Brutus in 'n donker hoek van die gang in 'n plas water. Hy sit vooroor gebuk op sy knieë en tjank. Hy kon nog nooit woorde vorm in die tyd wat Fafner hom ken nie, en nou, die eerste keer dat hy soveel emosie wys, kan hy ook nie huil soos 'n mens nie. Dit klink na 'n groot bok in pyn, 'n gebulk. Die idiotereus ruk met elke snik. Die dobermann staan voor hom en kyk hom stip aan. Af en toe gee die hond 'n blaf, onseker hoekom sy meester so magteloos lyk. Fafner is nie seker met die swak lig en sy onkunde betreffende troeteldiere nie, maar dit is asof hy minagting in die hond se donker oë sien.

Die reus hou nie op met sanik nie. Hy is nie seker wat gebeur het nie, senu-ineenstorting heel moontlik, maar die man sal nie verder sy doel kan dien nie. Hy sal ook nie as akteur saam met die fratse kan optree nie, sy mutasie is gering en is beperk tot sy uiters sonsensitiewe wit vel en grootte. Daar is nie veel opsies vir hom in hierdie situasie nie. Die reus huil; hy is vernietig. Hy sit sy hand op die geskeerde kop, vryf effens daaroor, maar sê nie 'n woord nie. 'n Pa en sy monsterseun. Hy kry hoendervleis, hy word skielik koud. Brutus was altyd die sterk een wat alles op die woord uitgevoer het, sonder enige vrae. Selfs al kon hy praat, is Fafner seker, sou hy nooit teëgestribbel het nie. Hy onthou hoe hy en Brutus een nag in Hillbrow aangeval

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is deur 'n groep mans wat nie van vreemde gesigte op hulle turf gehou het nie. Veral nie as die vreemde gesigte inbreek maak op hulle dwelmhandel nie. Brutus het die een se knie afgeskop en twee ander met 'n lang mes buite aksie gestel. 'n Vierde het weggehardloop. Hy het altyd veilig gevoel as Brutus in die omgewing was. Nou is daar net 'n groot kermende kind hier op die vloer in 'n plas water.

Hy neem die groot wit gesig in beide hande en draai die kop na bo, sodat hy in die oë kan kyk. Hy sien die vrees. Die oë is toe; agter die traangordyne pleit hulle. Die oë is berserk, iets daarbinne het gebreek. Brutus is dood.

"Dames en here, kuns is meestal wreed of in die woorde van die psalmdigter: 'kuns is boos'. Nie enige gemoed is sterk genoeg om met ware kuns om te gaan nie." Hy sien hoe iemand sy hoed afhaal en in die oop graf gooi as teken van eer. Dit is 'n somber skare rondom die reuse graf; en hy, Fafner, moet daaraan sin gee.

"Brutus was nooit betrokke by kuns nie. Al wat hy ooit gesien het, al waarmee hy besig was, was die onderhoud en die onderdrukking van die fratse. Hy het nooit die hele prentjie gesien nie. Hy was nooit bewus waarheen dit alles oppad was nie. Na iets groots, na iets wat nie so banaal was nie. Ja, geagte gaste, Georg Fafner had respek en simpatie vir Brutus die reus."

Hy kyk na die dobermann, 'n ander twee paar oë ontmoet en perfekte kommunikasie vind plaas. Hy knik effens vir die hond, sy kop beweeg skaars. Die hond begin klein tjankgeluidjies maak en gaan lê styf teen sy meester. 'n Wit hand is om Fafner se pols, om sy hande van die kop af te trek. Hy gryp die kop stywer vas, sy naels grawe in die vel in. Die wit hande om sy eie arms klou krampagtig, trek die hande weg van die kop, maar sonder genoeg wilskrag. Die reus bulk, die hond tjank en begin grom.

"Gaan slaap nou. Dis te veel vir jou, my kind." Hy dink aan Goya se Saturnus.

Hy breek Brutus die reus se nek met 'n majestieuse rukbeweging en die hond Caesar begin, stert tussen die bene, sy meester se gesig lek na hy nog 'n plas in die gang gemaak het.

Hy loop terug na sy skildery. Hy kon die man nie net laat gaan het nie. Hy sou polisie toe gaan. Hy sou alles verraai. Hy het nooit verstaan nie. Hy sou nie buite kon oorleef op sy eie nie. Hy sou niks kon wees behalwe dit wat hy ophou wees het nie. Daar was geen uitgang nie, geen abstrakte uitweg nie. Hy gaan haal 'n bottel vodka, gaan lê op die doek en vee stadig met 'n grys kwas in 'n hoek van die prent.

*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Êrens is ligte wat stadig waai deur die lug hulle swaai dof. Stadig baie stadig kruip hy in die vaal donker na die papbak daar's niks meer stoom nie alles is koud hy vat 'n handvol hy spoeg niks proe meer soos kos nie. Hy kruip terug na die matras hy hoor mense praat êrens hy verstaan nie meer nie alles klink net. Hy hoor blaf hy maak ook whaf whaf saggies hy kan nog so maak darem. Sy mond is seer erger as hy geluide maak hy hou sy mond toe hy maak in uit deur sy neus hy voel sy neus dis seer dis koud. Hy lê hy kyk na die ver ligte wat koud brand daar waar hulle waai hy wonder of die see nog so diep is.

*

Die doek is klaar geverf. Hy is meer as tevrede. Hy stel vier groot waaiers op, elk op 'n hoek van die doek, om die verf vinniger droog te maak. Caesar blaf. Die hond sal uitgesit moet word. Hy kan dit nie self doen nie. Hy het in die laaste jaar die hond sien groei, van die sesmaande oue bondeltjie wat Brutus gesteel het, tot die formidabele swart dier wat sy eie meester op sy bevel laat vernietig het. Dit is seker net 'n kwessie van tyd tot die hond op hom draai. Hy kan hom nie meer vertrou nie.

Hy het vanoggend op sy eie, met die hulp van twee van die groot fratse, die konkas reggeskuif en die stoele en houtbanke reggepak vir die gehoor. Die toneel sal plaasvind in die een hoek, waar die meeste masjiene staan, met die gehoor in 'n halfmaan, soos met 'n amfiteater, rondom die 'verhoog', 'n swartgeverfde gedeelte van die vloer.

Die hond hou nie op met blaf nie. Hy stap na waar die geluid vandaan kom, in 'n sygang af, na waar Brutus die dwerg gaan disiplineer het. Op pad loop hy verby 'n donker kol in die gang, waar Brutus sy laaste oomblikke deurgebring het. Die liggaam is vroeër deur Draad Dreyer en 'n reuse vriend toegedraai en na 'n ander kamer gesleep. Hy sal later ontslae raak van die liggaam. Hy hoor die hond blaf om die draai. Caesar staan in 'n oop deur. In die kamer, opgekrul op die grond, lê die dwerg, sy nek gebreek.

Hy verbeel hom hoe Brutus die dwerg rondruk, hy kan hoor hoe die been breek in die dwerg se nek. Hy sien hoe Brutus op die grond val en die dwerg probeer regop kry, die kop wat aanhoudend slap vooroor val. Hy sien hoe Brutus begin huil en die liggaam stadig op die grond terugsit, dan met 'n groot geskree die gang begin afhardloop om sy baas te gaan haal. Hy sien Brutus struikel in die nat gang en net daar bly sit en grens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brutus het altyd 'n sagte plekkie vir die dwerg gehad, die reus wat hom effens ontferm oor die klein mannetjie. As van die ander die dwerg mishandel het, het Brutus gou ingetree. Draad Dreyer is eendag heeltemal vasgeknoop met sy eie ledemate op die produksievloer gevind. Volgens hom het die reus mal geword toe hy net met die dwerg wou speel. Hy glimlag as hy dink daaraan dat die idiotereus tog die dwerg toegetakel het, omdat dit sy opdrag was. Hy sou nooit teen Fafner draai nie. Miskien het hy vir 'n oomblik vergeet hoe broos sy vriend se lyfie was. En toe was dit te laat.
Hy gaan roep Draad en Runnik om ook die dwerg se lyf toe te draai en by die ander een te gaan sit. Amper romanties hoe die tweetjies toe so saam opeindig. Toe hy weer in die saal kom, is sy doek reeds droog. Sy Fransiskus is reg om gehang te word.

*

Pa is moeg. Hy kom by die huis dis lankal al donker hy is siek hy is in die bed sy pa kom sit op sy bed hy ruik na mis en beesvoer. Hy sê hy is nog wakker vir 'n storie sy pa vra watter storie. Hy wil meerminne hê en Atlantis. Sy pa sê Meerminne is mooi en sing mooi hulle lok jou na jou dood toe. Hy weet nou nie meerminne swem mos maar rond en speel kitaar onder die see maar sy pa sê Hulle lok jou ondertoe tot jy nie meer asem het nie dan versuip jy en jy gee net nie meer om nie al wat jy weet is dat jy daaronder moet bly solank jy kan dis soveel beter daar hulle glimlag vir jou en sing vir jou en streel jou tot jy vrek. Hy sê Pa sy pa sê Ek's moeg Bulletjie ek gaan slaap môre aand kry jy twee stories. Vannaand is nie 'n aand vir stories nie.

*

Hy is besig met die finale afronding van sy inleidingsrede: "Die westerse stad dan, dames, here, is gebou op kak. 'n Hele kultuur op die fondamente van 'n matriks van rioolstelsels. Bou jou huis op 'n rots, sê sommige. Wel." Dit kan 'n goeie afsluiting tot die eerste deel vorm. Hy begin met 'n ander paragraaf. 'n Los gedagte wat hy êrens in die middel sal inwerk, as die tyd dit toelaat.
"Behandel diere beter, is die kreet uit linkse sirkels. Sommige sê selfs: Behandel hulle soos mense. Vroue in die strykafdelings van fabrieke, gedwing om te werk sonder enige kraamverlof, skenk geboorte aan babas met brandwonde. Fabriekswerkers, weens industrialisasie, globalisering, werkloosheid en honger, gedryf van hul tuistes, word met amfetamines ingespuit om ag en veertig uur skofte te werk. Sommige sterf aan uitputting. Die talle luidkeelse aansprake op regte, soos die reg op grond, die reg op water, lug en lewe, beteken niks anders as dat hierdie dinge op pad uit is nie. Talle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

babas word elke dag in hierdie land deur soms meer as een man op 'n slag verkrag." 'n Pouse. "Behandel diere dan maar soos diere."

Goed. En nou vir die afsluiting: "Hierdie fratse dan, hierdie Fransiskus, is alles wat die mens nie moes wees nie. Waar die Romeinse Ryk miskien die oomblik was toe die mens kon gode word, verkeer die mens nou in virtuele limbo, be-skerm" (Hy sal hier 'n vierkantige TV-skerm in die lug maak, sodat die woordspel duidelik word) "teen die werklikheid. Ongemediëerde kontak is lewensgevaarlik. Dames en here, sterf dan saam met my vanaand 'n klein dood, in kontak met die mens op sy brute, banale beste – Die heilige frats. A tale told by an idiot, full of sound and fury and signifying…" Hy oefen die reël 'n paar keer tot die ellips in sy stem hoorbaar is.

Hy maak 'n klein buiging voor die imaginêre gehoor, die applous is iets fenomenaal.

*

Siegfried is klein. Hy het gebad sy ma het hom gebad hy voel nog haar hande dun en sag sy sê niks. Sy trek hom sy pajamas met die bootjies aan. Sy stap weg in die gang af weg hy sê Maar dis nog oggend dan Mamma hoekom bad ons nou sy sê sy kan nie vanaand nie hy moet weer bed toe. Hy klim in die bed hy lê bietjie daar is stemme buitekant sy pa praat hard hy weet nie meer wat almal sê nie hy gaan staan op die stoep. Daar is so blou kar daar anderkant 'n vroumens stap na die kar toe met twee tasse en 'n handsak sy is blond met groot krulle wat wip so groen rok sy pa staan daar in die stof hy sê iets hy hoor nie wat nie die vroumens hoor ook nie sy stap net aan en in die kar in by die agterdeur van die kar in met die tasse en alles. Sy pa sit op sy knieë hy maak sy vuiste vol grond hy gooi die grond op met sy hande in die lug in op miskien speel hy dis nog vroeg hy hoef nie nou al te werk nie. Dan skree sy pa. Hy hardloop na sy pa toe. Is Pa seer. Sy pa sê Sy is terug see toe.

*

'Die kat gelyd'. Hy kon sy oë nie glo toe hy die verkeerdgespelde frase op die kartonbord om die man sy nek die eerste maal sien nie. Die man het in die steeg afgestap gekom en byna in hom vasgeloop. Hy was besig om te kyk na die ry vensters net onder die dak van die fabriek. Fafner het hom dadelik gestop, eerder: het vir Brutus gevra om die man te stop, en wou weet wat de hel hy hier soek in die middel van die nag. Die man het reageer met wat as niks anders as 'n katgeluid beskryf kon word nie. Dit was 'n ouerige bruinman, swak geklee, en duidelik 'n bedelaar met die kartonbord om sy nek en die blikkie wat hy uithou. Hy het later, by verdere navraag, uitgevind dit was 'n bedelaarsroetine met 'n verskil. In plaas van die gewone

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mompelende pleidooi het die man stil gestaan, met die blikkie in sy hand en die bord om sy nek. As iemand hom vra wat die frase 'die kat gelyd' beteken, het hy geswyg. Eers as die nuuskierige persoon uit frustrasie wel 'n munt of twee in die blikkie gegooi het, het die man sy tande gewys, in elkgeval die paar wat hy gehad het, en uit volle bors 'n geluid gemaak wat presies soos 'n kat in die paringsmaand klink. Die verbaasde verbygangers het dan nog geld gegee, met elke munt het hy die geluid herhaal tot die skok of gelag van die verbyganger. Sodra die geld ophou val in die blikkie, het hy geswyg.

Hy het die man, wat baie min praat behalwe vir sy geluid, ingenooi en hom Felix gedoop. Felix se werk is om by die deur van die fabriek te staan, die kaartjies in te vorder en ook vir verdere donasies te 'vra', deur nie sy geluid te maak nie. Felix is vinnig besig om 'n legende te word.

*

Ma se arms om hom sag vas Ma se mond op sy kop sag nat Ma oral om hom niks lug oor nie oral lyf sag nat vas. Hy byt.

*

Felix samel geld in. Die gehoor stroom in. Dronk studente. Voorstedelike cyberpunks. White trash. Staatsamptenare. Radikale professore. Kunskenners. Kritici. Kombinasies van bogenoemde. Hulle neem hulle sitplekke in. Twee studente steek 'n bottelnek aan. 'n Professor en sy metgesel maak 'n bottel wyn oop. Die samelewing is hier. Met sy rede en toneel vanaand, sal hy die meeste groeperings bereik. As alles vlot verloop, sal sy nuus soos 'n veldbrand sprei. In die Noorde het hy dinge nog net op 'n baie kleiner skaal aangepak. Die idee van die toespraak is ook nog nooit uitgevoer nie. Die toneel van vanaand is verder meer kompleks en langer as enigiets wat hy tot dusver aangepak het. Dit tref hom nou eers hoe gewigtig die verrigtinge vannaand is vir die bevordering van sy loopbaan in die publieke sfeer. Hy glimlag as hy die frase 'publieke sweer' op 'n stuk papier neerkrabbel, vir latere gebruik in 'n ope brief aan die koerante.

*

Goed maak lig goed beweeg op en af goed tel die lyf op goed sê goed. Goed vat die lyf saam in nou lang dinges af vorentoe die voete sleep partykeer is daar nat goed onder die voete hulle sleep dan maak die goed die hele lyf staan op een plek die voete staan op die grond die lyf staan regop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*

Die spieël is groot. Hy kan elke detail van homself sien. Die pak is kreukelloos, nie 'n haar is uit plek nie. Vir hierdie oomblik moet alles volmaak wees. Hy kyk diep in sy eie oë, soekend. Hy neem 'n sluk whisky, 'n bottel Johhny Walker Gold Label wat hy gespaar het vir hierdie geleentheid. Hy maak keelskoon, lig sy ken effens; hy begin: "Ek is Georg Fafner." Buite hoor hy nog mense instroom. Sy oomblik is naby; waarin hulle gebreek en hy gemaak sal word. In hierdie oomblik hang sy hele bestaan, die uur waarin sy kuns vervolmaak sal word. Iemand klop sy konsentrasie aan skerwe. Word hy nie sy oomblik van stille inkering in Getsemane gegun nie? Nie een minuut alleen voor hy die Offer bring nie? "Dit is tyd," sê hy vir die spieël, "Ek hoop julle is reg," aan die deur en die gepeupel daarbuite.

*

Die ligte is nog gedoof op die vloer. Die akteurs is gereed, sommige selfs opgewonde. Almal is sonder klere. 'n Wit massa fratsvlees. Hy voel effens bedreig sonder die imposante teenwoordigheid van Brutus. Hy is al meer onseker oor sy toespraak. Hy kan nie meer sien hoe dit alles inmekaarsteek nie. Waar lê die klimaks, die grootse besef van 'n nuwe Waarheid? Waar is Brutus? Die argumente lyk nie meer so goed nie. Logiese denkfoute, miskien. Om die minste te sê. Hy sien deur dit alles. 'n Paar fratse tot die vermaak van 'n klomp snotterige ego's. Hy skakel die ligte gerig op die skildery aan; iemand in die gehoor lag vir die "kak prent" teen die muur. "Wonder watse freak het dit geteken." Vat hom Brutus! Sa!

Fransiskus staan eenkant. Die oë uitdrukkingloos. Sy kaal liggaam bewe effens. Die gesig is vol rowe. Fafner jaag die 'diere' op die vloer. Die skare lag en gil. Die dwerg se afwesigheid noodsaak hom om nou self die stem agter die skerms waar te neem. Hy moes ook 'n cd laat skryf met toepaslike musiek op. Dit is 'n mengsel van snitte uit bekende Barok, Country, Afrikaanse ligte musiek en harde industriële rockmusiek. Met die diere wat wei in die agtergrond, stap hy, mikrofoon in die hand, na die middel van die vloer. Runnik snork, die donkieman galop na die ander muur. Sy toespraak is in sy linkerhand. Hy voel hy klem dit te styf vas. Sy hand bewe. Hy begin sweet. Dit het nog nooit van te vore gebeur nie. Die gel loop uit sy hare in sy oë in. Hy vee met die hand vol papiere oor sy taai gesig. Iemand in die, nou duister, gehoor giggel.

"Alles word as esteties gesien, niks is meer mooi of lelik nie. Daar is geen standaarde vir beoordeling meer oor nie. Eksotisme is dood, dames en here."

'n Student skree: "Kyk daardie een met die stert. Here!"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy begin bloos. Vat hulle almal Brutus! Skeur die fokkers uitmekaar! Hy moet net aangaan. "Hier volg die desimbolisering van julle rituele, in die woorde van Nitsch: Bloed is slegs maar bloed en dit is die enigste realiteit van ons bestaan." Hy verloor sy plek op die papier. "Artaud sê slegs die malman is werklik kalm tussen betekenislose konsepte." Hy lees wat hy kan sien, deur die sweetvlekke heen: "Ek is Georg Fafner. Welkom in my wêreld." Iemand lag. "Julle het my gemaak. Ek is julle gestolde genetiesgemanipuleerde saad."

"Get on with it!" 'n Engelse kritikus. Fok hom op Brutus! Trek sy tande vir hom uit!

Hy blaai angstig deur die papiere, sien iets raak wat in hoofletters geskryf is: "Ek verwys graag na Hugo se bekende werk *The man who laughs.*" Hy voel die reuse wit kopvel onder sy naels. Hy hoor die gekerm, die hond wat tjank. Hy sien Brutus in al sy glorie. Die wit reus wat hom beskerm. Brutus lê onder 'n vuil laken, stadig besig om te ontbind. Georg Fafner is alleen.

Iemand hoes in die gehoor. Almal is verveeld. Hy vee met die papiere deur sy gesig.

Hy kan nie onthou waar hy was nie. Dit is te laat om van voor af te begin. Sy oog vang nog 'n frase: "Dit was iets groots, 'n Shiva wat die wêreld uitmekaar dans." Daar is stilte. Dan gooi iemand 'n cokeblik teen die muur agter hom.

Hy vroetel krampagtig deur die bladsye. Op die laaste een eindig 'n lang paragraaf met: "Behandel diere dan maar soos diere."

Die voëlvrou laat skielik 'n "Kwêê" uit. Hy laat val sy papiere. Hy steek bewerig 'n sigaret op. Die skare skater.

Hy weet nie wat om te sê nie. Alles is verlore. Die toespraak lê by sy voete. Hy kyk die swart gehoor in. Hy sien niks, maar voel die briesende oë. Dan skree hy: "Hier's julle freaks!"

Hy stap agter die skildery in. Fransiskus staan steeds daar en staar voor hom uit. "Gaan uit! Laat hulle jou vat en uitmekaarskeur!" Hy stamp die webman vorentoe. Die liggaam is heeltemal willoos, dit bly skaars regop. Hy stoot die kaal frats op die vloer, die lig in. Met sy oor naby die man se mond hoor hy hom prewel: "Ko vatt my… Bud… jaa … daaas … hulll. Daa waai …" Die gekneusde gesig vol nat rowe vertrek in iets soos 'n glimlag.

Die gehoor het mal geword. Almal staan op en lag of skree obseniteite. Hy sien homself in hulle oë, die klein rooihaarmannetjie met die wit pak, met die kaal paddafrats in sy arms. Hy los die lyf van Fransiskus, dit val pap op die vloer. Hy storm die gehoor in.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Die show is oor. Fokkof huistoe. Fokken trap! Dis my huis hierdie, gaan weg, staan op, fokken loop net! Dit is nie hoe dit moet nie! Dis oor! Verby!" Waar is Brutus? Die nimf probeer hom omhels, sy probeer hom inhou. Hy slaan haar met die mikrofoon deur die gesig. Die gehoor val aan. 'n Paar jong mans is tussen die banke deur oppad na hom toe. Sommige dink dis deel van die vertoning en lag onder mekaar. Hy kan nie meer hier bly nie. Alles is verby. Die fratse kruip kaal rond tussen die mense. Draad Dreyer is besig om 'n professor se vrou by te kom. Hy kyk 'n laaste keer om na sy skildery. Twee lede van 'n motorfietsbende is besig om dit van die muur af te skeur. Hy struikel en val in iets nat. Sy klere is vol kots.

Hy storm uit in die straat, hardloop in die steeg af, val oor 'n drom; hy bly lê. Hy word wakker, huil in die donker dat hy beswyk het in sy groot oomblik. Dan voel hy koud. Ongoddelik bang en alleen. Hy onthou Brutus. Hy pis oor homself. Hy kruip langs die muur; 'n boemelaar maak sy mond oop, wil iets vra, iets byt, die lang tande, die sataniese, moordadige oë. Hy slinger die mikrofoon agter die ou man teen die muur, hy skeur sy wit satynbaadjie af; hy hardloop.

*

Die lyf is in die donker dit sien nie meer die swart nie dis net 'n woord sê Buddy alles net name hy is die lyf hy is in die groot plek met niks meer mure nie hy is koud lug blaas op hom alles swart buite die lig daar is mensegoed hulle gil hulle klap dan niks meer name nie iets stoot hom vorente die sterk wind in die lig in ligte orals in die oë die brand lig op die vel die mure is nie meer lyne nie die mense is nie vorms nie dis net so. Hier is Buddy hy sê Ons speel kom ons speel 'n speletjie kom ons vat jou bome toe kom jy is nie meer hier nie. Kom vat my Buddy ja daar's hulle daar waai hulle. Buddy vat sy hand hy trek hom weg sy hand word pap en dun alles is web niks vingers meer nie Buddy sê Kom jy's amper daar. Sy voete is diep in die grond in dis nat Buddy waai baai hy stap met die sypaadjie weg met sy hoed plat op sy kop gedruk vir al die wind. Sy arms trek soos blare rond in die wind en op en die dou in sy oë dan blom die son op sy blare wat alles in brand in brand die grond maak hom vas en nat dan net so.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Willem Smet sit met 'n kriek in sy bek. Die pote spartel tussen sy lippe voor hy die dop met sy voortande breek. Die bekende bitter smaak van insek is sy mond vol. Hy vat 'n sluk uit 'n kan wyn. Hy kyk na die veraf ligte, die gedruis van die stad, en dink dan, hardop: "Ons het niks, absoluut niks, uit te waai met hierdie wêreld nie."

Die vlamme in die konkas brand nog hoog, al is dit laat. Die wêreld is rooi en swart. Vuur en nag. Skaduwees speel teen die mure en pilare, prente en gekrap swem in die geknetter. Die Meester sit eenkant in die middel van 'n kring, besig met een van sy stories. Hy sit op die dak van die wrak. Die swart wrak van 'n silwer Mercedes. Met die gedurige gedreun van die pad bo hulle is dit onmoontlik om te hoor wat die oue vertel. Die kring gebuktes en sittendes is bewegingloos, behalwe vir die skaduwees oor die magus se kreukelgesig. Hy wonder hoe oud die Meester is. "Jy maak jouself klein, die dood sy kyk anderpad." As dit nie was vir Meester en die verbrande stuk metaal waarop hy sit nie, het Siegfried nie saans hier tussen die vure rondgedwaal nie. Vannaand sit Siegfried eenkant in die donker teen 'n pilaar wat die vierdubbele nasionale snelweg ophou. Bo hom teen die pilaar gluur die prent van die man met die rooi snawel en vlerke. Hy sit bewegingloos, staar net voor hom uit. Heel verlep soos daai plant van hom. Hy wonder waar die dingetjie toe finaal omgekap het. Mildred lê met haar kop op sy skoot, haar groot bos hare vir haar 'n kussing, vir hom 'n kombers. Af en toe vat sy aan sy gesig met 'n klein handjie en bulk saggies. Probeer die stom kind hom terugroep met 'n dierlike geween. Hy sal nie roer vannag nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy word wakker en gaan soek vir Siegfried. Hy en Mildred lê op sy kombers. Die meisie het hom uitgetrek en is besig om hom soos 'n voël te voer. Die brood word fyngekou en dan met haar tong in sy mond ingewerk. Hy los hulle, gaan terug na sy lêplek; hy gaan sit en kyk die nag in.

Hy was Siegfried een of twee keer 'n week. As die son skyn en die wind nie te erg waai nie. Die idioot staan met sy webbe in die lug. Hy trek die hemp oor sy kop, die broek tot by sy enkels en oor die groot pote. Aan die anderkant van die snelweg is daar 'n slangerige stinkriviertjie wat deur die riete, sakke en bottels probeer vloei. Hulle waterbron. Dan, met 'n stukkie Sunlightseep wat hy in die wrak wegsteek en 'n emmer bruin water, skrop hy die paddaman skoon. Terwyl Siegfried doer staan en kyk. Mildred wil altyd help. Maar dié is sy werk. Die pote neem die langste, die vuiligheid en teer wat tussen die webbe vassit. Al wanneer hy lewe in die man gewaar, is as die seep in sy oë beland en hy sy oë toeknyp tot die trane loop.

Hy bedel kos van die ander brugwoners. Hy eet self nie eintlik meer nie. Af en toe as hy omdronk is, stop iemand 'n stuk brood in sy bek. Die braaksels is deesdae meestal rooi en gal. Sy tyd is naby. Die gebedelde kos, brood, melk, sop, aartappels, voer hy vir Siegfried. As hy nie tyd het vir voer nie, los hy die kos by Siegfried se lêplek. Teen die oggend is dit op.

Siegfried het nou die dag verjaar. Sy nuwe verjaarsdag. Die nag van die Mercedes. Hy verjaar elke maand; hy mag nie meer dink in jare nie. Daar by die vlamme wat ruik na mens het hy 'n donnerse groot besluit geneem, 'n keuse om vir oulaas iets te probeer voel. Die nag van die Mercedes het hom laat hardloop na die sirkus. Met Siegfried se verjaarsdag vat hy hom see toe. Hy koop buskaartjies van bedelgeld. Siegfried sê niks. Op die strand loop die paddapote versigtig, bang vir die wit sand. Hy hou Siegfried om sy maag vas dat hy kan dryf in die vlakwater. Die lang arms vee deur die water. Die webbe maak branders. Siegfried lag. Hy is gered.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy vat ’n sluk wyn. Ja Karel, ek het my last stand gehad. En God, hier sit ek nog.

In die straat voor die skuur wat Fafner gebruik as sirkustent, is dit Armageddon. Mense hol orals rond, gille, motors jaag weg en tyres skree. Ver in die agtergrond kom die sirenes. Twee massiewe vrouelede van die Hell’s Angels kom by ’n staaldeur uitgestorm. Seker daar waar hy moet in. Hy is moeg. Die hele dag se gestap; die vorige aand se gemors. Met al die polisie en ligte om die Mercedes moes hulle gaan ander lêplek soek. Dit is die eerste dag in meer as ’n jaar dat hy sober gebly het. Hy moes net. Hy strompel by die skuur in en moer neer oor ’n stoel. Dit is heeltemal donker in die groot staal hok. Net twee spotlights wat soos vervelige rent-o-cops oor die vloer beweeg en kol vir kol die chaos ontbloot. ’n Striptease. Twee punks is besig om op ‘n groot bekrapte lap te pis. ’n Man met ’n lang nek, heeltemal te lank, dans rondom hulle en skree soos ’n maer vark. Duidelik bly oor iets. En daar in ’n oopte, weg van die gepakte en omgevalle stoele, lê Siegfried, vir ‘n oomblik kaal in die lig. Hy storm na hom toe, bliksem weer neer, storm aan. Niemand kom agter daar is ’n ongenooide gas by die verrigtinge nie. Wat ookal hier aangegaan het, is verby, en het lelik opgeneuk.

Hy hurk by Siegfried met sy oor op die bors. Daar’s nog lewe. Hy skud die slap lyf. Niks. Hy lig die kop op en klap die gesig ’n paar keer so hard as wat hy kan. Niks. Hy laat val die lyf en staan op. Na ’n paar tree, die soeklig op twee studente wat staan en vry, draai hy om en skop die lyf met alle mag. En skree: “Jy kan nie nou net ophou nie! Jy kan nie nou net donnerswil daar lê nie!” Of iets dergeliks. Die oë gaan oop. Die mond skree.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy sit en kyk na die konkas, sluk die laaste kriekpoot met die wyn af. Die kole brand flou. Hy dink aan die nag vol vuur.

Die silwer Mercedes vlieg met 'n vuurstert. Duitse tegnologie breek deur die reëling aan die rand van die snelweg. Blokke sement val tussen die konkas. Die dromme vuur val om; kole vonke vlamme spat. Die motor se deure sprei oop. Met 'n stert van vonke vlieg die silwer voël geruisloos 'n paar sekondes deur die lug. Die motor tref die grond in stilte. Die klank kom eers later terug wanneer hy die smeekstem hoor.
Met die eerste wip bars twee wiele weg, met die tweede slaan die hele spul aan die brand. Hy hardloop na die gevalle wonder. Dis die vlamme wat hom lok. Nou's ek een van julle boggers, dink hy. 'n Dronk mot. Die ander verdwyn almal in die bosse.
Die stem is vasgekeer in die motor. "God man, kry my hier uit! Ek sal enigiets doen help net Here tog! Alles brand!" Hy kan net staan en staar hoe die man beur teen die veiligheidsgordel wat binne minute sy dood sal beteken. "Die fokken seat belt! Kry my net hier uit. Hier's my wallet ek sweer vat alles." Die man begin huil. "Ek het nooit die trok gesien nie het jy 'n trok gesien daar was g'n plek om te uit nie." Die stem hyg: "Meneer, kry my net hier uit. Asseblief!"
Die man begin hoes van die rook. Die stem word onsigbaar. Daar is 'n wolk in die motor. Die beursie lê voor sy voete. Hy tel dit op, maak dit oop. Hy trek 'n gymkaart uit en kyk na die vaal foto, hy voel sy een oog effens spring. R.A. Visser. Hy onthou iets van 'n Visserman. 'n Engelsman. 'n Fletcher. Fischer. Visser. 'n Naam ver weg.
Die man begin histeries raak, ruk en stamp aan alles wat hy kan bykom. Terwyl die vlamme hom oorval. Hy kan net staan en kyk, hy laat los die beursie; alles is lam.
Die man begin lag, 'n harde desperate lag: "Daar was nooit plek nie. Ek kon nêrens uit nie."